

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



# IN GELYKENISSE HET HY GELEER

E. P. Groenewald

## **Kopiereg**

Die boek is oorspronklik uitgegee deur NG Kerk-Uitgewers. Dit word elektronies beskikbaar gestel met die vriendelike toestemming van Lux Verbi.

## Inhoud

VOORWOORD .....	5
Hoofstuk 1: DIE ONDERRIG IN GELYKENISSE .....	6
Hoofstuk 2: DIE SAAIER.....	13
Hoofstuk 3: DIE GROEIKRAG VAN DIE KONINKRYK .....	17
Hoofstuk 4: DIE SELFGROEIENDE SAAD.....	21
Hoofstuk 5: DIE ONKRUID IN DIE KORING .....	24
Hoofstuk 6: DIE UITNEMENDE WAARDE VAN DIE KONINKRYK .....	29
Hoofstuk 7: DIE HOË EISE VAN DIE KONINKRYK.....	33
Hoofstuk 8: TWEE ONGEHOORSAME SEUNS .....	36
Hoofstuk 9: DIE EERSTES LAASTE, DIE LAASTES EERSTE .....	39
Hoofstuk 10: DIE ONTROUWIGE LANDBOUERS .....	44
Hoofstuk 11: DIE RYK DWAAS .....	48
Hoofstuk 12: DIE ONBESKAAMDE VRIEND.....	52
Hoofstuk 13: DIE WEDUWEE EN DIE REGTER .....	56
Hoofstuk 14: DIE FARISEËR EN DIE TOLLENAAR .....	60
Hoofstuk 15: DIE ONBARMHARTIGE SKULDEISER .....	63
Hoofstuk 16: DIE ONREGVERDIGE BESTUURDER.....	68
Hoofstuk 17: DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN .....	73
Hoofstuk 18: DIE RYK MAN EN LASARUS.....	78
Hoofstuk 19: DIE ONVRUGBARE VYEBOOM.....	84
Hoofstuk 20: DIE VERLORE SKAAP .....	88
Hoofstuk 21: 'N VADER EN SY TWEE SEUNS: DIE JONGSTE.....	91
Hoofstuk 22: 'N VADER EN SY TWEE SEUNS: DIE OUDSTE .....	96
Hoofstuk 23: DIE KONINKLIKE BRUILOFSMAAL.....	100
Hoofstuk 24: DIE TWEE SLAWE.....	104
Hoofstuk 25: DIE TIEN JONG MEISIES .....	109
Hoofstuk 26: DIE TALENTE .....	114
Hoofstuk 27: DIE SKEIDING VAN SKAPE EN BOKKE.....	119
Hoofstuk 28: WAAKSAAMHEID.....	123

## **VOORWOORD**

Die tekens van nuwe belangstelling in die verklaring van die gelykenisse van die Here Jesus het gelei tot die besluit om 'n derde druk van hierdie boek te laat verskyn.

Sowat al die gelykenisse van die eerste drie Evangelies is daarin verklaar, maar die wat in die Johannes-evangelie voorkom, is buite rekening gelaat omdat hulle eerder vergelykinge is. Die rangskikking van die behandelde gelykenisse het nie geskied volgens 'n vaste plan nie, maar rekening is gehou met verwantskap van inhoud en strekking.

Hoewel verwysings na geraadpleegde literatuur nie voorkom nie, is uit 'n skat van literatuur met erkentlikheid voordeel getrek.

Dit stem ons tot groot dankbaarheid dat 'n derde druk nodig en moontlik geword het. Mag dit vir die leser geestelike verryking bring en hom aanspoor tot volgehoue en vreugdevolle Skrifstudie.

E. P. G.

Pretoria Desember 1972

## Hoofstuk 1: DIE ONDERRIG IN GELYKENISSE

(Mt. 13:10-17; Mk. 4:10-12; Lk. 8:9-10)

- 10 En die dissipels het gekom en vir Hom gesê: Waarom spreek U tot hulle deur gelykenisse?
  - 11 Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.
  - 12 Want hy wat het, aan hom sal gegee word, en hy sal oervloed hê; maar hy wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.
  - 13 Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie.
  - 14 En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie.
  - 15 Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.
  - 16 Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor.
- [Mt. 13:10-16]

Die gelykenisse vorm 'n gedeelte van die prediking van die Here Jesus Christus. Hoe groot hierdie gedeelte is, kan nie met sekerheid vasgestel word nie, omdat by verre na nie al sy gelykenisse vir ons opgeteken is nie, en omdat heelwat verskil van mening ontstaan sodra 'n mens die taak onderneem om gelykenisse wat in die vier Evangelies te vind is, uit te soek.

Oor die baie gelykenisse wat Jesus uitgespreek het, maar wat vir ons nie bewaar gebly het nie, hoef ons nie te treur nie, omdat wat wel bewaar gebly het, deur die Heilige Gees uitgesoek is en voldoende is om aan ons "die verborgenhede van die koninkryk" bekend te maak. Ons moet ons dus besig hou met die gegewens van die vier Evangelies. Maar wanneer ons die gelykenisse begin uitsoek, kom ons telkens voor die moeilikheid te staan dat bepaalde uitsprake van Jesus beedspraak bevat, of 'n vergelyking, maar nie noodwendig 'n gelykenis is nie. Soms word dit uiters moeilik om te bepaal of 'n uitspraak van die Here wel 'n gelykenis is al dan nie. Daarom bestaan daar soveel verskil van mening oor die hoeveelheid gelykenisse in die Evangelies. Tog kan ons met 'n mate van sekerheid sê dat tussen dertig en veertig gelykenisse vir ons bewaar gebly het. As ons die voorbeelde van beedspraak en vergelykinge byreken, kom dit seker op 'n honderdtal te staan.

'n Gelykenis is in die reël 'n eenvoudige vertelling, ontleen aan die natuur of die alledaagse lewe, met die bedoeling om 'n praktiese les van diepe geestelike inhoud verstaanbaar en onvergeetlik voor te hou. So 'n gelykenis kan verskeie ondergeskikte besonderhede bevat waarvan elkeen 'n afsonderlike geestelike betekenis kan hê, maar nie noodwendig hoef te hê nie. Hierdie onderdele saam, vir sover hulle wel geestelike betekenis het, dien om die hoofgedagte uit te bou en goed tuis te bring.

As vorm van onderrig was die gelykenis destyds goed bekend en graag gebruik. Treffende voorbeelde hiervan kom in die Ou Testament voor. Ons verwys slegs na enkele bekende gevalle. In Rig. 9:1-15 word vertel hoedat die burgers van Sigem die broermoordenaar, Abiméleg, koning gemaak het. Sy enigste oorlewende broer, Jotam, spreek die inwoners van Sigem toe deur 'n gelykenis te vertel van die bome wat vir hulself 'n koning wou kies. Die olyfboom, die vyeboom en die wingerdstok wys die eer van die hand, maar die steekdoring, dit is Abiméleg, laat hom dit welgeval. In Jes. 5:1-7 word weer vertel van die goedversorgde wingerd, beplant met edel wingerdstokke, maar wat, teen alle verwagting in, wilde druiwe voortbring. Daarom word die wingerd verwoes. Dan volg die verklaring: "Die wingerd van die Here van die leërskaar is Israel" (vs. 7). Die bekendste gelykenis in die Ou Testament is seker die wat die profeet Natan

aan koning Dawid vertel nadat laasgenoemde die vrou van Uria vir homself geneem het, 2 Sam. 12:1-7. Breedvoerig vertel Natan van die ryk man met sy menigte kleinvee wat by geleentheid die oilammetjie van die arm man geneem en geslag het. Verontwaardig roep die koning uit: "So waar as die Here leef, die man wat dit gedoen het, moet sterwe!" Daarop volg die oordeelwoord van die profeet: "U is die man!"

Ook in die laat-Jodendom kom mooi voorbeelde van gelykenisse voor, soos uitgespreek deur die rabbynse leraars. Geen aardse leermeester kon egter die onderrig in gelykenisse so uitnemend aanwend as Jesus Christus nie. By sekere geleenthede was sy prediking 'n aaneenskakeling van gelykenisse wat onuitwisbaar in die geheue van sy hoorders ingeprent is. 'n Voorbeeld hiervan vind ons in Mk. 4 vgl. Mt. 13. Daar lees ons aan die begin van sy leeronderrig: "Hy het hulle baie dinge geleer deur gelykenisse" (Mk. 4:2). Daarop volg die gelykenis van die saaiër, van die lamp, van die selfgroeiende saad, en van die mostersaad. En dan besluit Markus (Mk. 4:33-34) sy vertelling van Jesus se leringe met die woorde: "En met baie sulke gelykenisse het Hy die woord tot hulle gespreek volgens wat hulle kon verstaan; en sonder gelykenis het Hy tot hulle nie gespreek nie; maar apart het Hy vir sy dissipels alles uitgelê."

\* \* \*

Hierdie uitsprake verklaar nadruklik dat Jesus graag van gelykenisse gebruik gemaak het om die diepsinnige waarhede van sy prediking aan die hoorders oor te dra. Dit was die beproefde vorm van onderrig; en meesterlik het Hy dit aangewend. Maar in die aangehaalde uitspraak (Mk. 4:33-34) kom daar sekere uitdrukkings voor wat die indruk maak van 'n teenspraak. Dit blyk naamlik dat die gelykenisse van Jesus wat moes dien om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele duidelik en verstaanbaar te maak, nie so vanselfsprekend vir almal verstaanbaar was nie. Trouens selfs die dissipels het die gelykenisse nie begryp nie. Ons lees dat Jesus gelykenisse moes gebruik "volgens wat hulle kon verstaan" (4:33); en daarby nog moes Hy apart vir sy dissipels alles uitlê (4:34). Die gelykenis is dus nie noodwendig 'n verheldering nie, maar kan ook 'n bedekking of omhulling van die waarheid wees. Die oorspronklike woord vir "gelykenis" in die Grieks sowel as in die Hebreeus kan ewe goed vertaal word met "raaisel". So 'n "raaisel" is verstaanbaar slegs vir diegene wat vooraf 'n sekere begrip het van die dinge wat die spreker in gedagte het d.w.s. wat dieselfde innerlike "ingesteldheid" as die spreker besit. Of anders word die "raaisel" opgeklaar slegs nadat die bedoeling van die spreker verduidelik is.

Hieruit word dit begryplik waarom die dissipels, nadat Jesus die oënskynlik glasheldere gelykenis van die saaiër vertel het, apart na Hom kom met die vraag: "Waarom spreek U tot hulle deur gelykenisse?" (Mt. 13:10). Die dissipels self, wat nou reeds heelwat geleentheid gehad het om Jesus se bedoelings te leer verstaan, begryp hierdie eerste gelykenis wat vir ons opgeteken is, nie. Daarom verlang hulle van Hom 'n nadere toeligting (Lk. 8:9). Maar blykbaar juis omdat hulle self die ware strekking van so 'n eenvoudige gelykenis nog nie begryp nie, wil hulle verder weet waarom Jesus van hierdie vorm van onderrig — hierdie "raaisels" — gebruik maak.

Die antwoord van Jesus gryp veel dieper in as wat die dissipels ooit kon verwag het. Daarin verklaar Hy allereers die doel van sy onderrig in gelykenisse. Daarna gee Hy 'n uitleg van die gelykenis van die saaiër. Daardeur stel Hy sy dissipels, en ook ons, op 'n verrassende wyse voor die feit van die ewige raadsplan van God en sy heilige uitverkiesing, en bied Hy daarby die sleutel vir die regte uitleg van die gelykenisse.

Op hierdie twee sake moet ons nader ingaan, voordat ons daartoe oorgaan om 'n aantal gelykenisse afsonderlik te bespreek: die *doel van die gelykenisse*, en die *regte verklarings-metode*.

\* \* \*

*Die doel van sy onderrig in gelykenisse stel Jesus as volg: "Omdat dit aan julle gegee*

is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie... Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor en verstaan nie". En daarop word die woord uit Jes. 6:9-10 aangehaal om te bewys dat daardie Godspraak nou in vervulling gaan.

Volgens hierdie uitspraak bevind Jesus Hom in sy prediking teenoor twee groepe hoorders, naamlik diegene aan wie dit gegee is om die verborgenhede van die koninkryk te verstaan, en daarteenoor "hulle" of "die wat buite is" (Mk. 4, 11), wat nie verstaan nie. Eersgenoemdes ondervind die genade van God; laasgenoemdes is ten spyte van die gelykenis-prediking oorgelaat aan die oordeel.

Die woord van oordeel is by Mattheus ietwat anders opgeteken as by Markus en Lukas In Mt. 13:13 staan daar: "omdat hulle terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor en verstaan nie". Daarvolgens lê die oorsaak van die nie-verstaan by die hoorders. By hulle is daar 'n verharding van hart; hulle weier om op te merk en te verstaan, en daarom dra hulle self die skuld van hul onverstand en gaan die profesie van Jes. 6:9-10 oor hulle in vervulling. Hulle het 'n God-gegewe geleentheid gehad, maar geweier om dit te gebruik. Gevolglik word hulle deur die oordeel van uitsluiting uit die koninkryk getref. Dit alles is verstaanbaar, en lewer geen vraagstukke op nie.

Die saak staan egter anders wanneer ons in Mk. (en Lk.) lees: "sodat (d.i. opdat) hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie verstaan nie, dat (d.i. opdat) hulle nie miskien hulle bekeer en die sondes hulle vergewe word nie".

Hiervolgens spreek Jesus dit pertinent uit as juis sy bedoeling dat sekere mense sy gelykenisse nie moet verstaan en tot bekering kom nie. So 'n uitspraak in die mond van Jesus klink na 'n onbegryplike teenspraak. Het Hy dan nie juis gekom om almal te soek wat verlore gaan en hulle te red nie? Is Hy nie gestuur sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe sal hê? Hoe kan Hy dan sy prediking op so 'n wyse inkleef dat mense Hom nie kan verstaan nie, en hulle daardeur van die bekering weerhou? En dit alles met voorbedagte rade?

Ons staan hier voor 'n uiters moeilike vraagstuk. In die loop van die tyd is daar ook 'n menigte verklarings na vore gebring, hoofsaaklik met die bedoeling om aan te toon dat Jesus van sy kant geensins 'n verstokking van die hart beoog het nie. Die gevaar is egter steeds dat die genade van Christus beklemtoon kan word ten koste van die onomstootlike feit van die uitverkiesing van God. Met albei moet rekening gehou word.

Dit spreek vanself dat ons nie hier op die verskillende verklarings kan ingaan nie. Ons wys slegs op een van die vele wat bepaald verdienstelik is, maar wat tog nie aan die opgetekende woorde van Jesus reg laat geskied nie. Hierdie verklaring gaan uit van die grammatikale gebruik van die woordjie wat in die Mk.-teks met "sodat" weergegee word. Hierdie woord kan die bedoeling sowel as die gevolg van 'n handeling aandui. Lees ons dit as die bedoeling naamlik "sodat hulle sal kyk en kyk, en nie sien nie... dat hulle nie miskien hulle bekeer nie", dan het ons hier 'n uitspraak wat nadruklik die verstokking van die hart leer. Maar lees ons dit as die gevolg, dan het ons te doen met 'n toesluiting van die hart wat op rekening staan van die onverskillige hoorder. Eersgenoemde vertolking sou in stryd wees met die konsekwente optrede van Jesus wat gekom het om sondaars te soek en te red (Mt. 23:37; Lk. 13:8-9; 19:41 e.a.) en kan daarom nie aanvaar word nie. Laasgenoemde vertolking versag die uitspraak en bring dit in ooreenstemming met die "omdat" van Matthéus. Daarom word laasgenoemde verkies. Maar hierteenoor moet ons die oorweging stel dat ons sonder twyfel in die teks te doen het met 'n raadsbesluit van God, en in sy raadsbesluite is daar tussen bedoeling en gevolg nie te onderskei nie. Wat Hy Hom voorneem, gaan in vervulling. Die einde staan van die begin af vas. Daarom word ons gedwing tot die aanvaarding van die uitspraak van Jesus soos dit opgeteken staan: Dit getuig van 'n verheldering van die verborgenhede van die koninkryk van die hemele deur gelykenisse, en ook van 'n



verberging van die waarhede aangaande dieselfde koninkryk; van 'n opening van die harte sowel as van 'n verstokking; van genade en ook van oordeel. Ook in die gelykenisse is Gods Woord die twee-snydende swaard.

By die soek na 'n verklaring van hierdie uitspraak van die Here is dit beter om die uitgangspunt te vind in die feit dat die teks twee groepe hoorders noem: "die wat saam met die twaalf rondom Jesus was" (Mk. 4:10), en daarteenoor "hulle wat buite is" (vs. 11). In die innerlike gesteldheid van elk is daar iets voorhande wat die reaksie op die woorde van Jesus bepaal. In die een geval is die uitwerking van sy woorde dat verborge dinge verhelder word; in die ander geval word die eenvoudigste gelykenis 'n "raaisel" wat 'n toesluiting van hart en verstand bewerk.

Hierdie innerlike gesteldheid van diegene wat "rondom Jesus was", blyk daaruit dat hulle ná die aanhoor van die gelykenis, apart na Jesus kom om nadere toeligting te vra. Hulle begryp dat die gelykenis 'n diepe betekenis het en begeer om meer lig te vind. En elkeen wat met die opregte begeerte om meer lig te vind na Jesus kom, word nooit teleurgestel nie.

Aan hulle destyds gee Hy 'n verduideliking van die gelykenis van die saaiër waardeur alles vir hulle glashelder word. Nog nooit het die dissipels en die wat Jesus gevolg het, so 'n verhelderende en praktiese voorstelling van die werking van die gepreekte Woord gehoor nie as juis in die gelykenis van die saaiër, soos dit deur Jesus nader verklaar is. Daarmee het iets van die verborgenheid van die koninkryk vir hulle oopgegaan. Hulle het nie slegs insig in hierdie bepaalde gelykenis verkry nie, maar ook die gawe deelagtig geword om ander gelykenisse te verstaan. En later, ook by die gelykenisse wat Jesus self nie verduidelik het nie, speur diegene "wat rondom Jesus was" die diepe geestelike betekenis na. Aan hulle is 'n oor gegee om te hoor d.w.s. om die bedoelinge van die woorde van Jesus te begryp. En in hul harte ondervind hulle die rykdom van die genade van God.

Maar daarteenoor staan "hulle wat buite is". Hulle hoor ook die gelykenisse en word selfs daardeur geboei. Hulle vind alles baie mooi, maar gaan dan weg om hulle in hul eie wêreldse besighede te verdiep en die gesproke woord te vergeet. Daar is geen begeerte om hul gedagtes met die gelykenisse besig te hou nie. Meer lig verlang hulle nie. Gevolglik bly die eintlike betekenis van die gelykenisse vir hulle ook 'n "raaisel" wat op die duur die hart verhard en verset teen die prediker wek. Dit is nie só dat die ware betekenis van die gelykenisse buite hul bereik lê nie, maar deur hul optrede openbaar hul 'n innerlike gesindheid wat nie na meer lig wil soek nie. Daarom staan die uitslag van die prediking in hulle geval reeds vantevore vas. Hier gaan die Godspraak van Jes. 6:9-10 in vervulling. Om dat die volk weier om te hoor, is die resultaat van die prediking 'n verstokking van die hart.

Dus, die innerlike gesteldheid van die hart bepaal hoedanig die uitwerking van die gelykenisprediking op die hoorder sal wees. Elkeen gehoorsaam daardie stem van sy eie hart wanneer hy die woorde van Jesus hoor, en dra daarom ook die verantwoordelikheid vir sy reaksie op die prediking. Maar die diepe grond van die skeiding tussen mense is die uitverkiesende raadsplan van God. Van Hom gaan die voorverordeninge uit, en, sê Calvyn, sy dryfvere is vir ons wel verborge maar vir Hom goed bekend. En op hierdie punt van verstandelike begrensdeheid moet die geloof intree om ons aan te wys dat ons in hierdie skynbaar harde uitspraak oor die doel van die gelykenisse te doen het met 'n woord van ontferming oor die boetvaardiges en ook van regverdige oordeel oor die onboetvaardiges.

Hieruit volg dat dit onjuis is om te meen dat Jesus juis in "raaisels" gepreek het om 'n deel van die volk in die duisternis te laat. Tot aan die end van sy aardse omwandeling het Hy volgehou dat Hy nie die verderf nie, maar die behoud van die volk gesoek het. Daarom is elke gelykenis 'n roepstem tot behoud, 'n aanbod van genade; en daarom ook het Jesus telkens weer met droefheid die afkerigheid en verharding van hart by die volk

ondervind.

Die bedoeling van elke gelykenis was om daadwerklik 'n klop aan die deur van die hart te wees. Maar juis daarom bring dit skeiding: sommige maak die deur oop, en ander hou dit geslote. Ook in hierdie opsig is die gelykenis nie iets apart van die res van die prediking van Jesus nie. Dit het dieselfde werking deurdadig dat die skeiding tussen die hoorders aan die lig bring: diegene wat innerlik so gesteld is dat hulle verstaan, ondervind genade; diegene wat die hart toesluit, word verder verhard.

Weer eens kom ons daarby uit dat die verskil van reaksie op die woord van Jesus sy oorsaak vind in die mens se eie "ingesteldheid" teenoor die Christus. Die finale oorsaak lê egter in die raad van God. Hy is vrymagtig om sy goddelike welbehag tot uitvoering te bring, ook in die lewe van nietige, sondige mense... vir die een tot die lewe, vir die ander tot die dood.

\* \* \*

Op die hoorder van die gelykenisse rus daar gevolglik 'n ontsettende verantwoordelikheid. Sy lewensbehoud hang af van die regte "ingesteldheid" teenoor Jesus. En hierdie "ingesteldheid" is die regte, wanneer die hoorder optree soos "die wat rondom Jesus was", d.w.s. blyk gee van 'n ernstige begeerte om die prediking van die Here en met name die gelykenisse beter te verstaan. Ons het dus ook te doen met die vraagstuk in verband met *die verklaring* van die gelykenisse. Daarop wil ons kortliks ingaan.

Dit is heeltemal natuurlik dat gevra sal kan word: Maar hoe moet ons die ware bedoeling van 'n gelykenis te wete kom? Sonder om nou op al die vraagstukke in te gaan wat ons in hierdie verband teenkom, wil ons soos volg antwoord: Ons vind die regte verklaring deur lering te trek uit Jesus se eie gelykenisverklarings, en dan dieselfde metode op ander gelykenisse toe te pas.

In enkele gevalle het Jesus 'n gelykenis verklaar, op versoek van sy dissipels, bv. die van die saaiër, en die van die onkruid. Daaruit blyk dat daar gelykenisse is wat 'n oordragtelike of geestelike betekenis het. In sommige gevalle kan 'n hele reeks besonderhede so 'n oordragtelike betekenis hê. As voorbeeld hiervan dien Jesus se verklaring van die onkruid (Mt. 13:36-43): die saaiër is die Seun van die mens; die saailand is die wêreld; die goeie saad is die kinders van die koninkryk; die onkruid is die kinders van die Bose; die vyand is die duiwel en die oestyd is die voleinding.

Daarteenoor staan sekere ander gelykenisse waarin slegs enkele hoofmomente 'n oordragtelike betekenis het, en die ondergeskikte momente in hul letterlike sin verstaan moet word bv. die gelykenis van die bruilofsmaal (Mt. 22:1-14). Om tot die regte verklaring te kom, moet hierdie oordragtelike betekenis nagespeur word, en daarby moet beslis word welke momente in 'n bepaalde gelykenis 'n oordragtelike betekenis het en welke nie. Voorts moet erken word dat 'n aansienlike aantal gelykenisse in hulle letterlike sin bedoel en duidelik is.

Om by hulle 'n oordragtelike betekenis te soek sou 'n aanranding van die ware bedoeling wees.

Dit lê voor die hand dat die fantasie en die willekeur maklik hier die teuels in hande kan neem. Maar dit mag in geen omstandighede gebeur nie, anders word die bedoeling van Jesus verdoesel, al sou die bereikte verklaring ook hoë aangrypend wees. Om die gevaar wat hier skuil, toe te lig, wys ons op 'n verklaring van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan wat van die vroegste Christelike tyd af voorkom. Daarvolgens is die Samaritaan Jesus, en die verwonde man is die sondaar in sy ellende wat deur Jesus gered word. Die ellende waarin die sondaar verkeer, word in sewe donker trekke geteken, en die redding in sewe goue trekke. Die sewe donker trekke is:

1. Van die Jerusalem van Gods-nabyheid gaan die reis na die Jérigo van die wêreld;
2. die rowers: sonde, dood en duiwel;
3. hulle trek hom die klere van onskuld en saligheid uit;
4. slaan hom bloedige wonde aan liggaam en siel;
5. laat hom half dood lê, volkome onbekwaam om iets tot eie redding te doen;
6. die priester d.i. die Wet, en
7. die Leviet d.i. die goeie werke, kan hom nie help nie.

Aan die anderkant staan die sewe goue trekke van Jesus se optrede tot redding:

1. 'n Samaritaan kom op die pad verby d.i. die menswording van Jesus;
2. hy sien hom en kry hom jammer: die prediking en wondere van Jesus;
3. gaan na hom en verbind sy wonde: Golgotha waardeur alle sonde oorwin word;
4. hy giet olie en wyn in die wonde: die skenking van die Heilige Gees na die opstanding;
5. sit hom op sy esel en bring hom in die herberg: bring hom in die gemeente waarin dit Pinkster is;
6. die volgende dag reis hy verder nadat hy twee muntstukke aan die herbergier gegee het vir die onderhoud van die gewonde: die hemelvaart nadat die tweetal van Woord en Sakramente aan die jongeres gegee is om die siele te verpleeg en te versterk;
7. as hy terugkom: die wederkoms.

So 'n verklaring gryp 'n mens aan. Dit maak hierdie gelykenis tot 'n kosbare samevatting van die Evangelie van die reddende sondaarsliefde van Jesus Christus. Maar dit laat die vraag: Wie is my naaste? volkome onbeantwoord. En aangesien dit juis die vraag is waarop die gelykenis as antwoord moes dien, is hierdie verklaring 'n voorbeeld van inlegkunde en nie van uitlegkunde nie. Deur 'n ongeoorloofde oordragtelike verklaring is 'n hoofgedagte, naamlik die heilswerk van Christus, en allerlei besonderhede wat daarmee saamhang, in die gelykenis ingedra. Gevolglik is die werklike bedoeling van die gelykenis eerder verduister as verhelder.

Hoe moet ons dan die ware hoofgedagte van 'n gelykenis vind en sy oordragtelike betekenis bepaal? Die gulde reël is om aan die Skrifwoord gebonde te bly. Daarmee bedoel ons dat niks meer gesoek moet word as wat werklik in die geskrewe woorde van die gelykenis voorkom nie. Daarby moet die hoofgedagte van 'n gelykenis blyk uit die algemene strekking van Jesus se woorde in 'n bepaalde situasie. Elke gelykenis het sy plek in die onderrig van die Here waarmee Hy in die bepaalde omstandighede besig was. Die gelykenis moet derhalwe dien om die gedagtegang van Jesus beter tuis te bring by sy hoorders. Die eerste taak by die verklaring van die gelykenis is dus om hierdie hoofgedagte te vind. Dan sal dit ook aan die lig kom dat elke gelykenis slegs een hoofgedagte of punt van vergelyking het, en al die besonderhede of onderdele bykomstig is. Hulle onderskeie betekenis en waarde word bepaal deur die diens wat hulle lewer in die uitbou van die een hoofgedagte. Daarvan hang ook hul oordragtelike betekenis af. En indien hulle vir die uitbou van die hoofgedagte geen wesenlike betekenis het nie, mag aan dergelike onderdele ook geen oordragtelike betekenis toegeken word nie.

Deur streng te hou by wat Jesus in die bepaalde omstandighede met sy gelykenis wou verkondig, sal ons teen die vlugte van die fantasie en die teuelloosheid van die willekeur gevrywaar wees. Dan bly die verklaring binne die grense van wat die Heilige Skrif veroorloof en word die gelykenisse ook werklik verhelderinge om aan ons die verborgenhede van die koninkryk van die hemele bekend te maak. Indien die verbeelding egter toegelaat word om vrye spel te hê met die gelykenisse, sou ons wel pragtige "verklarings" kon voortbring, sonder om ooit die prediking van Jesus te begryp.

In so 'n geval het dit geword 'n kyk en kyk, en nie sien nie; 'n hoor en hoor, en nie verstaan nie.

Daarmee het ons 'n algemene verklaringsreël aangedui soos dit blyk uit die enkele gelykenisverklaringe wat Jesus ons bied. By die toepassing daarvan sal egter gevind word dat elke tipe gelykenis, trouens elke afsonderlike gelykenis, sy eie verklaringsvraagstukke oplewer wat moeilik onder vaste reëls te bring is. Tog, met Jesus as voorbeeld, en met die eerbiediging van die Heilige Skrif in die bepaalde teksverband sowel as in sy geheel, sal ons die moeilikhede te bowe kan kom, en ons verbly in die ontdekking dat die hoofgedagte in elke gelykenis 'n wesenlike waarheid verkondig wat van praktiese betekenis is vir die geestelike lewe van die kinders van die koninkryk van God.

\* \* \*

Die terrein wat deur die gelykenisprediking gedek word, is so wyd soos die geestelike lewe self. Dit sou moontlik wees om die gelykenisse onder bepaalde hoofde te groepeer bv. die wat handel oor die koninkryk van die hemele, die oor die verhouding tussen die mens en God, en die oor die gedrag van die mens teenoor sy medemens. Steeds bly dit egter 'n prediking van die groot heilswaarhede wat aan ons geopenbaar is in die koms van die vleesgeworde Woord, Jesus Christus. Daarom kan geen enkele gelykenis verklaar word asof dit met Jesus hoegenaamd geen verband het nie; en al die gelykenisse saam kan ewemin afgesonder word asof hulle 'n deel van Jesus se prediking vorm wat met die res van sy prediking weinig of niks te doen het nie. Hulle dien juis as toeligting van sy direkte uitsprake, en moet daarom verklaar word in hul verhouding tot die geheel van die openbaring van die verborgenhede van die koninkryk soos dit in Jesus Christus aan ons geskenk is.

Dit bring ons tot die laaste opmerking: In elke gelykenis gaan dit per slot van rekening om Jesus Christus self. Vir elkeen wat Hom gelowig aanneem, word die gelykenisse 'n wonderskone openbaring van die verborgenhede van die koninkryk van die hemele. Vir diegene wat Hom verwerp, en gevolglik self geword het "hulle wat buite is", bly elke gelykenis 'n "raaisel" en Christus self 'n klip van struikeling.

## Hoofstuk 2: DIE SAAIER

(Mt. 13:1-9; 19-23; Mk. 4:1-9; 13-20; Lk. 8:4-8; 11-15)

- 1 En Hy het nog 'n maal by die see begin leer; en 'n groot menigte het by Hom saamgekom, sodat Hy in die skuit geklim en op die see gaan sit het, en die hele skare was op die land by die see.
  - 2 En Hy het hulle baie dinge geleer deur gelykenisse en vir hulle in sy lering gesê:
  - 3 Luister! 'n Saaier het uitgegaan om te saai.
  - 4 En terwyl hy saai, het 'n deel langs die pad geval, en die voëls van die hemel het gekom en dit opgeëet.
  - 5 En 'n ander deel het op 'n rotsagtige plek geval waar dit nie baie grond gehad het nie; en dadelik het dit opgekom, omdat dit geen diepte van grond gehad het nie.
  - 6 En toe die son opgaan, is dit verskroei; en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog.
  - 7 En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik; en dit het geen vrug opgelewer nie.
  - 8 En 'n ander deel het in die goeie grond geval, en dit het vrug opgelewer; want dit het opgekom, en gegroei, en dit het gedra: een dertig— en een sestig— en een honderdvoudig.
  - 9 En Hy sê vir hulle: Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.
- [Mk. 4:1-9]

- 13 En Hy sê vir hulle: Begryp julle nie hierdie gelykenis nie? En hoe sal julle al die gelykenisse verstaan?
  - 14 Die saaiers saai die woord.
  - 15 En dit is hulle wat langs die pad is—waar die woord gesaai word, maar sodra hulle dit gehoor het, kom die Satan dadelik en neem die woord weg wat in hulle harte gesaai is.
  - 16 Net so ook is hulle by wie op rotsagtige plekke gesaai word—wat, as hulle die woord hoor, dit dadelik met blydskap aanneem,
  - 17 maar geen wortel in hulleself het nie; hulle is net vir 'n tyd. Later as daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die woord, struikel hulle dadelik.
  - 18 En hulle by wie in die dorings gesaai word—dit is hulle wat die woord hoor,
  - 19 en die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord, en dit word onvrugbaar.
  - 20 En dit is hulle by wie in die goeie grond gesaai is—hulle wat die woord hoor en aanneem en vrugte dra: een dertig— en een sestig— en een honderdvoudig.
- [Mk. 4:13-20]

In die Evangelies word vertel hoedat die belangstelling in die optrede van Jesus Christus toegeneem het. Aanvanklik het slegs enkeles Hom gevolg; Hy roep die twee broerpare, Andréas en Petrus, Jakobus en Johannes, en hulle verlaat alles om hulle by Hom te voeg. Gaandeweg kom daar meer by. Daar is sprake van baie wat Hom begin volg het; dan word vertel van 'n skare, later 'n groot skare, 'n groot menigte, so 'n groot menigte dat hulle Hom verdring het. Dit het nie lank geduur nie of die volk het uit alle dele van die land toegestroom om na sy woorde te luister, omdat hulle in Hom Een gevind het wat met gesag gepraat het en nie soos die skrifgeleerdes nie. Later het die toeloop van die skare so groot geword dat Jesus se vryheid van beweging daardeur beperk geword het en sy geleentheid vir rus vrywel uitgesluit. So 'n groot menigte het op 'n keer aan die oewer van die See van Galiléa rondom Hom vergader. So erg was die toeloop dat Jesus in 'n skuit moes gaan en 'n entjie van die kant af vanuit die skuit die skare begin toespreek. Die groot menigte het teen die hange van die heuwel wat reg in die see afloop, gaan sit soos in 'n natuurlike amfiteater. Daar leer Jesus hulle baie dinge aangaande die koninkryk van die hemele, en maak Hy gebruik van 'n hele aantal gelykenisse. Die eerste daarvan wat vir ons opgeteken is in die Evangelies, is die gelykenis van die saaiers. Waarskynlik was dit ook die eerste wat Jesus by hierdie besondere geleentheid uitgespreek het.

Wat die aanleiding tot hierdie gelykenis was, kan nie met sekerheid gesê word nie. Sommige meen dat dit in die voorjaar was en dat 'n man in die nabyheid op sy land besig was om te saai. Jesus sou dan na hom gewys het en die gelykenis uitgespreek het. Daar bestaan egter geen gronde vir so 'n veronderstelling nie; trouens dit is ondenkbaar dat 'n man so 'n ongewone skare sal sien vergader en tog met sy saaiery sal voortgaan. Veeleer sal hy hom by die skare gaan aansluit om te sien wat gaande is.

Die aanleiding moet eerder gevind word in die gemoed van Jesus self. Hy het nou reeds soveel keer die skare toegesprek. Van die tyd van die Bergrede was *Hy* dag na dag daarmee besig. En wat sou die vrug van al die arbeid wees? Nou moet Hy weer so 'n oorweldigende skare onderrig in die dinge van die koninkryk, maar sal daar ooit enige resultaat van belang bereik word? Hierdie vraag, weet Hy, sal ook sy dissipels later besig hou, en sal trouens opkom by elkeen wat geroepe word om die Evangelie van die koninkryk van God te verkondig. Die bedoeling van die gelykenis kan dus daarin gevind word dat Jesus op hierdie vraag 'n antwoord wil gee en daardeur die saaiër wil bemoedig. In die verklaring van die gelykenis is daar egter 'n verskuiwing van aksent. Dáár gaan dit nie meer om die saaiër of selfs om die saad as sodanig nie, maar om die saak nadat dit in 'n bepaalde soort grond beland het. Ons sou dus kan sê dat die nadruk daar op die gesteldheid van die grond val, en dat daarmee die verantwoordelikheid van die hoorder teenoor die woord op die voorgrond gestel word.

Die toneel wat Jesus met enkele woorde voor die oë skilder, was 'n alledaagse. 'n Man gaan uit om op sy akker te saai en ondervind dat hy van 'n groot deel van sy saad — drie-vierdes daarvan — geen oes kry nie weens die gesteldheid van die grond. Met die saaiery gaan hy geensins onversigtig of onverstandig te werk nie; hy doen van sy kant alles wat hy kan om 'n goeie oes te verseker. Dit spreek tog vanself. Nietemin gebeur dit in daardie bepaalde omgewing — die heuweland van Galiléa — dat 'n aansienlike deel van die saad op plekke val waar dit nie tot vrug kan ontwikkel nie. Slegs hier en daar, tussen die kalklae, die vlak aarde en die onkruidkolle, is die vrugbare grond te vind. Die saaiër kan dit egter met sy oog moeilik onderskei. Die saad self, wanneer dit sy groeikrag ontplooi, openbaar die gehalte van die bodem.

Hierdie beeld van die man wat saai en van die wedervaring van die saad is aan elkeen bekend. Maar wat Jesus daarmee bedoel het, was vir die eerste hoorders, ook vir die dissipels, 'n onbegryplike "raaisel". Daarvoor mag ons ons nie verwonder nie. Indien ons nie die verklaring geken het nie, sou dit vir ons net so 'n raaisel gewees het. In die gelykenis self is daar geen enkele aanduiding van wat die "saad" en wie die "saaiër" is nie, of wat die "oes" bedui nie. Eers wanneer die dissipels en diegene wat rondom Jesus was 'n nadere verklaring van Hom vra, word die sleutelwoord uitgespreek: "Die saaiër saai die woord". Sodra hierdie uitspraak verneem word, klaar die moeilikhede op. En tog bly daar altyd nog vraagstukke in verband met die betekenis van hierdie gelykenis.

Juis omdat daar in die gelykenis self nie gesê word wat die "saad" is nie, is meer as een verklaring daaraan gegee. Sommige meen dat ons hier te doen het met die lewe van die enkeling waarvan Joh. 12:24 sê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug." Hierdie opvatting word gesteun deur die verklaring van die gelykenis soos ons dit by Lukas aantref, waar ons lees: "Die langs die pad is die hoorders.... En die op die rots is hulle wat die woord met blydschap ontvang" ens. Telkens is dit die "hoorders" wat gesaai word. Dit is egter moontlik dat Lukas se segswyse onder invloed staan van die gelykenis van die onkruid waar die goeie saad genoem word "die kinders van die koninkryk". In elk geval is die saad in ons gelykenis iets anders as "die lewe" of "mense". Daarom meen ander dat ons aan die koninkryk self moet dink as die saad, net soos dit die geval is in die gelykenis van die mosterdsaad. Ook hierteen is daar besware, hoewel die vertolking die gelykenis tereg in verband bring met die koninkryk van die hemele. Daarmee het die gelykenis stellig te doen, hoewel dit oënskylik nie so mag voorkom nie.

Die aangewese weg is om die verklaring van Jesus te eerbiedig naamlik dat die saad

die woord is. Vir ons kom dit ook so vanselfsprekend voor, maar vir sy eerste hoorders was daar volstrek geen aanleiding om aan die woord as saad te dink nie. In die Ou Testament sowel as in die tyd van Jesus se optrede was hierdie beeldspraak onbekend. Daarom dat selfs die dissipels 'n nadere verduideliking van Jesus kom vra het. Maar nou weet ons dit dat die gelykenis te doen het met die woord.

Om die inhoud van die woord vas te stel, moet ons uitgaan van die sentrale gedagte in die prediking van die Here Jesus in die eerste periode van sy optrede naamlik: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Mk. 1:15). Dit gaan om die koninkryk van God, en dit kom soos 'n wekroep waarop geantwoord moet word.

In die gelykenis self val die nadruk op die uitgaan van die wekroep: die saaiers saai. In die verklaring van die gelykenis word die antwoord op die wekroep beklemtoon: die openbaring van die gesteldheid van die bodem waarin die saad geval het. En in beide gevalle word die hoorder aangespreek oor sy persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die woord van die koninkryk.

Die verkondiging van die woord van die koninkryk van die hemele is dan soos die saai van saad deur 'n saaiers. Maar wie die saaiers is, word in die gelykenis nie vertel nie. In algemene terme word van hom gepraat sodat ons wel enige mens wat die woord van die koninkryk verbrei daaronder mag verstaan. Natuurlik is Jesus die saaiers by uitnemendheid; Hy het in die uitvoering van hierdie hoë diens selfs goed en bloed op die akker van die wêreld geoffer. In sy prediking het Hy dit egter ondubbelsinnig gestel dat die verpligting op elke getroue volgeling lê om met hierdie saaiwerk voort te gaan. Die taak neem alle beskikbare kragte in beslag en sal voortgaan tot aan die voleinding van die wêreld, 'n Mens sou selfs kan sê dat die voleinding teruggehou sal word totdat die saaiwerk voltooi is, want Jesus gee die versekering: "Hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuigenis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." (Mt. 24:14).

Die eintlike wekroep in die gelykenis is egter nie om saaiers te wees nie, maar om in die uitvoering van die saaiwerk vir die koninkryk steeds die regte *lewenshouding van die saaiers* te openbaar. Herhaaldelik ondervind die saaiers dat drie uit die vier dele van sy saad om die een of ander rede onvrugbaar word en dat daarteenoor slegs een deel sy vrug dra. Hy het misoes op misoes, maar eindelijk tog ook 'n oorvloedige oes. Die misoes skyn iedere keer driemaal so groot te wees as die goeie oes, maar die saaiers laat hom daardeur nie van die plig en sy dagtaak terughou nie. Hy het 'n innerlike hoedanigheid ontwikkel, of liever, deur Gods genade verkry, om met misoes en voloes rekening te kan hou. Die misoes onderskat hy nie, en hy oorskot dit ook nie; daarom word hy nie oormoedig nie, en ook nie ontmoedig nie. Die skyn van teenspoed of van voorspoed verlei hom nie tot sorgeloosheid of verslapping nie. By hom is daar geen valse pessimisme nie, en ook geen valse optimisme nie, maar wel 'n onwankelbare vertroue op God wat reën en wasdom gee en wat die egte en oorvloedige oes op sy tyd sal skenk om die hart van die getroue saaiers te verbly.

Sulke saaiers het die Here onder sy volgelingen gesoek. Hy soek hulle vandag nog met sy wekroep: Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!

Voorts moet ons let op die verskuiwing van die nadruk in Jesus se verklaring van die gelykenis. Daarin val die lig nie meer so sterk op die lewenshouding van die saaiers of ook op die gebeure met die saad nie, maar spreek Hy oor die geaardheid van die grond waarin die saad te lande kom. Dit gaan nou om die *gesteldheid van die grond* wat moet dien as weerspieëling van die gesteldheid van die eie hart waarin die woord gesaai word. Vier tipes grond word genoem. Daaruit is af te lei dat onder die hoorders van die woord hierdie vier tipes reaksie gevind sal word. Tog moet ons ook die moontlikheid in gedagte hou dat hierdie vier tipes in die eie hart kan voorkom, sodat die gelykenis nie net die lotgevallen van die woord in die wêreld beskryf nie, maar ook in die hart van die enkeling. Dáár eweneens gaan drie dele van die woord so maklik verlore.

Die eerste tipe bodem is die wat volstrek weier dat die woord daar ingang vind. Dit is 'n harde pad van haastige voete, en dáár gaan die saad verlore. Opmerklik is dit dat hier van die aandeel van die duiwel sprake is. Daaruit lei ons af dat waar die woord opsetlik verhinder word om ingang te vind, dit gesien moet word as 'n besondere werk van Satan. Dit sou ook die geval wees indien die saaiers self verhinder sou word om sy arbeid te verrig. In die gelykenis is daarvan egter nie sprake nie. En wat ons betref, moet ons dit betreur dat waar die woord onder ons gesaai word, die Satan so 'n aanmerklike aandeel verkry het om die goeie werk te belemmer, maar moet ons terselfdertyd ons rep om met die saaiwerk voort te gaan terwyl die saaiers daartoe nog die vryheid geniet.

Die tweede en derde tipes hoort nou saam. Hulle waarsku teen die opvatting dat met die blote hoor van die woord die saak afgehandel is. Die woord moet immers ook bewaar en beskerm word teen alle pogings wat kan verhinder dat dit tot volle wasdom en vrug sou kom. In die een geval is daar geen diepte nie. Juis hierdie feit lei tot 'n vroegetydige ontkieming en 'n skielike verdorrings. Waar die woord geen lewensdiepte vind nie, kan dit wel vir 'n oomblik opskiet, maar nie werklik tot groei kom nie. Daarmee is bewys dat die saad wel goed is, maar dat die gesteldheid van die bodem die ontwikkeling onmoontlik maak. In die ander geval word die dorings verklaar as die sorges van die lewe wat die groeiende koring verstik. Met die sorges van hierdie wêreld word stellig nie bedoel die besorgdheid oor die veilige en gelukkige bestaan op aarde nie.

Trouens hierdie dinge is juis die raamwerk waarbinne die saad sy vrug moet dra. Die sorges ontstaan veeleer omdat die wêreld vervreemd geraak het van God en sy Woord. Hulle d.i. die sorges sal daar nie wees nie tensy ons, welbedag of onbedag, ons arbeid en ons pligte buite die ligkring van Gods Woord stel. Ongelukkig is ons juis van nature geneig om dit te doen, en daarom kan die saad van die woord in ons harte wel groei maar nie tot vrug kom nie.

Die vierde tipe is die goeie aarde wat, volgens Lk. 8:15, die woord "in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra." Aangesien die versoekinge gewoonlik uit die hart opkom, Mk. 7:21, het ons hier te doen met 'n andersoortigheid van hart — 'n hart wat die genadewerking van God ondergaan het sodat hierdie mens nou "ore het om te hoor", en die woord opneem in 'n "edele en goeie hart, en met volharding vrug dra". Dit val op dat drie kwaliteite genoem word wat die teenoorgestelde is van die geaardheid van die grond in die gelykenis genoem. Teenoor die harde pad word gestel die edele hart; teenoor die vlak grondlaag oor die rots die goeie hart; en teenoor die koring wat weens die dorings nie tot volle ontwikkeling kan kom nie, die vrug dra met volharding. En die resultaat van hierdie drieledige kwaliteit is die oorvloedige oes.

Hierdie bepaalde gesteldheid van hart kom tot stand deur die werking van die Heilige Gees. Die werking word bespeur sodra ons die gelykenis ondervind as 'n wekroep wat aan ons persoonlik gerig is om ons waaragtiglik tot die Here te wend sodat Hy self die hoogste bestemming in ons kan verwesenlik. Daardie bestemming is om veel vrug te dra (vgl. Joh. 15:8). In hierdie geval sal die vrug wees die regte gesteldheid van hart om die woord te ontvang, en voorts die bereidheid om 'n volhardende saaiers te wees. Maar dit gaan ook nog veel verder: dit gaan om die vrug van die Woord in die lewe van die mens. Dit beteken dat die hele lewe in al sy uitinge tot beskikking gestel sal wees van die hemelse Saaiers, sodat Hy sy woord daarin kan saai en ons lewe soos 'n goeie akker die vrug van die woord sal voortbring.

Die rykdom van die vrug gaan alle verwagting te bowe. Dit word 'n volle skuur tot sien van die medemens en die nakomeling. So 'n volheid kan die saad van die woord ook in ons tyd voortbring om 'n hongerende wêreld te voed. Maar dan moet daar veel meer wees wat die woord "in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra".

En daarby wag die Here op sy volgelinge om, ten spyte van skynbare misoes, as getroue, volhardende saaiers van die lewendmakende Woord op te tree. Die voloes is in die toekoms weggeleê. Dit sal wees die een dertig-, die ander sestig-, die ander honderdvoudig.



## Hoofstuk 3: DIE GROEIKRAG VAN DIE KONINKRYK

(Mt. 13:31-33; Mk. 4:30-32; Lk. 13:18-19)

- 31 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaad wat 'n man neem en in sy land saai;
- 32 wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en 'n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke.
- 33 'n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is.
- [Mt. 13:31-33]

'n Sterke verwagting van die koms van die Messias het steeds by die Joodse volk bly voortleef. Hulle het uitgesien na die koms van die Koning uit die huis van Dawid wat opnuut die koninkryk in al sy heerlikheid sou herstel, en 'n bedeling van vryheid en vrede vir Israel sou vestig. Met die koms van Jesus Christus het baie van die vrome Jode Hom aangesien as die bringer van die verwagte koninkryk. Maar weldra het onsekerheid en twyfel hulle gemoedere begin kwel omdat sy optrede so volstrek anders was as wat hulle van die Messias verwag het. Die vraag het begin opkom of die optrede van Jesus nie slegs 'n soveelste nuwe beweging was wat tog op niks sou uitloop nie. Daar is bewyse dat sommige besluit het om Jesus te verlaat (Joh. 6:66). Die ander moes van tyd tot tyd bemoedig word om te volhard.

So 'n bemoediging is in die twee kort gelykenisse voorhande wat ons nou hier wil oorweeg. Daarin bring die Here die versekering van die uiteindelijke welslae van sy bediening en spoor Hy mitsdien sy volgelinge aan om met nuwe toewyding en krag in die ingeslane rigting te volhard. In albei gelykenisse word die ongelooflike ontwikkelingskrag van die koninkryk van die hemele aanskoulik voorgestel. Die hoorders van Jesus moet dus versekerd wees dat die beweging wat so 'n nietige begin het, stellig sal uitloop op die volle grootte en glorie van die koninkryk van die hemele. Daarnaas, en miskien selfs belangriker, is die gedagte dat die koninkryk in die optrede van Jesus reeds aanwesig is, soos die plant reeds in die mosterdsaad aanwesig is, maar dat dit eers in die toekoms sy volle ontwikkeling sal bereik. Met ander woorde, die gelykenisse beklemtoon albei die kontinuïteit van die dinge wat in die aardse omwandeling van Jesus geskied, en die dinge wat by die voleinding geopenbaar sal word. Maar tussen die twee gedagtes, die groeikrag en die kontinuïteit, is daar 'n noue verwantskap. Eintlik mag hulle nie geskei word nie.

Ons kan dit dus stel dat die belangrikste punt van ooreenkoms tussen die twee gelykenisse is die kleinheid van die begin gestel teenoor die grootheid van die eindresultaat. Die begin en die einde word op so 'n wyse teenoor mekaar gestel dat die nadruk op die onwaarskynlikheid val, dat so 'n geringe gegewenheid so 'n grootse voleinding sou kon hê. Hierdie onwaarskynlikheid wat tog werklikheid word, word besonder sterk geteken deur die beeld van die mosterdsaad en die suurdeeg.

Die mosterd waarvan hier sprake is, hoort tot die groentesoorte, maar besit so 'n sterk groeikrag dat die destydse Jode bepaal het dat mosterd nie in die groentetuin geplant mag word nie. Dit moes afsonderlik op 'n land gesaai word. Daar kon dit groei tot 'n kragtige struik, wat selfs 'n boom genoem kon word. Ook het dit voorgekom dat voëls in die takke van hierdie plantegroei hulle neste gebou het.

In die geval van die suurdeeg word 'n buitengewoon groot hoeveelheid meel genoem — ongeveer veertig pond in gewig. Die klein hoeveelheid suurdeeg bewerk iets wat aan 'n wonder grens deurdat dit hierdie massa deursuur en laat rys.

In albei voorbeelde val die klem dus op die kleinheid van die begin en die grootheid van die einde. Met die oog hierop sou dit beweer kon word dat die gelykenisse niks te doen het met die ontwikkeling wat tussen die begin en die einde plaasvind nie, en

gevolglik nie op die groeikrag van die koninkryk betrekking het nie. Maar daarteenoor sou ons wil aanvoer dat juis die verswyging van die groeikrag die nadruk des te sterker op daardie bepaalde eienskap van die koninkryk van die hemele laat val. Daarom skroom ons nie om in die gelykenisse die voorstelling van die organiese groeikrag van die Godsryk te vind nie. In die eerste staan die gedagte van die sigbare groei op die voorgrond, en in die tweede die gedagte van die onsigbare, in stilte deurwerkende krag. Albei verkondig dat die koninkryk van God volgens eie beginsel ontwikkel en dat daardie ontwikkeling geweldig is en onweerstaanbaar. Dus, die koninkryk wat in onaansienlikheid geplant is, sal in sy ontwikkeling tot volle wasdom nie gestuit kan word nie.

Sommige verklaarders verkies om die twee gelykenisse teenoor mekaar te stel. Die mosterdsaad sou dan die beeld van die goeie wees, en die suurdeeg die beeld van die kwade. Daarvolgens tipeer die eerste die koninkryk van God, en die tweede die beginsels van die bose wat die koninkryk teenwerk. Die enigste rede vir so 'n opvatting is te vind in die oorweging dat in die Skrif die suurdeeg gewoonlik voorkom as die beeld van die kwade. Dit is iets wat weggeruim moet word wanneer Israel hom heilig om God te ontmoet, byvoorbeeld voor die Paasfees (Exod. 12:19 e.a.). Ook in die Nuwe Testament word dit steeds in 'n ongunstige betekenis gebruik (Mt. 16:6, 11-12; Lk. 12:1; 1 Kor. 5:6-8; Gal. 5:8). Daarom, so word beweer, moet die beeld ook in hierdie gelykenis in 'n ongunstige betekenis verstaan word. Maar so 'n verklaring is stellig nie aanvaarbaar nie. Dit verbreek die verband tussen die twee gelykenisse wat inderdaad 'n tweelingpaar vorm. Voorts doen dit geweld aan die teksverband waarvolgens Jesus iets positiefs en gunstigs aangaande die koninkryk van die hemele wil meedeel. Gevolglik hou ons by die verklaring dat die beeld van die suurdeeg hier in 'n gunstige betekenis gebruik word, en dat albei gelykenisse te doen het met die positiewe werking van die ryk van God in die wêreld.

Maar nou stuit ons op 'n ander vraagstuk. Moet ons wel aanneem dat dit die koninkryk van God is wat hier genoem word mosterdsaad en suurdeeg, of is slegs die eindresultaat wat elkeen bereik die koninkryk? Die bedenkinge wat aangevoer word, is die volgende: eerstens word daar nêrens in die Nuwe Testament uitdruklik melding gemaak van die *begin van* die Godsryk op aarde nie; en tweedens is in die twee gelykenisse die eindresultaat telkens iets van 'n ander hoedanigheid as die dinge waarmee begin is: die saad ontwikkel tot 'n plant, en die suurdeeg tot geryste brooddeeg. Dus, as ons aanneem dat die eindproduk die koninkryk van die hemele is — en hieromtrent bestaan daar geen twyfel nie — dan lyk dit tog asof ons hier te doen het met iets anders as die koninkryk, wat egter wel as saad of suurdeeg dien en uitloop op die koninkryk.

Dit sou moontlik wees om in die geval aan die prediking van die evangelie te dink. Die geringe begin daarvan by Jesus en die dissipels kan stellig met die mosterdsaad en die suurdeeg vergelyk word. Uit daardie nietige begin het die evangelie deurgewerk en gaan dit in sy werking vandag nog voort totdat dit weldra alle nasies sal bereik het. Volgens die belofte sal die voleinding op daardie moment intree (Mt. 24:14).

'n Ander moontlikheid sou wees om aan die kerk te dink. Uit 'n onaansienlike oorsprong het dit tot 'n groot boom ontwikkel en gaan die groei nog steeds voort, ook daar waar die oog niks daarvan opmerk nie. Hierdie verklaring is nogal 'n begunstigde. In aansluiting daarby word die voëls van die hemel wat kom nes maak, vertolk as bekeerlinge uit die heidendom wat in die veilige skaduwee van die kerk rus vind (vgl. Jes. 2:2 v.v.).

Maar hierteen sou 'n mens onmiddellik sekere besware kan aanvoer. Die kerk is immers nie 'n rusplek nie, asof dit hier op aarde dien as "die skuilplek van die Allerhoogste" (Ps. 91:1). Die kerk is in hierdie bedeling 'n strydperk, 'n *ecclesia militans*. Wie daaraan behoort, is in 'n bittere stryd met Satan gewikkel. Afgesien hiervan egter, dien die voëls in die gelykenis slegs om die grootte van die boom aan te dui, en het hulle self geen simboliese betekenis nie.

Teen die opvatting dat die kerk in die gelykenis voorgestel word, is nog 'n ander

belangrike beswaar aan te voer, naamlik dat die Skrif nêrens na 'n merkwaardige uitbreiding van die kerk en 'n alles-oortreffende eindstadium daarvan verwys nie. Die enigste belofte is dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie (Mt. 16:18).

Uitgaande dus van die feit dat die saad iets anders is as die plant wat daaruit ontwikkel, sou dit wel moontlik wees om te beweer dat die kerk die saad is wat deur Jesus geplant word, en dat die boom die koninkryk van die hemele is wat by die voleinding tot openbaring sal tree as die konsumasie van die kerk. Maar afgesien van die besware wat ons reeds teen hierdie opvatting genoem het, laat so 'n verklaring nie die hoofgedagte van die gelykenisse tot sy reg kom nie, naamlik die groeikrag van die koninkryk en die kontinuïteit tussen begin en einde.

Daarom is dit aan te beveel om liewer terug te keer tot die letterlike bedoeling van Jesus se uitspraak. Daarvolgens is dit wel die koninkryk van die hemele self — en nie iets anders nie — wat 'n begin het soos 'n mosterdsaad of soos 'n handjie vol suurdeeg, en vandaar ontwikkel tot 'n heerlike voleinding. Die gelykenisse laat so 'n verklaring beslis toe omdat die organiese verband tussen die saad en die plant, die suurdeeg en die geryste deeg nooit verbreek word nie. En al is dit dat ons die begin van die koninkryk van God nie kan aanwys nie, bestaan daar tog geen twyfel omtrent die feit dat Jesus die stigter daarvan is en dat die eintlike ontwikkeling begin het met sy openbare optrede tydens sy aardse omwandeling. Nou wil die gelykenisse slegs die versekering gee dat uit daardie onaansienlike begin, trouens uit die geboorte van 'n Kindjie in die stal in Bethlehem, die wonder van die wêreldomspannende Godsryk ontwikkel. Net so onweerstaanbaar soos die groei van die saad of die werking van die suurdeeg in die meel, so kragtig sal die koninkryk ontwikkel tot aan sy voleinding.

Net so belangrik as die gedagte van die groeikrag, is ook die dat die eindresultaat organies en potensieel reeds aanwesig is in die saad en die suurdeeg; met ander woorde, nie net die voleinding bring die koninkryk aan die lig nie; dit is reeds in die begin, in die optrede van Jesus aanwesig. Al sou dit dus skyn asof die bediening van Jesus weinig hoop inhou vir die vervulling van die verwagting van die Messiasryk, moet sy hoorders nou daarvan verseker wees dat die koninkryk reeds teenwoordig is, selfs ten spyte van die bedrieglike skyn. Die volle heerlijkheid daarvan sal egter eers in die toekoms geopenbaar word. Dus, dit gaan hier om die wesenlike karakter van die koninkryk dat dit steeds teenwoordig is hier in hierdie lewe, en tog ook toekomstig, weggelê vir die voleinding.

Die grootheid en heerlijkheid van die koninkryk soos dit in die toekoms aan die dag sal tree, word uitgedruk in die beeld van die boom wat groter is as al die groentesoorte, en waarin die voëls sal nestel. Daarmee word teruggegryp op 'n Ou Testamentiese beeld, wat dien om 'n wêreldomspannende koninkryk voor te stel (Eseg. 17:22-24, 31, 3-9; Dan. 4:10, 20). Profeties kondig dit aan dat die Godsryk uiteindelik alle ander koninkryke sal oorwin.

Nog 'n verdere vraag moet beantwoord word: wie is die man wat saai en die vrou wat die suurdeeg hanteer? Wanneer ons tereg alle klem op die ontwikkelingsgedagte en die kontinuïteit laat val, is hierdie vraag van geen belang vir die verklaring van die twee gelykenisse nie. Tog hou dit vir ons 'n boodskap in waarop ons wil let. Dit skyn asof Jesus sy dissipels wil laat begryp dat die koninkryk van God bevorder word deur die medewerking van mense — 'n man en 'n vrou uit die volkslewe. En die belangrike gedagte hier is juis dat hulle, die eenvoudiges, met betreklik geringe kraginspanning 'n werk kan verrig wat onder die seënende hand van God 'n verbysterende uitwerking kan hê. Dus, indien iemand sy kleingelowigheid sou laat vaar, en dit sou waag om aan die uitbreiding van die koninkryk van God mee te werk, sal hy deur geringe kraginspanning wondere kan verrig en self verbaas staan oor die grootheid van die eindresultaat.

Hierdie waarheid is by uitnemendheid bevestig deur die lewe van Jesus self. Immers ook die twee gelykenisse weerspieël die lewe van die Heiland. Ná sy lyding en kruisdood het dit geskyn asof sy werk op 'n mislukking uitgeloop het, maar weldra het geblyk dat God in die saad van die koninkryk 'n organiese groeikrag gelê het wat deur geen mag ter

wêreld uitgedoof of teengehou sou kon word nie. Uit die lewe van Jesus het die wêreldverowerende evangelie ontstaan; uit sy prediking van die koninkryk is die Godsryk aan die ontwikkel met al sy krag en heerlikheid.

Elders in die Skrif staan die woord: "Wie verag die dag van kleine dinge?" (Sag. 4:10). Dieselfde vraag wou Jesus aan sy dissipels voorhou om daarna hulle te bemoedig in die stryd en tot volharding aan te spoor. Ook tans is daar vele wat kleinmoedig word wanneer hulle op die skynbaar geringe uitwerking van die evangelie op die oorweldigend anti-christelike wêreld let. Tog mag niemand die dag van klein dinge verag nie. Die mosterdsaad en die suurdeeg van die Godsryk is aan die ontwikkel. Weldra kom die voleinding en die triomf van Hom aan wie die mag en die heerskappy gegee is oor die ganse heelal tot in ewigheid.

## Hoofstuk 4: DIE SELFGROEIENDE SAAD

(Mk. 4:26-29)

- 26 En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi;
- 27 en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot—hoe, weet hy self nie.
- 28 Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar.
- 29 En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is.
- [Mk. 4:26-29]

Die gelykenis van die selfgroeïende saad kom alleen by Markus voor, en is daar die eerste gelykenis wat uitgesproke met die koninkryk van God te doen het. Dit verskyn in noue teksverband met die gelykenis van die saaiër en is na sy inhoud verwant aan die van die onkruidsaad in die akker (Mt. 13:24-30).

Hier ook word in heel eenvoudige taal die goed bekende verloop van sake geteken. 'n Man saai, die saad groei en wanneer die oes ryp is, word dit ingesamel. So volg saaityd en oestyd jaar na jaar mekaar op as 'n vanselfsprekende wisselgang. Een ding bly egter onbekend, naamlik die *hoe* van die groeiproses, maar vir die saaiër bring hierdie onopgeloste vraagstuk geen kwelling nie; allerminste weerhou dit hom van sy jaarlikse arbeidskringloop.

Ten spyte van die eenvoud en duidelikheid van die gelykenis lewer die verklaring 'n hele reeks vraagstukke op. Die inleidende woorde is die eerste wat oorweging verg. Wanneer die Here sê: "So is die koninkryk van God — soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi", bedoel Hy dan dat iedere afsonderlike besonderheid in die gelykenis op die ontwikkeling van die koninkryk van toepassing is, sodat die gelykenis dien om die groei van die koninkryk te teken vanaf sy inplanting onder die mense tot aan sy voleinding by die wederkoms van Christus? En moet elke stadium in die ontwikkeling van die graan: die saad, die halm, die aar in die halm, die volle aar en die oes, vertolk word as die opeenvolgende trappe in die groei van die Godsryk soos dit in die loop van die geskiedenis tot openbaring sal kom? As 'n mens met hierdie vraag besig is, sou jy meteen ook kon vra: En op watter stadium in die ontwikkeling is ons nou in die twintigste eeu?

Hierdie laaste vraag, wat tog 'n afleiding is uit die eerste, laat dadelik blyk dat ons met so 'n verklaring van die gelykenis nie op die regte spoor kan wees nie. Ofskoon die inleidende woorde van die Here tot hierdie verklaring aanleiding kan gee, moet ons die reël eerbiedig dat elke gelykenis daartoe dien om een bepaalde waarheid na vore te bring. Daarom moet ons ondersoek welke spesifieke eienskap of karaktertrek van die koninkryk die Here deur hierdie gelykenis wil toelig. Wat is hier die hoofgedagte?

Minstens drie moontlikhede kom in aanmerking. Eerstens kan dit die bedoeling wees om die koninkryk te vergelyk by die saad. Deur Jesus word dit (die woord van die koninkryk) in die harte gesaai en daar ontkiem dit om as lewe-vernuwende beginsel herskeppend voort te werk totdat dit aan die end van die eeue sy volle vrug lewer. Tweedens, kan op die groeiproses gelet word. Sonder toedoen van mense ontwikkel die koninkryk soos die groeiende saad en bereik sy rypheid by die wederkoms van Christus. Derdens, kan die nadruk op die oes val. Dan sou die bedoeling wees om aan te dui dat die hele verloop van sake in die koninkryk gerig is op die oes, die voleinding, waarheen alles hom heenstrek.

Hoewel daar teen die eensydige beklemtoning van elkeen van die moontlikhede besware aangevoer kan word, moet die regte vertolking van die gelykenis tog met al drie goed rekening hou. Dit is volkome juis dat die gelykenis as geheel ons iets wil meedeel aangaande die koninkryk as geheel. Eweneens is dit waar dat die gelykenis een

bepaalde aspek van die koninkryk na vore wil bring. Dit geskied egter op so 'n wyse dat die sentrale gedagte slegs begryp kan word deur rekening te hou met al die ander aspekte wat in die gelykenis ter sprake kom. Stellig vind ons die sentrale gedagte uitgedruk in die woorde: "en die saad spruit uit en word groot — hoe, weet hy self nie."

Daarmee word verklaar dat daar in die koninkryk van die hemele 'n eiemagtige groeiproses voorhande is, wat voortgaan buite die begrip of toedoen van die mens.

Voordat ons egter hierop nader ingaan, moet vasgestel word wie die saaiër *en* wat die oes in hierdie geval is.

Dit spreek vanself dat ook hier die saaiër by uitnemendheid Jesus Christus is. Hy is die bringer van die koninkryk wat die woord van die koninkryk soos saad uitgestrooi het, ongeag die aard van die grond waarin dit sou val (vgl. gelykenis van die saaiër). En tog, wanneer verklaar word dat die saad gegroei het "hoe — weet hy self nie", kan die saaiër stellig nie die Here wees nie; Hy weet immers alle dinge. Daarom word ons verplig om in hierdie geval die saaiër aan te sien as 'n gewone mens — 'n dissipel van Jesus, 'n verkondiger van die heilsboodskap, maar bowe-al 'n gewone, eenvoudige man in die uitoefening van die daaglikse bedryf. Die gelykenis praat van "'n mens", dus: enigiemand. Trouens, in die gelykenis is die saaiër en sy werk nie die belangrikste nie. Hulle is slegs voorwaarde vir die planting van die saad, waarop die ontwikkeling vanself volg. Daarom te meer moet ons in die saaiër die voorbeeld sien van 'n onwaardig mens wat God desnieteenstaande in diens van sy koninkryk gebruik. In gehoorsaamheid aan sy opdrag verrig hy sy dagtaak en doen hy die saaiwerk, en weldra bemerk hy met verbasing en vreugde dat 'n groeiproses aan die gang gesit is wat volkome buite sy kennis of beheer val.

Maar verder, hoedanig is die oes? Ons antwoord hierop sal afhang van wie hy is wat die sekel insteek. In die gewone loop van sake is dit dieselfde man wat die saaiwerk gedoen het. So skyn die gelykenis dit ook voor te stel. Maar sou dit in die koninkryk van God ook die geval wees? Daar staan immers geskryf: "Dit is een wat saai, en 'n ander een wat maai" (Joh. 4:37). Die saak word duideliker wanneer ons daarop let dat die woorde in verband met die oes ontleen is aan die Ou Testament (Joël 3:13). Dáár word gepraat van God self wat die sekel uitstuur vir die oes. Deur nou die uitspraak van die profeet aan te haal, laat Jesus blyk dat Hy aan die voltrekking van die oordeel by die voleinding deur God self dink. Daarmee laat Hy die beeldspraak los, en praat Hy van die werklikheid van die voleinding. Die ontwikkeling van die koninkryk loop dus uit op die groot insameling by die wederkoms van Christus — 'n insameling soos ook in die gelykenis van die onkruidsaad geteken word (Mt. 13:39-43).

Die saaiër staan dus op die agtergrond. Ook die oes is nie vir sy eie voordeel nie. Sy vreugde is egter daarin te vind dat hy in die saai tyd sy arbeid getrou uitgevoer het, sodat in die oestyd 'n ander Een sal kan insamel, en saaiër en maaiër hulle saam sal kan verbly.

Dit bring ons weer daarby dat die hoofgedagte van die gelykenis opgeslote lê in die feit dat die saad groei — "hoe, weet hy self nie. Want vanself bring die aarde vrug voort."

Op die verskillende geaardheid van die grond en die lotgevalle van afsonderlike dele van die saad word nou nie ingegaan nie. Slegs word gelet op die groeiproses soos dit wetmatig verloop sodra die saad in die grond val en "die aarde vrug voortbring".

Die beslissende moment is selfs nie die ontwikkeling van die groeiende graan nie, maar die feit dat dit *vanself* geskied. Die saaiër gaan voort met sy gewone daaglikse werksaamhede en laat die saad aan die aarde oor. Daar in die grond ontstaan 'n ontkiëming en ontluiking waarvan hy nie weet hoe dit geskied nie. Sover hy kan opmerk, gebeur dit vanself. Dit juis is die belangrike punt van vergelyking in die gelykenis.

Die bedoeling skyn tweeledig te wees: Aan die een kant kom die saaiër in die groei van die saad voor 'n geheimsinnigheid te staan wat hy nie kan peil nie. Hoedat die

graankorrel wat in die aarde val, kan uitspruit in die gestalte van 'n halm lê buite sy kenvermoë. En aan die ander kant — en dit is waarskynlik nader aan die eintlike bedoeling — gaan die groeiproses voort sonder dat hy hom daarvoor bekommer het. Hy hou wel rekening met die groei, en word deur die vordering nie verras nie, maar hy weet dat hy aan die werking van die groeikrag niks kan doen nie. Sy aandeel is om slegs te wag, en hy kan dit ook getroos doen. Immers "vanself bring die aarde vrug voort" d.w.s. sonder die medewerking of toedoen van die saaiër, maar nie sonder God nie. God is daar om die saad te laat ontkiem. Hy laat die aarde sy vrug voortbring en voer die groeiende graan tot volle wasdom en rypheid vir die oes.

So "vanself" ontwikkel die koninkryk van God. Aan 'n mens, wie ook al, word die voorreg geskenk om die saad uit te strooi. Sy plig is om steeds die saaiwerk te doen. Alle ander dinge is aan God oorgelaat. Hy sorg vir die wasdom en die oes. En terloops, die oes sal openbaar in hoe 'n mate elkeen gesaai het. Die oorweging dat God vir die groeikrag van die saad sal sorg, vrywaar die saaiër van mismoedigheid; die herinnering aan die aanstaande oestyd waarby die saaiër betrokke sal wees, vrywaar hom van oormoedigheid.

Wat die lewenshouding van die saaiër betref, laat die gelykenis blyk dat hy wat getrou sy plig gedoen het, met 'n sekere onbesorgdheid sy lewensdae mag deurbring: "Hy gaan slaap en staan op nag en dag". Tog mag hierdie onbesorgdheid nooit verval tot onverskilligheid nie. Inteendeel, dit is geensins 'n lewenshouding van onverskilligheid nie, maar een wat met God rekening hou en met die selfgroeïende saad. Aan die een kant is dit gegrond in die geloofsversekerdheid dat God regeer en alles wél is; en aan die ander kant vergeet die saaiër nie sy groeiende saad nie. Hy let op die vordering van die groei; hy volg die ontwikkeling van die een stadium na die ander, eers die halm, dan die aar, en eindelijk die volle koring in die aar. Ook ten opsigte van die groeiende graan het hy pligte, en moet hy op so 'n wyse handel dat hy met 'n rein gewete sal kan verklaar: "Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen" (Lk. 17:10).

Hierdie woord van Lukas begin met die uitdrukking: "Ons is onverdienstelike slawe". So is ook hulle wat die saad van die koninkryk saai, wie hulle ook mag wees. Maar hul arbeid lewer by die "oes" 'n volle vrug omdat God self die saad laat ontkiem en groei en tot wasdom kom.

Daarmee bring die gelykenis ook die gedagte na vore dat die arbeid van die navolgers van Jesus die moontlikheid inhou van onberekenbare ontwikkeling. Terselfdertyd bring dit ons onder die besef dat daar aan die arbeid sekere vaste perke en grense gestel is. Oorskryding dien tot skade. Wat God vir Homself voorbehou het, mag die mens nie wil dwing of steur nie. Die groei van die koninkryk is "vanself" d.w.s. van God. Daarom mag die mens hierdie groeiproses nie probeer ontleed, naboots of aandryf nie. So 'n poging sal slegs nadelig en nutteloos wees. En in die koninkryk van God geskied alles met orde, in gehoorsaamheid aan wette wat Hy self bepaal het, net soos die selfgroeïende graan sy vaste wette van eie groei gehoorsaam. Met die oog kan die uiterlike toename in gestalte waargeneem word, maar die innerlike krag wat dit alles tot stand bring, bly verborge. In die stilte werk die krag van God voort en is Hy besig om die koninkryk uit te bou. Daartoe skenk Hy wasdom en seën op die saad wat deur selfs die geringste onder sy volgelinge hier of daar langs die lewensweg gesaai word.

Beslis is die taak om die saad te laat groei, nie aan die saaiër toevertrou nie. Gelukkig dat dit so is. Maar die Here self sal die gesaaide saad tot sy eindbestemming voer: die oes. Hierdie gedagte strek tot troos van die saaiër wat onvermoeid sy arbeid verrig het tydens sy kortstondige saaityd. Wanneer die oes kom, by die voleinding, sal hy die vreugde smaak van te mag aanskou watter ryke vrug God laat ontwikkel het uit saad wat hy in eenvoudigheid aan die grond toevertrou het. En by daardie oes keer die saad nie terug in die hand van die saaiër nie, maar tot sy hoogste blydschap vind dit sy eindbestemming in die verheerliking van God, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is.

## Hoofstuk 5: DIE ONKRUID IN DIE KORING

(Mt. 13:24-30; 36-43)

- 24 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het;
- 25 maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan.
- 26 En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook.
- 27 En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?
- 28 En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?
- 29 Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.
- 30 Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.
- [Mt. 13:24-30]

- 36 Nadat Hy die skare weggestuur het, het Jesus huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand.
- 37 En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens,
- 38 en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose,
- 39 en die vyand wat dit gesaai het, is die duivel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele.
- 40 Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld:
- 41 die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen,
- 42 en sal hulle in die vuuroid gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.
- 43 Dan sal die regverdige skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.
- [Mt. 13:36-43]

Naas die gelykenis van die saaiër is hierdie die enigste waarvan Jesus 'n verklaring gee. Net soos in daardie geval, doen Hy dit ook nou op die versoek van die dissipels en open Hy sekere insigte wat in die gelykenis self ietwat bedek is. Tog vind ons dat in hierdie geval die gelykenis op sigself goed begryplik is. Ná die verklaring van die gelykenis van die saaiër, weet ons reeds dat die saad die Woord voorstel en dat die saaiër in die eerste plek Jesus self is. Nietemin bring die verklaring wat Jesus gee, sekere verrassende wendinge wat sonder sy eie verduideliking stellig vir ons verborge sou gebly het.

Ofskoon die gelykenis in dieselfde algemene samehang voorkom as die van die saaiër en die van die selfgroeiende saad, bring dit 'n nuwe waarheid in verband met die koninkryk van God op die voorgrond. In die vorige gevalle het dit gegaan oor die saad wat ten spyte van die ongunstige gesteldheid van die grond tog 'n ryke oes lewer, en oor die saad wat so sonder die toedoen van die saaiër tot 'n volle vrug ontwikkel. Nou verskyn 'n nuwe faktor: die feit dat 'n vyand die oes wil belemmer deur onkruid op die land te saai. In die koninkryk heers daar dus nie ongemengde voorspoed nie; daar is ook 'n verbete stryd teen 'n vyand wat bitterlik haat.

Ook hier is die tekening van die verloop van sake getrou aan die gebruike van



daardie tyd. Alles word natuurgetrou geskilder. Maar daar is een besonderheid wat onnatuurlik aandoen, hoewel dit nie onmoontlik is nie, naamlik dat 'n vyand in die nag wanneer alle fatsoenlike mense behoort te slaap, uitgaan na die land van 'n buurman om daar onkruidsaad te saai. In die praktyk van die lewe sou so iets selde voorkom. Maar juis daarom is hierdie trek in die gelykenis so aangrypend en sy waarskuwing so ernstig. Juis wat op die terrein van die gewone onderlinge verhoudinge tussen mense as hoogs onwaarskynlik voorkom, gebeur op die terrein van die koninkryk van God. Wat 'n mens beswaarlik teenoor sy medemens sal doen, verrig Satan teenoor God. Teenoor die heerskappy van God staan die heerskappy van die Satan, en tussen die twee kan daar geen vrede wees nie. Aangespoor deur die haat teen God doen Satan selfs die ondenkbare dinge om die groei van die koninkryk van die hemele te probeer verydel (vgl. Mt. 12:22-30).

Met onverwagte skerpheid stel Jesus sy hoorders voor die feit van die stryd tussen die koninkryk van God en die van die Satan. Uit die Ou Testament was hulle bekend met die nimmereindigende stryd tussen die saad van die vrou en die saad van die slang (Gen. 3:15) waarvan die hele geskiedenis van Israel 'n treffende bewys lewer. Moontlik het hulle egter verwag dat hierdie toestand nou anders sou word nadat die koninkryk van God gekom het. Hieromtrent mag daar geen illusies bestaan nie. Jesus wil alle valse optimisme ten opsigte van die koninkryk afweer. Daarom stel Hy dit duidelik bo enige misverstand: Waar God saai, daar saai ook die duiwel.

Van hierdie stryd getuig die Nuwe Testament oorfloediglik, maar nie sonder bemoediging en vertroosting vir die kinders van die koninkryk nie. Die Satan sal wel met niks-sparende en niemand-ontsiende felheid optree, maar die oorwinning is versekerd in die sege van Jesus Christus (vgl. Joh. 12:31; 16:11; 1 Joh. 2:14 e.a.). Daardie selfde versekering van die oorwinning deur die Seun van die mens word nou ook in die gelykenis bevestig. Tog sal die volle openbaring van die oorwinning eers by die voleinding aan die lig kom.

Volgens die gelykenis is die middel waarmee die Satan sy stryd aanknoop die saai van onkruidsaad op die akker van die Here. Daarby wend die Heiland 'n beeld aan wat goed bekend was, naamlik die van 'n onkruidsoort, moontlik iets soos ons drabok, wat saam met die koring opgroei en die ontwikkeling van die koring kan strem. Dat die onkruid soos koring lyk en daarom moeilik te onderskei is, word in die gelykenis nie gesê nie, en is in die natuur ook nie bekend nie.

Trouens in hierdie geval is dit goed te onderskei sodat die diensknegte vroegtydig die berig bring dat die onkruid aan die opkom is. En dat die onkruid giftig sou wees, word ook nie vermeld nie. Die hoofsaak is eenvoudig dat daar 'n sekere ooreenkoms tussen die koring en die onkruid bestaan in die feit dat hulle gelyk op dieselfde land groei en dieselfde tyd neem om tot rypheid te ontwikkel. Hulle verskil egter radikaal van mekaar daarin dat die een koring is en die ander nie; die een dien tot lewensonderhoud en die ander is 'n plaag wat niemand in sy eie land sal wil saai of sien nie.

Indien ons vir 'n oomblik die verklaring van die gelykenis buite rekening laat, sou ons die saad kan noem die woord van die Here, net soos in die verwante gelykenisse. Dan gaan dit hier om die ontluiking van die woord in die hart van die hoorder. Die hemelse Saaier verrig daar sy geseënde arbeid en verlang dat die woord vrugbaar sal word in die lewe van sy volgelinge, maar die Satan laat die goeie werk nie met rus nie. Ook hy dring in in die hart — juis op die oomblik van verslakte waaksaamheid "terwyl die mense slaap" — en saai daar die saad van versoekings en sonde. Daardeur word die hart 'n akker wat bestem is vir die saad van die Woord, maar wat gesteel is vir die saad van die Bose. Gevolglik kan 'n lewe wat alle hoedanighede besit om 'n nuttige en 'n vrugbare te kan wees, soms so onverwags en onverklaarbaar kragteloos word en eerlank vrugtelos verval.

Maar eintlik moet ons ook aan die breër terrein dink. Daar staan tog dat die saailand die wêreld is. Daarmee word bedoel die wêreld van die mensheid. Op daardie terrein van die mensheid stuur die Here die saaiër uit om die woord van heil uit te strooi, maar die

saailand word nie met rus gelaat nie. Die Satan wat dit durf waag het om aan Jesus "al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid" te wys en te sê: "Al hierdie dinge sal ek aan U gee" (Mt. 4:8 v.), asof hy na willekeur daarvoor beskik, laat nie toe dat hierdie akker deur die woord van die Here alleen besaai word nie. Hy saai ook hier sy saad van onwaarheid, haat, vyandskap en dood. Daarom woed die stryd steeds voort onder die mense en tussen die volke. Daar is 'n kraginspanning in belang van die saad van die woord; maar telkens weer die ondervinding van belemmering en onvrugbaarmaking deurdat die onkruidsaad al die krag verteer.

Die aanvang van hierdie frustrasie lê in die daeraad van die mensheidsgeskiedenis. In die Paradys het God Adam en Eva geplaas, geskape na sy beeld en gelykenis, en met die woord van die proefgebod in die hart. Satan het egter nie geskroom om daardie ongerepte oord te betree en die ongeskonde harte met sy onkruidsaad te besoedel nie. En sedertdien gaan die stryd onverpoos voort. Die goeie saad word gesaai, maar die "vyand" is telkens weer in die nag daar om sy saad van alle ongeregtigheid en boosheid in te plant in die akker wat God voorberei het.

Die paradysgeskiedenis bevestig eweneens die uitwerking van die gehoorde woord op die lewe van die mens. Deurdat Adam en Eva die verleidelike woorde van Satan in hul harte opgeneem het, het hulle tot die daad van ongehoorsaamheid oorgegaan. Gevolglik het hulle bestaanshoedanigheid verander. Hulle, wat in heiligheid en geregtigheid geskape was, het nou sondaars geword, kinders van die toorn. Daarteenoor kan ons die uitspraak van 'n bekende teoloog van ons tyd stel: "Die mens is wat hy van God hoor" (E. Brunner). Indien hy toelaat, of liever, hom daarop toelê, dat die Woord van God op sy lewe inwerk, deur opmerkzaam te luister na wat die Here spreek, sal sy lewe die wees van 'n kind van die koninkryk van God. Maar hy wat 'n oor het slegs vir die woord van Satan word 'n kind van die Bose. Die gehoorde woord vorm die mens.

Dit bring ons by die verklaring van die gelykenis. Daar ontdek ons 'n verrassende wending. Jesus verklaar: "Die goeie saad — dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose." In die geval is die saad dus nie die woord nie. Mense is die saad. In die een geval is dit die kinders van die koninkryk en in die ander die kinders van die Bose. 'n Derde soort is daar nie.

Met hierdie uitspraak stel Jesus ons voor 'n onverwagte maar onontwykbare toedrag. Hy wil dit aan die verstand bring dat elke mens in sy leeftyd "gesaai" is, en bestem om 'n bepaalde vrug voort te bring. Geen enkele lewe kan volstrek sonder vrug wees nie. Maar die aard van die vrug sal afhang van hoedanig die "saad" d.i. die enkele mens is. En hy kan as 'n kind van die koninkryk deur die Here gesaai wees, of as 'n kind van die Bose. Uiterlik mag daar 'n gelykvormigheid wees tussen die bewoners van die aarde. Ook in ons onmiddellike samelewing beweeg hulle en tree hulle op volgens die natuur wat aan alle mense eie is. Maar tog is daar 'n verskil wat merkbaar is vir die "diensknegte van die huisheer" d.i. vir diegene wat hulle in die diens van die Here gestel het. By die "oes", dit is, die voleinding, sal hierdie verskil aan die daglig kom wanneer elke mens sy eindbestemming sal bereik, ooreenkomstig die soort saad wat hy self in hierdie lewe was. Dit is voorwaar 'n aangrypende gedagte: elke mens is 'n saadkorrel in die wêreld van die mensheid. Dit kan wees "goeie saad" of "onkruid". En wat hy was, sal in die oordeelsdag geopenbaar word.

Dit bring ons by die volgende gedagte in die gelykenis en sy uitleg: eintlik gaan dit hier nie om die vraag na die hoedanigheid of die hoeveelheid van die vrug nie. Daar word trouens van die vrug niks gesê nie. Maar dit gaan om die skeiding tussen die graan en die onkruid by die oes. Die feit van die skeiding op sigself is egter nie die hoofgedagte van die gelykenis nie. *Die hoofgedagte is dat die skeiding nie vroegtydig nie maar eers by die eindgerig geskied.*

Op die oordeel van God mag daar nie vooruitgegryp word nie; en die vertraging van die oordeel mag nie vertolk word as 'n bewys dat daar glad nie 'n oordeel sal wees nie. Die diensknegte verlang dat die huisheer 'n onmiddellike uitroeiing van die onkruid moet gelas. Daar is by hulle 'n sekere ongeduld te bespeur. Maar die huisheer ken sy tyd.

(Terloops, dit is bevind dat vandag nog in die omgewing van Hebron dit die gewoonte is om 'n bepaalde soort onkruid met sterker wortels as die koring, eers by die oes van die koring te skei). Dit tref ons in die Evangelies dat Jesus meermale sy dissipels moes waarsku om nie haastig te wees met die oordeel nie, bv. in Mt. 7:1 v.v.; of toe die "seuns van die donder" verlang het dat vuur van die hemel moes daal om 'n ongasvrye Samaritaanse dorp te verteer (Lk. 9:51-56). Hierdie ongeduld by die dissipels is daaruit te verklaar dat hulle gemeen het dat 'n reine, heilige gemeente in die tyd van die voleinding moes bestaan, en daarom wou meewerk om alle ongeregtheid weg te suiwer. Nou waarsku Jesus met sy gelykenis dat die skeiding tussen die koring en die onkruid, die kinders van die koninkryk en die kinders van die Bose, nie in die bevoegdheid van die mens lê nie, en ook nie 'n saak is wat in hierdie bedeling afgehandel moet word nie. Dus, die kinders van die koninkryk sal altyd omring wees van die kinders van die Bose. En verder, juis omdat die skeiding nie nou plaasvind nie, mag geen mens in 'n valse sekerheid gaan berus nie. Altyd moet die geestelike lewe een van gespanne waaksaamheid bly. "Pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie?" (Mt. 7:15-16).

Die vertraging van die oordeel mag egter ook nie begryp word as 'n onverskilligheid by die huisheer ten opsigte van sy oes nie. Hy hou wel die heil van die koring in gedagte, en daarom laat hy toe dat die koring vir die tyd van sy groei swaarkry, eerder as om dit sodanig te beskuldig in die poging om die onkruid uit te roei, dat die koring nie weer herstel nie. Daarom kan die "goeie saad" daarvan verseker wees dat hul verdrukking deur die "onkruid" slegs vir 'n kort tydjie is, en daarna is vir hulle weggelê om ingesamel te word in die skuur van hul huisheer. Met die uitstel van die skeiding het die huisheer 'n goeie bedoeling. So is dit ook met God wat uit goedertierenheid sy oordeel vertraag (Rom. 2:4; 2 Pet.3:9-10). Maar dat die dag van die oordeel wel sal aanbreek, bly gewis.

Die gebruik van uitdrukkings soos "die Seun van die mens", "die voleinding van die wêreld", "die geweene en gekners van die tande", verplaas die gelykenis binne die sfeer van die toekomsverwachting van die Nuwe Testament. Wat hier aangaande die laaste dinge gesê word, stem ooreen met die uitsprake elders in die Skrif. Om maar enkele trekke te noem: Dat tot aan die voleinding die bese saam met die goeie ryp word vir die ewigheid, is 'n grondwaarheid van die Nuwe-Testamentiese verkondiging. Ons vind dit in Jesus se uitsprake oor die voleinding (Mt. 24:4-24), en by die apostels (2 Thess. 2:1-12; Openb. 13). Die Regter van die wêreld is die Seun van die mens (Dan. 7:13 v.v.), en die dissipels begryp dat Jesus daardie verwagte Seun van die mens en Wêreldregter is (Mt. 26:64 e.a.). Of dat die regverdige sal skitter soos die son, is 'n gedagte wat telkens uitgespreek of veronderstel word (vgl. Mt. 17:2; 2 Kor. 3:18; Kol. 1:12; Openb. 22:5). Dieselfde is die geval t.o.v. die lot van die goddelose. Die Skrif spreek herhaaldelik van die rampsalige toestand waarin hulle gewerp sal word, en dat hulle deur die onuitbluslike vuur gepynig sal word. Ons hoef hier slegs te verwys na die gelykenis van die ryk man en Lasarus, of van die talente.

Ons sou dus kan verklaar dat Jesus se uitleg van die gelykenis die oordragtelike betekenis so sterk na vore bring dat die terrein van die gelykenis verlaat word, en ons geplaas word op die terrein van die werklikheid van die skeiding by die eindoordeel. Met die oog daarop wil ons nog net enkele besonderhede onderstreep. Allereers die uitspraak dat die maaiers die engele is, en dat hulle die onkruid sal versamel en met vuur verbrand. Dieselfde besonderheid van die uitsending van die engele kom ook elders voor bv. in Mt. 24:31. Maar dáár lees ons dat hulle eerste taak sal wees om die uitverkorenes in te bring. Wat geskied nou eerste? So sou ons wel kon vra. Tog as ons die Skrifwoorde goed bekyk, sal dit gou blyk dat hier geen teenspraak bestaan nie. Die oordeel is 'n gelyktydige handeling in die sin dat die goeie en die bese deur dieselfde handeling van mekaar geskei word. In Mt. 24 lê die klem op die versorging van die geluksaliges en daarom word hulle eerste genoem. In die gelykenis word nie gesê watter groep eerste sy bestemming bereik nie, maar word as waarskuwing die uiteinde van die onregverdige vermeld. Dit is dus 'n geval van verskil in die beklemtoning in die bepaalde teksverband.

'n Ander besonderheid is dat die kinders van die Bose genoem word "die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen". Die eerste benaming kom elders in die uitsprake van Jesus voor (Mt. 16:23; 18:7; Lk. 17:1), maar altyd van iemand wat in die lewe van die gelowige 'n belemmering word deur sy besondere optrede. Daaruit blyk die besondere werking van die "kinders van die Bose", die "onkruidsaad". Elkeen wat die groei van die geestelike lewe van 'n ander op die een of ander wyse benadeel, is 'n struikelblok en staan onder die oordeel van die ewige vuur. Hierby kom 'n verdere besonderheid wat nie die aandag mag ontgaan nie: die Seun van die mens sal hierdie struikelblokke laat wegneem "uit sy koninkryk". Daaronder sou ons kan verstaan die magsgebied waarvoor Jesus as Opperheerser regeer, die hele wêreld. So sal dit stellig ook gebeur; uit die hele skepping sal die goddelose verwyder en in die oord van smarte gewerp word. Maar dit skyn tog asof die "koninkryk" hier 'n enger betekenis het, naamlik die kring van diegene wat hulle by Jesus gevoeg het. Dit gaan hier om onkruid op die akker van die Here. Dit val op dat die struikelblokke in die Skrif in die reël aangetref word onder die godsdienstige mense. Selfs binne die twaalfstal kom hulle voor. Immers aan Petrus het Jesus gesê: "Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok!" (Mt. 16:23).

Oorgedra op ons eie tyd, sou ons hierin 'n verwysing vind na die onbekeerde binne die kerk, die vertoon van godsaligheid sonder die krag, die mens wat op die godsdienstige akker gewortel is maar voortwoeker as 'n kind van die Bose tot belemmering van die groei van die kinders van die koninkryk. Daarom is dit ook geen wonder dat in die gelykenis die "huisheer" sy "diensknegte" waarsku om nie so haastig te wees met die verwydering van die onkruid nie. Aan Petrus is na die strenge terugwysing nog 'n geleentheid gegee; en na sy verloëning nogeens, en Petrus het begryp dat die goedertierenheid van God hom tot bekering wou lei (vgl. Rom. 2:4).

Nadat aan die kinders van die koninkryk d.i. die regverdiges, die belofte andermaal bevestig is dat hulle in die koninkryk van hulle Vader sal skyn soos die son, sluit Jesus met die oproep: "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor." Daarmee lê Hy nog eens die volle nadruk op die feit dat die oordeel stellig sal kom, en dat dan die skeiding tussen regverdiges en onregverdiges sal plaasvind. Daarmee herhaal Hy 'n wekroep wat met die oog op die verwagting van die wederkoms van Christus telkens herhaal word, en seer seker ter harte geneem moet word (vgl. Mk. 13:43; Openb. 2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22; 13:9).

## Hoofstuk 6: DIE UITNEMENDE WAARDE VAN DIE KONINKRYK

(Mt. 13:44-46)

- 44 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.
- 45 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pêrels soek;
- 46 en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.  
— [Mt. 13:44-46]

Gewoonlik word die mening voorgestaan dat die twee kort gelykenisse, wat alleen by Matthéüs voorkom, dien om die uitnemende waarde van die koninkryk van die hemele voor te stel.<sup>1</sup> Met daardie opvatting wil ons ook rekening hou, en stel daarom die opskrif soos hierbo. Tog is daar 'n verwante gedagte wat eerder as die hoofgedagte van die gelykenisse aanvaar moet word, naamlik die wat herhaal word in die refrein: "gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit". Dit gaan dus om die offer of prys wat iemand bereid is om te betaal ten einde die koninkryk te verkry. Daarop kom ons netnou weer terug.

Hoewel die twee gelykenisse in verskeie opsigte van mekaar verskil, hoef die nadruk nie op die ondergeskikte besonderhede gelê te word nie. Ons wil die ooreenkomste op die voorgrond stel, en vind drie hoofpunte: Albei beskryf die koninkryk as iets van onskatbare waarde; voorts is dit iets wat onverwags gevind word, en eindelijk, om dit in besit te kry, moet 'n byna onverantwoordelike waagstuk begaan word. Uit die teksverband is af te lei dat Jesus al drie hierdie waarhede by sy hoorders wou inprent, hoewel die laaste as die belangrikste beskou moet word.

Die hoë waarde van die koninkryk van God word in die een geval beskryf as 'n skat wat iemand in 'n saailand vind; in die ander geval as een bepaalde pêrel van buitengewone waarde. Dit sou moontlik wees om die skat te vertolk as beeld van die waarde, en die pêrel as beeld van die skoonheid en suiwerheid van die koninkryk. Aangesien die hoofgedagte gevind moet word in die groot prys wat die vinder bereid is om te betaal, is dit gerade om die skat en die pêrel eenvoudig te verklaar as sinnebeelde van die onvergelyklike waarde van die koninkryk. Nou word dit egter nodig om in enkele woorde aan te dui wat onder "koninkryk van God" verstaan word.

Sodra 'n mens praat van iets van onvergelyklike waarde wat tog die besit van die mens kan word, ontstaan die versoeking om dit te bestempel as die *hoogste goed* of die

---

<sup>1</sup> Die algemene opvatting dat ons hier met 'n parallelle gelykenispaar te doen het, word weerspreek deur *Otto Glombitza* in *N. T. Studies* 1961, bl. 153-161. Weens die belangrikheid van sy vertolking gee ons sy gedagtegang kortliks weer. Hy meen dat die gelykenis van die pêrel oorspronklik in 'n ander verband uitgespreek is. Daarom het dit nie te doen met die waarde van die koninkryk van die hemele nie, maar dien dit om die optrede van die koopman toe te lig. Die soekende koopman is God. Die pêrel dien in die hellenistiese kultuurwêreld as beeldspraak vir 'n geliefde kind. Dus wil die gelykenis sê dat God, die Soeker na geliefde kinders, op 'n bepaalde tydstip "alles" d.i. sy Seun, geoffer het ten einde die mens as geliefde kind te verkry. Die skrywer van die Evangelie sou dan drie kort gelykenisse saamgevoeg het omdat hy daarin 'n gedagtesamehang gevind het, Mt. 13:44-50: Die gelykenis van *die skat* in die akker (vs. 44) wil sê dat die koninkryk van die hemele eenmaal in die wêreld ingekom het en daar onverwags deur die mens ontdek word. By die ontdekking is hy bereid om alles prys te gee ten einde die ware rykdom te kan verkry. Die gelykenis van *die pêrel* (vs. 45-46) vertel dat daar in die koninkryk van God 'n voortgaande bemoeiing is om die behoud van die mens. God heg so 'n hoë waarde aan die mens dat Hy, die Groot Soeker, eens vir altyd in Jesus Christus die beslissende daad gedoen het om die mens as eiendom te verkry. Die gelykenis van *die visnet* (vs. 47-50) wil sê dat die koninkryk van God alle mense insluit, maar dat slegs diegene behou word wat waardig bevind word.

ideaal. Uit die wetenskap van die etiek is hierdie term goed bekend. Maar op die koninkryk van God mag dit nie toegepas word nie omdat dit die koninkryk sou voorstel as 'n hoë ideaal wat deur inspanning verkry of verwesenlik sou kon word, of as iets wat met ander waardes vergelyk mag word. So 'n beskouing lei tot dwaling. Die koninkryk is geheel eiesoortig en kan gevolglik nie op een peil gestel word met dinge wat deur die mens as waardevol beskou word nie. En voorts, deur eie inspanning word die koninkryk nooit verkry nie; dit is iets wat God genadiglik aan die mens skenk. Sy hoë waarde is juis daarin geleë dat dit iets hemels is wat op die aarde ontdek word. Gelukkig is hy wat die oog het om daardie bo-aardse waarde te onderskei wanneer hy dit teenkom in die loop van sy daaglikse lewe.

Deur die koninkryk te beskryf as iets hemels op aarde, gee ons slegs 'n vae aanduiding van iets wat sterker omlin behoort te word. Hoewel daar in die Skrif oorvloedig sprake is van die koninkryk van God of van die hemele, vind ons nêrens 'n beskrywing van die koninkryk nie. Gevolglik moet alle beskikbare gegewens versamel en oorweeg word om sodoende die juiste begrip daarvan te verkry. Daardie wydvertakte studie kan ons vanselfsprekend nie nou hier onderneem nie. Ons het met die onderhawige gelykenisse te doen, en ten opsigte van hulle vind ons verskillende opvattinge.

Die skat en die pêrel sou die sinnebeelde wees van Jesus Christus, die Verlosser, of van die Woord van God, of van die kerk van Christus. Daardeur word aan die begrip "koninkryk van die hemele" 'n betekenis gegee wat nie deur die Skrif gestaaf word nie. In elk geval is dit duidelik dat in die lig van die ander gelykenisse waar van 'n saaiery sprake is, die saailand die wêreld van die mensheid voorstel. Binne hierdie wêreld is daar 'n groot skat verborge. Op Gods tyd kom dit tot openbaring. Daardie skat word genoem "die koninkryk van die hemele" — 'n begrip wat in die Nuwe Testament ten minste drie betekenis het, naamlik die ryk van God, die heerskappy van God en die burgerskap van die Godsryk. Laasgenoemde is 'n gawe van God aan die gelowige; dit omvat alles wat God aan genade en liefde die mens deelagtig maak. In die gelykenisse van die skat en die pêrel kom al drie die betekenis in aanmerking, maar hoofsaaklik die laasgenoemde waardeur die koninkryk opgevat word as die hoofsaaklik die genadegawes van God aan die mens. Daarom is dit ook nie te verwonder nie dat ons hier te doen het met 'n skat wat van die allergrootste waarde is vir die mens. Trouens sy lewe en geluksaligheid hang daarvan af dat hy dit sal verkry. Daarom is die ontdekker van die koninkryk ook bereid om onvoorwaardelik alles op die spel te plaas ten einde die pêrel van groot waarde te bekom.

Terloops, die beeld van die pêrel lei ons gedagte tot iets anders. In die Ou Testament, behalwe die moontlike uitsondering van Hoogl. 1:10, word van pêrels nooit melding gemaak nie, moontlik omdat die Jode van daardie tyd nie die waarde daarvan besef het nie. In die Nuwe Testament kom die pêrel as iets van groot waarde dikwels voor. Maar daartoe is die mens destyds klaarblyklik mettertyd opgevoed. Dit wil dus voorkom asof toe Jesus die koninkryk as 'n pêrel beskryf het, Hy dit teken met 'n beeld van iets wat die mense van sy tyd nie gewaardeer het nie, en moontlik selfs geringgeskat het. Vandaar byvoorbeeld die vermaning om nie die pêrels vir die varke te werp nie (Mt. 7:6). Hulle sou dus eers die waarde moes leer ken het, voordat hulle die bedoeling van die gelykenis begryp het; ook sou hulle dan eers die waarde van die koninkryk reg kon hoogskat. Toegepas op die lewe van die Here, het ons hier 'n verwysing na sy eie miskennis wat uitgeloop het op sy verwerping, maar wat tog nie verhinder het dat sy hoë waarde en die van sy koninkryk weldra besef en nagejaag sou word nie.

Daarteenoor, indien ons sou toegee dat die Ou Testament met "korale" eintlik "pêrels" bedoel, het ons hier twee beelde waarmee die kosbaarheid van die wysheid tot uitdrukking gebring word: die wysheid as 'n groot skat, Spr. 8:18 v.; 2:4 e.a.; en as kosbare korale, Spr. 3:15; 8:11; Job 28:18 e.a. Op hierdie wyse word 'n verband gelê tussen die wysheid in die Ou Testament, wat gewoonlik geteken word as "die vrese van die Here", en die koninkryk van die hemele.

Die volgende punt van ooreenkoms is dat die skat en die p rel *gevind* word, en wel onverwags. Die Godsheerskappy, die ewige lewe, wil "gevind" wees (Mt. 7:7, 14; 10:39) en val diegene te beurt aan wie God sy verborgenheid openbaar (Mt. 11:25, 27; 13:11). Maar ten opsigte van die wyse waarop dit gevind word, gaan die gelykenisse uiteen.

In die eerste geval ontdek 'n man die skat terwyl hy besig is met die dagtaak wat hy in die gewone roetine van sy lewe moet uitvoer. Hy werk op die saailand, moontlik as 'n eenvoudige dagloner, aangesien die land nie aan hom behoort nie. Die begeerte om 'n skattejag te onderneem, of die gedagte dat daar moontlik 'n skat in die akker begrawe kon wees, kom nie in sy gedagte op nie. Onverwags kom hy daarop af. In daardie oomblik van ontdekking besef hy dat hy iets gevind het wat die hoogste denkbare eis aan hom stel indien hy dit sou wil verkry, en voorts dat die skat daardie hoogste offer oorvloediglik regverdig.

Op hierdie onverwagte wyse tref die uitnodiging van die Here die tollenaar en die sondaar. Ons hoef slegs te verwys na die geval van Levi by die tolhuis, of Sagg us. Onverwags en sonder dat hierdie manne na Jesus uitgesien het, kom Hy reg voor hul deur verby waar hulle met die gewone dagtaak besig is, moontlik 'n sondige, oneerbare taak, en d ar ontdek hulle in Hom die skat van groot waarde. Onmiddellik verlaat hulle alles en volg Hom na. Ook die ondervinding van Paulus op die Damaskusweg sou hieronder tuisgebring kon word.

Daarnaas vertel die tweede gelykenis van die koopman wat p rels soek. Hy het die waarde en skoonheid van die p rel leer ken en het hom nou voltyds daarop toegel e om daardie kosbaarhede te soek. Maar een bepaalde p rel van so 'n uitnemende waarde het hy nie doelbewus gesoek nie; onverwags kom hy daarop af, en ook hy besef in die oomblik van sy ontdekking dat hierdie p rel hom voor 'n lewensbeslissing stel. Indien hy dit sou wil besit, moet hy vooraf van sy ganse besit wat hy tot hiertoe versamel het, afstand doen. Maar hy besef dat die prys nie te groot is nie, en is onmiddellik bereid om die waagstuk te begaan.

In hierdie geval vind ons 'n voorbeeld van iemand wat aan die soek gaan. Hy beweeg wel in die goeie rigting maar is nog steeds besig om klein dinge aan te sien as van groot waarde, en sonder die minste vermoede dat daar ook die "een baie kosbare p rel" op sy weg l e. Ons mag hier dink aan die volgelingen van Johannes die Doper wat reeds "soekende" is en dan in die mees onverwagte plek en gestalte die Messias vind (Joh. 1:28 v). Ook elders roep Jesus op tot 'n soek, bv.: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Mt. 6:33; of ook 7:7 e.a.). Die gedagte van 'n onverwagte vinde, skemer ewe-eens elders in uitsprake van Jesus deur (Mt. 9:13; 19:30; e.a.). Daarmee word egter nog geensins verklaar dat die koninkryk deur die inspannende soeke van die mens gevind sal kan word nie, asof dit die vrug van eie prestasie sou wees. Die ontdekking bly steeds 'n verrassing omdat dit 'n gawe van God is. Dit is Hy self wat die man op die saailand lei tot by die plek waar hy die skat blootl e; en dit is Hy ook wat die soeker na ho r dinge se gange s  rig dat hy 'n p rel vind waarvan hy selfs nie gedroom het nie. In albei gevalle egter geskied die ontdekking in die gewone loop van die dagtaak. Dus, sonder dat die daaglikse lewensgang ontwrig word, en sonder dat iemand hom op buitengewone plekke begewe, bring God skielik die skat van groot waarde onder die o , en 'n ongekende vreugde in die hart.

Die derde punt van ooreenkoms in die twee gelykenisse is die prys wat die vinder bereid is om te betaal ten einde sy fonds vir homself te verseker. Hier juis vind ons die eintlike hoofgedagte van die gelykenispaar.

Die ontdekking van die skat of die p rel is nog maar net 'n belofte. Die belofte van besit bestaan nou, maar die besit self moet nog verwesenlik word. Tog is die belofte so betroubaar dat die ontdekker dit kan waag om te handel asof hy dit reeds besit.

Die moment van ontdekking is 'n oomblik van lotsbeslissing. Terwyl die o  van blye verbasing staar en die hand van bewo nheid sidder, moet die verstand 'n besluit neem

wat die hele toekomstige lewensloop sal verander. Wat egter van die verstand geverg word, is bykans 'n onverantwoordelike waagstuk d.w.s. 'n handeling wat eintlik teen die nugtere verstand indruis. Nietemin verklaar die verstand dat daar geen ander weg is nie tensy die vinder soos 'n dwaas handel en geen poging aanwend om die skat te verkry nie. En in daardie lewenskrisis kom nog 'n ander faktor in die spel, en dit is juis die beslissende, naamlik die geloof. Die geloof word die vaste grond vir die besluit van die verstand en die handelinge wat daarop volg.

In albei gevalle verkoop die man alles wat hy het, en koop hy die skat of die pèrel wat hy gevind het. Hy word in dieselfde situasie geplaas as die ryk jongman aan wie Jesus sê: "Gaan verkoop jou besittings en gee dit vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê." (Mt. 19:21). Hy moet die feit dus in die oë staan dat daar 'n oomblik sal wees van niks-besit: wat hy nou het, sal hy moet verkoop; wat hy hoop om te verkry, sal hy nog nie besit nie. Dus, in die oorgang van wat hy tans besit, en die verkry van die groot skat, sal hy 'n oomblik moet beleef van volstrek niks te besit nie. In 'n stoflike en geestelike sin sal hy "nakend bevind word", soos Paulus in 'n ander verband sê (2 Kor. 5:3). Vir niemand is hierdie gedagte 'n aangename nie. Maar wanneer dit gaan om die verkry van so 'n uitnemende rykdom as waarvan hy nou versekerd geraak het, is hierdie offer nie te groot nie. In die geloof waag hy dit en vind tot sy grote vreugde dat hy nie beskaamd geword het nie. Die rykdom word sy besit, en sy lewe vir altyd versekerd.

In hierdie sin vertolk, word die gelykenispaar 'n dringende wekroep van Jesus. Dit gaan nie bloot om die voorstelling van die groot waarde van die koninkryk nie, maar om die eis wat dit aan die vinder stel en die offer van sy alles op die altaar, wat hy bereid moet wees om te bring, ten einde die hemelse rykdom te verkry. Daarom bring die gelykenisse ook nie net die Evangelie van Gods genadegawe aan die mens wat in sy klein werkkring voortploeter nie, maar kom dit as 'n geweldige uitdaging. Daar is 'n uur van beslissing deur God bepaal, en "elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind" (Mt. 16:25). Ook in hierdie gelykenisse leer Jesus ons niks anders as wat Hy self deurgegaan het nie. Hy by uitnemendheid was bereid om die hoogste offer te bring en daarna in sy heerlijkheid in te gaan: "Vir die vreugde wat Hom voorgehou is, het Hy die kruis verdra, die skande verag en aan die regterhand van die troon van God gaan sit." (Hebr. 12:2).

Die vraag of die man wat die skat in die akker vind, wel eerlik handel deur dit nie aan die eienaar bekend te maak nie, hoef geen moeilikhede op te lewer nie. Oor die reg van die vinder, soos dit in daardie tyd onder die Jode bestaan het, besit ons geen definitiewe gegewens nie, sodat ons dit nie kan beoordeel of hierdie man die wette oortree nie. Die hoofsaak is dat hy alles in sy vermoë doen om die skat te verkry en daartoe bereid is om eers volstrek arm te word, ten einde die ongedroomde rykdom te kan verkry. Sy optrede bly dus 'n uitdaging.

Betekenisvol is ook dat die skat en die pèrel eintlik altyd daar was, maar nog net nie ontdek was nie. Daardeur word opnuut bevestig dat die koninkryk van die hemele tegelyk teenwoordig en toekomstig is. En selfs vir diegene wat in hierdie lewe dit gevind en verkry het, bly dit eintlik nog toekomstig. Die werklike heerlijkheid daarvan sal eers by die voleinding geopenbaar word aan elkeen wat dit nou in hierdie lewe waag om in God te glo en op sy belofte te vertrou, en alles prys te gee wat hy voorheen van waarde beskou het, sodat hy die een skat en die een pèrel van baie groot waarde mag verkry: die koninkryk van die hemele.



## Hoofstuk 7: DIE HOË EISE VAN DIE KONINKRYK

(Luk. 17:7-10)

- 7 En wie is daar van julle wat 'n dienskneg het wat ploeg of vee oppas, en as hy inkom van die veld vir hom sal sê: Kom dadelik hier aan tafel?
- 8 Sal hy nie eerder vir hom sê nie: Maak vir my die aandete klaar en omgord jou en bedien my totdat ek geëet en gedrink het; en daarna kan jy eet en drink?
- 9 Bedank hy daardie dienskneg, omdat hy gedoen het wat hom beveel is? Ek glo nie.
- 10 So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.

— [Lk. 17:7-10]

In die teksverband waarin hierdie kort gelykenis voorkom, word nie uitdruklik gesê dat dit op die koninkryk van die hemele betrekking het nie. Tog blyk dit uit die inhoud dat dit wel die geval is, en dat hier sprake is van die eise waaraan diegene onderworpe is wat die burgerskap van die koninkryk verkry het.

Om die bedoeling reg te begryp, moet ons daaraan herinner word dat die koninkryk van God 'n geestelike en nie 'n uiterlik sigbare aardse ryk is nie. Die burgerskap word gevolglik nie deur 'n uiterlike daad van toetreding verkry nie, maar vind sy grond in die reddende genade van God in Christus Jesus. Dit kan bestempel word as 'n geestelike oorplasing uit die ryk van die sonde in die ryk van die saligheid. Die oorplasing geskied deurdat die mens as gevolg van die inwerking van die Heilige Gees 'n innerlike verandering ondergaan sodat hy voortaan sy hele lewe stel onder die wet van die gees van die lewe. Al is dit dat hy nog in die vlees lewe en nog in dieselfde lewensverhoudings of werkkring as voorheen staan, het sy lewe onderhewig geword aan 'n nuwe wet. Die begeertes van sy eie hart en die neigings van sy sondige vlees het hulle gesag oor hom verloor. Voortaan is hy onderhewig aan die eise van die koninkryk van God. En hierdie eise is hoog.

Hoedanig die eise is, kom in verskillende uitsprake van Jesus aan die lig. Ons hoef slegs te verwys na die voorskrifte in die Bergrede, of die uitsprake in verband met die betragting van die wet van die liefde (Mt. 5:43-48), of die leringe oor die verkryging van grootheid in die koninkryk deur die doen van slawediens (Mt. 20:25-28). Bekend is die uitspraak dat elkeen wat in die koninkryk groot wil wees, moet wees soos een wat dien. Dit verklaar die Here en verwys dan na Homself as die Een wat gekom het, nie om gedien te word nie maar om te dien. Daarmee word die gelykenisprediking weer eens 'n Christusverkondiging, en die eise wat gestel word, voorgelê as reeds vervul deur die Heiland.

Al hierdie uitsprake bring 'n mens onder die indruk van die feit dat die burgerskap van die koninkryk nie beteken 'n vreedsame, sorgvrye lewe hier op aarde nie. Alles wys daarop dat die ware rus hier nie gevind word nie. Inteendeel, die eise van volhardende en getroue werksaamheid en waaksaamheid word herhaaldelik beklemtoon. Besonder sterk kom dit na vore in die gelykenis waarmee ons hier te doen het.

By die eerste oorweging maak hierdie gelykenis 'n afskrikkende indruk. Dit vertel van 'n slaaf wat moeg ná die dag se werk by die huis aankom, en onmiddellik nuwe bevel kry om sy baas te bedien voordat dit aan hom gegun word om self iets te nuttig. So iets klink hard, byna onchristelik. Dit skyn 'n streng wettiese, genadelose verhouding tussen baas en slaaf, God en mens, voor te stel. Op grond van hierdie woorde sou die oneerbiedige aan God kan dink as 'n hartelose slawedrywer. Maar wie so oordeel, doen geweld aan die onveranderlike liefde van God en het nog nie geleer om ook onder die oppervlakte van die skynbare harde woorde die vreugdeboodskap te ontdek nie.

Die liefde van God staan vas as 'n onverloënbare waarheid. Hy het sy eie Seun nie

gespaar nie, maar het deur die kruisdood sy ewige liefde bevestig. Daarom is dit nie nodig om 'n skynbaar harde uitspraak soos ons in die gelykenis vind, te probeer versag deur daaraan verklarings te gee wat stellig nie in die bedoeling van die Here gelê het nie. Veel verstandiger is dit om ons aan die gesag van die letterlike uitspraak te onderwerp en om die liefdesbedoelings van die Here te probeer naspur.

Die sleutel vir die regte begrip van die gelykenis is stellig te vind in die besonderheid aangaande die ekstra werk, bo en behalwe die dagtaak, wat van die slaaf verwag word, en voorts in die gesindheid waarmee die slaaf daardie werk verrig. Van nader besien, het die gelykenis stellig nie te doen met die gesindheid waarmee die huisheer sy slaaf, en God die mens, bejeën nie, asof hy van hom slawediens selfs bo die billike maat verwag nie. Veeleer gaan dit om die houding van die slaaf teenoor sy meester. Wanneer sy dagtaak afgedaan is, aanvaar hy die aandtaak asof dit vanselfsprekend is, en verrig hy sy pligte sonder opstand of gegriefdheid in die hart. Inteendeel, juis omdat hy "slaaf" is, vervul hy sy lewensbestemming in die uitvoering van alles wat hom opgelê word, en vind hy juis in die getroue volvoering van elke taak, ook die ekstra werk, sy eer.

Toegepas op die koninkryk van God spreek die gelykenis van die hoë eise wat aan die volgelingen van Christus gestel word, en die lewenshouding wat hulle by die uitvoering van die opgelegde arbeid behoort te openbaar. Dit gaan om die gesindheid waarmee ons God dien.

Die koninkryk van God is geensins 'n uiterlike vrederyk op aarde nie. Iemand wat deur die geloof tot die koninkryk toetree het as burger, ondervind uit die staanspoor dat hy tot die hoogste geestelike kraginspanning geroep word. Geleentheid om die strydperk te ontvlug en iewers afgesonderd van die wêreld ongestoord te gaan rus, bestaan daar nie. Herhaaldelik het Jesus sy volgelingen vermaan om te werk en te bid. In meer as een gelykenis het Hy die noodsaaklikheid en die krag van die gebed toegelig. Tans laat Hy die nadruk val op die plig om onvermoeid te werk in diens van die hemelse Meester. Vir verslapping van die inspanning as gevolg van vermoeidheid of van selfvoldaanheid bestaan daar geen geleentheid in die ryk van God nie.

Besonder veelseggend is dit dat die volgelingen van Christus in die gelykenis *slawe* genoem word. Dagloners is daar in sy koninkryk nie. Die dagloner werk teen betaling; sy werkyd is beperk tot 'n sekere aantal ure per dag; en vir alles wat hy daarboven doen, kan hy ekstra loon verlang of ten minste dank verwag. Maar sulke "regte" bestaan daar in die koninkryk van God nie. Die dienaar is hier 'n slaaf, 'n lyfeiene, deur sy meester gekoop om te dien. Vasgestelde werkure bestaan daar vir hom nie; van loon in die sin van vergoeding volgens die werk wat verrig is, is daar geen sprake nie; en vir werk wat bo en behalwe die dagtaak verrig is, kan hy nie eens op 'n "dankie" aanspraak maak nie. Tydig en ontydig moet hy gewilliglik en in onderdanigheid sy dienste verrig sonder dat selfs die gedagte aan eie bevoordeling by hom mag opkom. Die eise wat aan hom gestel word, klink wel byna bomenslik, maar wanneer hy hom onvoorwaardelik onderwerp om te gehoorsaam, ontdek hy dat hulle nie alleen deur Gods genade uitvoerbaar is nie, maar dat hy in die uitvoering sy ware lewensbestemming vind. Waar dit die geval is, is daar vreugde, juis in die hart van die "slaaf".

So is dit ook daadwerklik in die koninkryk van God soos dit nou hier onder ons teenwoordig is. Rusgeleentheid bestaan daar nie. Werkgeleentheid en arbeidspelig bestaan altyd. Deur die daaglikse ondervinding van die gelowige word hierdie waarheid bevestig. As slaaf van Christus, gekoop deur die bloed van die Lam, is hy tot die hoogste inset van arbeidskrag geroepe. Die uitvoering van die wil van die Meester vereis dat nie slegs die dagtaak verrig word nie, maar dat die gelowige ook in daardie ure wat normaalweg as rustyd beskou word, op sy pos sal bly en die wil van sy Here sal uitvoer. Al sou hy reeds 'n lange lewensdag van diens agter die rug hê, moet hy tog nog bereid wees om ook die aand-ure aan die Meester te wy. Nooit mag hy die werktuig neerlê en sê: Genoeg gedaan! Nooit mag hy op die louere van selfvoldaanheid rus nie. Maar met liggaam en gees staan hy in diens van Christus, sy Here, om Hom te dien so lank as Hy genadiglik daartoe die lewe spaar.

Tussen die slaaf van Christus en die gewone slaaf onder die mense bestaan daar in meer as een opsig 'n radikale verskil. Laat ons let op die kwessie van die vryheid. 'n Slaaf onder die mense is sy vryheid kwyt. Sy werk doen hy omdat hy geen keuse het nie; hy staan onder die onverbidde bevel: Jy moet! Daarom is daar ook geen vreugde in sy lewe nie. By die slaaf van Christus is dit egter anders. In sy siel weet hy dat hy 'n vrygekoopte is. Hoë eise word aan hom gestel en onverpoos moet hy in die werk volhard, maar dit alles ondervind hy as 'n genadige vergunning waardeur sy lewe waarde verkry vir die ewigheid. Hy smaak die vreugde van sy Bevryder te mag dien, en daarom arbei hy vrywilliglik en met blydschap. Hy is wel 'n slaaf van Christus, maar terselfdertyd 'n vrygemaakte van die Here. En in die diens van Christus vind hy nou die vervulling van sy roeping op aarde.

Die gedagte dat hy deur getroue arbeid enige verdienste sou kon verwerf, kom by hom nie op nie. Die redding uit die slawediens van die Satan waarin hy van nature gestel was, ontnem hom elke gedagte van moontlik meer te kan doen as wat van hom verwag mag word. Selfs na die volvoering van alle pligte wat hom opgelê is, bly hy 'n onverdienstelike slaaf wat alleen maar gedoen het wat hy verplig was om te doen, en enkel uit genade lewe. Maar juis daardie genade verhef hom bo die status van 'n slaaf: dit maak hom 'n kind in die huis van sy hemelse Vader.

Hierdie wete stel hom in staat om met die regte gesindheid die veeleisende roeping uit te voer. Hoedanig daardie gesindheid moet wees, blyk uit die gelykenis. Dit kan saamgevat word met die woorde geduld en nederigheid. Die eerste dien om te verhinder dat onwilligheid of gegriefdheid in die hart sou opkom en die harmoniese verhoudinge versteur word; die laasgenoemde vrywaar van 'n hoë dunk van eie prestasies en 'n gevolglike verslapping van die werkywer.

Uit die teksverband is op te merk dat hierdie gelykenis eintlik tot die dissipels gerig is. Hulle, die bevoorregte helpers van Jesus, word die "slawe" genoem. En hulle is dit wat na volbragte taak slegs kan sê: "Ons is onverdienstelike slawe". Dit beteken nie dat hulle arbeid van geen waarde vir die koninkryk is nie. Hul arbeid is wel noodsaaklik en geskied nie verniet nie (vgl. Lk. 6:23 e.a.). Die bedoeling is egter dat vrugbare diens vir Jesus alleen daar moontlik is waar dit verrig word in ootmoedige toewyding en tot eer van die Here. As ons dit alles in gedagte hou, besef ons welke diepe betekenis in die woorde lê wanneer die apostels, en veral Paulus, hulself noem "die slawe van Jesus Christus" en die diensknegte van die Here (vgl. 1 Kor. 3:5 v.v., e.a.).

Die neiging om moeg te word in die goeddoen, veral wanneer ons meen dat die lewensdag aan die daal is, is by enige mens baie sterk. Die versoeking kan egter weerstaan word wanneer ons opnuut onder die indruk kom van die hoë roeping van die burgers van die Godsryk, en die snelvlietende tyd wat genadiglik tot ons beskikking gestel is.

Nog meer as die gevaar van moeg te word, moet die van selftevredenheid gevrees word. Dit is 'n dodelike vyand van alle hoë prestasies. En wat die kind van God betref, hy mag nooit met selfingenomenheid terug sien op die afgelegde dagtaak nie. Steeds moet hy nederiglik bewus bly van die eie onwaardigheid en die feit dat hy ook met sy beste kraginspanning slegs gedoen het wat hy verplig was om te doen. Hy bly 'n onverdienstelike slaaf wat juis daarom elke diensgeleentheid aangryp om met toewyding uit te voer wat hom opgelê word. Dit doen hy omdat hy onder die indruk bly van sy verskuldiging teenoor Christus wat hom uit die slawerny van die sonde vrykoop het.

Daarom, al is dit dat die gelykenis van die hoë eise van die koninkryk van God 'n klank van gestrengheid het, getuig dit nietemin van die liefde van die Vader en die onuitspreeklike voorreg wat Hy aan die mens skenk om nederig en volhardend, maar ook as 'n vrygekoopte en vreugdevol, die koninkryk van die hemele te bevorder totdat hy die bevrydende woord sal hoor: "Mooi so, goeie en getroue slaaf. Gaan in in die heerlikheid van jou Heer!" (Mt. 25:14).

## Hoofstuk 8: TWEE ONGEHOORSAME SEUNS

(Mt. 21:28-32)

- 28 Maar wat dink julle? 'n Man het twee kinders gehad, en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd.
- 29 En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy berou gekry en gegaan.
- 30 Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê; en hy antwoord en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie.
- 31 Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoord Hom: Die eerste. Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God.
- 32 Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en die hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie.
- [Mt. 21:28-32]

Hierdie kort gelykenis skyn glashelder te wees. 'n Man versoek sy eerste of oudste seun om in die wingerd te gaan werk. Die seun weier botweg. Daarop gaan die vader na die tweede seun met dieselfde versoek. Hy willig dadelik in. Later blyk dat die eerste berou gekry het en tog die werk gaan doen het, terwyl die tweede nie 'n vinger verroer het nie. Nou kom die vraag: Wie van die twee het die wil van die vader gedoen: die nee-sêer wat tog die werk doen, of die ja-sêer wat niks doen nie? Die antwoord lê voor die hand: Natuurlik die eerste.

Dit alles is oënskynlik duidelik. Tog lewer die verklaring ook hier sy moeilikhede. Daar is diegene wat meen dat Jesus bedoel om voorligting te gee aan 'n vader wat probleme het met twee seuns van wyd-uiteenlopende karakter. Die een is opstandig en weerbarstig. Die ander is beleef, insiklik en vriendelik. Die eerste is openlik ongehoorsaam maar tog die een wat die werk doen en daarin gehoorsaam handel. Die tweede is openlik gehoorsaam maar op stuk van sake verbreek hy sy belofte en handel hy ongehoorsaam. Hoe moet die vader die twee hanteer? Dit sal hy weet indien hy die wysheid het om te begryp dat slegs die uitvoering van die opdrag die gehoorsaamheid bewys.

Op hierdie wyse vertolk, dien die gelykenis om voorligting te gee in die ingewikkelde vraagstukke van die verhouding tussen ouers en kinders. Maar uit die teksverband, en veral uit die toepassing van die gelykenis in vs. 31–32 blyk dat Jesus hierdie opvoedkundige vraagstukke geensins in die gedagte gehad het nie.

Daar is ook verklaarders wat die nadruk laat val op die wingerd waarvan sprake is. Uit die Ou Testament (bv. Jes. 5; Ps. 80) en ook die Nuwe Testament (bv. die gelykenis van die onwaardige landbouers, Mt. 21:33-46) is dit bekend dat die wingerd 'n beeld is vir Israel, die volk van God. Daarom sou hierdie gelykenis betrekking hê op die versorging van die volk van God. Dan neem die vader hier die plek van God en is die twee seuns twee groepe persone wat 'n opdrag van God ten opsigte van sy wingerd moet uitvoer.

Ook hierdie opvatting van die gelykenis is strydig met die teksverband. Daarom moet ons 'n ander weg volg. Die sleutel vir die verklaring is te vind in die verwysing na Johannes die Doper (vs. 32). In die voorafgaande Skrifgedeelte word Jesus gevra omtrent die gesag waarmee Hy optree: Hoedanig en vanwaar is sy gesag? (vs. 23). In antwoord hierop vra Jesus of die gesag van Johannes die Doper "uit die hemel of uit mense" is, (vs. 25). Die teenstanders weier om te antwoord omdat hulle deur die regte antwoord te gee hul eie huigeligtheid sou ontbloot. Die toedrag is naamlik die volgende: hulle, die godsdienstig onberispelikes het Johannes aangehoor maar nie tot die daad van bekering gekom waartoe hy opgeroep het nie; die volk, die godsdienstig onaanraakbares, daarteenoor het wel gehoor gegee en hulle aan die doop van bekering

onderwerp. Stellig erken beide partye dat Johannes 'n profeet was, maar slegs die een party van wie 'n mens dit nie sou verwag nie, het aan sy roepstem gehoorsaam geword. In hierdie omstandighede vind die teenstanders van Jesus dit beter om te swyg.

Daarmee het die teenstanders 'n oneerlike houding ingeneem. Die gevolg is dat hulle vrymoedigheid, ook hulle vryheid, om vir die waarheid te getuig, weg is. Hulle het hulself onder 'n ban geplaas. Daarvan kan hulle bevry word slegs indien hulle tot die besef gebring kan word van die huigelagtigheid van hul houding, en daardeur tot berou, bekering en nuwe vryheid gelei word. Juis dit wil Jesus bereik met die gelykenis van die twee seuns.

Hy spreek sy teenstanders pertinent aan: "Maar wat dink julle?" (vs. 28). Daarmee gebruik Hy 'n vraag wat Hy meermale gebesig het (Mt. 17:25; 18:12; 22:17; 22:42; (26:66)). Sodoende word 'n antwoord uitgelok wat in volle verantwoordelikheid uitgespreek word, maar wat in volle vryheid, sonder enige bybedoelings of gewetensbindinge, gegee word. Dus, om op hierdie vraag te antwoord, sou beteken dat die teenstanders hulle eers moet bevry van allerlei vooropgestelde standpunte of bindinge. Die eerlike antwoord sou die innerlike bevryding volvoer.

Hierop volg nou die gelykenis. Dit gaan om die vraag van gewilligheid om die verlange van die vader te doen. Die eerste seun antwoord brutaal: "Ek wil nie!" (vs. 29). Daarmee word hy 'n oortreder van die Vyfde Gebod. Buitendien besondig hy hom teen 'n grondreël van die Joodse sedelike lewe: "Soos 'n slaaf sy heerser, so moet die seun sy vader dien" (vgl. Sirach 3:7). 'n Seun wat hom soos hierdie een teen die Wet en die moraal besondig, word 'n verstoteling uit die samelewing. Tog het hierdie onmoontlik seun later tot inkeer gekom en gehoorsaam geword.

Daarteenoor is die tweede seun 'n toonbeeld van beleefdheid en fatsoenlikheid. Onberispelik is sy antwoord: "Ja, heer!"

Maar dan kom die ontnugtering. Tot die daad van gehoorsaamheid kom dit nie.

Nou kom die vraag: "Wie van die twee het die wil van die vader gedoen?" (vs. 31). Daarmee word die wesenlike in die gehoorsaamheid aangedui. Die een wat opstandig teen 'n versoek in verset kom, is om die rede alleen nog nie ongehoorsaam nie. En hy wat met grasia en hoflikheid 'n versoek inwillig, is om die rede alleen nog nie gehoorsaam nie. Die daad gee die deurslag.

Op hierdie waarheid het Jesus meermale die nadruk gelê. Treffend is aan die slot van die Bergrede die gelykenis van 'n man wat sy huis op die sand bou teenoor 'n ander wat op die rots bou (Mt. 7:24-27). Soos laasgenoemde is "elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit doen" (vs. 24). In dieselfde verband verklaar Hy: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar Hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (7:21). By 'n ander geleentheid verklaar Hy: "Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, die is my broer en suster en moeder" (12:50).

Die teenstanders begryp hierdie waarheid goed. Daarom is net een antwoord op die vraag moontlik: Die eerste. Al besef hulle dat dit teen hulself gerig is, bied hulle tog die regte antwoord. Daardeur bring hulle hulself in die verleentheid, maar hulle vorder ook 'n stap op die weg tot bevryding, d.i. "die weg van geregtigheid" (vs. 32).

En nou kom die toepassing. Die eerste seun was volgens die geboorte en insettinge waarop die godsdienstige leiers so gesteld was, 'n uitgeworpene. Tog het daar iets in hom gebeur wat hom 'n gehoorsame seun gemaak het. Hy het berou gehad en die wil van sy vader gedoen.

Johannes die Doper het gekom om "die weg van geregtigheid" aan te wys. 'n Nuwe "weg van geregtigheid" het hy nie verkondig nie, maar die oproep van Wet en profete opnuut laat weerklink. Dit gaan om die koninkryk van God, d.w.s. om berou oor sonde, geloof en bekering, en die doop as getuigenis van 'n nuwe begin. En wat was Johannes se ondervinding? Dat die Fariseërs en Sadduseërs daarby gestaan het en blykbaar sy

prediking beaam het (Mt. 3:7). Verder doen hulle as groep niks nie. Daarteenoor het "die tollenaars en hoere" (vs. 31-32), d.i. die veragtelike uitgeworpenes, wat die Wet van God en die sedes van mense vertrap het, wel in Johannes se prediking geglo. Hulle het met die daad gehoor gegee en "die weg van geregtigheid" gevind. Daarom gaan hulle die "regverdiges volgens die Wet" voor in die koninkryk van God.

Dit is een van die hardste uitsprake van Jesus teen sy teenstanders, die fatsoenlike, onberispelike godsdienstige leidsmanne. Daarmee wil Hy hulle vrome gewaad van hulle afskeur en hulle aan hulself openbaar. Hulle is die tweede seun — die wat praat en nie doen nie (Mt. 23, 3). Daar is ook vir hulle geen verskoning nie, want hulle was ooggetuies van wat onder die prediking van Johannes die Doper gebeur het. "Julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie" (vs. 32).

Die spieël wat Jesus hier aan sy teenstanders voorhou, weerspieël ook ons gesigte. Die prediking van die weg van geregtigheid gaan nog voort, en ons word opgeroep tot 'n daad van gehoorsaamheid. Maar die twee seuns wandel ook in ons geledere, die ja-sêerniksdoener en die nee-sêertogdoener. Welke van hierdie gesigte erken ons wanneer ons in die spieël van Jesus kyk?

Laat ons weer let op die hoofpunt in die gelykenis: Alleen die daad, en nie die woord nie, is ware gehoorsaamheid aan die wil van God. En sy wil is dat ons tot berou sal kom en glo. Dit geskied nie sonder groot verleentheid en selfverloëning nie. Daartoe was Jesus se teenstanders nie bereid nie, wel die tollenaars en sondaars. Hulle het die weg van geregtigheid gevind en gaan voor in die koninkryk van God.

## Hoofstuk 9: DIE EERSTES LAASTE, DIE LAASTES EERSTE

(Mt. 20:1-16)

- 1 Want die koninkryk van die hemele is soos 'n huisheer wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur.
  - 2 En nadat hy met die arbeiders ooreengekom het vir 'n penning op 'n dag, stuur hy hulle in sy wingerd.
  - 3 En omtrent die derde uur gaan hy uit en sien ander ledig op die mark staan.
  - 4 En hy sê vir hulle: Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal ek aan julle gee. En hulle het gegaan.
  - 5 Weer het hy omtrent die sesde en die negende uur uitgegaan en net dieselfde gedoen.
  - 6 En omtrent die elfde uur gaan hy uit en vind ander ledig staan en sê vir hulle: Wat staan julle hier die hele dag ledig?
  - 7 Hulle antwoord hom: Omdat niemand ons gehuur het nie. Hy sê vir hulle: Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal julle ontvang.
  - 8 En toe dit aand geword het, sê die heer van die wingerd vir sy opsigter: Roep die arbeiders en betaal hulle hul loon; en begin van die laastes af tot by die eerstes.
  - 9 En die wat omtrent die elfde uur begin het, het gekom en elkeen 'n penning ontvang.
  - 10 Die eerstes kom toe en dink dat hulle meer sal ontvang, en hulle het ook elkeen 'n penning ontvang.
  - 11 En toe hulle dit ontvang, murmureer hulle by die huisheer
  - 12 en sê: Hierdie laastes het een uur gewerk, en u het hulle gelykop behandel met ons wat die las van die dag en die hitte gedra het.
  - 13 Maar hy antwoord en sê vir een van hulle: Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir 'n penning nie?
  - 14 Neem dan wat joue is, en gaan heen. Ek wil aan hierdie laaste een gee net soos aan jou.
  - 15 Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is?
  - 16 So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies.
- [Mt. 20:1-16]

Ofskoon die gelykenis opsigself maklik is om te verstaan, moet ons by die verklaring met meer as een gedagtegang rekening hou, en kan daar meningsverskil bestaan oor wat die hoofgedagte daarvan is. Na ons mening word hier lig gewerp op die aard van die werk in die koninkryk van die hemele, en nog sterker op die loon. Daarom wil ons aan hierdie twee aandag skenk.

Die teksverband waarin die gelykenis voorkom, wys egter in 'n ietwat ander rigting. In die voorafgaande Skrifgedeelte word die gesprek tussen Jesus en die ryk jong man opgeteken. Aan die ryke sê Jesus: "As jy volmaak wil wees, gaan heen en verkoop al jou besittings en gee dit vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My". Maar die jong man het bedroef weggegaan. Toe kom Petrus na vore met die vraag: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar vir ons wees?" Jesus se antwoord is dat hulle honderd-maal soveel sal ontvang as wat hulle prysgegee het, en daarby die ewige lewe beërwe. Daarop laat Hy dan die waarskuwing volg: "Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste" (19:30). Met 'n "*want* die koninkryk van die hemele is soos 'n huisheer ..." laat Hy die gelykenis daarop volg, en sluit dan die gelykenis af met dieselfde woorde: "So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste" (20:16). Die gelykenis staan dus tussen hierdie twee uitsprake van dieselfde spreekwoord, en moet gevolglik verklaar word as 'n uiteensetting van wat Jesus met daardie segswyse bedoel. Hierin moet dus die hoofgedagte van die gelykenis gevind word. Ondergeskik aan hierdie hoofgedagte handel dit oor die aard van die werk, die

loon en ook die afrekening.<sup>2</sup>

Hoedanig die werk in die koninkryk is, word wel nie nadruklik genoem nie, maar skemer tog deur. Daar is sprake van arbeid in die wingerd. Vermoedelik moes hulle meehelp aan die insameling van die oes, omdat ook elders sprake is van 'n tekort aan arbeiders vir die oes (Mt. 9:37-38; Lk. 10:2). Oorgedra op die terrein van die koninkryk van God het hierdie beeld 'n geestelike betekenis. In die Skrif dien die wingerd as beeld vir die volk van God; eers is dit Israel (bv. Jes. 5 e.a.), en later die nuwe Israel van diegene wat op die roepstem van Jesus gelowig geantwoord het. Die arbeiders is die dissipels aan wie Jesus in die eerste instansie sy gelykenis rig, maar ook almal wat aan die oproep gehoor gegee het om hulle by die geledere van die godsgesante te voeg. Die werk van oes-insameling kry nou 'n ruime betekenis: dit is alles wat die "onverdienslike slaaf" (Lk. 17:10) kan doen om die eer en blydschap van sy Heer te kan bevorder. As eerste taak sou 'n mens kan stel die arbeid aan siele sodat hulle ingesamel kan word vir die Here. Maar as ons in gedagte hou dat die gelykenis praat van 'n wingerd wat reeds daar is en sy vrug lewer, val die klem op alle werksaamhede binne die koninkryk waardeur die deugde en die besondere karakter daarvan sterker aan die dag gebring word. Dit sluit dus alles in wat die kind van God deur woord, gedrag en daad mag doen om die wet van die koninkryk, naamlik die liefdesgebod, tot uitvoering te bring, sodat die wil van die Here mag geskied en die gesindheid van Christus voortgedra mag word. Om met hierdie arbeid te begin, is dit nooit te vroeg nie, maar ook nooit te laat nie. Elkeen wat tot hiertoe leeg op die mark gestaan het, hoor in hierdie gelykenis die oproep om onmiddellik die wingerd binne te tree en met die arbeid daar te begin. En aan elkeen word die versekering gegee dat wat reg is, aan die end van die dag uitbetaal sal word.

Dit bring ons by die gedagte van die loon. Hierdie gedagte staan op die voorgrond in die hele vertelling. Met die arbeiders wat eerste gehuur word, word oor die loon afgespreek. Die ander word verseker dat hulle sal ontvang wat reg is. Dan word die opsigter geroep om die loon uit te betaal, en daarna ontstaan die ontevredenheid by die eerstes oor die gelyke uitbetaling wat die laaste ontvang.

*Loon* is 'n woord wat van oudsher aan die komende oordeel en die finale vergelding laat dink het. Ook hier bring die hele skildering van die verloop daardie gedagte na vore, sodat die gelykenis beslis ons iets aangaande die eindvergelding wil meedeel. Sou ons nou kan aanneem dat die "opsigter" Christus is? Dit is immers uit talle uitsprake duidelik dat Hy die Regter is wat sal kom om afrekening te hou, net soos die opsigter dit hier doen. Nietemin is so 'n verklaring nie hier aanneemlik nie, omdat die belangrike gesprek aan die slot beslis die "huisheer" aanwys as Christus. Daarom moet die optrede van die "opsigter" net verstaan word as 'n besonderheid wat nodig was vir die natuurlike verloop van die vertelling, maar wat geen wesenlike betekenis vir die geheel het nie. Die hoofsaak is dat die "huisheer" die loon afspreek, die afrekening bepaal en sy

---

<sup>2</sup> Interessante lig word op die gelykenis gewerp deur *Joh. Bapt. Bauer* in *Biblica* 42, 1961, bl. 224-228. Met bewyse uit Joodse, Romeinse en Hellenistiese bronne voer hy aan dat dit destyds juridies gebruiklik was om 'n dagloner ook vir die nag wat op die arbeidsdag volg, te betaal. Verder word aangevoer dat daar geen uurloon was nie. Dus vir die arbeid van selfs 'n enkele uur moes die loon betaal word vir die volle dag sowel as die nag. By die uitbetaling van die loon in die gelykenis, het die "huisheer" eenvoudig volgens hierdie regsbeginsel gehandel. Die goedhartigheid van die "huisheer" of die gedagte aan "genadeloon" moet dus by die verklaring van die gelykenis nie in oorweging geneem word nie. Die ontevredenheid van die eerste-gehuurdes (d.i. die Fariseërs, die godsdienstiges) ontstaan omdat die "huisheer" toegelaat het dat die leegstaners op die mark (d.i. die sondaars, die ongodsdienstiges) op so 'n late uur toegang tot die wingerd gekry het en mitsdien op die volle dagloon geregtig geword het. Die bedoeling van die gelykenis sou hiervolgens wees om te bevestig dat sondaars en tollenaars die Fariseërs voorgaan in die koninkryk van God. Dat die eerste die laaste word, en die laaste die eerste, beteken dan nie 'n omkering van die rangorde nie, maar bevestig dat daar voor God geen rangorde bestaan nie.

Hierdie verklaring is wel insiggewend, maar bied nie 'n bevredigende verklaring van die beswaar van die eerste-gehuurdes (vs. 12) en die antwoord van die "huisheer" (vs. 13-14) nie. Dit skyn nie asof juridiese bepalinge in verband met dagloon hier 'n rol speel nie.



beskikkingsreg handhaaf. Hy is die sentrale figuur en moet dus Christus wees, net soos in ander gelykenisse wat oor die voleinding handel. Hy steeds die sentrale persoon is (vgl. Mt. 25:1 v.v., en Mt. 25:31 v.v.).

Die feit dat dit gaan om die vergelding by die voleinding bring mee dat die beginsels wat die loon bepaal, nie menslike is nie, maar eie aan die koninkryk van God. Uit die breë teksverband, soos ons dit reeds aangehaal het, blyk dat Jesus minstens twee grondwaarhede in hierdie verband na vore wou bring deur die gelykenis: eerstens dat die loon nie met die hoeveelheid werk wat verrig is, verband hou nie, maar wel met die gesindheid van hart; en tweedens dat in hierdie geval die loon geen menslike regsgrond het nie, maar deur goddelike beskikking bepaal word.

Die gesindheid wat in die voorafgaande Skrifgedeelte vir die vraag van Petrus aanleiding gegee het, was nie suiwer nie. Dit blyk dat daar by hom 'n hoë dunk was van die feit dat hulle alles verlaat het en Jesus gevolg het — iets wat die ryk jong man nie kon regkry nie — en mitsdien ook 'n te hoë eiewaardering. Daarby wou hy op grond van sy vermeende verdienste as 't ware met Jesus onderhandel om indien moontlik wins te behaal met die oog op sy teenswoordige en toekomstige geluk. Jesus gee toe dat die dissipels 'n sekere voorsprong bo ander het, maar hulle moet daarop bedag wees dat in die koninkryk van God die eerstes laaste kan wees, en die laastes eerste. En dit is die geval juis omdat die Here nie die hoeveelheid arbeid deurslaggewend maak nie, maar die gesindheid waarin die werk verrig is (vgl. Mk. 12:41-44). Hy beoordeel die innerlike van die hart, en beskik daarby vrymagtig oor die heilsgoedere om dit te bestee na sy goddelike welbehag.

Dat die gesindheid wel 'n rol speel, kan daaruit afgelei word dat die huisheer geen eise ten opsigte van die hoeveelheid werk stel nie, en ook geen aanduiding gee dat hy aan die end van die dag gelyke loon gaan uitbetaal nie. Met die eerste spreek hy die regmatige volle dagloon af. Wat die ander betref, verklaar hy net dat hulle sal ontvang wat reg is. Maar aan die end van die dag stel hy die laastes eerste aan die beurt en betaal aan hulle 'n dag se loon vir 'n uur se werk. Die verwisseling kan slegs verklaar word deur die aanname dat die gesindheid waarmee die laas-gehuurdes hul kort werktyd bestee het, die hart van die huisheer verteder het. Om nou die eerstes te laat sien hoe hoog hy die regte gesindheid waardeer, reken hy met die laastes eerste af en gee hy aan hulle 'n volle dagloon.

Die reaksie van die eerstes bevestig die gedagte dat hulle gesindheid nie die gewenste was nie. By hulle was daar 'n "verkeerde oog" (vs. 15). In Mk. 7:22 word dieselfde uitdrukking vertaal met "afguns". Daar was dus by hulle 'n afgunstigheid of nydigheid omdat hulle aan die ander nie 'n gelyke loon gun nie; en ook omdat hulle by die uitbetaling veronreg voel ten spyte daarvan dat hulle die loon ontvang waarvoor hulle aan die begin van die dag gehuur was. Daarmee stel hulle hulself as die laastes in die koninkryk.

Hul ontevredenheid onderskei hulle skerp van die ander arbeiders wat tog ook in ooreenstemming met die werkgeleentheid wat hulle gehad het, hul arbeid verrig het. Hierdie teenstelling herinner aan die onderskeiding tussen die selftevrede gewinsoekers en die selfverloënde nederiges oral in die Nuwe Testament. Die eerstes in die gelykenis is die Simons: regverdig, fatsoenlik, voorbeeldig, maar hard, streng, afgunstig en onvriendelik (Lk. 7:40 v.v.; Joh. 12:4). Die laastes is die vroue met die albasterflesse, wat hul lewe vir baie jare verkwis het, maar wat met tranen van berou hulleself aan die Here toewy en verlore tyd probeer inhaal deur die Saligmaker ywerig en met liefde te dien (Lk. 7:37 v.v.; Joh. 12:3 v.v., e.a.). Of ons sou die eerstes kon vergelyk met die ouer broer wat tuis bly en altyd getrou sy vader dien; self oortree hy nooit nie; vir iemand wat wel oortree, het hy geen genade nie. En die laastes is soos die seun wat die huis van sy vader verlaat het en sy tyd, sy goed en sy jare verkwis het deur doelloos oordadig te lewe; maar wat eindelijk met diepe berou terugkeer, sonder aanspraak op kindskap en slegs met die bede om genade (Lk. 15:11-32). In sulke omstandighede is dit dat die eerstes laaste word, en die laastes eerste.

Voorts let ons daarop dat die toekenning van die loon hier geen menslike regsgrond het nie. Uit die oogpunt van die menslike regsopvatting mag ons sekerlik vra of die eerstes dan nie wel deeglik rede het om afgunstig en onvergenoegd te wees nie? Hulle het immers die las van die dag en die hitte gedra en het dus stellig 'n billike aanspraak op meer loon as die laastes. Die wyse waarop afgereken word, wek die indruk dat 'n onreg gepleeg word. Daarom ontbreek dit onder die vyande van die Christendom ook nie aan aanvalle op en bespotting van hierdie gelykenis nie, as sou daarin 'n openlike verkragting van alle menslike regsordeninge bepleit word. In die werklikheid staan die saak egter anders. Dit gaan hier daadwerklik nie om menslike regsordeninge nie, maar om die soewereiniteit van God.

In die rabbynse oorlewering kom 'n gelykenis voor wat 'n mate van ooreenstemming het met hierdie een, maar wat juis dien om die radikale verskil in die beginsel van vergelding toe te lig. Die oorlewering vertel van die dood van 'n groot skrifgeleerde. Om sy besondere verdienste te teken, word 'n gelykenis vertel: Sekere arbeiders (in hierdie geval, skrifgeleerdes) het gemor omdat een van hulle wat net twee uur gewerk het, tog die volle loon ontvang het. As antwoord ontvang hulle dan: "Rabbi Bun het in 28 jaar meer in die Tora (Wet) gearbei as 'n vlytige student in 100 jaar". Dus, volgens menslike regsbeginsele word die loon hier bereken, en die hoeveelheid arbeid dien as maatstaf. Daarteenoor vind ons by die gelykenis van Jesus dat nog die hoeveelheid nog die duur van die arbeid in aanmerking geneem word nie. Die enigste beginsel wat hier van toepassing is, is die vrymagtige beskikkingsreg van die huisheer oor sy eiendom: "Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?" Niemand het die reg om hom af te vra waarom hy sy "eie goed" op 'n bepaalde manier bestee nie; hy het die vrye beskikking daarvoor, en kan daarom ook die loon verdeel na sy eie verkiesing: "*Ek wil vir hierdie laaste een gee net soos vir jou.*"

Die huisheer wat so praat, is nie besig om op 'n onredelike wyse 'n willekeurige handeling te regverdig nie. Vir sy optrede het hy wel redelike en regtelike gronde. Hulle vloei egter voort uit sy onafhanklike eiendomsreg, en word geensins beïnvloed deur wat buitestaanders, van hulle kant gesien, as reg en goed oordeel nie. Aan niemand hoef hy rekenskap te gee nie. Gevolglik verloor die loon sy loon-karakter. Dit is nie meer 'n vergoeding vir gedane arbeid nie, maar 'n skenking uit die goedheid van hart van die huisheer. En ook dit gee aanstoot aan die eerstes: wat hulle gemeen het om as loon te verdien, het nou met die afrekening sy loonwaarde verloor. Dit het eenvoudig 'n gawe geword.

Op hierdie punt waar die loon nie meer "loon" word nie, omdat die afrekening geen menslike regsgrond het nie, maar in die vrye beskikkingsreg gevestig is, gaan die gelykenis oor na die terrein van die goddelike werklikheid, net soos ons dieselfde verskynsel ook in ander gelykenisse aantref (Mt. 13:24 v.v.; 18, 23 v.v.; e.a.). Daarom gaan daar van die gelykenis 'n verrassende en ergerende werking uit, sodat net soos in Mt. 13:10 v.v. gesê word, dit tot 'n aanstoot word. Maar van Gods kant gesien, word juis op hierdie wyse die afdoende antwoord gegee op die probleem wat, van die kant van die mens gesien, so onverklaarbaar kan voorkom, naamlik dat baie eerstes laaste sal wees, en baie laastes eerste. Die antwoord is dat God werklik soewerein is; Hy het die volstreekte vryheid om na sy eie wil en goeiddunke oor sy, "eie goed" te beskik. Elke loon wat Hy uitdeel, is gevolglik in sy wese 'n vrye gawe. Voor Hom bestaan daar nie so iets soos "verdiende loon" nie, maar elke loon is genadeloon (Rom. 4:4). Met reg het 'n geleerde verklaar: "Jesus het die loonbegrip doodgemaak deurdat Hy dit aangewend het" (H. J. Holtzmann).

So staan dit dan. In die koninkryk van die hemele word baie laastes eerste, en baie eerstes laaste, maar dit geskied nie toevallig of willekeurig nie. Alles verloop volgens die soewereine wil van God, en daardie wil is gerig op die heil van die mens. Dit openbaar hom in 'n beloning wat in so 'n mate buite alle verhouding tot die gelewerde werk staan, dat dit slegs as 'n vrye genadegawe aangesien kan word. Hierdie genadebetoning sonder perke sluit alle menslik wettiese redenering uit, en maak dit trouens tot sonde teen God.

Die gelykenis lei ons daartoe om die genadebeloning te vertolk as die ewige lewe wat in Christus geskenk word aan elkeen wat toegetree het tot die arbeid in die wingerd van die Here. So 'n beloning is egter van 'n waarde wat deur die mees toegewyde en getroue diens nooit verwerp kan word nie. Ook vir diegene wat soos die dissipels van die begin af die Here gedien het, bly dit 'n genadegawe wat deur die God van ontferming geskenk word. Die gesindheid van winssoekery soos in die vraag van Petrus deurgeskemer het, mag daar dus nie wees nie; en allermins die afguns van die eerstes omdat die laastes dieselfde genade ondervind. Trouens hierdie genade van die ewige lewe word nie toegereken volgens die duur van die tyd wat die enkeling in die wingerd deurgebring het nie, of die hoeveelheid werk wat hy daar verrig het nie, maar op grond van die feit dat hy vir die wingerd aangewerf is: omdat hy aan die roepstem gehoor gegee het. Daarom is dit dat ook die moordenaar aan die kruis wat in die uur van sy sterwe hom tot Jesus wend, die volle dagloon ontvang: "Vandag sal jy met My in die paradys wees." (Lk. 23:43).

Tot hertoe het ons die gelykenis vertolk asof dit alleen betrekking het op die volgelingen van Jesus, en die onheilige wedywer onder die dissipels wil bestraf. Ons moet voorts daarin 'n bestraffing sien van die hoogmoed van die Fariseërs. Dit is bekend dat hulle hul bo die volksgenote verhef het (Mt. 9:11; Lk. 18:11 v.v., e.a.). Nou val dit op dat die saak wat aanstoot gee, nie die oordeel van God is nie, (soos in Mt. 18:23 v.v.), maar sy goedheid: "Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is?" Dit juis is die saak waaraan die Fariseërs herhaaldelik aanstoot neem. Hulle is geërger aan die sondaarsliefde van Jesus soos Hy dit in sy optrede en in sy lyding openbaar (Mt. 11:19; Lk. 7:40-47; Mk. 15:31). Hoewel hulle geweet het dat die Ou Testament hulle oproep om die goedheid van God te loof omdat dit die sondaar tot voordeel strek (Ps. 25:7; 118:1 v.v., e.a.), weier hulle om gehoorsaam te word wanneer hulle in die optrede van Jesus aanskou hoedat die ontferming van die Here die sondaar red. Hulle tree op soos die Simons en die "ouer broer", en bewys deur hulle gesindheid dat hulle nie waardig is om die eerstes te wees nie.

En nou 'n laaste gedagte. As aan almal die gelyke loon uitbetaal word, beteken dit dat elke onderskeid tussen mense in die toekomstige wêreld uitgesluit is? Geensins. Almal is daarin gelyk dat hulle voor God sondaars is, en enkel uit genade in Christus Jesus die ewige lewe verkry. Daarom mag niemand hom bo die ander verhef nie, en veral mag niemand 'n afguns in sy hart koester wanneer die Here ook aan die minderes in die samelewing die ewige lewe uit genade skenk nie. Maar tog is daar uitsprake in die Skrif wat daarop dui dat daar in die koninkryk van die hemele 'n sekere rangorde sal wees (Mt. 5:19; 10:41 v.; 19:28; 20:23 e.a.). Die hoofsaak is egter dat alle menslike maatstawe hier verval, en alleen die vrymagtige genadewil van die Here bepaal hoedanig die hemelse voorregte is wat elkeen deelagtig sal word.

Intussen is die koninkryk van God in sy huidige gestalte soos 'n wingerd. Die Meester gaan vandag nog rond om arbeiders te soek. Ons het moontlik gedink dat dit in ons geval reeds veels te laat in die dag is om daarmee te begin. Wie so dink, hou nie met die liefde en genade van Christus rekening nie. Nóú, as u die oproep hoor, is dit die uur van die Here. Wat reg is, sal Hy skenk. Maar baie eerstes sal laaste wees, baie laastes eerste.

## Hoofstuk 10: DIE ONTROUE LANDBOUERS

(Mt. 21:33-46; Mk. 12:1-12; Lk. 20:9-19)

- 33 Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan.
- 34 En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang.
- 35 Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig.
- 36 Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak.
- 37 Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien.
- 38 Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem.
- 39 En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak.
- 40 Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen?
- 41 Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee.
- 42 Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?
- 43 Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.
- 44 En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.
- 45 En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek.
- 46 En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het.
- [Mt. 21:33-46]

Volgens al drie die Evangelies waarin die gelykenis van die ontroue landbouers opgeteken staan, het Jesus dit kort na sy intog in Jerusalem en enkele dae voor die kruisiging uitgespreek. Hierdie situasie gee aan die inhoud van die gelykenis sy besondere historiese en profetiese betekenis.

Feestelik is Jesus die stad Jerusalem binnegelei met die jubel-roep uit Ps. 118: "Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Mk. 11:10). Daarna volg die tempelreiniging en begin 'n stryd met die godsdienstige leiers van die volk, wat dag na dag toeneem in haat en heftigheid. Op 'n vraag aangaande sy gesag (Mt. 21:23-27) gee Jesus geen direkte antwoord nie weens die moedwillige verharding van sy teenstanders. Nie lank daarna nie, vertel Hy die gelykenis van die ontroue landbouers waarin Hy hulle ware karakter en die straf wat hulle sal tref, openbaar, en tegelyk 'n verdere antwoord gee op die vraag omtrent sy gesag. Die gelykenis het egter ook 'n breër draagwydte: dit gaan om Israel se volhardende verwerping van die heilsopenbaring en die aanstaande verwerping van Israel. Ook word die Messias-vraag op die voorgrond gestel en tegelyk verbind met die lydenvraag: Hy wat gekom het, is "die geliefde Seun" (Mk. 12:6), die Messias, maar Hy word deur die volk van God, Israel, verwerp. Daarmee gaan 'n verdere woord uit dieselfde Ps. 118 in vervulling: "Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword."

Volgens Mt. (21:45) het die owerpriesters en Fariseërs begryp dat die gelykenis (daar staan "gelykenisse", sodat Jesus seker hier meer as een uitgespreek het), op hulle betrekking het. Maar, anders as in die gevalle waar die gelykenisse deur "die wat buite is" nie verstaan word nie en daarom tot 'n aanstoot is, word hierdie een wat wel begryp word tog 'n aanleiding tot meer verbitterdheid teen Jesus. Dus ook hier word Mt. 13:10-15 bewaarheid.

Andermaal word bekende verhoudinge uit daardie tyd geneem as grondslag vir die uitbou van die gelykenis. Die verpagting van grond het onder die Jode voorgekom, gewoonlik in die vorm van 'n erfpag, d.w.s. dat wanneer die wettige erfgenaam te sterwe sou kom die pagter dit in besit kon kry. Ook het as gevolg van die vreemde oorheersing groot boerderye onteien geraak en is hulle daarna aan Jode verpag. Blykbaar het dit voorgekom dat die pagters nie geskroom het om die afwesige eienaars te kort te doen nie, en het hulle selfs so 'n ontroue optrede as 'n daad van trou aan die bevryding-strewe van die verowerde volk beskou.

Die geskiedenis wat in die gelykenis vertel word, is egter in die gewone menslike verhoudings eenvoudig 'n onmoontlikheid. Dit is eenvoudig ondenkbaar dat 'n eenaar dit sal verdra dat sy slawe mishandel word deur die huurders, en dat laasgenoemde weier om volgens kontrak die verskuldige deel van die oes te lewer. Nog minder sal die eenaar voortgaan om ander slawe te stuur wanneer hy weet dat die huurders vasbeslote is om hulle nie by die kontrak te hou nie, en om geweld te pleeg. Allermens sou dit voorkom dat 'n man sy eie seun aan die gevaar blootstel. In die menslike verhoudinge sal so iets eenvoudig nie kan voorkom nie. Tog is juis dit die wesenlike trek in die gelykenis. Dit gaan hier immers nie om die optrede van 'n mens nie, maar om die handeling van God met sy volk. En God handel in sy ewige lankmoedigheid anders as die sondige wraaksugtige mens.

Hieruit volg dat ook die vertelling wat as gelykenis begin, ongemerk oorgaan tot die behandeling van die werklikhede van die bemoeiinge van God met sy volk. Dit weerspieël die geskiedenis van Israel se teenstand teen die Here. Maar dit getuig ook van die sentrale religieuse gebeurtenis in die geskiedenis naamlik die koms van die Seun, die Messias.

Die beginwoorde sou die eerste hoorders onmiddellik aan die beskrywing van Israel as die wingerd van die Here in Jes. 5 laat dink het: "My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring." Van daardie wingerd, die volk Israel, is God self die eenaar. Hy het sy volk in die beloofde land gegrondves, hulle bestaan daar verseker, en aan hulle alles geskenk wat dit vir hulle moontlik gemaak het om die vrug van gehoorsaamheid aan sy gebooe te kan lewer. Maar die volk wou nie.

Op die regte tyd van die oes — dus geensins buitenstyds nie — het die huisheer sy slawe gestuur om sy deel van die vrugte in ontvangs te neem. "Slawe" of "diensknegte" is in die Skrif 'n vaste benaming vir die gesante van die Here, by name die profete. Vroeg in die geskiedenis van Israel het dit reeds gebeur dat die gesante van God, die profete, nie geëer word nie, en dikwels vervolg, gekasty en in sommige gevalle selfs gedood word. Tog het die Here voortgegaan om sy boodskappers te stuur. In die latere eeue na die terugkeer uit die ballingskap was dit die priesters en die skrifgeleerdes wat aan die hoof van die volk gestaan het, en teenoor die Here ontrou geword het. Ook onder hulle leiding was die lot van die profete mishandeling, uitwerping en dood.

In die geskiedenis kom daar dan 'n pouse. God stuur nie meer boodskappers nie. Hy oorweeg as 't ware wat Hy sal doen. Dan val die beslissing, 'n geweldige beslissing: "Wat sal ek doen?... Ek sal my geliefde seun stuur. Miskien sal hulle ontsag hê as hulle hom sien" (Lk. 20:13).

Op hierdie punt in die gelykenis kom daar allerlei vrae op. Reeds is gesê dat so 'n beslissing in die gewone loop van sake onder die mense eenvoudig onmoontlik is. Maar in die gelykenis gebeur dit tog. Daarom kom die vraag op: Was die huisheer dan so erg gesteld op die invordering van die vrugte — en dit was dan tog maar net sy deel daarvan — dat hy selfs die lewe van sy seun daarvoor op die spel plaas? Die seun word genoem "die geliefde", en die benaming het destyds beteken "die enigste". Was dit nou wel só dat die huisheer meer waarde aan die vrugte van die wingerd geheg het as aan die lewe van sy enigste seun? Dit is tog volstrek ondenkbaar. Daarom, wanneer hy die seun

stuur, gaan dit eintlik nie meer om die vrugte nie, maar om iets van veel hoër waarde. Dit gaan nou om die lewe van die landbouers.

Deurdat die landbouers die slawe mishandel het, en sommige van hulle doorgemaak het, was hulle nie meer net 'n deel van die oes verskuldig nie; hulle het 'n misdryf begaan waarvoor hulle die dood skuldig was. Die huisheer kon teen hulle opgetrek het en hulle verdag het. Maar hy wou hulle die geleentheid tot inkeer skenk, en stuur daarom verdere boodskappers. Eindelik stuur hy sy seun, en hy koester die hoop: "Miskien sal hulle hom ontsien." Daarmee word bedoel dat hulle in sy teenwoordigheid moontlik tot berou sou kom en dan sou hulle lewe gespaar bly. Dit gaan dus om die redding van hul lewe. Daartoe word die geliefde seun gestuur.

Dit is duidelik dat Jesus met "die geliefde seun" Homself bedoel. Hy het gekom as die finale boodskapper deur die Vader gestuur. Nadat die Seun gekom het, verskyn geen verdere gesante nie. Dat Hy gekom het, was nie om van die mens iets in te vorder wat hy aan God verskuldig geraak het nie, maar om die lewe te red. Hier raak ons die diep religieuse betekenis van die gelykenis.

Omdat die seun se koms nie meer was om die vrugte van die wingerd te haal nie, maar om as verlosser, lewensredder vir die ontroue landbouers te dien, is hulle bejeëning van hom des te onvergeefliker. Hy wat as verlosser verskyn, sien hulle aan as erfgenaam, d.w.s. as die een wat in die weg staan van hul gewenste erfenis, die wingerd. Hulle erken hom nie vir wat hy in die werklikheid is nie. Gevolglik is die uitwerking van sy verskyning 'n verdere verharding van hul harte. Hulle gryp hom beet, werp hom buite die wingerd en maak hom daar dood. Daardeur het hulle hom die allergrootste smaad aangedoen wat aan 'n Jood gedoen kan word nl. om hom uit te werp d.w.s. deur hierdie daad hom uit te sluit uit die volksverband, en hom dan dood te maak.

Hier vind ons 'n profetiese toespeling op die lyding en sterwe van Jesus self. Dit sou nie meer lank wees nie, en dan sou Hy gevange geneem word deur die owerstes van die volk, uitgewerp word uit die wingerd van God, Israel, en voor die poort van die heilige stad sterwe. "Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely" (Hebr. 13:12). En dit geskied omdat Hy wat as Verlosser gekom het, aangesien is as die erfgenaam van die gesag oor die volk — as Een wat wederregtelik voorgee dat Hy die Koning van die Jode is.

Aan die owerstes van die volk is die gelykenis gerig. Tog gaan dit terselfdertyd om die optrede van die volk as geheel teenoor die Godsgesant by uitnemendheid. Die volk van God verwerp die Seun van God. Hy was die laaste boodskapper wat van God uitgegaan het; nou volg die oordeel.

Die byna woordelike ooreenstemming met die beskrywing van die wingerd van die Here in Jes. 5:2, moes die hoorders met huiwering vervul het. Immers Jes. 5 is 'n hoofstuk van oordeelsaankondiging oor die volk van God; daarom moes Jesus se hoorders ook vermoed het dat die gelykenis daardie oordeelsuitspraak opnuut sou bevestig. Maar nou is dit merkwaardig dat wanneer Jesus aan die owerstes die vraag stel wat met die ontroue landbouers gemaak moet word, hulle antwoord in geen opsig aan die oordeelsprofesie van Jes. 5:5 v.v. herinner nie. Moontlik het hulle gemeen dat daardie profesie reeds in die ballingskap vervul is, of dat hulle nie besef het dat die gelykenis die volk as sodanig onder die oordeel stel nie.

Net so merkwaardig is dit dat hulle met soveel vuur 'n woord van oordeel uitspreek wat op hulself van toepassing is. Blykbaar het hulle op hierdie stadium nog nie die eintlike bedoeling van die gelykenis begryp nie. Hulle oë gaan egter oop sodra die Here uit Ps. 118 aanhaal omtrent die steen wat deur die bouers verwerp is. Dit het destyds voorgekom dat die godsdienstige leiers van die volk "bouers" genoem is. Daarom begryp hulle nou dat Jesus se uitspraak op hulle self betrekking het, en dat hul teenstand teen Hom niks anders is nie as die verwerping van 'n steen wat deur God bestem is om 'n hoeksteen te word. Hierdie insig maak hulle woedend sodat hulle in blinde haat hul voorneem om teenoor Jesus te doen juis wat die ontroue landbouers teenoor die

"geliefde seun" gedoen het. Tog moes hulle in hul harte besef het dat die bekende woorde van Ps. 118 wat juis op die Paasfees so 'n belangrike rol in die verrigtings gespeel het, nou 'n oordeelsaankondiging oor hulle geword het: "Hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, die sal hy vermorsel".

Die woord in die oorspronklike taal (Grieks) wat hier met "hoeksteen" weergegee word, beteken eintlik die sluitsteen van 'n boog. In albei betekenisse speel dit 'n rol in die Nuwe Testament. Ons verneem van Christus as die hoeksteen of ook fondamentsteen waarop die geestelike gebou opgerig word. Vandaar dat dit 'n steen is waarop iemand kan val. Maar as die sluitsteen, kan dit self val en iemand vermorsel. In die Ou Testament en in die Jodedom, asook in die Nuwe Testament (Mt. 16:18; 1 Kor. 3:9 en 16; Openb. 3:12; 21:3) word die ware volk van God voorgestel as 'n tempel wat Hy self opbou. Die Messias, deur sy eie volk uitgewerp en gedood, is van hierdie gebou die sluitsteen wat die hele bouwerk saamvoeg en dra.

Die wyse van spreke moes dus aan die owerstes goed bekend gewees het. Hulle het self ook uitgesien na die koms van Hom wat die hoeksteen sou wees. Maar hulle duld dit nie dat Jesus die profesie op Homself toepas nie. En daardeur word hulle juis die "bouers" wat die steen verwerp wat God verkies het om die hoeksteen en sluitsteen van die geestelike tempel te wees.

Die godsdienstige leiers van die volk, en mitsdien die volk ook self, staan dus onder die oordeel. Maar hoedanig sal daardie oordeel wees?

In die woorde van die Here is dit: "Die koninkryk van God sal van julle weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra." Die Joodse volk het sy geleentheid gehad en misbruik; nou kom 'n ander volk aan die beurt.

Daarmee is die einde aangekondig van Israel as die besondere volk van God. Die oordeel het ook nie lank uitgebly nie. In die jaar 70 n. Chr. het die Romeinse veldheer Titus Jerusalem ingeneem en die tempel verwoes. Die invloed van die tradisionele godsdienstige leiers is verbreek en die volk self verstrooi oor die hele wêreld. Dáár het die profesie oor die wingerd letterlik in vervulling gegaan (Jes. 5:5 v.v.).

Aan 'n ander volk is die koninkryk toevertrou. Hierdie ander volk is egter nie die heidene nie. Veeleer het ons hier te doen met 'n aankondiging van die roeping van 'n nuwe "volk van God" naamlik die kerk van Christus. Hierdie "ander volk" is dus nie 'n nasionale eenheid nie, maar die versameling van almal uit alle volke en nasies en tale aan wie Christus sy koninkryk toevertrou het. Dit is die kerk van Christus in sy ekumeniese sin wat tans die voorreg het om die nuwe bondsvolk te wees.

In hierdie uitspraak kom enkele opvallende verskuiwings van segging voor. Dit is nou nie die "wingerd" wat weggeneem word nie, maar die "koninkryk van God". Dus het die "wingerd" in die gelykenis nie net die volk van God beteken nie, maar ook die koninkryk. En aangesien die koninkryk "weggeneem en aan 'n ander gegee" kan word, het die uitdrukking hier 'n besondere betekenis. Ons sou dit beswaarlik kan verklaar as ryk of heerskappy van God. Veeleer word daarmee al die weldade van God bedoel. Ons sou kon sê: al die heilsgoedere wat ons onder die heerskappy van Christus deelagtig word. Dus, alles wat die Here uit genade aan sy kerk toebedeel het.

Voorts, word nie gesê dat die "ander volk" sal toesien dat die vrug van die wingerd op tyd gelewer word nie, maar hulle sal self 'n volk wees "wat die vrugte daarvan dra". Daarmee het die nuwe bondsvolk, die kerk van Christus opnuut geword die "wingerd" van die Here wat vrugte moet dra. Daarmee word die kerk van Christus net soos Israel van ouds, gestel onder die profesie van Jes. 5!

Daaruit volg dat die kerk verplig word tot voortdurende selfondersoek en gespanne waaksaamheid om sonder verslapping die vrugte van die koninkryk voort te bring en daardeur die hemelse "Huisheer" te verbly.

## Hoofstuk 11: DIE RYK DWAAS

(Lk. 12:13-21)

- 13 En een van die skare sê vir Hom: Meester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel.
  - 14 Maar Hy antwoord hom: Mens, wie het My as 'n regter of deler oor julle aangestel?
  - 15 En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie.
  - 16 Toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis: 'n Ryk man se grond het goed gedra.
  - 17 En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie?
  - 18 Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel.
  - 19 En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik.
  - 20 Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees?
  - 21 So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.
- [Lk. 12:13-21]

'n Man word in verband met sy erfenis deur sy hebsugtige broer bedrieg. Volgens die gebruik van sy tyd kon hy nou 'n skrifgeleerde inroep om as skeidsregter op te tree en die erfenis regmatiglik te verdeel. Die ondervinding het egter geleer dat hierdie mense maar alte dikwels onbetroubare soekers na eie gewin was (Mt. 23:14); daarom het hy gehuiwer om sy saak in hulle hande te stel. Maar na wat hy aangaande Jesus gehoor en gesien het, het hy volle vrymoedigheid om sy moeilikheid aan Hom voor te lê.

Hierdie gebeurtenis getuig van die geregtigheid en onkreukbaarheid van Jesus, maar dit stel Hom ook voor 'n versoeking. Sal Hy toegee aan die versoek van 'n man wat tog ook in nood verkeer en die inhalige broer tot regverdige verdeling van die erfenis verplig?

Vir geen oomblik twyfel die Here nie. Hy wys die versoeking van die hand, maar Hy laat die man nie los nie. Hy het immers nie gekom om die dienaar van die aardgebonde menslike ek-sugtigheid te wees nie, maar om sondaars te red en tot die hemelse saligheid te lei. En hierdie man is juis een wat redding nodig het. Hebsug is sy sonde. Indien hy nie daarvan bevry sou word nie, bly hy aan die dood oorgegee. Dit is tog 'n onomstootlike goddelike waarheid: "Iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie" (vs. 15). Elkeen wat slegs op die vermeerdering van sy aardse besittings bedag is omdat hy meen dat sy lewe daardeur verseker sal wees, leef by die werklikheid verby en betoon hom 'n dwaas in sy lewensopvatting en handeling. Lewensversekerdheid kan nooit deur 'n vermeerdering van aardse rykdomme verkry word nie. Wie wel in die waan lewe dat dit die geval is, het nog nooit tot wysheid gekom nie.

Om hierdie waarheid toe te lig, vertel Jesus die gelykenis. Eintlik is dit nie 'n suiwere gelykenis nie. Ons het hier nie te doen met 'n aardse voorval wat moet dien om 'n geestelike waarheid voor te stel nie, maar een geval is geneem as voorbeeld van dergelike gevalle wat in die lewe voorkom. Juis omdat dit by die mens so diep ingewortel is om in die besit van stoflike goedere die waarborg en beveiliging van sy lewe te wil sien, vertel Jesus 'n treffende geval om te waarsku teen die dwaasheid van op aardse besittings te vertrou. Verganklike dinge kan geen waarborg vir die onverganklike wees nie.

Toe die veronregte man Jesus se hulp in verband met die erfenis ingeroep het, het die Here hom met ontroering en verontwaardiging aangespreek: "Mens!" Daarmee het Hy hom tegelyk aan sy nietigheid en aan sy vermetelheid herinner. Nou vertel Hy verder



van "'n ryk man" wie se grond goed gedra het. Eintlik sê Hy: "'n ryk mens", m.a.w. juis so iemand wat ten spyte van sy nietigheid uiters vermetel handel. Al is hy ryk, bly hy nietemin mens, en daarin aan alle mense gelyk en net soos hulle verganklik en aan die onsekerheid oorgegee. Sy lewe is maar 'n handbreed. Sy eie lewe kan hy nie verleng nie en nog minder uit die mag van die dood red. In alles is hy onderhewig aan die swakheid en broosheid wat aan die mens eie is. En juis hiermee het hy nie rekening gehou nie.

Sy grond het goed gedra. Die ryke oes bring hom in die verleentheid omdat hy nie genoeg opbergplek het nie. Aan die afstaan of beskikbaarstelling van sy "te veel" aan ander, dink hy vir geen oomblik nie. Sy gedagtes is enkel gerig op die voorsiening vir homself. Soos 'n goeie bestuurder en 'n man wat vooruit en met oorleg sy sake beplan, begin hy vroegtydig om sorgvuldig oorweging aan die moontlikhede te skenk. Na rype beraad besluit hy om, sonder moeite of koste te ontsien, die saak deeglik aan te pak. Die bestaande skure moet gesloop en daarna veel groter opgebou word sodat die hele oes daar veilig bewaar sal kan word.

Die motief van hierdie grootse onderneming is om aan sy siel wel te doen: "En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare: neem rus, eet, drink, wees vrolik." Al die dinge wat die mens aansien as die hoogste geluk in die lewe, is nou binne sy bereik, en dit wil hy vir die toekoms verseker: volkome ontheffing van die arbeidspelig, versekerdheid van die daaglikse brood, en bevryding van alle lewensorge en -smarte. Dus, die mens sien sy hoogste geluk in sy selfverskansing teen die dinge wat deur die vloek op die mens gelê is na die sondeval in die Paradys (Gen. 3:14-19). Daarom word al sy lewensinspanning 'n najaag van "alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe" (1 Joh. 2:16), omdat hy daarin die waarborg meen te vind van die ware geluk. En juis daarom word hy van God sweë aangespreek as: Jou dwaas!

Dit tref 'n mens dadelik dat die woord "siel" soos die ryke dit gebruik, 'n ander betekenis het as in die uitspraak: "In hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis." In laasgenoemde woorde het ons te doen met die onsterflike siel, onderskeie van die liggaam, wat van God uitgaan en weer tot Hom terugkeer. Maar wanneer die ryk man van sy "siel" praat, bedoel hy niks anders nie as homself as mens met sy menslike behoeftes en genotsvermoë. Hy kon net sowel "myself" of "ek" gesê het i.p.v. "siel". Tog vestig hierdie woord die aandag op die feit dat elke mens, iedere "ek", 'n onsterflike siel besit wie se behoud en welstand die deurslaggewende oorweging behoort te wees in alle beslissings wat die "ek" neem. Maar daaraan het die ryk man volstrek nie gedink nie. Trouens hy het aan God nie gedink nie. Daarin lê die fundamentele fout van sy lewe. Daarom: "Jou dwaas!"

Die feit dat hy met God nie rekening gehou het nie, het op sy lewensbeskouing minstens 'n tweeledige uitwerking gehad. In die eerste plek het hy sy hoogste geluk net van aardse rykdom verwag, en in die tweede plek het hy in die waan gelewe dat hy besitter en beskikker is oor alles wat hy het, selfs oor sy sielsgeluk. In albei opsigte dat hy skromelik gedwaal, en eers in die uur van sy dood sy dwaling ontdek.

Sy geluk het hy van die vergrote volle skure verwag. Tussen die natuur en sy opbrengs hier op aarde en God in die hemel het daar volgens sy sienswyse geen verband bestaan nie. Dat dit God is wat sy son laat opgaan oor slegtes en goeies en laat reën op regverdiges en onregverdiges (Mt. 5:45); dat Hy alleen alle wasdom gee (1 Kor. 3:6) en deur sy seën brood gee vir die eter en saad vir die saaiër (Jes. 55:10) — hieraan het die ryke nie gedink nie. Nog minder het hy hom die woord van die profeet herinner: "Laat ons tog die Here onse God vrees wat reën gee, vroeë reëns en laat reëns op hulle tyd, wat vir ons die vasgestelde weke van die oes in stand hou" (Jer. 5:24). Daarom was daar vir hom ook volstrek geen noemenswaardige lewenswaardes buiten sy volle skure nie, en het die seën van die oes nie die boodskap van die seën van God vir hom gebring nie. Gevolglik het die oorfloed van sy land se opbrengs hom hoegenaamd onder geen verpligtings teenoor die Here of die medemens gestel nie. Sy hoogste geluk het alleenlik bestaan in die selfsugtige en oordadige genieting van sy ingesamelde rykdom. Hy was

stellig van opvatting "dat daar niks beters is vir die mens onder die son nie as om te eet en te drink en hom te verheug" (Pred. 8:15). Omdat hy aan God nie gedink het nie, het hy ook sy sielevreugde en -rus nie by God gesoek nie.

Die tweede fout in sy berekening was die opvatting dat hy self eiemagtig oor alles beskik het. Met die grootste selfversekerdheid praat hy van "my oes", "my skure", "my opbrengste en my goed", en "my siel". Deur die herhaling van die woordjie "my" kom die trotsheid van die selfversekerde "besitter" sterk tot uitdrukking. Nooit kom dit in sy gedagte op nie dat alles wat hy het, deur God aan hom in bruikleen gegee is, aan Wie alleen *die* aarde en sy volheid behoort. Nooit dink hy daaraan dat hy "mens" is nie, al is hy ryk, en as sodanig onderworpe aan die nietigheid en verganklikheid van sy geslag.

As tipiese mens met sy materialistiese lewensbeskouing voer hy 'n gesprek met sy siel (d.i. homself) oor dinge waarvoor hy in die werklikheid nie beskik nie, en wil hy sonder enige gedagte aan God oor alles volle seggenskap hê en sy eie geluk verseker.

Teenoor hierdie selfgesprek staan die spreke van God. Daardeur kom die enorme fout in sy berekening tot openbaring. "Maar God het vir hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereed gemaak het, wie syne sal dit wees?" (vs. 20).

Juis Hy met Wie geen rekening gehou is nie, beskik vrymagtig oor alles, ook oor die lewe van die ryk man. En waar God beslissend spreek in die lewe van 'n rykgewaande mens, kom sy volstreckte armoede en sy tragiese dwaasheid aan die lig. Voor God staan hy geopenbaar as 'n dwaas wat gemeen het dat hy sy geluk gevind het in die dinge waarvoor hy in die werklikheid nie beskik het nie. Die woorde van Openb. 3:17 is ook op hom van toepassing: "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie."

'n Dwaas is hy, nie omdat hy sonder verstand was nie, maar omdat hy sy verstand verkeerd gebruik het. Hy was stellig 'n man van goeie verstandelike begaafdhede soos blyk uit die feit dat hy vooruit sy planne kon maak. Maar daar was tog wel 'n verstandelike gebrek deurdat hy steeds slegs met die "ek" rekening gehou het, en nie met God nie. Daaruit ontstaan 'n sedelik-godsdiensstige verkeerdheid in sy lewe as gevolg waarvan sy hele gedagtewerking in 'n verkeerde rigting gegaan het. Die intree van die onverwagte dood bring dit alles aan die dag en regverdig die benaming: "Jou dwaas".

Sterk kom die volkome misrekening tot uitdrukking in die teenstelling tussen die "baie jare" waarvoor hy voorsorg gemaak het en "hierdie nag" waarin sy siel (d.i. sy lewe) van hom afgeëis word. Hierdeur word sy selfgesprek niks anders nie as growwe grootpraterij.

Om teen hierdie selfde aanmatiging te waarsku, skryf Jakobus (4:13-16) later: "Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na die en die stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak — julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn. In plaas dat julle sê: As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen. Maar nou roem julle in jul grootpraterij. Al sulke roem is verkeerd."

Nie die berekening van die mens nie, maar die beskikking van God; nie die aardse besittings nie, maar die heil van die siel is hoofsaak in die lewe. Die hoogste en kosbaarste wat aan die mens toevertrou is, is sy siel. Vir 'n tydlank moet hy dit versorg, maar dan eis die Here dit weer van hom op (vgl. Lk. 12:22-34; Gen. 2:7; 3:19). En wanneer God onverwags die siel van die ryke opeis, word sy ware armoede bekend, en ook die dwaasheid van sy lewe. Oor volstrek niks beskik hy nie, selfs nie oor die geleentheid om sy erfgename te benoem nie. Alles, ook die rykdom wat hierdie man genoem het "my oes", "my skure", "my goed", behoort aan die Here, en Hy gee dit aan wie Hy wil. En omdat hierdie "mens" alles vir homself wou hê, word aan hom niks gelaat nie.

Met hierdie gelykenis wou Jesus geensins geringskattend praat oor die verstandige bestuur van stoflike goedere of oor sorgsaamheid en spaarsaamheid nie. Ook wou Hy geensins die vreugde wat rykdom kon bring, verbied nie (vgl. o.a. Lk. 15:6, 9, 32). Sy vermaning is gerig teen die hebsug. So het die eerste gemeentes dit ook begryp. In die besit van rykdom as sodanig het hulle geen kwaad gesien nie (Lk. 16:1 v.; 19:1 v.), maar wel in die gierigheid en die materialistiese nastreef van die vermeerdering van die rykdom (1 Kor. 5:10; Ef. 5:3; Kol. 3:5; 1 Joh. 2:15-17), of die krampagtige vasklemming daaraan soos Ananias en Saffira gedoen het (Hand. 5:1-10). Trouens hierdie hebsug is 'n sonde wat iemand uitsluit uit die gemeente van Christus (Kol. 3:5-7).

Plegtig en ernstig sluit Jesus sy onderrig met die woord: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie" (vs. 21). Daarmee het Hy nie bedoel dat alle rykes wat God nie vrees nie, net so skielik weggeruk sal word nie. Jesus wou teen die dwaasheid vermaan wat begaan word deur elkeen wat meen dat hy deur die vermeerdering van aardse goed sy lewe sal kan verseker. Die versamel van aardse besittings word as sodanig nie veroordeel nie maar wel die stel van vertrouwe daarin, en die onwilligheid om dit volgens die wil van die Here, die barmhartige Gewer, in sy diens te bestee. Wanneer dit die hartstog van die lewe word om net "vir homself skatte te vergader", het die egoïsme net so groot geword as die hebsug, en die twee saam kan enige mens naakt-arm maak in alle dinge wat wesenlike waarde het.

Hierteenoor stel Jesus die ideaal om "ryk te wees in God". Dit is moontlik dat ons hier sou kan dink aan die skat van goeie werke wat selfs die armste kind van die Here vir homself kan vergader. Die teksverband wys ons egter veeleer op die aanwending van stoflike rykdom volgens die welbehae van die Here en tot sy eer (vgl. 12:33). Prakties beteken dit die aanwending van die rykdom in die diens van die liefde. Trouens in Mt. 25:35-40 vind ons hierdie "ryk wees in God" in besonderhede beskryf.

Wie van God die genade ontvang het om van die hebsug bevry te wees en om die aardse besittings wat die Here aan hom geskenk het, tot nut van die medemens te bestee, het 'n onverganklike skat in die hemel. Maar hy wat hom kwel oor die opbergplek van sy oorvloedige oes, en nie aan die leë monde van die hongeriges dink nie, het sy aller grootste rykdom, sy siel, verloor.

Daarom: "Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf" (1 Tim. 6:17-19).

## Hoofstuk 12: DIE ONBESKAAMDE VRIEND

(Lk. 11:5-13)

- 5 En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode,  
6 want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie—  
7 en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.  
8 Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het.  
9 En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.  
10 Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.  
11 En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee;  
12 of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee?  
13 As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?  
— [Lk. 11:5-13]

Dit gaan hier om die gebed. Daaraan gee Jesus 'n nuwe inhoud en betekenis.

In die lewe van die vrome Israeliet was die gebed 'n belangrike godsdienstige handeling. Dawid het dit verstaan om te bid. Dit blyk uit sy psalms. Maar mettertyd het die godsdienst van die Jode verstar geraak tot die plegtige uitvoering van sekere handeling. Hoofsaaklik gaan dit om drie dinge: die aalmoes, die gebed en die vaste (vgl. Mt. 6:1-18). Die gebed het bestaan in die uitspraak van vaste formules en frases, sonder dat ooit nagedink is oor die werklike betekenis van die woorde. Dit het geword "'n ydele herhaling van woorde soos die heidene" (Mt. 6:7), en word liefers opgesê op die hoeke van die strate om deur die mense gesien te word. Dit was 'n religieuse pligpleging sonder betekenis en sonder verwagting van verhooring.

Johannes die Doper het ingesien dat die gebed soos deur die Jode beoefen, sinloos geword het. Daarom begin hy sy volgelingen leer om te bid (Lk. 11:1). Die dissipels merk op dat Jesus Hom telkens terugtrek in die eensaamheid, of die stilte van die nag of vroeë oggend verkies vir die gebed. En wanneer Hy bid, word dit nie 'n omhaal van woorde nie, maar 'n vertroulike gesprek met die Vader in die hemel. Daardeur word die dissipels tot die insig gelei dat hulle eintlik nog niks van die gebed verstaan nie. Dit word by hulle 'n nood van die hart wat nie langer onderdruk kan word nie. "En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het" (Lk. 11:1).

Hiertoe is Jesus dadelik bereid. Hy leer hulle die volmaakte gebed, die Onse Vader (vs. 2-4).

Maar die gevaar dat ook hierdie gebed soos 'n sinlose formule gebruik kan word, bly bestaan, tensy die dissipels iets meer omtrent die gebed begryp. Daarom gaan Jesus voort met sy onderrig. Hy wil hulle laat begryp dat die opregte gebed 'n uitwerking het. *Daar kan gereken word op stellige verhooring.* Om dit te bevestig, vertel Hy 'n kort gelykenis: Gestel dat 'n vriend laat in die nag van 'n reis by jou sou aankom, en jy ontdek dat jy in die huis geen voedsel het om aan hom voor te sit nie. Jy besluit egter om by 'n nabygeleë huis brood te gaan leen. Nie die huis van die eerste die beste buurman nie, nee, jy gaan na die huis van 'n vriend. Teen middernag klop jy hom op en vra drie brode te leen. Wat sal daardie vriend doen? Hy het stellig rede genoeg om geërger te voel. Hy het ook ekskuus genoeg om te weier. Die kinders wat almal in die

eenkamer-woning slaap, sal wakker word, en die deur is stewig gegrendel.

Maar tog sal daardie vriend nie so handel nie. Daar is twee oorwegings wat hom sal dring om die gevraagde brode te leen. Eerstens het hy te doen met 'n vriend. Hulle ken mekaar en is gewoon om mekaar by te staan. Hierdie goeie verhouding mag nie geskend word nie, en buitendien doen 'n mens aan 'n vriend veel meer as vir 'n vreemdeling. Tweedens "sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het" (vs. 8). Dus, die vriendskap kan moontlik nog die buitengewone toets waaraan dit onderwerp word, nie deurstaan nie. Maar die "onbeskaamdheid" gee die deurslag.

Hierdie woord klink nie juis fatsoenlik nie. Tog bestaan hieromtrent geen vergissing nie. Só lui dit in die Skrif: onbeskaamdheid of skaamteloosheid. En daarom is dit so vreemd dat iemand wat op hierdie onbehoorlike manier handel, nie 'n skrobbering kry nie, maar wel die brode. Trouens, dit skyn asof Jesus juis op hierdie woord, die onbeskaamdheid, die nadruk lê. Hoe moet ons die woord dan verstaan?

Dit is stellig nie die bedoeling dat die man skaamteloos aanhou klop het nadat die vriend sy versoek sou geweier het nie. Hier is nie sprake daarvan dat die vriend onvriendelik was en eers geweier het nie. Dit gaan dus nie om die volharding in die bede, soos die weduwee voor die onregverdige regter nie (Lk. 18:1-8). Veeleer bestaan die skaamteloosheid daarin dat die man sy vriend op so 'n ontydige uur kom pla. Ons sou sê dat geen ordentlike mens so onfatsoenlik sal handel nie — tensy sy nood werklik hoog is, en sy vriendskap beproef.

Dit is tog vanselfsprekend dat iemand wat sy vriend om middernag gaan wakker roep, dit alleen in 'n geval van daadwerklike nood sal doen. Die vriend wat ontydig gewek word, besef dit, en hy is bereid om sonder beswaar te help waar hy kan. Maar daar is 'n tweede oorweging wat net so belangrik is. Die vrymoedigheid — dit is tog die ander sy van onbeskaamdheid — waarmee die vriend dit waag om hom op te klop, is tog 'n bewys van vertroue in sy vriendskap. Die man in nood is in sy gemoed verseker dat hierdie man tog sy vriend is en hom nie sal kwalik neem nie. Daarom waag hy dit om teenoor hom onbeskaamd te handel. Die onbeskaamde optrede is dus eintlik 'n bewys van vertroue. Dit is geloof. En daardie vertroue kan hy nie teleurstel nie. Trouens, so 'n onbeskaamdheid word 'n getuienis van die hegtheid en egtheid van die vriendskapsbetrekking. Daarom word die brode geredelik oorhandig. Die gebed word verhoor.

Daarmee is egter ook aangetoon dat die gebed nie willekeurig mag wees nie. Waar dit gaan om daadwerklike nood — in hierdie geval om aan die gebod van liefde tot die naaste gehoorsaam te kan wees, — is die Here die genadige Verhoorder van die gebed. Ook word die voorwaarde gestel dat 'n vriendskapsverhouding tussen die een wat bid en die Here moet bestaan. Aan 'n vreemdeling, moontlik een wat Hom moedswillig smaad, verleen Hy nie die oor nie.

En in die laaste instansie gee hierdie gelykenis ons die reg om onbeskaamd te wees teenoor die hemelse Vader. Daarmee word geen oneerbiedigheid bedoel nie. Daarmee word wel bedoel die geloofsvertroue en die versekerdheid van sy liefde, wat ons die vrymoedigheid gee om te enige tyd met enige nood by sy poorte aan te klop. Die feit dat ons dit doen, is vanself 'n getuienis van ons vertroue in die Vader. En Hy sal sy "onbeskaamde vriende" nie beskaam nie.

Die onderrig oor die gebed gaan egter voort (vs. 9-10). Na aanleiding van die gelykenis bevestig Jesus die feit dat die gebed verhoor word, deur te wys op die daaglikse ondervinding: "Elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word" (vs. 10). Maar dan moet die gebed ook definitief, doelgerig en volhardend wees: "Bid — soek — klop".

Dit gaan nie om algemene vrome wense of om versteende frases nie. "Bid" beteken om 'n versoek te formuleer en uit te spreek. Om dit te kan doen, moet ons presies weet wat ons van die Here wil vra, en hoe om dit onder woorde te bring. Voorts moet dit gaan

om bepaalde sake, soos die man wat uitgaan om brood te vind vir sy besoeker. Daarby kom die aanwysing dat ons gebede moet wees soos die klop aan die deur, herhaaldelik, volhardend, totdat die deur oopgaan. Trouens, die werkwoordvorm waarin al hierdie aanwysinge gestel is, roep op tot die volhardende gebed.

Nog 'n woord word bygevoeg om alle twyfel omtrent die verhoring van die gebed te verdryf (vs. 11-13). Dit is tog uit die daaglikse lewe bekend dat 'n vader nie sy seun sal bedrieg nie. Wanneer hy sy vader smeek om brood of 'n vis of 'n eier, d.w.s. die dinge wat noodsaaklik is vir sy lewensonderhoud, sal die vader hom beslis nie 'n klip of 'n slang of 'n skerpioen oorhandig nie, d.i. dinge wat nutteloos of selfs gevaarlik vir sy lewe is. Uit wat met die mindere gebeur, word hier 'n gevolgtrekking gedoen ten opsigte van die meerdere: "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid? (vs. 13).

Die mens is sleg. Hy is in sonde gebore en doen van nature die kwade. En tog sou dit onder mense 'n gruwel wees indien 'n vader sy seun 'n klip sou gee in plaas van brood, of 'n slang in plaas van 'n vis. Selfs die bedorwe mens weet om aan sy kind die goeie te gee. Hoeveel te meer sal die hemelse Vader — die Vader van liefde — "goeie dinge gee aan die wat Hom bid!" (Mt. 7:11).

Die gebed bly nie sonder werking nie. Op ons gebed sal die Vader "goeie dinge" (Mt. 7:11) skenk. Daar is wel onverhoorde gebede, d.w.s. gebede wat nie na ons sin verhoor is nie. Maar daar is geen tevergeefse gebede nie. Indien die Vader ons nie skenk wat ons gevra het nie, sal ons goed doen deur na te gaan of ons nie miskien van Hom 'n klip of 'n slang of 'n skerpioen gevra het nie, toe ons gemeen het dat ons om brood, 'n vis of 'n eier gebid het. Hy weet wat tot ons lewe dien, en is altyd bereid om aan ons die "goeie dinge" te skenk. Daarom kan Dawid getuig: "Die dag toe ek geroep het, het U my verhoor, my moedig gemaak met krag in my siel" (Ps. 138:3).

Wat Matthéüs aandui as die "goeie dinge", word by Lukas genoem die "Heilige Gees" (vs. 13). Dit is die uitnemendste goeie gawe wat die Vader aan ons skenk op die gebed. Op 'n unieke wyse is die Heilige Gees op die Pinksterdag uitgestort op hulle wat eendragtig volhard het in die gebed. Nou woon die Gees in die kerk van Christus en mitsdien in die lede van die kerk. Maar so dikwels is Hy daar gestrem in sy dinamiese werking. Eers wanneer waarlik gebid word, kom die Gees in ons tot kragtige werking.

Hy is dit wat saam met ons gees getuig dat ons kinders van God is (Rom. 8:16) en wat ons daardeur in 'n verhouding tot die Vader stel waarin ons "onbeskaamd" by Hom kan aanklop. Hy is dit wat ons leer hoe om te bid. "Net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike versugtinge" (Rom. 8:26).

Die gebed word verhoor. En sy heerlikste verhoring is dat die Vader ons die Heilige Gees gee.

Nou wil ons vir 'n oomblik teruggaan na vers 9: "Klop, en vir julle sal oopgemaak word." Hierdie woord "klop" kom nie dikwels in die Nuwe Testament voor nie. Ons vind dit weer in Openbaring 3:20: "Ky, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." Dit is asof die rolle van die gelykenis hier omgekeer word. Nou is dit ons wat met ons kinders en ons goed ingegrendel is in ons donker eenkamer-woning. Op 'n tyd wat vir ons uiters ongeleë kan wees, klop 'n Vriend aan die deur. In sy aandrang is Hy "onbeskaamd". Hy wil nie brood leen nie, maar binnekom en maaltyd hou. Wat sal ons doen? Gelukkig is die man wie se "vriendskapsverhouding" sodanig is dat hy sy deur wyd oopmaak vir hierdie Vriend. Daarmee gaan sy deur ook oop vir sy naaste in nood.

Maar die Vriend klop ook aan met 'n ander doel. Hy wil in ons donker woning indring as die draer van 'n bevrydende boodskap. Die boodskap het betrekking op ons gebedslewe. Dit lui: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word."



## Hoofstuk 13: DIE WEDUWEE EN DIE REGTER

(Lk. 18:1-8)

- 1 En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,
  - 2 en gesê: Daar was 'n regter in 'n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie.
  - 3 En daar was in daardie stad 'n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty.
  - 4 En 'n tyd lank wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie,
  - 5 tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie eindelijk kom en my in die gesig slaan nie.
  - 6 Toe sê die Here: Hoor wat die onregverdige regter sê.
  - 7 Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?
  - 8 Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?
- [Lk. 18:1-8]

Die skielike koms van die koninkryk van God in sy volle glorie was die onderwerp van Jesus se onderrig in die voorafgaande Skrifgedeelte, 17:20-37, Daar het Hy tussen twee stadia in die koms van die koninkryk onderskei deur daarop te wys dat die koninkryk reeds aanwesig is, maar nie in sy sigbare gestalte nie, en dat die sigbare openbaring in die toekoms by die voleinding onverwags sal kom. So onverwags sal dit wees soos die koms van die sondvloed in die dae van Noag of die vuur en swawel oor Sodom in die dae van Lot. In 'n oogwenk sal huis- en arbeidsgemeenskap verbreek word (vs. 34-36) deurdat die een skielik aangeneem en die ander verlaat sal word.

Die dissipels vra *waar* dit sal plaasvind? **Daarop antwoord** Jesus met 'n spreekwoord waardeur hulle vermaan word om te let op die tekens: "Waar die liggaam lê, daar sal die aasvoëls vergader" (vs. 37). Maar vir Jesus is die "waar" van minder belang as die "wanneer". Daarom spreek Hy 'n gelykenis uit wat betrekking het op die "wanneer" van sy koms, en wat moet dien om die dissipels die regte lewenshouding aan te wys wat hulle met die oog op die wederkoms behoort in te neem.

In verband met die vraag van "wanneer?" het Hy in 17:22 verklaar: "Daar sal dae kom wanneer julle sal begeer om een van die dae van die Seun van die mens te sien, en julle sal dit nie sien nie." Dae van benoudheid en verdrukking sal oor die volgelinge van Jesus kom, sodat hulle met versugting sal uitsien na die dag van die voleinding, maar daardie dae sal nie aanbreek nie. Hierdie vertraging van die wederkoms van die Seun van die mens sal die gelowiges aan die uiterste beproewing onderwerp met die gevolg dat hulle byna hul geloof sal verloor. Dit sal vir hulle wees asof Hy nooit sal verskyn nie, en asof Hy doof geword het vir die gebede van die gelowiges. Ongeloof en twyfel sal soos 'n sterk man op hulle afkom en die vraag laat ontstaan: "As die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?" (vs. 8).

Die antwoord hierop hang daarvan af of die volgelinge van Jesus in die gebed sal kan volhard — totdat Hy kom. En nou, om hulle daarin te sterk, vertel Hy 'n gelykenis waardeur as hemelse waarheid verkondig word dat God op sy tyd sekerlik die volhardende gebed sal verhoor. 'n Weduwee wat sonder verslapping of mismoenigheid volhou met haar versugting, word eindelijk deur 'n strenge, harde regter gunstig aangehoor. Sal God, wat teenoor sy uitverkorenes "ook lankmoedig in hulle geval is", dan nie nog veel eerder die volhardende gebed beantwoord nie?

Die verhaal is eenvoudig en geneem uit die lewe. 'n Weduwee is veronreg en klop by 'n regter aan om toe te sien dat aan haar reg sal geskied. Hy gee aanvanklik geen gehoor nie, maar as sy aanhou, voldoen hy aan haar versoek selfs al gaan dit teen sy



aard in om aan 'n ander toe te gee. So sal God ook sy kinders wat in die gebed volhard, sekerlik verhoor. Dieselfde versekering is trouens reeds gegee in die gelykenis van die vriend wat in die nag by 'n buurman aanklop vir 'n paar brode (Lk. 11:5-13), d.i. die eerste gelykenis oor die gebed by Lukas. Die onuitgesproke newegedagte in ons gelykenis is dan ook: Volhard, en julle sal op verhooring van jul gebede kan reken.

Met die weduwee gaan dit soos gewoonlik gebeur. Sy verkeer in kommer en nood. Of sy arm was, word nie vermeld nie, maar sy was blykbaar sonder vriend en word uitgebuit deur 'n gewetenlose teenstander, moontlik selfs deur 'n skrifgeleerde (Mt. 23:14). Hulle immers het as raadgevers van die weduwees opgetree, maar van hulle verklaar Jesus: "Hulle eet die huise van die weduwees op en doen vir die skyn lang gebede" (20:47). Dit alles geskied in weerwil van die herhaalde bepalings van die wet dat die weduwee geensins verdruk of veronreg mag word nie (vgl. Exod. 22:22: "Jy mag geen weduwee of wees verdruk nie").

Vir haar beskerming is hierdie weduwee aangewys op 'n bepaalde regter. Hy is 'n ongewone man. Hy het "God nie gevrees en geen mens ontsien nie" (vs. 2). So 'n lewenshouding is van 'n regter in Israel bevreemdend, te meer omdat juis die wet van God die grondslag van alle regspraak in daardie volk is, en die eerbied vir die mens daarin 'n belangrike rol speel. Hierdie regter hou met God nie rekening nie, en vrees ook geensins die oordele van die Allerhoogste oor sy wandade nie. Ewemin raak dit hom wat die mense van sy handeling mag dink of sê. Sonder eerbied voor God en sonder eergevoel voor die mense, kan sy regspleging niks anders wees nie as onregpleging.

Aangesien die regter sy gesag en die beginsels van sy regspraak van God ontleen, moet hy in die beoefening van die dagtaak juis sy oog op God gerig hou. Van Hom staan daar geskrywe dat Hy is "die grote, magtige, en gedugte God wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie; wat reg verskaf aan die wees en die weduwee, en die vreemdeling liefhet, sodat Hy hom brood en klere gee" (Deut. 10:17-18). En verder: "'n Vader van die wese en 'n regter van die weduwees is God in sy heilige woning"(Ps. 68:6). Daarom sou die regskepe regter sy eer daarin stel dat hy goed doen, die reg soek, die verdrukke reghelp, aan die wees reg doen en die saak van die weduwee verdedig (vgl. Jes. 1:17). Om "die regter van die weduwee" genoem te word, sou vir hom 'n ere naam wees. Maar hierdie regter is anders. Hy stel veeleer sy eer daarin dat hy God nie vrees nie en geen mens ontsien nie. Daardeur het hy geword soos die moordenaar aan die kruis aan wie sy metgesel sê: "Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is?" (Lk. 23:40).

Voor so 'n regter verskyn die weduwee, nie om van hom 'n guns te vra nie, maar slegs dat hy die middele van die owerheids gesag in werking moes stel om haar te beskerm. Nietemin is die regter vir haar versoek doof. Hy gee aan haar hoegenaamd geen antwoord nie. Hy veronagsaam haar volkome.

Anders as by die onbeskaamde vriend (11:7), is hier 'n volstrekte onwil wat met volkome geringagting en onverskilligheid gepaard gaan, en voor die weduwee as 't ware 'n ondeurdringbare muur opwerp.

Tog het sy in haar smeking nie verflou nie. Telkens weer het sy voor hom verskyn en iedere keer met dieselfde erns haar versoek gestel. Daardeur het sy bewys dat die saak wat sy kom voordra het, nie maar net van verbygaande belang was nie. Dit was iets waarby haar hele lewensbestaan gemoed was.

Haar volharding verplig eindelijk die regter tot heroorweging van sy optrede teenoor haar. Sy beredenering van die geval gee ons 'n blik in sy hart. Met onbeskaamde hooghartigheid verklaar hy dat hy God nie vrees nie, en geen mens ontsien nie. Oorwegings van gods vrug of van mensliewendheid dra by hom geen gewig nie. Sy persoonlike eer en goeie naam, soos *hy* dit begryp, is egter vir hom wel van belang, en daarby sy welsyn en veiligheid. Die beslistheid van dk vrou wek by hom die vrees dat sy stellig nie sal verslap in die herhaling van haar bede nie, en daarby dat sy moontlik in haar desperaatheid hom te lyf sal gaan. Nie dat die vrou werklik so iets sou doen nie —

hy stel dit hom egter voor as 'n moontlikheid. Miskien spreek sy humorsin hier 'n bietjie mee — altans indien 'n mens daardie edele gawe by so 'n liefdelose mens mag veronderstel. Die feit is egter dat hierdie vrou hom geen rus sou gun nie totdat hy aan haar versoek voldoen het. Daarom sal hy toegee. Dit is ook sy enigste motief.

In homself het daar geen innerlike verandering ten goede plaasgevind nie. Hy bly nog die hartelose, ontoegeeflike, slegte mens, maar deur haar aanhoudende bede het die vrou nietemin haar wens van hom verkry.

En nou kom die toepassing: "Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?" (vs. 7). Die laaste sinsnede sou ook kon lees: "en laat Hy hulle wag?"

God handel anders as hierdie regter. Stellig is dit nie die bedoeling om 'n ooreenkoms te probeer vaslê tussen die ontaarde en verharde regter met sy onregverdige weieragtigheid, en God in die hemel nie. Die Here is immers die volmaak regverdige en daarby die genadige Regter. Veeleer lê die vergelyking in die gedagte dat net soos 'n onmenslike regter aan die volhardende weduwee toegee, so sal God diegene verhoor wat aanhou met hul gebede. Of liever, nog veel eerder sal God dit doen. Hy immers is die ontfermende Vader, en die gelowiges is sy uitverkorenes wat Hy in ewigheid nie sal loslaat nie. Kragtens die uitverkiesing en bevoorregting, die liefde en sorg, kan God hulle nie onverhoord laat nie. Daarom kan die gelowiges daarvan verseker wees dat al sou God hul geloof op die proef stel deur nie onmiddellik gehoor te gee nie, Hy tog op sy tyd hul bedes in vervulling sal laat gaan.

Volgens die teksverband dien hierdie versekering om die gelowiges te sterk in hul hoopvolle uitsien na die wederkoms van Christus. Voor daardie tyd sal dae van groot benoudheid en bittere smarte oor hulle kom, en dan sal slegs een vooruitsig die lewe draaglik maak: die belofte van die wederkoms van Christus. So ontsettend sal die lyding van die laaste dae wees dat die gebeds-versugtinge vir persoonlike node en lewensvergemakliking nie meer op die voorgrond sal tree nie. Alle smeking sal enkel wees dat die dag van die wederkoms verhaas mag word. Want daardie dag waarop die hemelse Regter sy oordele oor die sondige skepping uitgiet, sal vir die uitverkorenes die dag van verlossing en hoogste saligheid wees.

Dit sal egter lank duur voordat die dag van die Here aanbreek. Die uithouvermoë' sal tot die uiterste toe beproef word. Die indruk sal posvat dat God nie die smeekstemme hoor nie, en selfs met geen enkele woord antwoord nie. Daardeur sal die geloof in God en die Godsvertroue tot die uiterste toe op die proef gestel word. Maar wanneer dit gebeur, moet die gebede juis des te ernstiger en dringender word. Immers die gebed wat nagelaat word, was geen saak van die hart nie en ook nie in ware geloof gegrond nie. Daarteen waarsku Jesus hier, en herhaaldelik in sy prediking. Ondanks die skyn dat God nie hoor nie, bly die belofte staan: Hy sal sekerlik hoor.

Maar op die koms van daardie dag sal voortdurend gewag moet word. Die wag op uitredding skep egter vanself 'n sekere nood, en om dit te kan dra, lê daar in die gebedsbeoefening as sodanig reeds sekere versterkende, toerustende kragte omdat dit 'n omgang met God, die Bron van alle krag beteken. Merkwaardig is die verklaring van Dawid: "Die dag toe ek geroep het, het U my verhoor, my moedig gemaak met krag in my siel" (Ps. 138:3). Al sou die bede nie onmiddellik geskenk word nie, gaan daar tog deur die gebed 'n versterking van die siel uit sodat die gelowige toegerus mag word vir die nood van afwagting. Daardeur word die hart ook in 'n staat van gereedheid gehou vir daardie dag wat so onverwags — ten spyte van die verwagting — sal intree.

As die gebed om die koms van die Godsryk sou ophou, sal die lewe van die gelowiges sonder krag wees, en die gereedheid vir die wederkoms van Christus verdwyn. Dan word die koninkryk van die hemele vir hulle — wanneer dit onverwags kom — tot 'n oordeel in plaas van tot heil. Diegene wat aan die vertwyfeling en moedeloosheid toegee en die gebed staak, lewer daardeur die bewys dat die verwagting van die koms van Christus vir hulle nooit werklik 'n lewenssaak was nie. En hulle sal gevolglik ontwaak om hulle onder

diegene te bevind wat agtergelaat is (17:34-36).

Daarom stel Jesus die vraag: "As die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?" (v. 8). Weens die vertraging van die wederkoms, sal baie nie meer daarin glo nie. Sodra hulle die geloof in die wederkoms laat vaar, gee hulle mitsdien die geloof in God, en in sy Evangelie en in Jesus Christus prys. Waar dit geskied, tref die ewige oordeel van die regverdige Regter. Daarom vermaan Jesus "dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie" (vs. 1).

Die verwantskap tussen hierdie gelykenis en die van die onbeskaamde vriend (11:5-13), gee daaraan ook 'n meer algemene betekenis. Nie slegs ten opsigte van die wederkoms moet in die gebed volhard word nie, maar ook i.v.m. alle sake wat uit die nood van die hart voor die aangesig van die Here gebring moet word. Hy is altyd die "regverdige Regter" (2 Tim. 4:8), en nog daagliks die Vader van die wees en die Regter van die weduwee (Ps. 68:6). Daarby het ons 'n Voorspraak by God wat verklaar het: "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit kry." (Joh. 15:7). Bedes wat nie dadelik vervul word nie, mag dus nie as verworpe geld nie. Op Gods tyd kom die verhoring. Hoofsaak is dat daar volharding sal wees in die gebed, en 'n onwankelbare geloof in Hom, Jesus Christus, wat ons geleer het: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word." (11:9). Maar steeds dwing die vraag ons tot verootmoediging en ondersoek van ons eie hart: "As die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?" (vs. 8).

## Hoofstuk 14: DIE FARISEËR EN DIE TOLLENAAR

(Lk. 18:9-14)

- 9 En Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel.
- 10 Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar.
- 11 En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie.
- 12 Ek was twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.
- 13 En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!
- 14 Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.
- [Lk. 18:9-14]

In die voorafgaande gelykenis is die noodsaaklikheid van die volharding in die gebed toegelig. Nou volg 'n kort gelykenis wat ook met die gebed te doen het en ons belangrike insigte gee in die ware karakter van die gebed. Tog geskied dit net terloops. Die hoofsaak is hier om tot die besef te lei dat God volkome anders oor persone oordeel as wat mense dit sou doen. Ook in die beoordeling en waardering van mense is die woord van toepassing: "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie" spreek die Here (Jes. 55:8).

Die gelykenis word uitgespreek "met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is, en die ander verag" (vs. 9). Wie dat hierdie persone is, word nie nader aangedui nie. Dit lê voor die hand om te dink aan die Fariseërs en hulle volgelinge. Die hoofsaak is egter dat sekere foutiewe opvattinge gelei het tot ernstige misstande op godsdienstige gebied. 'n Sekere "klas" in die samelewing is gekweek wat "op hulleself vertrou (het) dat hulle regverdig is". Hulle eie prestasies het hulle tot die opvatting gelei dat hulle onberispelik is. Daarmee het twee ontsettende sondes ingetree: hul godsdienstige hoogmoed en hul geringskating van die medemens. Hoogmoed en liefdeloosheid gaan saam. Trouens, hulle is so naby mekaar dat hulle een is. En waar die twee die lewe oorheers, is daar geen geregtigheid nie. Dit toon Jesus aan met hierdie gelykenis.

Twee mense gaan dieselfde ding doen. Hulle gaan op dieselfde uur van die dag na dieselfde plek. Beide tree die tempel-voorhof binne en beide doen 'n gebed. Daarna gaan albei weer huiswaarts. En tog, wat hulle gedoen het, was nie dieselfde nie. Inteendeel, dit is so verskillend soos waarheid en leuen. Die mens kan hom egter terdeë vergis in sy beoordeling. 'n Fariseër en 'n tollenaar staan gelyktydig in die tempel om te bid. In die destydse Joodse samelewing is 'n groter teenstelling nie denkbaar nie.

Vandag staan die Fariseër by ons in 'n slegte reuk. Maar in die tyd van Jesus se omwandeling was dit anders. Toe het die Fariseërs hoë aansien geniet en daadwerklik ook aansien verdien. Hulle was by uitnemendheid die vrome Jode wat probeer leef het volgens die Wet van God, altans soos hulle die Wet verstaan het. Hulle was getrou in die nakoming van elke godsdienstige plig. As daar geld vir 'n goeie saak gevind moes word, kon by die Fariseërs aangeklop word. Hulle het geweet om van alles 'n tiende af te staan. Ook was hulle onvermoeide sendelinge wat land en see deurreis het om 'n bekeerling tot die Jodedom te werf (Mt. 23:15). Die goeie Fariseër was in hierdie opsig 'n "sielewinner" wat ook rekenskap kon gee van die aantal bekeerlinge wat hy ingebring het.

As gelet word op die drie grondsuile van die Joodse godsdienst, die liefdadigheid, die gebed en die vaste (vgl. Mt. 6:1-18), staan die Fariseër kop en skouers bo sy

volksgenote. Hy het selfs 'n skoling in die gebed ondergaan, en bid nie maar af en toe nie, ook nie net een keer per dag nie, maar sewe-maal elke dag. Ook beoefen hy die vaste, nie net op die Groot Versoendag (Lev. 16:29), of op die jaarlikse vasdae nie (Sag. 7:3, 5; 8:19), maar tweemaal per week. En wat die liefdadigheid betref, gaan die Fariseër tot die uiterste in sy nougesetheid. Hy gee die tiende selfs van die kruie in sy groentetuin (Mt. 23:23).

Daarteenoor staan die tollenaar by almal bekend as 'n verstoteling uit die samelewing. Hy staan in diens van die verdrukker van sy volk. Die heidense Romein is sy vriend. Geld is die enigste saak waaraan hy dink. Hy is 'n geharde materialis wat weinig waarde heg aan geestelike dinge. Hy is 'n gehate kapitalis wat net vir homself lewe, en geen middele van oneerlikheid of bedrog of afpersing ontsien om sy doel te bereik nie. Hy is 'n sondaar en hoort in die geselskap van die sondaars. In die tempel kom hy sowat nooit. En of hy ooit 'n gebed doen? Niemand sien hom ooit op straat bid soos die Fariseër nie.

As die mens nou die twee moet beoordeel wat gelyktydig in die tempel staan en bid, sal die Fariseër, die fatsoenlike, die godsdienstige, in die gebed geoefende man die louere kry. Daaromtrent bestaan geen twyfel nie.

Maar Jesus keer sake volstrek anders om. Hy let nie op die uiterlike van die persoon of sy self-opgeboude reputasie nie, maar op die innerlike gesteldheid van die hart. Die ware godsdienst is immers in die eerste plek 'n saak van die hart. Daarom let Jesus ook op die aard en inhoud van die gebed omdat dit 'n spieël is van die hart.

Die Fariseër is ten volle selfversekerd. Hy is ook tuis in die tempel. Daar neem hy sy plek in en spreek sy gebed uit: "O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie — rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry" (vs. 11-12). Ja, hy weet dat die goeie gebed aan 'n bepaalde vorm moet beantwoord. Dit moet met danksegging begin. Maar hierdie danksegging is onvervalste selfverheffing, en hierdie gebed 'n onbeskaamde selfaanprysing.

Hierdie Fariseër beskou hom beter, nie net as "ander mense" nie, maar as "die ander mense". Sy gelyke is daar nie. So 'n roem in eie geregtigheid was geen uitsondering nie. Ook Paulus verklaar van sy Fariseër-tyd dat hy "onberispelik" was (Fil. 3:6). Voortgaande noem die Fariseër die ergerlike en openlike sondes van sy tyd — trouens, van alle tye — en handel hierin volgens die gebruik van sy geesgenote: hy verklaar dat hy van geen oortreding weet nie. Hy is ook beter as die veragtelike tollenaar wat daar op 'n afstand staan.

En dit sê hy in sy gebed juis op die moment wanneer die tollenaar regverdiging voor God ontvang!

Maar die Fariseër gaan voort. Hy rek sy gebed uit. Oor homself is daar immers baie te sê. Nadat hy God gedank het vir wat hy nie is nie, gaan hy voort om die Here mee te deel wat hy wel is. Hy is getrou in die waarneming van alle godsdienstige verpligtinge. Trouens, hy doen veel meer as wat voorgeskryf word.

Só verloop sy gebed. 'n Gelukwensing van homself as godsdienstige mens. En hy verkeer werklik waar onder die indruk dat God dit alles goed vind. Maar God oordeel anders.

Dáár staan ook die tollenaar. Hy het vandag na die tempel gekom om dieselfde te doen as die Fariseër — om te bid. Maar hy doen dit anders.

Op 'n eerbiedige afstand staan hy, bewus van eie onwaardigheid en van die heiligheid van die tempel en van God wat hier woon. Dit is vreemd dat 'n tollenaar hierheen kom, hier waar hy openlik 'n voorwerp van veragting is. Alleen 'n groot nood in die hart moes hom hierheen gedryf het. Eerbiedig staan hy. Ander hef die hande op tot God in die gebed, maar hy waag dit nie om selfs sy oë op te slaan nie. Hy ken nou sy eie hart en sou sy sondes kon noem. Hy weet ook dat as hy al die onreg wat hy gepleeg het, weer

moet gaan vergoed, hy daartoe nooit die geld of die geleentheid sal kry nie. Hy kan self niks regmaak nie. Hy is 'n sondaar. Slegs een uitweg is daar. Dit is om tot God toe te keer en te smee om genade: "O God, wees my sondaar genadig!"

Daarmee het hy hom onvoorwaardelik op God gewerp. Alleen op sy genade het hy vertrou. Hy het in die diepte van sy verloreheid in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

Die woord wat hier vertaal word met "wees my genadig", verdien die aandag. Dit staan in verband met die woord vir "versoening". Die tollenaar bid dus eintlik om versoening, om genadige uitwissing van sonde. En dit wel sonder dat hy enigiets doen as 'n prestasie of verdienste van sy kant. Ja, waarop sal hy, die tollenaar, hom voor God kan beroem? Maar hy reken vas daarop dat die Here in genade sal handel en hom van sy las van ongeregthede sal bevry.

Dit is juis wat gebeur. "Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een" (vs. 14). Maar nou "geregverdig", m.a.w. hy is regverdig gemaak, en het daardeur iets geword wat hy voorheen nie was nie. Hierdie werk is deur God aan hom gedoen. Die Fariseër is nog steeds een van die "wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is" (vs. 9). In werklikheid leef hy in hemelgerende ongeregtheid. Maar die tollenaar gaan voort soos een op wie God self sy hand gelê het. Hierdie mens is nou geregverdig. Só handel God.

Met hierdie gelykenis het Jesus 'n mededeling gedoen wat in die Joodse oor verbysterend geklink het. Dit was ook 'n profetiese woord met die oog op sy eie offerbloed vir die sondaar. Vir die Jood was dit ongehoord dat iemand geregverdig kon word sonder dat hy van sy kant iets doen om vir die kwaad te vergoed, of ten minste 'n offer te bring. En nou word 'n tollenaar geregverdig verklaar alleenlik op grond van sy noodroep om genade. Juis dit wil Jesus aan die hoogmoediges en liefdeloses bekend maak.

Voor die aangesig van God word die berouvolle skaamtegevoel oor onself verander tot die môregloor van 'n nuwe dag en 'n nuwe lewe. Maar hier moet ons, die hoogmoediges en liefdeloses, ook leer dat wie soos 'n prins na die Here kom, soos 'n bedelaar weggaan, maar wie soos 'n bedelaar voor Hom staan, soos 'n prins daar weggaan. "Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word" (vs. 14).

## Hoofstuk 15: DIE ONBARMHARTIGE SKULDEISER

(Mt. 18:23-35)

- 23 Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken.
- 24 En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tien duisend talente skuldig was.
- 25 En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.
- 26 Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal.
- 27 En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld.
- 28 Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld.
- 29 Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smee hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal.
- 30 En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het.
- 31 En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het.
- 32 Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het;
- 33 moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?
- 34 En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was.
- 35 So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.
- [Mt. 18:23-35]

Die Skrifgedeelte Mt. 16:13-20, 28 handel oor verskillende sake rakende die ordening van die gemeente van Jesus Christus.

Een van die gewigtigste vraagstukke wat hieronder behandel word, is die plig van vergewingsgesindheid. Nadat die Here die riglyne aangedui het vir die optrede by die tugoefening (18:15-18), kom die vraagstuk van vergewing ter sprake en word die plig buitengewoon sterk beklemtoon.

By die gesprek oor die tugoefening kom dit reeds voor dat wanneer iemand sy oortreding bely hy vergewe en weer in die gemeente opgeneem moet word. Na aanleiding daarvan stel Petrus die vraag: "Here, hoe dikwels sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe — tot sewe-maal toe?" (vs. 21). Daarop kom die ongehoorde antwoord van Jesus: "Ek sê vir jou, nie tot sewe-maal toe nie, maar tot sewentigmaal sewe toe." (vs. 22).

Van vergelding het die mense van daardie tyd geweet. En dit was 'n onbarmhartige wet van vergelding wat hulle beoefen het: "Oog vir oog, en tand vir tand" (Mt. 5:38). Mettertyd het die godsdienstige leiers ook die hele diens van God opgebou op die beginsel dat vir die kwaad wat teen die Here gedoen is, vergoeding in die vorm van goeie werke gelewer moes word. Die lied van Lameg het die onderlinge verhoudings beïnvloed en selfs deurgewerk op die gebied van die godsdiens: "Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond, en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewe-maal gewreek word, maar Lameg sewe en sewentigmaal" (Gen. 4:23-24). Daarom maak elkeen hom sterk in sy eis van volle voldoening vir elke onreg en volle betaling vir elke skuld. By wyse van toegewing sou daar vir 'n sekere aantal keer vergewe mag word. Eintlik het dit niks anders beteken nie as die uitstel van die eis van volle vergoeding.

Nou keer Jesus hierdie lewensreël volkome om. Nie meer die vergelding is die

belangrike faktor in die bepaling van die verhoudinge van mens tot mens nie, maar die vergewing. En ook gaan dit nie om die stel van sekere perke aan die mate van vergewensgesindheid nie. Aan die kasuïstiek van die Jode, d.w.s. die noukeurige berekening van hul gedrag volgens vaste formules, of aan 'n ander kasuïstiek van welke oorsprong ook al, ken die Nuwe Testament geen plek toe nie. In die koninkryk van God gaan dit nie om 'n deur reëls gereguleerde lewenswyse nie, maar om 'n vryheid wat in staat stel om die gesindheid van Jesus Christus in alle omstandighede te openbaar. Daarom is dit ook nie 'n vraag of 'n mens presies sewe-maal moet vergewe nie. As die broer om vergifnis vra, mag dit hom nie ontsê word nie, al sou dit sewentigmaal sewe-maal gebeur. Ook met hierdie getal word nie 'n perk aan die vergewing gestel nie. Eerder wil dit juis beklemtoon dat die vergewing sonder maat moet geskied. Dit gaan geensins om die maat of getal nie; dit gaan steeds om die gesindheid en die motief.

Om hierdie grondbeginsel van die koninkryk van die hemele aan sy hoorders tuis te bring, vertel Jesus 'n gelykenis waarin Hy na vore bring dat elkeen wat onbeperkte kwytskelding ontvang het, verplig is om onbeperk kwyts te skeld. Die geheel dien as toeligtig van die woorde in Mt. 6:14-15: "As julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie."

Net soos elders (22:2) word ook nou die koninkryk van die hemele met 'n koning vergelyk. Dit geskied om die volstreekte mag van God uit te beeld, en die plig van onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan Hom te beklemtoon. Hy wat hierdie volstreekte gesag voer, en sonder enige teenspraak hoegenaamd sy wil kan deurvoer, roep sy diensknegte op om met hulle af te reken. "En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tienduisend talente skuldig was," en hy kon nie betaal nie.

Verskillende besonderhede in die gelykenis lewer moeilikhede indien ons vir hulle 'n redelike verklaring sou probeer vind. Hulle is egter van newegaande belang en dien slegs om die een hoofgedagte op die voorgrond te stel, Dit sou byvoorbeeld gevra kon word hoe dit kon gebeur dat 'n dienskneg so 'n ontsaglike skuld kon ooploop. Tienduisend talente sou immers op sy minste vyf miljoen rand wees. Maar die "hoe" van die skuld is nie ter sake nie, slegs die feit dat hier 'n man is met 'n skuld wat hy nimmer sal kan afbetaal nie. Daar is vir hom slegs een ding te wagte. Dat die oordeel hom sou tref, is vanselfsprekend — in sy geval die enigste wat vanselfsprekend is. Hy en alles wat syne is, moet verkoop word, en daar moet betaal word (vgl. Exod. 22:2; 2 Kon. 4:1; Jes. 50:1). Onontwykbaar is die verpletterende eis: daar moet betaal word!

Ons sou hier ook kon vra: waarom moet hy dan aan 'n ander verkoop word? Kon die koning hom en sy huisgenote nie eenvoudig self as slawe gehou het nie? Moontlik omdat die gedagte deurskemer dat hy weens sy skuld eintlik die eiendom van 'n ander heer (die Satan) geword het. En waarom op hierdie wyse 'n betreklik klein bedraggie geld insamel wat tog prakties aan so 'n groot skuld nie sal verminder nie? Hierdie vraag is nie ter sake nie. Hoofsaak is dat die man 'n byna onberekenbaar grote skuld opgedoen het, en — daar moet betaal word. En in sy omstandighede is die enigste beslissing wat verwag kan word volstreekte uitwerping, vernietiging, ondergang vir altyd.

Met so 'n vooruitsig kan daar slegs doodsangs en verwilderde radeloosheid wees wat dwing tot 'n smeekbede om genade. Hoe groot die harte-angs is, blyk uit die hopelose belofte: "Heer, wees lankmoedig met my en ek sal u alles betaal." Hoe sou dit in 'n oomblik van bedaarde oorweging ooit by hom kon opkom om so iets onmoontliks te belowe? Maar in die uiterste van sy nood spreek die verstand nie meer nie. Nou word hierdie belofte nie meer in sy werklike betekenis bedoel nie. Dit het 'n angskreet om begenadiging geword. En deur so om genade te smee, doen die skuldige die enigste verstandige daad in sy hopelose omstandighede.

En dan gebeur iets wat allermens vanselfsprekend is, en daarom ook allermens verwag. "Die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytskeld" (vs. 27).



Die uitdrukking "innig jammer gevoel" kom in die Ou Testament en ook in die Nuwe Testament dikwels voor as uitdrukking van die erbarming wat God gevoel vir die mens in sy ellende en nood. Van Jesus lees ons telkens dat Hy by die aanskou van die mense in hul lyding innig jammer gevoel het, of met innerlike ontferming bewoë geword het (Mt. 9:36; 14:14; 15:32 e.a.). Daarom bring hierdie uitdrukking juis hier waar dit om die vergifnis gaan, en die koning volkome anders handel as die mense van daardie tyd, 'n verwysing na Een wat meer is as 'n aardse koning, Jesus Christus self. Dus, ook hierdie gelykenis het sy momente waar dit meer word as 'n gelykenis deurdat dit die werklikheid van die handeling van die Here met die mens teken.

Dieselfde blyk uit die beslissing van die koning. Wat hy aan die dienskneg toesê, is eintlik volkome onredelik, d.w.s. strydig met wat volgens menslike begrippe en regsopvattinge verwag kon word. Voorts, sluit die beslissing veel meer in as wat ooit gevra is. Die eerste wat toegesê word, is "loslating". Daaronder moet meer verstaan word as net die afhaal van sy boeie; hy verkry sy vryheid. En verder word aan die ongelukkige man volkome kwytskelding van al sy skuld toegesê. Albei hierdie dinge is nie gevra nie. Hoe sou die skuldenaar in hierdie geval dit ook kon waag om soveel te vra? Maar nou, juis in die uur van sy allergrootste nood, verneem hy die onverdiende, ja, volstrek onverwagte beslissing: as 'n vrye man, en as 'n bevryde van alle gemoedslas kan hierdie allergrootste onder die skuldenaars hom voor die koning oprig en 'n nuwe lewe binnegaan.

Waarom sou die koning op hierdie wyse gehandel het? Beslis nie omdat hy verwag het dat die dienskneg tog nou geleidelik die skuld sou kon begin afwerk nie. In daardie geval sou die kwytskelding slegs 'n uitstel van die invordering beteken het, en dit sou hierdie edele koning onwaardig gewees het. Slegs twee dinge het die beslissing meegebring: die feit dat die skuldenaar hom onder die las van sy skuld diep neergebuig het en om begenadiging gesmeek het; en die innige ontferming van die koning. Geen gedagte aan vergelding of voordeel te behaal, was by hom aanwesig nie; slegs barmhartigheid en genade. Daaruit het hierdie dienskneg opnuut sy vryheid en sy lewe ontvang.

Oor die blydschap wat ons by so 'n uitermate begenadigde sou verwag, vertel die gelykenis ons niks nie. Moontlik was dit omdat hy hierdie mees onvanselfsprekende toesegging toegeëien het asof dit die mees vanselfsprekende was, en daarom hom geen besondere vreugde veroorsaak en daarby onder geen besondere verpligting gestel het nie. Dit blyk uit sy onmiddellike optrede na sy vrylating.

Buite ontmoet hy 'n mededienskneg wat hom 'n honderd pennings skuld, dit wil sê ongeveer agt rand. Daardie bedraggie kan werklik as niks gereken word nie in vergelyking met die vyf miljoen rand wat aan homself kwytsgekeld is. Maar ten spyte daarvan handel hy op 'n volkome onverwagte wyse... "onverwag" omdat dit vir 'n man wat so-ewe so 'n merkwaardige ondervinding gehad het volstrek onmoontlik moes gewees het. Maar hy doen die daad van onmenslikheid. Hy, die een wat die vergifnis tot "sewentigmaal sewe-maal" ondervind het, gaan voort om die lewensreël van sy ou lewe op sy naaste toe te pas en van hom "'n oog vir 'n oog, en 'n tand vir 'n tand" af te eis. Hy gryp sy mededienskneg aan die keel en sê: "Betaal my wat jy skuld!" Van toegeeflikheid is daar geen sprake nie, van vergewensgesindheid nog minder.

Die skuldenaar handel presies soos hy self kort van te vore gedoen het. Hy val voor hom neer en smeek: "Wees lankmoedig met my en ek sal jou alles betaal." Hierdie keer is die belofte nie net 'n blote wanhoopskreet, 'n betekenislose woord in die nood nie. Dit het goed binne die bereik van die skuldenaar gelê om die skuld te kan betaal indien hy uitstel kon kry. Hy het dus werklik bedoel wat hy beloop het. Daarby moes die smeekbede tog enige gevoelvolle hart getref het, te meer die hart van iemand wat deur hierdie woorde herinner moes geword het aan sy eie smeking en die onuitspreeklike genade wat hy deelagtig geword het. Maar hier is dit nie die geval nie. Hardvogtig en hardkoppig handel die skuldeiser. Die ore is doof vir die smeking om genade; die hart is ongevoelig vir die nood van 'n ander. Die skuldenaar word in die gevangenis gewerp.

So afskuwelik is hierdie gedrag dat die ander diensknegte dit aan die koning bekend maak. Daartoe het hulle ook 'n plig gehad, omdat hier iets aan die werk was wat 'n kloof geslaan het in die gemeenskap van die "medediensknegte". Dit was dus van belang vir die voortbestaan van daardie gemeenskap dat die verbrekende faktor, die onvergewensgesindheid en onversoenlikheid, weggeruim sou word.

Die onbarmhartige dienskneg word onverwyld tot verantwoording geroep. In 'n vraag wat aan hom gestel word, word sy oortreding aangekondig asook die plig van elkeen wat deur Jesus Christus begenadig is: "Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?" (vs. 32 v.).

Dieselfde koning wat vroeër soos 'n vader teenoor hierdie onderdaan gehandel het, tree nou as strenge regter op. Die skuldige word aan die pynigers oorhandig en bowendien onder die verpligting gestel om iets te doen wat nog net so onmoontlik is as voorheen naamlik om sy volle skuld te betaal. Immers wie hom so onbarmhartig teenoor sy mededienskneg betuig het, mag tog nie as 'n begenadigde van sy heer leef nie. Daarop het hy alle aanspraak verbeur. Ontvange barmhartigheid verplig tog tot barmhartigheid. Wie hierdie verpligting nie as 'n wet van die Koning (Jesus) begryp en onvoorwaardelik en onophoudelik gehoorsaam nie, stel hom daarmee onder die oordeel van die hemelse Regter. Om hierdie goddelike waarheid onuitwisbaar op die gemoed in te prent, verklaar Jesus: "So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broer van harte sy oortredinge vergewe nie." En die "van harte" moet sterk onderstreep word.

Die merkwaardige is dat die oordeel volg op 'n sonde wat teen 'n medemens begaan is, en nie op die veel groter sonde wat teen God bedryf is nie. Daardeer word 'n besondere verband tussen die twee gelê. Die skuldenaar is onderhewig aan 'n onberekenbare skuld teenoor God, en doen deur sy gedrag ook 'n skuld op teenoor die medemens. Die kwaad wat hy aan sy naaste doen, is uiters gering in vergelyking met sy ontsettende kwaad teenoor God. En tog word die skuld teenoor die Here nie toegereken nie. Maar wanneer hy as mens teenoor 'n medemens 'n onreg pleeg, kom hy voor God in die gerig. (Dat sy landswette sy optrede toegelaat en selfs voorgeskryf het, doen niks daaraan af nie dat dit tog voor God 'n onreg was). En daar ontvang hy nie straf vir die betreklik klein kwaad wat hy teen sy naaste begaan het nie, maar word hom die skuld teenoor God toegereken.

Daaruit volg dat daar 'n noue samehang bestaan tussen die verhouding tot God en die verhouding tot die naaste. En daarby blyk dat die optrede teenoor die naaste eintlik 'n openbaring is van die verhouding tot God. Immers, die enigste terrein waarop die mens sy vrese van die Here tot praktiese uitvoering kan bring, is die waarop hy met sy medemens daaglikse verkeer. En al sou die sonde van mens teenoor mens gering voorkom, in vergelyking met die sonde teen God, is dit juis hierdie geringe oortredings wat die gesteldheid van die hart en die egtheid van die lewensvernuwing openbaar. Juis aan die daaglikse gedrag word dit bekend of iemand onvoorwaardelik die wil van die hemelse Koning gehoorsaam is.

Die ontferming van God stel die mens onder die verpligting om teenoor sy medemens met ontferming op te tree. God skenk uit genade aan hom sy vryheid en lewe, nie om nou te kan voortgaan en die lewe van sy medemens te verdelg nie, maar juis om daartoe mee te werk dat ook hy die vryheid en die lewe mag vind. Treffend is die woord van Martin Luther: "Wie self Christus gevind het, moet vir sy medemens 'n Christus word." Of ons dink ook aan die woord van God aan Abraham: "Ek sal jou seën ... dat jy 'n seën kan wees" (Gen. 12:2).

'n Ander gedagte word in die gelykenis eweneens verkondig naamlik dat die werklike besit van die genade afhang van die beoefening daarvan. Of anders gestel, wie die plig van onbepaalde vergewing nie van harte beoefen nie, het die gawe van vergifnis nog nooit werklik deelagtig geword nie. Hy het dit wel aanvaar, maar dit gedoen as iets vanselfsprekends. Nooit het hy begryp dat ons hier te doen het met 'n daad van Gods

ontferming wat allermins as 'n vaste veronderstelling aanvaar mag word nie. Dit is en bly 'n wonder van genade, en word daarom geskenk slegs waar die sondaar in doodsangs weens sy skuld om genade smeek en die enigste vanselfsprekendheid verwag nl. die ewige veroordeling. Wie daar kwytskelding ontvang, staan onder 'n nuwe wet. En die vryheid wat hy verkry het, bly sy besit slegs deurdat hy dag na dag in die verhoudinge tot die medemens met dapperheid en liefde die wet van die vergewing gehoorsaam. Die mate waarin dit moet geskied, word nie in getalle vasgelê nie; dit moet sonder maat wees, en "van harte". Die enigste motief is steeds omdat ons self voor God vergifnis ontvang het van 'n skuld wat ons nimmer sou kon vereffen nie.

Vergewingsgesindheid is die hartaar van die gemeente-ordering. Waar die een die ander van harte vergewe, word die gemeente gebou en die gemeenskap van die heiliges in stand gehou. Daar ook kan twee of drie in die Naam van die Here saamkom om in die teenwoordigheid van die Koning van die hemelryk te buig met die bede: "Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (Mt. 6:12).

## Hoofstuk 16: DIE ONREGVERDIGE BESTUURDER

(Lk. 16:1-9)

- 1 En Hy het ook aan sy dissipels gesê: Daar was 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het; en hy is by hom aangeklaag as een wat sy besittings verkwis.
  - 2 En hy het hom geroep en vir hom gesê: Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake; want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie.
  - 3 Toe sê die bestuurder by homself: Wat sal ek doen? Want my heer neem die bestuurderskap van my weg. Spit kan ek nie; om te bedel, skaam ek my.
  - 4 Ek weet wat ek sal doen, sodat wanneer ek van die bestuurderskap afgesit is, hulle my in hulle huise kan ontvang.
  - 5 Toe roep hy die skuldenaars van sy heer, een vir een, en sê vir die eerste: Hoeveel skuld jy aan my heer?
  - 6 En hy antwoord: honderd vat olie. En hy sê vir hom: Neem jou skuldbewys, gaan sit en skryf gou vyftig.
  - 7 Daarna sê hy vir 'n ander een: En jy, hoeveel skuld jy? En hy antwoord: honderd mud koring. Toe sê hy vir hom: Neem jou skuldbewys en skryf tagtig.
  - 8 En die heer het die onregverdige bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het; want die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig.
  - 9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.
- [Lk. 16:1-9]

Die gelykenis van die onregverdige bestuurder is meermale aangedui as een van die moeilikste Skrifgedeeltes om te verklaar. Daarteenoor vind die teenstanders van die Evangelie juis hier hulle maklikste uitgangspunt vir 'n venynige aanval op Jesus en sy prediking, en op die Kerk wat so 'n gelykenis in sy Heilige Skrif opgeneem het.

Die rede vir hierdie toedrag is die feit dat die gelykenis skynbaar 'n verheerliking is van bedrog met geld. Dit vertel van 'n bestuurder wat op oneerlikheid betrap word en kennis van ontslag kry. Dan gebruik hy sy gesag om skuldbewyse tot voordeel van die skuldenaars te verander. En in plaas van 'n bestraffing vir so 'n daad, ontvang hy lof. Trouens, sy voorbeeld word voorgehou vir "die kinders van die lig" (vs. 8). Hierby voeg Jesus die woord aan sy dissipels: "Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon" (vs. 9).

Dit wil dus werklik voorkom asof bedrog as 'n deug aangeprys word. So iets sou egter strydig wees met alles wat Jesus elders in die Evangelies geleer het. Immers juis in die verse wat by die gelykenis aansluit, sny Hy hierdie gedagte af. Daar verklaar Hy: "Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdige is in die minste, is ook in die grote onregverdige. As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?"(vs. 10-11).

Dus, wie meen dat die bedrog hier opgehemel word, verstaan nie die bedoeling van die gelykenis nie. Wat is dan wel die bedoeling? Om op hierdie vraag 'n antwoord te vind, moet ons die Skrifwoord nader ondersoek.

Eers let ons op die teksverband. Dit val op dat Lukas hierdie gelykenis plaas tussen die van die verlore seun (15:11-32) en die van die ryk man en Lasarus (16:19-31). Al vind ons in die teks geen duidelike oorgang van die een na die ander nie, kan ons tog aanneem dat Lukas 'n verband tussen die drie gevind het. Hierdie verband of gemeenskaplike grondgedagte sal vir ons die sleutel inhou vir die regte verklaring van die onderhawige gelykenis.

As ons die drie gelykenisse ná mekaar lees, tree daar wel so 'n gemeenskaplike grondgedagte na vore. Die verlore seun bevind hom in die uiterste liggaamlike ontbering en doen dan die enigste regte stap in sy omstandighede: hy gaan terug na sy vader. Die

onregverdige bestuurder bevind hom in die uiterste sosiale en finansiële moeilikheid en doen dan die enigste juiste stap in sy omstandighede: hy bewys gunste sodat hy later op gunste kan reken. Daarteenoor geniet die ryk man liggaamlik, sosiaal en finansiëel 'n sorgvrye lewe, en die een ding wat hy in sy omstandighede moet doen, versuim hy: hy slaan geen ag op "Moses en die Profete" (vs. 29-31), en bewys gevolglik g'n barmhartigheid aan die arme Lasarus nie.

In hierdie verband gesien, word dit duidelik dat dit geensins gaan om die aanprysing van oneerlike handeling nie. Jesus het tog ook ander gelykenisse vertel waarin by voorbeeld 'n onregverdige regter (18:1-8) of 'n onbeskaamde vriend (11:5-13) optree, maar telkens geskied dit om aan te toon dat hierdie persone ten spyte van hul ondeugde tog in die bepaalde gevalle reg en goed gehandel het. En nou wil Jesus deur die gelykenis van die onregverdige bestuurder ewe-eens die voorbeeld voorhou van 'n man wat in sy desperate omstandighede die klein tydjie tot sy beskikking aangewend het om die regte stap te doen: hy het só gehandel dat sy toekoms verseker is.

Naas hierdie hoofgedagte tree 'n newegedagte sterk op die voorgrond, naamlik, die regte manier waarop die dissipels (en volgelingen van Jesus) met geld, die onregverdige Mammon, behoort om te gaan. Om dit alles toe te lig, let ons nou nader op die besonderhede in die gelykenis.

"Daar was 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het; en hy is by hom aangeklaag as een wat sy besittings verkwis" (vs. 1). Dit is gebruikelik om te veronderstel dat die ryk man 'n groot grondeienaar was wat persele verpag het aan huurders. Ten einde sy uitgebreide besittings te beheer en sy gelde of goedere in te vorder, het hy 'n bestuurder in diens. Volgens die gebruike van destyds, ontvang die bestuurder geen besoldiging nie, maar leef uit die huis van sy heer, en word ook genoem "'n seun van die huis". Daarbenewens kan dit voorkom dat hy sy volmag aanwend om op oneerlike wyse homself te verryk. Origens word sy eie welvaart verhoog na mate hy sorg dat sy heer verryk word.

In hierdie geval het die bestuurder blykbaar so ooglopend oneerlik met die eiendom van sy heer gehandel dat hy aangekla word het. Daarop word hy ontbied en sy dienste word opgesê. Vooraf moet hy egter al die rekeninge in orde maak en 'n behoorlike verslag voorlê.

Daar is vir hom geen vooruitsig op 'n heraanstelling nie. Hy lewer ook geen pleit vir versagting nie, soos in 'n ander gelykenis 'n onbarmhartige skuldeiser wel gedoen het (Mt. 18:23-35). Hierdie man moet onmiddellik sy toekoms beplan. Vir hande-arbeid is hy nie geskik nie, en om te bedel, is 'n te groot vernedering.

Daarom doen hy iets anders. Hy ontbied die skuldenaars en verminder die bedrae van hul skuld. Daarom pleeg hy 'n verdere oneerlikheid maar verseker vir homself 'n dankbare vriendekring by wie hy gasvryheid sal kan geniet, altans totdat hy 'n ander heenkome gevind het.

"En die heer het die onregverdige bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het" (vs. 8). Dit is 'n verrassende wending. Is dit werklik die bedoeling dat "die heer" hierdie nuwe oneerlikheid, waardeur hy aansienlike skade moes gely het, goed gevind het? Of moet ons, soos sommige voorstel, hier lees "die Here", en sodoende verklaar dat Jesus die oneerlike optrede "geprys" het? Of moet ons sê dat dit nie om die oneerlike daad gaan nie, maar wel om die verstandige handelwyse? As ons laasgenoemde standpunt sou inneem, aanvaar ons daarmee dat die doel die middel heilig. En dit mag tog nie wees nie! Allermens kan ons hierdie stelreël op rekening van Jesus plaas.

Hiermee staan ons voor een van die moeilike probleme wat logies voortvloei uit ons tradisionele verklaring van hierdie gelykenis. Dit noop ons om ons verklaring in hersiening te neem. Hierby maak ons dankbaar gebruik van nuwe lig wat in die jongste

tyd op die gelykenisse in Lk. 16 gewerp is.<sup>3</sup>

Dit is merkwaardig dat deur al die jare die verklaring uitgegaan het van die veronderstelling dat die ryk man 'n grondeienaar moes gewees het. Die sprake van koring en olie (vs. 6-7) het hiertoe aanleiding gegee. Die feit is egter dat hier slegs sprake is van "'n ryk man" sonder nadere aanduiding van die aard van sy rykdom of van sy bedryf. Aangesien hier sprake is van "verslag van bestuur", "skuldbewyse", en "die onregverdige Mammon", skyn dit daarop te dui dat ons veeleer met 'n bankier of finansier te doen het.

Indien ons van hierdie veronderstelling uitgaan, moet die Israelitiese wette en gebruike in verband met rente en woeker by die verklaring van die gelykenis te pas gebring word.

Op hierdie punt is die Wet duidelik. Die Israeliet mag van sy broer (volksgenoot) geen rente opeis of invorder nie, vgl. Ex. 22:25; Lev. 25:35; Deut. 15:7; 23:19. Die praktyk van die lewe het egter meegebring dat rente onder die een of ander dekmantel wel ingevorder is. Allerlei spitsvondige praktyke is bedink om rente in te vorder sonder om die Wet van God te oortree. Juis die Fariseërs, wat nadruk lê op nougesette Wetsverhouding, het meegehelp om 'n kloof te laat ontstaan tussen die Wet van God en die "wet van die gewete". Weë is gevind om "juridies" die Wet van God te handhaaf terwyl dit tog "moreel" oortree word. Juis in hierdie verband het die "bestuurder" goed te pas gekom. Hy kon kontrakte sluit wat juridies in orde maar moreel af te keur was, sonder dat die gewete van sy heer daardeur belas geword het. Die heer kon ten volle op hoogte wees van die slinkse praktyke, en moontlik selfs daartoe opdrag gegee het, maar hy skuif alle aanspreeklikheid af op die bestuurder. Self doen die heer hom voor soos iemand wat die Wet van God onderhou.

'n Handige praktyk om die invordering van rente te bedek, was dat die skulde *in natura*, d.i. in produkte of goedere aangegee was, liefs in koring of olie. Op die skuldbewys is natuurlik van rente geen melding gemaak nie, maar die rente is teen 'n bepaalde koers bereken en bygetel by die geleende bedrag.

In die geval van koring — iets wat nie maklik vervals kan word nie — is 25% bygereken; en in die geval van vervalsbare olie is 70% tot 100% bygereken.

Met dergelike skuldbewyse het die onregverdige bestuurder nou te doen gekry. En hy het hulle nie "vervals" nie, maar die oue vernietig en nuwes opgestel waarin die "wettige" skuld vermeld is. Die skuldenaar op wie se bewys 100 mud koring geskryf was, het in werklikheid tagtig mud geskuld. Die bygerekende 25 % onwettige rente is bygetel om die bedrag op 100 mud te bring. Nou word hierdie rente, wat strydig was met die Wet van God, maar wat die sondige gewete wel toegelaat het, afgetrek en die rekening onaanvegbaar reggestel. Die skuldenaar wat 100 vat olie op sy skuldbewys het, kry op sy beurt die bygerekende 100% rente afgetrek en sy rekening kom juridies in orde.

Hierin het die onregverdige bestuurder geen oneerlikheid begaan nie. Inteendeel, hy het in die kort tyd tot sy beskikking sy bevoegdheid gebruik om die oneerlikhede weg te suiwer. In sy nood het hy besluit om God meer gehoorsaam te wees as die mens, en die Wet van God te handhaaf bo die praktyke van mense. In sy lewe het 'n oomblik van beslissing aangebreek, en hy het die enigste juiste stap gedoen: hy het hom tot God gewend. Die uitvloeisel is dat hy hom ook tot sy naaste gewend het om aan hulle 'n diens van barmhartigheid te verrig. Sy beslissing om God te gehoorsaam, beïndruk ook "die kinders van hierdie wêreld" (vs. 8) en lei tot sy ere-herstel onder hulle. Voortaan is hy by hulle nie meer 'n "onregverdige" bestuurder nie, maar 'n welkome weldoener.

"En die heer het die onregverdige bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het" (vs. 8). Nou kom dit nie meer daarop aan of ons skryf "die heer" of "die Here" nie. In die oë van beide het die bestuurder verstandig gehandel. Sy heer moes sy optrede

---

<sup>3</sup> Vgl. J. Duncan Derrett, *Fresh Light on St. Luke xvi. New Testament Studies* 7, 1961, p. 198-219; 364-380.

bekragtig omdat dit in ooreenstemming was met die Wet van God. Buitendien het sy bestuurder die naam van sy heer bevry van selfs die skyn van rente. Afgesien hiervan het die bestuurder vir hom vriende gemaak by wie hy gasvryheid sal kan geniet.

Ook Jesus prys hierdie optrede. 'n Onregverdige het hom tot God gekeer en het 'n regverdige geword. Daarby het hy die wet van naasteliefde prakties in beoefening gebring met die middele tot sy beskikking. Sodoende het hy voorsorg gemaak vir sy toekoms. Of anders gestel: in die uur van sy nood het hierdie sakebestuurder die betekenis besef van die stelreël: "eerlikheid duur die langste".

Dit bring ons by die nuwe gedagte in die gelykenis. Ten opsigte van die handelwyse van die bestuurder verklaar Jesus: "Die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig" (vs. 8b). En dan voeg Hy daaraan toe: "Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle julle in die ewige tente kan ontvang" (vs. 9).

Die gelykenis het ook te doen met "die kinders van die lig" se omgang met geld. Hier is sprake van "die onregverdige Mammon". Daarmee word nie 'n nuwe godheid genoem nie, maar wel die geld as 'n verleidelike afgod. Die vermelding van "onregverdige" geld kan 'n toespeeling wees op die bestuurder wat op die skuldbewyse die onregverdige rente, dus die "vuil geld", afgeskryf het. Sodoende het hy juis die "vuil geld" aangewend om nuwe vriende te maak. Tog bly dit moeilik om die Fariseërs se onderskeiding tussen "vuil geld" en "skoon geld" te handhaaf. Immers, aan alle geld kleef daar iets van die ongeregtigheid en gemeenheid van die geldgierigheid. Daarom is ook die geld van die dissipels, hoe hulle dit ook al verkry het, niks anders as "die onregverdige Mammon" nie. Dit is geld as sodanig.

Maar hoofsaak is dat geld nie vir die verryking vasgeklem moet word nie. Ook daarmee moet die Here gedien word deur die versorging van die medemens in sy nood. Wie dit doen, is besig om "die onregverdige Mammon" aan te wend om vriende te vind, d.i. mense wat in diepe erkentlikheid aan ons verbonde is, en bereid is om aan ons liefde te bewys.

Die laaste gedeelte van vs. 9 verdien ons aandag: "Sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle julle in die ewige tente kan ontvang." Op grond van 'n beter tekslesing moet ons vertaal: "Sodat wanneer *dit* die lewe verlaat, —." Hiervolgens is die bedoeling dat die tyd kan aanbreek wanneer "die onregverdige Mammon" ons verlaat, en ons dus sonder geld sal wees. Dán sal ons nie besorg hoef te wees nie, omdat daar erkentlike vriende sal wees wat graag vir altyd — solank as ons lewe — ons in hulle huise sal wil ontvang.

Die uitspraak wys egter ook heen op die hemel, "die ewige tente". Die persoon wat in gehoorsaamheid aan die Here steeds "die onregverdige Mammon" diensbaar gemaak het, sal eenmaal in die hemel 'n heerlike verrassing beleef. Dáár sal 'n skare vriende hom met blydschap verwelkom. En laat ons in die verbygaan daarop let dat die ryk man wat Lazarus verontagsaam het, so 'n verwelkoming nie te beurt geval het nie.

Hy, die ryk man teenoor Lasarus, het sy beurt gehad, en op "die Wet en die Profete" geen ag geslaan nie. Die "onregverdige bestuurder" het sy beurt gehad en besluit om die Wet van God te gehoorsaam. Sodoende het hy "verstandig gehandel" — "verstandiger — as die kinders van die lig" (vs. 8). En nou, in die kort tyd van ons lewe op aarde is ons aan die beurt. Die rekeninge moet in orde gebring word met die oog op verslag. Hoe staan dit met ons: "die kinders van die lig"?

Wie ore het, laat hom hoor.





## Hoofstuk 17: DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN <sup>4</sup>

(Lk. 10:25-37)

- 25 En daar het 'n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?
- 26 En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?
- 27 En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.
- 28 Toe sê Hy vir hom: Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe.
- 29 Maar hy wou homself regverdig, en sê vir Jesus: En wie is my naaste?
- 30 En Jesus antwoord en sê: 'n Sekere man het afgegaan van Jérigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom half dood lê.
- 31 En bygeval het 'n priester met daardie pad afgekom, en toe hy hom sien, gaan hy anderkant verby.
- 32 En net so het ook 'n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en anderkant verbygegaan.
- 33 Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel,
- 34 en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakkier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg.
- 35 En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.
- 36 Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?
- 37 En hy antwoord: Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het. Toe sê Jesus vir hom: Gaan en doen jy net so.
- [Lk. 10:25-37]

Om Jesus te "versoek" stel 'n wetgeleerde aan Hom die vraag: "Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" Blykbaar was hy in sy selfversekerdheid nie juis begaan oor die ewige lewe nie, maar eerder daarop uit om aan Jesus 'n vraag te stel waarop Hy in die bepaalde omstandighede moeilik sou kon antwoord.

Waar in hierdie "versoeking" vir Jesus bestaan het, kan ons nie met sekerheid sê nie en dit is hier ook nie ter sake nie. Van belang is dat Jesus na die uitvoering van die wet van God verwys soos dit in die hoofsaak saamgevat word: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself."

Om enigsins sy verleentheid te bedek, stel die wetgeleerde 'n volgende vraag: "En wie is my naaste?" Daarmee raak hy 'n vraagstuk van wesenlike belang vir die destydse vrome Jood, en die huidige vrome Christen, aan. Die eerste deel van die gebod: "Jy moet die Here jou God liefhê", lewer vir die wetgeleerde geen probleem op nie. Sy hele lewe is daarop ingestel. Maar juis daarom is sy hele lewe gerig op die verlede, en op die bo-aardse. Die gevolg is dat die hede en die aardse vir hom 'n probleem geword het — 'n godsdienstige probleem wat in die nouste verband staan met die vraag of hy die ewige lewe deelagtig is of nie. Daarom kom die vraag aan Jesus: "En wie is my naaste?"

Die wetgeleerde gaan uit van die algemene Joodse opvatting dat die "naaste" die volksgenoot is. Die wet van naasteliefde is gevolglik na sy oortuiging nie op 'n vreemdeling van toepassing nie. Die sienswyse bevredig egter nie, omdat dit kan voorkom dat in bepaalde omstandighede ook die volksgenoot buite die kring van die "naaste" te staan kan kom. Sou Jesus, die uitnemende Meester, dan nie 'n meer presiese definisie van die "naaste" wil gee nie? Gewapen met so 'n definisie, sou die wetgeleerde

<sup>4</sup> Met besondere erkentlikheid teenoor *Franz J. Leenhardt*, *La parabole du Samaritain*, in *Aux sources de la tradition Chrétienne*, 1950, bl. 132-138.

immers met groter noukeurigheid kon onderskei tussen die "naaste" aan wie liefde verskuldig is, en die "ander". Dan kon sy lewe ook ewe meganies deur die wet gereguleer as voorheen, voortgesit word.

In antwoord gee Jesus nie 'n uiteensetting van sy leer omtrent die liefdesgebod nie. Ook bied Hy g'n definisie van die "naaste" aan nie. Maar met 'n geskiedenis uit die lewe geneem, toon Hy prakties aan wat naasteliefde werklik is. 'n Enkele geval word aangewend om op hierdie gewigtige punt tot kennis van die waarheid te lei. Jesus verlang immers nooit gehoorsaamheid teen beterwete in nie; Hy versterk steeds die redelike grondslag van die godsdiens.

Die vertelling getuig van Jesus se bekendheid met die pad tussen Jerusalem en Jérigo, en bevestig dus die berigte van die Vierde Evangelie dat Jesus ook in Judéa vir 'n geruime tyd gearbei het. Hy weet van die optrede van rowers en geweldplegers op daardie pad die bergaf na Jérigo, en vertel nou 'n gelykenis omtrent iemand wat daar die slagoffer van dergelike vrybuiters geword het.

Wie die ongelukkige man was, word nie gesê nie. Die veronderstelling is egter dat hy 'n Jood was. Moontlik was hy in Jerusalem om in die tempel 'n offer te bring en te aanbid. In daardie geval sou hy juis in 'n enger sin die "naaste" gewees het van die priester en die Leviet. En aangesien hy, net soos ook die priester en die Leviet op pad was na Jérigo, die priesterstad, kon hy self ook moontlik 'n priester of 'n Leviet gewees het, en dus nie net die "naaste" nie, maar ook die "broer" van daardie twee. Hoe dit ook sy, die identiteit word nie nader aangedui nie, en daarom moet dit ook as van minder belang vir die betekenis van die gelykenis beskou word. Hy verteenwoordig "enigiemand".

Aangesien die priester en die Leviet ná mekaar op die toneel verskyn, en Jesus aan die end van die vertelling verwys na "hierdie drie", d.w.s. priester, Leviet en Samaritaan, sou dit geoorloof wees om die optrede van die eerste twee afsonderlik te bespreek. Dit skyn egter beter om die twee nie te beskou as die verteenwoordigers van afsonderlike tipes nie, maar saam as die draers van die Joodse godsdienstige tradisie. As twee getuies tree hulle op om te bevestig dat daar 'n ernstige fout in die Joodse vroomheid en in hul opvatting van die naasteliefde bestaan. Hulle gedrag bring buitengewoon sterk aan die lig dat hul vervulling van deur die Wet gereguleerde godsdienstige pligte geen rekening hou met die deur God gereguleerde lewe nie. Pligte in verband met die liefde tot God ken hulle wel, maar nie ook die ewe noodsaaklike pligte in verband met die liefde tot die naaste nie — pligte wat deur dieselfde God beveel is. Gevolglik het hul godsdiens nie meer met die lewe kontak nie. Dit is vir alle praktiese doeleindes dood.

Daarop moet ons 'n bietjie nader ingaan. Waarom sou die priester en die Leviet verbygegaan het? Dat dit uit gevoellose verharding van die hart was, kan ons nie aanneem nie. Wat hulle daar langs die pad gesien het — 'n man "halfdood lê" — het hulle stellig aangegryp. Maar soos enigiemand wat sy lewe volgens wettiese voorskrifte inrig, moes hulle allereers die hele situasie noukeurig in oorweging neem voordat enige daad verrig word. Wat staan hulle volgens die Wet in so 'n geval te doen? Wel, na alle skyn is die man dood. Voorts is hy van sy kleding beroof, sodat nie beken kan word wie of wat hy is nie, volksgenoot of vreemdeling, naaste of nie. Deur hom aan te raak, sou beteken verontreiniging in die oog van die Wet. En dit mag nie! Die verhouding tot God is van groter aktualiteit as die verhouding tot 'n onbekende, oënskynlik reeds gestorwene op die pad. Die vroomheid en die professionele gewete verplig hulle om nie die gewonde man aan te raak nie. Die imperatief van die piëteit (vroomheid) spreek sterker as die pleidooi van die "pity" (meegevoel). Die stem van innerlike bewoënhed, van menslike meegevoel, ons sou kon sê: die mens self, is die swye opgelê, en hy was dus prakties afwesig op die pad na Jérigo.

Die priester en die Leviet was wel daar op die pad, maar vir alle praktiese doeleindes nie teenwoordig in die tyd en op die moment waarin hulle daar geleef het nie. Hul gedagterigting en beslissing op daardie oomblik staan reeds vooruit vas, neergelê in die Wet en hul tradisie. Die lewe is dus nie op die hede ingestel nie, maar op die verlede, en

daarmee word hul betekenis vir die hede tot 'n niks gereduseer. Hulle kom 'n gewonde man teë en tog tree daar niks nuuts in hul lewe in nie. Hulle kon net so goed nie daar gewees het nie. En dit is ook juis die geval. Weens hul godsdienstige ingesteldheid bevind hulle hul op daardie moment eintlik op 'n ander pad, in 'n ander tyd, en sonder om ooit te verander of naby 'n gewonde man te wees. Hulle is vir die eise van die teenwoordige situasie afwesig, dood.

En in daardie staat is hulle moordenaars van die gewonde man omdat hulle optree asof hy nie daar is nie. In die werklikheid sien hulle 'n nog lewende man, maar gebonde in hul godsdienstige opvattinge het hulle nie die vryheid om nader ondersoek in te stel nie, en hulle beskou hom dus maar as 'n dooie. En om iemand vir dood te laat lê terwyl hy nog lewe, is om sy moordenaar te word.

So 'n optrede is te veroordeel. Tog is dit die vrug van 'n ernstig bedoelde vroomheid. Binne die nougesette wetsonderhouding en die vroomheidsomhulsel was die priester en die Leviet veilig verskans. Die teenwoordige kon gehanteer word slegs vir sover dit uit die verlede afgelei is. Daarom is daar ongevoeligheid, of liever, g'n reaksie op 'n radikaal nuwe ontmoeting soos 'n gewonde op die weg nie. Om aan hom aandag te skenk, sou beteken om uit te tree buite die veilige vroomheidsverskansing. Dit sou beteken 'n uittree uit die veilige verlede in die onsekere hede, en sou 'n versteuring van die lewens-ewewig meebring.

Daarom gaan priester en Leviet verby. Hulle weet van die gebod: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Lev. 19:18), maar kan die naaste nie vind nie omdat hy slegs in die hede, in die teenwoordige situasie, gevind word — en hulle leef in die verlede.

Teenoor hulle stel Jesus 'n Samaritaan. Waarom 'n Samaritaan en nie 'n ander, byvoorbeeld 'n tollenaar nie? Ons moet aanvaar dat Jesus daarmee 'n spesifieke bedoeling gehad het. Moontlik wou Hy die gebeurtenis van 2 Kron. 28 in herinnering roep om hierdie eiegeregtige leidsmanne van Judéa te laat begryp dat hulle eintlik teenoor die bewoners van Samaria 'n ereskuld het, en dus ook nou nie te hooghartig mag wees om die goeie voorbeeld van 'n Samaritaan te erken en na te volg nie. In daardie verre verlede is Agas, koning van Juda, oorgegee in die hand van Peka, koning van Israel, en tweehonderd duisend vroue en kinders, saam met 'n groot buit, is na Samaria weggevoer. Op die woord van die profeet Obed het die bewoners van Samaria egter die gevangene teruggestuur: "En die manne wat met hulle naam aangewys was, het opgestaan en die gevangene ondersteun en al die naaktes onder hulle uit die buit klere aangetrek; en hulle het vir hulle klere en skoene gegee en hulle laat eet en drink en hulle gesalf en almal wat moeg was op esels vervoer en na Jérigo, die palmstad, by hul broers gebring; daarna het hulle na Samaria teruggegaan" (2 Kron. 28:15). Dus, al word die Samaritane deur die Jode verag, stam hulle uit hierdie tradisie van daadwerklike ontferming oor die ellendiges en noodlydendes, wie hulle ook al mag wees.

Maar stellig word die Samaritaan as voorbeeld voorgehou om aan te dui dat die gebod van naasteliefde nie net binne die grense van die eie volk uitgevoer moet word nie. Die liefde tot die naaste is gerig op enigiemand wat in 'n bepaalde situasie 'n hulpelose geword het, wat vir sy lewensbehoud afhanklik is van die ontferming en helpende hand van 'n ander.

Tog bevredig hierdie verklaring nie ten volle nie. Die priester en die Leviet word immers nie in 'n situasie gestel waar hulle 'n nie-Jood moet help nie. Die gewonde man is tog self 'n Jood, 'n volksgenoot, moontlik selfs 'n priester of 'n Leviet. Dit is dus, soos reeds aangetoon, iets anders as die beperking tot eie volksgrense wat hulle hulpverlening teengehou het. Daarteenoor het die Samaritaan wel die weldaad verrig sonder bedenkinge of aarseling. Dus, die twee offisiële verteenwoordigers van die Joodse godsdienstige lewe, in die volle korrektheid van hul handeling, gaan die verwonde volksgenoot verby; die Samaritaan wat buite die vroomheid van die Joodse godsdienstige lewe staan en as 'n ketter beskou word (vgl. Lk. 9:53), gaan op die man af al is laasgenoemde iemand van die gehate Joodse volk, en doen aan hom alles wat nodig is vir sy lewensbehoud.

Die Samaritaan word dus genoem om 'n fundamentele godsdienstige verskil aan die lig te bring. Reeds is daarop gewys dat die optrede van die priester en die Leviet in so 'n mate gereguleer word deur hul wetgebonde godsdienstige tradisie dat hulle in hul gewete gebonde geraak het om streng by die pad, deur die verlede bepaal, te hou. Hulle was nie by magte om in die aktualiteit van die hede die stem van 'n meevoelende hart te gehoorsaam nie. Daarom was hulle daar op die pad na Jérigo prakties "afwesig". Vir die gewonde man en vir die gebod van naasteliefde was hulle "dood". Daarteenoor staan die Samaritaan buite die Joodse vroomheidstradisie met sy strenge voorskrifte, sy bindinge en vooroordele. Hy stam wel ook uit die godsdienstige tradisie van oud-Israel, en dra dus die hoofsaak van die Wet in die hart (Deut. 6:5 en Lev. 19:18). Anders as die priester en die Leviet egter is hy vry om daardie gebod te gehoorsaam volgens die momentele ingewing van sy hart. Daarom, wanneer hy 'n verwonde man langs die pad sien lê, kan hy die ingewing van sy diepbewoë hart gehoorsaam sonder vrees dat hy sy reinheid of stand of goeie naam sal benadeel. Hy self as Samaritaan is sonder verdienste, sonder verlede om op te steun, dus arm en ellendig. Maar juis daarom is hy vry om te kan handel na die eis van die moment en die besondere nood. Hy het ook wel "Moses" gelees en weet dat hy aan Gods wet gehoorsaam moet wees, maar vir hom geskied dit vanuit 'n ander lewensituasie. Hy het niks om te beskerm en te behoed nie en is daarom volkome "oop" teenoor God en die medemens. Hy kan sy naaste ontdek en dien. Vir homself en sy naaste is hy "teenwoordig".

Met hierdie "teenwoordig wees" word bedoel dat hy by die ontmoeting op die pad hom in 'n situasie bevind waar 'n hoër noodsaaklikheid as sy eie sake homself en al sy goed opeis. En aan daardie eis gehoorsaam hy gewilliglik. Sy eie planne, hoe dringend hulle ook al mag gewees het, en trouens alles wat hy hom voorgeneem het ten opsigte van sy eie onderhoud en bestaan, word tersy gestel. Die nuwe omstandighede verplig hom om iets nuuts te begin. Eintlik het daar in homself iets nuuts ingetree. Hy het by sy gehoorsaming van die eise van die nuwe noodtoestand self 'n nuwe mens geword. Dit kon hy omdat hy nie soos die priester en die Leviet deur wetgebonde godsdienstige vroomheid ingekerker was nie.

Die beskrywing van die besonderhede van die Samaritaan se versorging van die gewonde man dien om aan te dui watter radikale verandering die weldoener ondergaan het. Volstrek alles wat hy tot sy beskikking gehad het, wend hy aan tot versorging van die onbekende man op die pad. Dit beteken dat die Samaritaan in die werklikheid sy hele gedagtegang en lewensrigting na die eis van 'n bepaalde situasie verander het. Hy het volkome 'n *ander* geword omdat hy hom met *die ander* vereenselwig het. Sonder voorbehoud het hy hom verplaas in die plek van die ander en uitvoering gegee aan die woord: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen — net so moet julle aan hulle doen; want dit is die Wet en die Profete" (Mt. 7:12). Daardeur het hy die gebod vervul: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Hierdie "soos" het dan nie 'n kwantitatiewe betekenis, "in dieselfde mate", nie, maar 'n kwalitatiewe "op dieselfde wyse" d.w.s. deurdat ek my in sy plek verplaas en nou nie meer as ekself dink en handel nie, maar hom en sy node my laat voorsê wat om te dink en te doen.

So gesien, word die vraag van Jesus duidelik: "Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" Dit is presies die omgekeerde van die vraag van die wetgeleerde: "Wie is my naaste?" Volgens laasgenoemde moet 'n norm of maatstaf aangelê word om vas te stel wie die naaste is, m.a.w. die naaste is dan steeds die uitgesoekte objek van medelye, maar nie noodwendig die noodlydende in 'n bepaalde situasie nie. Volgens die vraag wat Jesus stel, bestaan daar g'n goeie reg vir die aanwending van so 'n maatstaf nie. Die naaste is immers die subjek, die beoefenaar van medelye. Dus, die naaste is iemand wat hom verplaas in die omstandighede van die medemens om dan dáár te word soos hy, en hom sodoende uit die nood en die vereensaming te red.

Daarvolgens is die begrip "naaste" tog wel nader bepaal. Weliswaar is dit nie skerpbegrens omskryf nie. Nietemin het Jesus die wetgeleerde laat begryp dat die begrip "naaste" nie 'n benaming is wat aan sekere mense gegee kan word en aan ander nie. Dit

is geen statiese begrip nie, maar word bepaal deur 'n situasie waarin 'n mens jou onverhoeds bevind. Ons sou kon sê: in die wêreld van die lewendes *is* die mens nie 'n naaste nie, maar hy *word* dit. Dit gaan nie om die vraag om 'n naaste te soek nie, maar om die roeping om 'n naaste te wees. Alleen só word die wet van die liefde vervul.

Die wetgeleerde begryp die bedoeling van Jesus. Hy het stellig besef dat hy in sy godsdienstige verskansing heel dig by die priester en die Leviet gestaan het. Ook moes dit vir hom 'n vernedering gewees het om te erken dat die Samaritaan die wet van God na sy gees en bedoeling uitgevoer het, terwyl die godsdienstige leiers van die Jode in gebreke gebly het. Maar hierdie wetgeleerde is moedig en eerlik in sy antwoord. Daarmee het hy voor die aangesig van Jesus in homself gesterf en soos die Samaritaan geword — een wat, hoewel ryk in goeie werke, nou voor God arm en hulpbehoewend geword het, en wat besef dat hy enkel uit genade kan lewe. Hy het nou inderdaad besorg geword oor die vraag: "Wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" Maar daarmee het hy ook die drumpel van die nuwe lewe betree. 'n Nuwe perspektief het voor hom oopgegaan en 'n lewe van vrugbaarheid in goeie werke, nie na die "Wet" nie maar na die liefde, het hom toegewink.

Met die woorde: "Gaan en doen jy net so!" het Jesus hom nie weggewys nie. Inteendeel is daarmee sy oë geopen vir lewensmoontlikhede waarvan hy nooit gedroom het nie. Dit word ons wel nie vertel wat verder van die jong wetgeleerde geword het nie. Genoeg is daar egter in die gelykenis om aan te dui dat hy die onderrig van Jesus aanvaar het en hom in gehoorsaamheid daaraan sou onderwerp. Daardeer is hy gered uit die wetgebonde doodsheid van die Joodse vroomheid, en vernuwe tot 'n nuwe lewe van daadwerklike liefdesbeoefening. Hyself was geestelik "halfdood op die pad na Jérigo" en is gevind, verpleeg en tot die nuwe lewe gelei deur die Goeie Samaritaan, Jesus Christus.

## Hoofstuk 18: DIE RYK MAN EN LASARUS

(Lk. 16:19-31)

- 19 En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe.
- 20 En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het.
- 21 En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek.
- 22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.
- 23 En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.
- 24 En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam.
- 25 Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.
- 26 En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.
- 27 En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur—
- 28 want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.
- 29 Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.
- 30 Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.
- 31 Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.
- [Lk. 16:19-31]

Het ons hier met 'n gelykenis te doen of met 'n stuk geskiedenis? Die antwoord op hierdie vraag is van belang vir die verklaring van die vertelling. Indien dit geskiedenis is, moet elke besonderheid in 'n historiese sin verstaan word, d.w.s. as 'n voorbeeld van wat letterlik gebeur. Dan het ons hier 'n tekening van die hiernamaals soos dit werklik is en het ons die reg om ons beskouing van die hemel en die hel op die mededeling op te bou. Maar indien dit 'n gelykenis is, word wel sekere waarhede aangaande die lewe na die dood bekend gemaak, maar mag die besonderhede nie letterlik vertolk word nie. Hulle het veeleer 'n funksie om die hoofgedagte van die gelykenis toe te lig, en wil nie dien om verborgenhede aangaande die toekomstige bestaan in alle besonderhede mee te deel nie.

Ten gunste van die veronderstelling dat dit 'n stuk geskiedenis is, pleit die feit dat die vertelling nie as 'n gelykenis aangekondig word nie, en verder dat dit betrekking het op 'n man wat by sy naam, Lasarus, genoem word. Maar daarteenoor staan dat ook ander gelykenisse suiwer as 'n vertelling aangebied word bv. die van die verlore seun (15:11) of van die onregverdige bestuurder (16:1); en net so kom die noem van name in ander gelykenisse voor bv. die Samaritaan gaan van Jerusalem na Jérigo (10:30). Sonder om hier verder op die beredenering in te gaan, aanvaar ons dat ons met 'n gelykenis te doen het. Daarom moet ons die regte verklaring vind deur allereers vas te stel wat die hoofgedagte is wat Jesus daarin bekend wou maak. Hierdie vraag bring ons egter voor 'n verdere moeilikheid te staan.

In die algemeen sou 'n mens die gelykenis in verband wil bring met die van die Barmhartige Samaritaan. Dáár word die antwoord gegee op die vraag: Wie is my naaste? en hier word nou aangedui wat die oordeel van God is oor die versuim van die plig teenoor die naaste. Lasarus lê aan die poort van die ryk man en verkeer in die uiterste ellende, maar die ryke gaan by hom verby sonder om eens na hom om te sien. Daarop volg die straf van God. As ons egter die gelykenis nader ondersoek, blyk dit dat geen enkele verwysing daarin voorkom na die feit dat die ryke nie na Lasarus omgesien

het nie. Dit word byvoorbeeld nie van hom verwag dat hy Lasarus moes gaan oprig, verpleeg en aan sy tafel bring nie. Trouens, hy het wel toegelaat dat die bedelaar by sy poort mag bly. Volgens die bepaalde vorm van die werkwoord in die oorspronklike is hy deur sy vriende daar geplaas om daar te bly, m.a.w. om voortaan die verantwoordelikheid van die ryke te wees. En dit word nie gesê dat hy die afval van die tafel nie gekry het nie. Blykbaar het hy dit wel ontvang, en was daar soveel dat ook die honde aangelok geword het. Dat die ryke wel met meer liefde en sorg na die bedelaar moes omgesien het, staan vas, maar slegs as 'n newegedagte in die gelykenis. Daar moet dus 'n ander gedagte wees wat hier die hoofgedagte is. Om dit te vind, is ons op die teksverband aangewese.

Die eerste moontlikheid is dat die gelykenis die gedagtegang van vs. 1-13 voortsit en verder uitbou. In daardie verse vind ons die gelykenis van die onregverdige bestuurder wat aangeprys word omdat hy die rykdom aangewend het om vriende te maak "deur die onregverdige Mammon" (vs. 9). Dit gaan dus om die verstandige aanwending van die rykdom. Daarin het die ryke versuim, en die gevolg was dat hy in die hiernamaals sonder vriende was. Selfs op die hulp van die geluksalige Lasarus kon hy nie aanspraak maak nie. Omdat die ryke nie hom daarop toegelê het om sy vermoë op 'n Gode welgevallige wyse aan te wend nie, selfs toe hy nie na so 'n geleentheid hoef te gesoek het nie, word hy in die vlam gepynig. Maar wat was Lasarus se verdienste in daardie geval? Daarop werp hierdie teksverband geen heldere lig nie.

Daarom verkies ons die tweede moontlikheid. Die gelykenis dien as uitbouing van die uitspraak van vs. 15: "En Hy het vir hulle (d.i. die Fariseërs) gesê: Julle is dit wat julleself regverdig voor die mense, maar God ken julle harte; want wat by die mens hooggeag word, is 'n gruwel voor God".

Die woorde is tot die Fariseërs gerig. Die gelykenis gee daarby 'n beeld van die lewe ná die dood wat eie is aan die Fariseërs, maar wat stellig vir die Sadduseërs, wat in die opstanding, die bestaan van engele en geeste, nie glo nie, tot aanstoot sou gewees het. Nou is dit bekend dat die Fariseërs hoë waarde geheg het aan uiterlike dinge. Dit is ook die geval ten opsigte van die rykdom. Hulle was beslis geldgierig (vs. 14), maar uit 'n godsdienstige oorweging eerder as uit 'n bloot stoflike. Rykdom is beskou as 'n bewys van die guns van God; daarom word die rykdom nagejaag om na die uiterlike altans voor te kom as 'n gunsteling van die Here, Daarteenoor is siekte, armoede en ellende aangesien as bewyse van die misnoeë en die straf van die Here. Dat hierdie beskouing die Fariseërs self nie in die hart gerus gestel het nie, blyk uit hul ywer in die gee van aalmoese. Nietemin, nou vind ons in die gelykenis die teenstelling: 'n uitermate ryk man deur sy tydgenote aangesien as 'n geseënde van die Allerhoogste; en vlak voor sy poort die weersinwekkende bedelaar — 'n toonbeeld van die kastydinge van God op die uitgeworpene. En dan verander die toneel. 'n Blik word in die hiernamaals gewerp. Daar ook is die teenstelling, maar nou is dit presies die omgekeerde as op aarde: die ryke is uitgewerp in die plek van pyniging, en die bedelaar is geluksalig in die skoot van Abraham. Daarnaas kom nog 'n verdere teenstelling: die ryke maak daarop aanspraak dat hy 'n seun van Abraham is. Maar daardie aanspraak, wat deur die Fariseërs as waarborg vir die ewige lewe beskou is, het hier geen betekenis nie. Die ryke is wel kind van Abraham, en word deur die aartsvader met daardie benaming aangespreek, maar hy verkeer nietemin in die verderf. Lasarus daarteenoor het geen aansprake op enige verdienste gemaak nie, en is deur sy tydgenote as 'n verstoteling bejeën, maar na die dood word aan hom die goeie deel geskenk. Dus, die gelykenis wil sekere skerp teenstellinge benadruk. Hierdie teenstellinge het hul grond in die woord: "Wat by die mens hooggeag word, is 'n gruwel voor God" (vs. 15). Die Here lê ander norme aan as die mens om die waarde van 'n lewe te beoordeel. Dit dan, moet ons as die hoofgedagte in die gelykenis aanvaar.

So gesien, is die optrede van die ryke teenoor Lasarus, of die verkeerde aanwending van sy rykdom, nie die hoofsaak nie. Hulle dien egter as die openbaringe van die innerlike gesteldheid van die hart van die ryke. Daardeur het hy opgetree soos een "wat by die mens hooggeag word," maar wat "'n gruwel voor God" is omdat die Here die hart

oordeel. En 'n hart wat hom op so 'n gevoellose wyse vir die nood van die medemens toesluit, word in die weegskaal van die hemelse Regter te lig bevind.

Skreiend is die teenstelling tussen die ryk man en die bedelaar. Dat die ryke ryk was, maak hom nie voor God skuldig nie. Die gelykenis spreek hoegenaamd geen afkeuring uit oor die rykdom as sodanig nie, en wek ewemin die indruk dat die ryke op 'n oneerbare wyse aan sy besittings gekom het. Van oudsher het die Here sy gunsgenote met rykdom geseën: Abraham self was ryk (Gen. 13:2), en Jakob en Job en Salomo en talle ander. Dat die ryke hom met die koninklike purper en die kosbare fyn linne gekleed het, was ook geen sonde nie. Hy het net soos sy gelykes volgens sy standsgewoontes gehandel. Maar nou kom daarby dat hy "elke dag vrolik en weelderig" geleef het. Daarin het hy laat blyk dat sy hart nie met God reg was nie. Hy het wel sy rykdom aangesien as 'n bewys van die guns van die Here maar verder met die feit dat dit aan hom geleen is, en dat hy as rentmeester aangestel is oor dinge wat eintlik aan God behoort — daarmee het hy geen rekening gehou nie. In die grond van die saak het hy met God self nie rekening gehou nie. Sy tyd en kragte en goedere is immers nie aan hom gegee om daarmee niks anders te doen as om vir sy eie plesier te lewe nie. Wanneer hy elke dag feesvierend en skitterend lewe, maar net vir homself, maak hy hom voor die Here skuldig. Al was dit nie nodig dat hy sware handarbeid moes verrig nie, moes hy tog sy tyd en vermoë vir nuttige werk in diens van God aangewend het, en in diens van die medemens. Maar volgens sy manier van lewe was hy vir sy tyd en omgewing prakties nutteloos. Hy het selfs die bedelaar by wie hy daagliks in sy poort moes verbygaan, nie raakgesien nie. En met die Wet en die Profete het hy hom allermins besig gehou (vs. 29 v.).

Daarteenoor verskyn die arme bedelaar. Blykbaar het sy eie mense hulle van die verantwoordelikheid van sy versorging onttrek en hom in die poorthuis van die ryke kom neerlê. Sy skamele liggaam, in lompe gehul, is met etterende swere bedek. Vir die onderhouding van sy lewe het hy uitgesien na die krummels van die ryk man se tafel. Die honde, onreine stadsreinigers van daardie tyd, het sy swere gelek. In korte trekke 'n tekening van weersinwekkende ellende. Die mededeling dat die honde aan hom gelek het, is nie bedoel om te kenne te gee dat teenoor die onsimpatieke ryk man die honde darem meegevoel betuig het nie. Eerder benadruk dit die teenstelling. Die ryke met sy purper beweeg in die kring van die prinse; die bedelaar het die honde tot geselskap.

Groot was die uiterlike teenstelling. Ook die innerlike teenstelling was groot. Die hart van die ryke leer ons ken uit sy gedrag en uit die gesprek wat hy later voer. Maar Lasarus doen in die gelykenis niks, en hy sê ook geen enkele woord nie. Hy is maar net daar in sy ellende. Daarom is die naam waarby hy genoem word belangrik. Dit dien as 'n karakterisering van sy verhouding tot God, en trouens van sy hele lewenshouding. Daardie naam is gelyk aan Eliëser, en beteken: "My God is hulp" of "God is my hulp". Nou word dit duidelik waarom Jesus in die gelykenis die bedelaar 'n naam gee, en wel hierdie naam. Hy wou aandui dat die bedelaar na die uiterlike dinge wel arm was, maar in die wesenlike dinge baie ryk. Hy het God geken en gevrees.

Die teenstelling word deur die naam Lasarus d.i. Eliëser ook in 'n ander opsig skerp belig. Volgens Gen. 15:2 was Eliëser die kneg van Abraham. Hy was die vertrouensman wat Abraham op 'n belangrike sending gestuur het ten behoeve van sy seun Isak (Gen. 24:2). En nou in die gelykenis verskyn die "dienaar van Abraham", die Eliëser — Lasarus, in 'n nuwe gestalte. Ook nou is hy die gesant van "Vader Abraham" (vs. 24) wat gestuur is in belang van "'n seun van Abraham" (vs. 25). Die bedelaar is 'n boodskapper van die hemel. Die ryk man se toekomstige geluksaligheid hang daarvan af of hy hierdie verband tussen Lasarus en die hemel sal opmerk. Omdat hy egter 'n oog het slegs vir eie uiterlike welvaart in teenstelling met die armoede van Lasarus, kom hy nie tot die insig dat daar tussen hom en die bedelaar 'n veel dieperliggende teenstelling bestaan nie. Juis hy is die ellendige en die bedelaar is die ryke d.i. "ryk in God" (Lk. 12:21), trouens 'n boodskapper van die hemel om hom, die ryke, na die hemel te roep. Dit het hy egter nie ingesien nie, altans nie in hierdie lewe nie.



Lasarus kom te sterwe. Dit word nie gesê dat dit weens gebrek en ontbering is nie, of moontlik deur siekte. Stellig het die feit dat hy geen behoorlike versorging ontvang het nie, sy einde verhaas. Dit is egter nie ter sake nie. Die belangrike is dat geen melding gemaak word van 'n begrafnis vir Lasarus nie. Slegs word gesê dat die engele hom d.i. sy siel, sy gees, opgeneem het na die hemel en dat hy gebring is "na die boesem van Abraham". Hierdie beeldspraak kan ontleen wees aan die gebruik om by 'n maaltyd aan te lê, en nie te sit nie. Die een wat naas Abraham lê, verkeer dan "in die skoot of boesem van Abraham" (vgl. 14:16 v.v.; Mt. 8:11 e.a.). 'n Ander en verkiesliker verklaring is dat die uitdrukking die besondere liefdesgemeenskap aandui soos dit bestaan by 'n kind op die skoot van sy moeder. In elk geval beteken dit hier dat Lasarus opgeneem is in volle geluksaligheid en 'n ereplek naas die vader van die gelowiges beklee.

Ook die ryke moet die dood ingaan. En hy word begrawe. Ons kan ons voorstel dat die ter aarde bestelling met vertoon van rykdom en prag gepaard gegaan het. Maar so eindig die lewe van die ryke. Dit val op dat by Lasarus niks aangaande die liggaamlike en wat daarmee gebeur het, gesê word nie; maar by die ryke word weer niks gesê aangaande die gees en wat dáármee gebeur het nie.

As die ryke sy oë oopmaak, bevind hy hom in die doderyk en verkeer hy in die smartlikste pyniging. Op 'n groot afstand sien hy Abraham en Lasarus in sy boesem. Die hele verloop van die gebeurtenisse in die hiernamaals, en die ondervinding van die ryke word in menslike terme beskryf. Daar is bv. sprake van die opslaan van die oë, die sien, die gesprek, die vinger, die water, die vuur, die kloof van skeiding. Al hierdie dinge dien om die hele beeld te skilder, maar dit geskied by wyse van gelykenis. Ons moet daarby bedink dat die liggaam in die graf bly tot aan die opstanding by die voleinding. Daarom het ons hier menslike of aardse uitdrukkinge om ons iets mee te deel van die ervaring van die gees na die dood. Die hoofsaak is dat die gees of siel ten volle bewus bly van wat rondom hom gebeur, hy kan "sien" en "hoor" en "voel"; hy kan diegene wat hy op aarde geken het, ook dáár herken, en hy weet hoedanig hul uiteinde is.

So was dit nou ook met *die* ryk man. Hy ontwaak in die doderyk. Eintlik kan dit tot misverstand aanleiding gee as ons hier van "doderyk" praat, omdat voor die finale oordeel alle siele tog in die doderyk verkeer, hoewel sommige geluksaligheid smaak en ander die smarte van die hel. Daarom word hier die plek van pyniging, die hel, bedoel. Daar ly die ryke die uiterste smarte in die vlam. Ook die "vlam" moet nie letterlik verstaan word nie. Die plek van pyniging word immers eweneens genoem die buitenste duisternis. Aangesien 'n vlam soos ons dit ken, lig gee, moet die helse vlam iets anders wees. Dit is beste te verstaan as die brandende wroeging oor misdane kwaad en die bittere selfverwyt oor 'n nuttelose lewe op aarde.

Op vader Abraham beroep die ryke hom. Hy ook het dus daarop geroem dat hy 'n kind van Abraham is, en daardeur van die guns van die Here verseker. Nou gebruik hy daardie uitdrukking, blykbaar in die hoop om die hart van die aartsvader aan te roer. En hy verlang 'n buitengewoon geringe en verbygaande verligting van sy lyding — byna nie die moeite werd nie, sou ons sê. Tog sou hierdie verkoeling vir hom 'n byna hemelse gewees het. Die geringheid van sy versoek, beklemtoon dus die grootheid van sy smarte. Merkwaardig is dit dat hy verlang dat Lasarus nou aan hom die daad van liefde moet verrig, dieselfde Lasarus aan wie hy voorheen honderde kere 'n daad van menslikheid kon bewys het met sy groot rykdom, maar dit nie gedoen het nie.

Die antwoord van Abraham is afwysend en finaal. Hy spreek die ryke wel aan as "kind", en bevestig daarmee dat hy 'n "kind van Abraham" is, maar nou in die verderf omdat daardie afstamming alleen geen waarborg van redding is nie. Dan wys Abraham op die omkering van die verhoudings: die ryke het op aarde die goeie gehad, en Lasarus die slegte; nou is dit omgekeerd. Waarom dit so is, word nie nader vertel nie. Dit blyk egter uit die gelykenis as geheel en is reeds aangedui. Die ryke was met sy hart ver van God; die bedelaar se naam getuig van sy innerlike vroomheid. Dus, die ryke kom nie in die plek van smarte omdat hy ryk was nie, en Lasarus kom nie in die hemel omdat hy

arm was nie. Veeleer is dit só dat die ryke in die vlam kom ten spyte van sy rykdom en die geleentheid wat dit hom gebied het om Gode welbehaaglike werke te doen; en Lasarus kom in die hemel ten spyte van sy armoede en die aanleiding wat dit kon gewees het dat hy teen God in opstand kon kom. Dit gaan om die gesteldheid van die hart.

Dat die ryke skuldig was, het hy self ook aanvaar en vra daarom nie om uit die pyniging bevry te word nie. Hy weet dat daar hoegenaamd geen verontskuldiging is nie, maar hy het gehoop dat iets gedoen kon word om die lyding te verlig. Ten opsigte daarvan verklaar Abraham dat daar 'n diepe kloof tussen hulle bestaan wat alle oorgang verbied. Daarmee word verklaar dat na die dood niks, volstrek niks meer aan die ewige lot verander kan word nie. Die lewe op aarde is die enigste geleentheid om die weg tot die hemel te vind. Wie dáár nie sy geleentheid gebruik nie, kry volstrek geen verdere kans of konsiderasie nie. Die ryke moet eenvoudig sy verdienende oordeel self ondergaan. Dit weet hy ook goed. Daarom gaan hy nie verder daarop in nie, maar kom nou met 'n verdere versoek: sy vyf broers wat nog lewe, moet tog dringend gewaarsku word.

Die gesprek wat nou volg, toon aan wat die sonde van die ryke was. Hy het aan die Wet en die Profete geen gehoor gegee nie. Daarom het hy ook Lasarus nie met 'n daad van ontferming versorg nie. Die woorde van die Wet: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Lev. 19:18), en van die Profete: "Is dit nie die vas wat Ek verkies nie ... Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het en ellendiges, swerweling in die huis inbring nie? As jy een nakend sien, dat jy hom aantrek, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie?" (Jes. 58:7), het op hom geen indruk gemaak nie. Nou verlang hy dat sy broers gewaarsku moet word om hul lewe te verander voordat dit te laat is. In sy versoek is daar iets van 'n verwyte teen God. Hy wil te kenne gee dat indien die Here hom maar net gewaarsku het, hy stellig anders sou geleef het. Nou wil hy self daarvan werk probeer maak om sy broers te waarsku, want ook daar skyn die Here nie genoegsame boodskappers te stuur nie.

Ook hier is die antwoord van Abraham pertinent en finaal. Hulle het die Wet en die Profete d.i. die destydse Bybel bestaande uit die geskifte van die Ou Testament, waarin die Wet die lewensreël voorskryf en die profete die raad van God verklaar en sy beloftes voorhou. Daarmee word verklaar dat die Woord van God genoegsaam is vir die mens wat die weg van saligheid en die hoogste kode van gedrag soek. Die Woord is daar; dit moet slegs ter harte geneem word.

Die ryke dring egter nog verder aan: Indien iemand uit die dode sou terugkeer, sal sy broers na so 'n boodskapper luister en hulle bekeer. Maar met nog groter stelligheid verklaar Abraham: Hulle sal ook dan hulle nie bekeer nie. En wat hier uitgespreek word, is later bevestig toe Jesus uit die dode opgestaan het. Die Jode het aan daardie gebeurtenis hulle net geërger en hul met des te groter haat teen die Christus verset. Die verklaring lê in die feit dat hulle op die Ou Testament geen ag geslaan het nie, of liever, die werklike bedoeling daarvan nie wou erken nie. Indien hulle die Skrifte werklik geken en begryp het, sou hulle die Christus geglo het, al het Hy nie uit die dode opgestaan nie. Dit is daarom ook merkwaardig dat die verre Heiland nooit aan mense buite die kring van sy volgelingen verskyn het nie. Daarmee is bevestig dat die ander in elk geval Hom nie sou aangeneem het nie, al het Hy as Een wat uit die dood teruggekeer het, na hulle gekom. Daarteenoor, het Hy aan sy eie mense verskyn om aan hulle die onbetwisbare bevestiging te bring van die waarhede wat hulle reeds aanvaar het op grond van die Skrifte. Dus, wat ons gelykenis betref, daarin word dit sterk uitgespreek dat die betragting van wat in die Skrifte opgeteken staan die eerste en enigste weg is om die lewe te vind. Iemand wat daarop geen ag slaan nie, is geestelik dood selfs vir die getuienis van Een wat uit die dode teruggekeer het.

Ook dit moes die ryke nou ondervind tot vermeerdering van sy smarte naamlik dat hy self versuim het om die Skrifte te ondersoek en om dit aan sy broers voor te hou. En wat homself betref, was dit vir ewig te laat. Ook het hy hoegenaamd geen verontskuldiging nie.

Daarteenoor het Lasarus geen verwyte nie. Hy het in sy ellende aan die Woord vasgehou en is in die nood van sy lewe gedra deur die belydenis wat in sy naam uitgedruk word: God is my hulp. En nie te vergeefs het hy geglo nie. Wat die Woord toegesê het, dit het hy beërf.

Die einde van die twee is reëlreg die teenoorgestelde van wat die Fariseërs sou geoordeel het. Maar dit geskied omdat God nie die persoon aansien nie; Hy oordeel die innerlike. En volgens sy oordeel het 'n bedelaar in sy afskuwelike ellende, wat tog die Here vrees, die reg om soos 'n kind opgeneem te word in die skoot van Abraham. Maar 'n skatryk kind van Abraham, wat afskuwelik geword het in sy vertreding van die Wet en die Profete, en daarom nie weet om sy rykdom nuttig te bestee nie, word uitgewerp in die vuurvlam van ewige pyniging.

## Hoofstuk 19: DIE ONVRUGBARE VYEBOOM

(Lk. 13:6-9)

- 6 En Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie.
  - 7 Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar?
  - 8 Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het.
  - 9 As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom anderjaar uitkap.
- [Lk. 13:6-9]

Iets ontsettends het in Jerusalem gebeur. Die hele volk is daardeur diep geskok. Pilatus het, in omstandighede wat aan ons nie nader bekend is nie, 'n groep Galileërs by die tempel deur soldate laat neerfel sodat hulle bloed gemeng het met die van hul offers. Hiervan word aan Jesus berig gebring (Lk. 13:1).

Vanselfsprekend laat so 'n ramp allerlei vrae ontstaan. Die mense wil weet waarom so iets gebeur, of waarom God dit toelaat. Met dergelike vrae kom hulle nou na Jesus en ver wag van Hom 'n antwoord.

Volgens die Joodse beskouing het daar 'n direkte oorsaaklike verband bestaan tussen 'n daad van sonde en die straf van God. Daarom stel die dissipels by 'n ander geleentheid, na aanleiding van die blindgeborene, die vraag: "Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?" (Joh. 9:2). Nou ontstaan die vraag: Was die Galileërs moontlik aan so 'n ontsettende sonde skuldig dat God hulle by die altaar laat neerslaan het?

Hierop antwoord Jesus: "Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die Galileërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom" (vs. 2-3).

En daar is nog 'n ander skokkende ramp uit ongeveer dieselfde tyd. Die toring van Silóam het neergestort en agtien persone gedood. Ook na aanleiding hiervan het die gedagte bestaan dat daardie agtien deur die oordeel van God getref is. Nou verwys Jesus ook na daardie gebeurtenis: "Dink julle dat hulle (die agtien) meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom" (vs. 4-5).

Daarmee het Jesus die noodsaaklikheid van bekering buitengewoon sterk beklemtoon. Dit gaan nie om die verband tussen sonde en straf nie, en ook nie om die vraag of diegene wat deur rampe getref word, groter sondaars is as diegene wat gespaar gebly het nie. Veeleer gaan dit om die feit dat almal sondaars is en daarom voorwerpe van die toorn van God. Gevolglik is die hoofsaak dat elkeen hom moet bekeer terwyl hy daartoe nog die geleentheid het.

Met die oproep tot bekering stel Jesus nou nie 'n nuwe eis nie. Van die begin af was dit sy boodskap: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mt. 4:17). Daarmee het Hy aangesluit by die wekroep wat reeds vroeër uit die mond van Johannes die Doper gehoor is: "Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom ... Die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekop en in die vuur gegooi" (Mt. 3:2:10).

Hierdie dringende oproepe gaan uit aan almal. Die Fariseërs se onderskeidings tussen regverdig en onregverdig, rein en onrein, godsdienstig en ongodsdienstig, klein en groot sondaar, is hier nie te pas nie. Voor God is almal sondaars. Die gespaarde *lewe* in 'n tyd wanneer ander deur *rampe getref* word, is geen bewys dat die lewendes meer verdienstelik voor God is nie. Inteendeel, die gespaarde lewe is veeleer 'n bewys van die

lankmoedigheid van die Here wat aan die lewendes nog 'n beperkte bekeringstyd toegestaan het.

Om hierdie waarheid by sy destydse hoorders, en by ons vandag, tuis te bring, vertel Jesus die gelykenis van die vyeboom in die wingerd. Vir drie jaar agtereenvolgens kom die eienaar vrugte soek aan die boom, maar hy vind niks. Nou kom die bevel: Kap hom uit! Die tuinier tree egter in vir die boom en verkry uitstel. Eers sal hy die boom ekstra goed bewerk, en as *hy* dan vrug dra, word hy behou. So nie, word hy onherroeplik uitgekap. En die proeftyd is beperk, een jaar.

Die algemene strekking van die gelykenis is duidelik, so duidelik dat ons eintlik nie meer daaromtrent hoef te sê nie, en eerder net moet toelaat dat die woorde van die Here op ons lewe inwerk. Tog is daar sekere besonderhede waarop ons nader moet ingaan.

Waarom sou hier sprake wees van 'n vyeboom wat in 'n wingerd geplant is? Elders is eenvoudig sprake van 'n vyeboom, sonder meer, waaraan geen vrugte gevind word nie (Mt. 21:18-19), of van "elke boom wat nie goeie vrugte dra nie" wat dan uitgekap word (Mt. 7:19). Aan die ander kant is daar verwysing na die wingerd wat sy vrug lewer (Mt. 21:33 v.v.), of na die onvrugbare lote wat van die wingerdstok weggesnoei word (Joh. 15:2). Blykbaar moet daar dus 'n besondere rede bestaan waarom Jesus in hierdie geval uitdruklik praat van 'n vyeboom binne in 'n wingerd. Altans so redeneer baie verklaarders.

In opvolging van hierdie spoor word daarop gewys dat Israel meermale voorgestel word as die wingerd van die Here (Jes. 5:1 v.v.; Ps. 80:9 v.v.). In die Nuwe Testament dien die wingerd as beeld van die koninkryk van God (Mt. 20:1-16; 21:33-46). Dieselfde beeldspraak keer in Joh. 15 terug waar Jesus Homself die ware wingerdstok noem en die gelowiges as die lote aandui. Op grond van hierdie uitsprake kan ons beweer dat die wingerd nou die beeld geword het van die nuwe Israel, die kerk van Christus.

As hierdie opvatting van die wingerd in die gelykenis aanvaar word, wat stel die vyeboom dan voor? Ons kan tog nie verklaar dat die vyeboom as "vreemde element" in die wingerd, die beeld van die bekeerlinge uit die heidendom binne die kerk is nie. In die kerk van Christus kan twee sodanige andersoortige elemente nie onderskei word nie. Die Here voeg wel andersoortige elemente saam, maar dan word dit een "wingerd", en nie 'n wingerd plus 'n vyeboom nie. Buitendien, waarom sal die vyeboom in die wingerd dan aangespreek word as die onvrugbare wat moontlik uitgekap kan word? Moet dieselfde nie gesê word van die onvrugbare wingerdstok nie? Trouens Joh. 15:2 meld juis dat die lote wat nie vrug dra nie, weggeneem word.

Hierdie gedagterigting bring ons klaarblyklik nie nader aan 'n goeie verklaring nie. Daarom soek sommige 'n ander weg, uitgaande van die vyeboom. Dit word algemeen aanvaar dat die vyeboom wat Jesus vervloek het omdat Hy geen vrugte daaraan gevind het nie (Mt. 21:18-19), die beeld is van die Joodse volk. Sy godsdienstige lewe was destyds soos 'n boom in volle blaredrag maar sonder vrugte. Hierdie boom staan binne die wingerd van die Here, d.i. die Israel van God (Gal. 6:16). Trouens die wingerd van die Here (die kerk) ontwikkel en brei uit rondom hierdie boom. Maar aangesien die vyeboom self nie tot vrugbaarheid kom nie, benadeel dit op die duur die wingerd. Dit moet dus weg.

As ons nou veronderstel dat die tuinier van die gelykenis Jesus self is, sou ons kan dink aan sy intrede by die Vader wanneer Hy gekruisig word: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Lk. 23:34). As verhooring van hierdie bede het die Here sy volk nog veertig jaar gespaar en onder die besondere bearbeiding van die apostels gestel. Toe dit alles vrugteloos blyk, word die boom in die jaar 70 uitgekap, toe die Romeine Jerusalem en die tempel verwoes het.

Dit is wel 'n treffende vertolking van die vyeboom in die wingerd. Maar ook hier bestaan besware. Waarom bly dit 'n vyeboom en 'n wingerd wanneer dit tog gaan om die een koninkryk van God? Buitendien is dit ook 'n feit dat na die Pinksterdag duisende

Jode tot bekering gekom het en van Jerusalem af die Evangelie voortgedra het na ander dele van die wêreld. Dus, ook hierdie verklaring bevredig nie.

Ewe onbevredigend is dit om te meen dat die vyeboom die onbekeerlike Jerusalem is, oor wie Jesus geweet het (Lk. 19:41), en aan wie nog veertig jaar bekeringsgeleentheid gegun is.

Veeleer moet ons rekening hou met die gebruik van destyds om vrugtebome in die wingerd te plant. Die bedoeling van Jesus is eenvoudig om na 'n man se tuin te verwys. Hoofsaaklik is dit wingerd, maar daar staan ook 'n vyeboom. Alles wat geplant is, behoort vrug te dra, elk na sy aard. Maar as so 'n vyeboom niks lewer nie, het hy geen aanspraak op 'n staanplek in die tuin nie. Dit gaan dus nie om die vraag waarom daar nou juis 'n vyeboom in 'n wingerd staan nie, maar wel om die vraag waarom 'n onvrugbare vyeboom nog langer daar geduld moet word. Ons het hier te doen met die nadere toepassing van die woord in Mt. 7:19: "Elke boom wat nie goeie vrug dra nie, word uitgekapt en in die vuur gegooi". So 'n boom is die vyeboom. So 'n boom is ook die mens wat die vrug van bekering nie voortbring nie.

Voorts is dit van belang om te let op wie die eienaar van die wingerd is en wie die tuinier. Deur sommige word die mening uitgespreek dat Jesus die eienaar is. Die kerk, en ook die koninkryk, wat deur die gelykenis versinnebeeld word, behoort immers aan Hom. In daardie geval is die tuinier die dienaar van Christus wat sy eiendom moet versorg, met ander woorde die apostels en hul opvolgers. Steun vir hierdie standpunt kan gevind word in die gelykenis van "die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee" (Mt. 24:45).

Dit lê egter meer voor die hand om te aanvaar dat God self die eienaar is van hierdie wingerd, net soos Hy dit ook is van die wingerd waarvan die onwaardige landbouers nie die vrug wil lewer nie (Mt. 21:33-46). Dit gaan tog ook hier om die koninkryk van God, al word dit nie uitdruklik gesê nie. By 'n ander geleentheid het Jesus dit wel uitdruklik gesê: "My Vader is die landbouer" (Joh. 15:1), bedoelende daarby die eienaar en bewerker van die wingerd.

En as God die eienaar is, is Jesus self die tuinier. Hy is die versorger van die tuin van die Here. Hy is ook ons Voorspraak by die Vader (1 Joh. 2:1), wat vir ons intree by God (Hebr. 7:25). In die gestalte van 'n dienskneg, 'n tuinier, pleit Jesus by God vir die behoud van 'n onvrugbare vyeboom. "Meneer", sê Hy, "laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom anderjaar uitkap" (vs. 8-9).

Maar waarom hang die oordeel oor hierdie vyeboom? Die antwoord is kort: hy lewer geen vrug nie. Na sy uiterlike verskyning moes dit wel 'n pragtige boom gewees het. Hy staan binne die wingerd en ontvang van dieselfde tuinier dieselfde behandeling as die wingerd. Maar hy bly sonder vrug. Dit geskied nou al vir drie jaar (vs. 7).

Drie jaar. Die tydsaanduiding laat dink aan die duur van Jesus se omwandeling op aarde. Daar is verklaarders, veral diegene wat die vyeboom aanvaar as beeld vir Israel, wat met stelligheid meen dat die drie jaar betrekking het op Jesus se aardse bediening. Maar as die drie jaar so letterlik verstaan word, behoort die een genadejaar eweneens letterlik vertolk te word. Daartoe bestaan daar egter hoegenaamd geen rede of bewys nie. Buitendien het ons tog met 'n gelykenis te doen en nie met geskiedenis nie. Dit gaan dus nie om 'n letterlike tydsrekening nie, maar om die feit dat voldoende tyd aan die boom gegun is om sy vrugte te lewer. Sy vrugteloosheid is nie veroorsaak deur 'n ongunstige seisoen nie. As hy vir drie seisoene aaneen niks dra nie, lê dit tog aan die boom. Die veronderstelling is tog ook dat in dieselfde tyd die wingerd wel gedra het. En daarmee merk ons waarom daar juis van 'n vyeboom in die wingerd sprake is. Dit is omdat die vrugbare wingerd mede as kontrole dien vir die beoordeling van die onvrugbaarheid van die vyeboom.

Maar nou, na drie jaar het die boom nie net self nutteloos geword nie. Dit het 'n bedreiging vir die vrugbare wingerd geword. Hy maak die grond onvrugbaar (vs. 7).

Daardeur doen hy skade aan die vrugbaarheid van die wingerd en aan ander bome wat moontlik in sy nabyheid gestaan het.

Dit lei ons gedagtes na 1 Kor. 5. Daarin spreek Paulus die gemeente te Korinthe aan omdat hulle versuim het om tugmaatreëls te neem teen 'n persoon wat hom aan ergerlike wangedrag skuldig gemaak het. Die gemeente het die sondaar in hul midde geduld asof sy gedrag die gemeente nie sou benadeel nie. Hierteen spreek Paulus hom skerp uit. Hy vra: "Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit!" (1 Kor. 5:6-7). Dus, deur die tugtoepassing moes die gemeente die sondaar afsonder, anders werk sy voorbeeld en invloed soos 'n verderflike suurdeeg in die gemeente.

En in die gelykenis is sprake van 'n boom wat vanself nie skadelik is nie. Sy tekortkoming is sy onvrugbaarheid. Hy put die grond uit (vs. 7), en mettertyd belemmer hy die vrugbaarheid van die wingerd. Daarom moet die boom verwyder word.

So is dit in die gemeente van Christus. Wie nie vrug dra nie, genereer 'n skadelike werking. Ter wille van die geheel, moet so een verwyder word (vgl. Joh. 15:2).

Tog is daar genade. Op die punt waar die oordeel oor die vyeboom gevel word, tree die tuinier na vore en pleit vir sy behoud: "Laat hom nog hierdie jaar staan" (vs. 8). Die tuinier aanvaar as 't ware persoonlike verantwoordelikheid vir die boom. Hy onderneem om aan hom besondere sorg te bestee, en aan hom alles te doen wat nodig is om hom vrugdraend te maak. Maar dit is sy finale kans. Indien die boom nie gunstig reageer nie, kom die byl aan die wortel.

Dit is nie nodig om in hierdie verband aan die eindoordeel te dink nie. Vir elke mens wag daar 'n tyd van rekenskap wanneer God hom daartoe oproep. Die gespaarde lewe is slegs 'n uitstel, maar die uitstel is genadetyd. Die oordeel word vertraag as bewys van "die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid", maar dit is nodig om te besef "dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei" (Rom. 2:4). Dit geskied op voorspraak van Jesus Christus.

Die genadetyd is egter beperk. Een jaar is gou verby. Daarom moet onverwyld gereageer word op die genadewerk van God. Die Here wag op "vrugte wat by die bekering pas" (Mt. 3:8; Lk. 3:8).

Weereens hoor ons die woord wat tot die uitspraak van hierdie gelykenis aanleiding gegee het: "Die Galileërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het,... of daardie agtien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het — dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon?.. . Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom" (13:1-5).

## Hoofstuk 20: DIE VERLORE SKAAP

(Mt. 18:12-14; Lk. 15:3-7)

- 3 Toe vertel Hy aan hulle hierdie gelykenis en sê:
  - 4 Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle verloor, laat nie die nege en negentig in die woestyn staan en gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit kry nie?
  - 5 En as hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers.
  - 6 En as hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was.
  - 7 Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.
- [Lk. 15:3-7]

Die optekening van die gelykenis van die verlore skaap by Matthéus verskil van die by Lukas ten opsigte van die verband waarin dit voorkom en sekere besonderhede van inhoud. Van onderlinge teenstrydighede mag ons egter nie praat nie. Veeleer moet ons aanvaar dat Jesus dieselfde gelykenis by meer as een geleentheid en vir meer as een doel kon uitgespreek het.

Volgens die Matthéus-verhaal was Hy besig om te vermaan dat die kleintjies d.w.s. die kinders, maar ook die "kleine lui", d.i. die deur die Fariseërs veragte wet-onkundige volk, wat toegang tot die koninkryk van God verlang, nie verhinder mag word nie. Soos die herder die een verdwaalde skaap uit die honderd gaan soek en terughaal, "so is dit nie die wil van julle Vader wat in die hemele is, dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie" (Mt. 18:14).

In Lukas — en aan sy optekening wil ons hier oorweging skenk — vorm hierdie gelykenis saam met die oor die verlore penning (Lk. 15:8-10) 'n gelykenispaar wat as inleiding dien vir die gelykenis van die verlore seun en die oudste broer (15:11-32). In hierdie teksverband kry 'n ander aspek van die gelykenis die hoofklem as wat by M Matthéus die geval is. Die omstandighede waarin die drietal gelykenisse (of 'n mens sou na aanleiding van die woorde "hierdie gelykenis" in vs. 3 kon sê: die een gelykenis waarin drie prente voorgedhou word) uitgespreek word, bring die hoofgedagte na vore.

Jesus word omring deur tollenaars en sondaars d.i. mense wat hulle nie aan die voorskrifte van die Wet hou nie en daarom deur die godsdienstige leiers beskou word as verwerplik en van geen waarde nie. Hulle kom na Hom en luister graag na sy leringe. Die Fariseërs en skrifgeleerdes is daarvoor erg ontevrede. Jesus doen immers iets wat strydig is teen die sosiale en godsdienstige opvattinge van die tyd.

Om hulle tereg te wys, vertel Hy drie gelykenisse, waarvan die eerste die is van 'n herder wat sy afgedwaalde skaap gaan soek. In die bergstreek van Galilea is die ondervinding wat Hy teken algemeen bekend. Daarom kan Jesus die vertelling inlei met 'n vraag (vgl. Lk. 21:28), waarop die hoorders spontaan bevestigend moet antwoord omdat baie van hulle waarskynlik reeds presies gedoen het wat hierdie herder doen. Hulle weet dat op die oomblik wanneer die herder-eienaar ontdek dat een skaap verlore geraak het, daardie skaap nie waardeloos geword het nie, maar 'n hoër waarde verkry het as die nege en negentig wat in veiligheid verkeer. Die herder gaan hom soek, en het tewens daartoe die plig, ten minste indien hy die naam van herder waardig is. En as hy hom gevind het, verbly hy hom meer oor die een as oor die nege en negentig.

Tot op hierdie punt beweeg die gelykenis hom volkome op die terrein van die menslike ervaring. Dat die man baie bly sal wees oor die skaap wat hy teruggevind het, en sy bure daarvan sal vertel, is ook menslik. Maar dat hy hulle sal "bymekeer roep" om die mededeling te doen en te versoek dat hulle saam met hom bly moet wees, skep die indruk dat hy 'n fees aanrig om die gebeurtenis te vier. En op hierdie punt gaan die gelykenis iets verder as die normale ondervinding in die samelewing. Dit bring iets van



die element van die onmoontlike daarby, maar benadruk juis daardeur te meer die gedagte van die vreugde wat tog seker die hoofsaak in die gelykenis is. Daarom dat die woord oor die vreugde in die hemel herhaal word (vs. 7 en 10, vgl. 24 en 32). Deur die gelykenis en veral deur die vreugde wil Jesus 'n hoër waarheid toelig as die wat binne die gebied van die menslike ervaring lê. Per slot van rekening vind die gelykenisse van Lk. 15 hul betekenis in Jesus se opvatting van sy Messiaanse roeping, en dien daarom om ons iets mee te deel van sy bewustheid van sy sending na die aarde en die roeping wat Hy kom uitvoer het.

Twee gedagtes tree in hierdie gelykenis op die voorgrond: Eerstens die goeie herder wat alles in die werk stel om die afgedwaalde skaap te vind; en tweedens die uitnemende vreugde by homself en sy bure oor die een skaap wat teruggevind is. Albei gedagtes is baie gewichtig, maar by Lukas is die vreugde-motief stellig die belangrikste.

Die beelde van die herder en sy kudde kom in die Bybel herhaaldelik voor om die verhouding tussen God en sy volk te teken. Israel word voorgestel as die skape. Soms is hulle sonder herder en verstrooi op die berge, moeg en uitgeput (Eseg. 34:1-6; Mt. 3:36), maar die Here is die Goeie Herder wat hulle versamel en versorg (Ps. 23, 80, 95, 100; ook Joh. 10:1-16; 1 Pet. 2:25; 5:2 en 4; e.a.). Die skrifgeleerde en Fariseër wat die verhaal van die herder en sy honderd skape hoor, sal onmiddellik aan hierdie beeld van die verhouding tussen God en sy volk dink. Daarom sal hulle ook begryp dat Jesus se woorde 'n betekenis het wat veel dieper gaan as die vraag in verband met die uiterlike verkeer met diegene wat volgens die Wet onrein is. Dit is tog duidelik dat wanneer Hy met die sondaars en tollenaars verkeer, dit geensins daarop gemik is om 'n vennoot in hul ongeregtigheid te word nie, maar veeleer om in eie persoon die belofte van God in vervulling te laat gaan: "Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek die Here HERE. Die wat verlore is, sal Ek soek en wat weggedryf is, sal Ek terugbring en wat gewond is, sal Ek verbind en die siekes sal Ek versterk; maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg: Ek sal hulle oppas soos dit reg is!" (Eseg. 34:15-16). Dus in die optrede van Jesus is God, die Herder-eienaar, besig om met sy skape, sy volk, te handel, en daarom behoort juis diegene wat hulle oor die welstand van Gods volk besorg maak, die Fariseërs, en diegene wat die Skrifte ken, die skrifgeleerdes, hulle daarin te verbly dat die Goeie Herder (Joh. 10:11) die verdwaalde skaap terugbring na die kudde van die Here.

Alhoewel die gelykenis met die herder en sy skape te doen het, word, merkwaardig genoeg, van 'n "herder" geen melding gemaak nie. Die herder-eienaar word eenvoudig "'n man" of "'n sekere mens" genoem. Die bedoeling is blykbaar om op die gedagte te bring dat iemand wat oor 'n verlore en teruggevonde skaap nie só voel nie, eintlik nie 'n egte mens is nie. In sy samestel is daar iets onnatuurliks en onwesenliks, iets wat vreemd is aan alles wat menslik is. Ook hierin lê daar 'n teregwysing aan almal wat die optrede van Jesus teenoor die sondaars en tollenaars met dieselfde gesindheid bejeën as die Fariseërs en skrifgeleerdes.

Te meer moes daar vreugde gewees het omdat die herder alles op die spel geplaas het om die een skaap te red. Hy het ter wille van die soektog die nege en negentig aan hulself oorgelaat, en daarby nie net eie gerief geoffer nie, maar sy eie lewe in gevaar gestel. Indien hy oor eiebelang begaan was, sou hy stellig die nege en negentig meer werd geag het as die een. Daarom word dit duidelik dat dit nie die waarde van die een skaap is wat die herder se besondere optrede bepaal nie. Veeleer is dit die feit dat hy verlore is. Die skaap het in die toestand geraak van verlore-wees, en daardie toestand doen 'n beroep op die hart van die herder. Hy oorweeg nou nie die waarde of waardeloosheid van die skaap nie; sy enigste drang is om die skaap te herstel in die toestand van gevonde-wees.

'n Verlore skaap is werklik verlore. Hy is sonder instink om sy weg terug te vind en sonder toerusting om homself te beskerm. Daardie toestand van hopelose verlorenheid, en sonder dat die vraag na wie daaraan skuld het selfs in oorweging geneem word, spoor "die man" aan om sy skaap te soek en om hom oor sy redding uitermate te verbly. Nog meer behoort daar by die mense blydskap te wees wanneer die Seun van die mens

'n tollenaar of 'n sondaar uit sy toestand van volstrekke verlorenheid terugbring na die kudde van die Here. En wanneer die een skaap op daardie oomblik meer aandag geniet as die nege en negentig wat veilig is, behoort daarin geen ongerymdheid of rede vir "baie geklae" (vs. 2) te bestaan nie. Dit is wel waar dat die gelykenis die waarde van die een sondaar buite verhouding skyn te beklemtoon. Maar daardie waarde het elke sondaar om die beurt by God. Daarom is in die bepaalde situasie geen afguns geregverdig nie.

Die reg om te klae word nog minder wanneer ons let op wie met die "een sondaar" en die "nege en negentig regverdiges" (vs. 7) bedoel word. Almal saam is "mense", die eiendom van die een Herder. Maar hoe kan daar nou sprake wees van "regverdiges", en dan nog so 'n groot persentasie? Alle mense is tog sondig, en in hierdie lewe kan die staat van volkome regverdigheid en heiligheid nie bereik word nie (vgl. Rom. 3:23; Mt. 7:11; 9:13).

Daar is diegene wat die verklaring soek in die verwysing na die blydskap "in die hemel". In die gelykenis van die verlore penning heet dit: "blydskap voor die engele van God" (vs. 10). Daarom word gesê dat die nege en negentig "regverdiges" diegene is wat reeds veilig in die hemel is. Maar daarteenoor moet gestel word dat hulle tog "in die woestyn" (vs 4) agtergelaat word d.w.s. dáár waar hulle elke dag leef en hul weiding vind. Gevolglik moet ons die nege en negentig regverdiges in hierdie aardse lewe vind, net soos ook die een sondaar.

Veeleer lê die oplossing van die moeilikheid daarin dat Jesus vanuit die gesigspunt van die Fariseërs en skrifgeleerdes praat. Soos hulle hulself sien as die wetgetroue godsdienstige leiers, is hulle "regverdig" d.w.s. sonder bewuste skuld aan wetsoortreding. Daarteenoor is die tollenaar en sondaar 'n uitgeworpene, afgedwaalde wetsoortreder, en vir sover dit die "regverdiges" aangaan, van geen waarde of betekenis hoegenaamd nie. Deur die godsdienstige leiers van die volk is hulle losgelaat, prysgegee; maar juis hulle is die eiendom van Jesus, want hulle behoort tot die gemeente wat aan Hom as hul Here en Herder oorgegee is. Juis om hulle te red, het Hy gekom; juis hul toestand van verlore-wees spreek die hart aan van Hom wat gekom het na die "verlorenes van die huis van Israel" (Mt. 15:24). Sy optrede gaan daadwerklik om die redding van almal wat tot die huis van Israel behoort d.w.s. die "nuwe Israel van Christus"; daarom behoort elke "regverdige" wat eg belangstel in die huis van Israel, hom te verbly oor die redding van 'n sondaar, al was dit maar één.

Die blydskap van die herder word besonder treffend geteken: Op sy skouers dra hy die skaap huis toe. Dan roep hy sy vriende en bure byeen en sê: "Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was" (vs. 6). Die vriende en bure sou stellig nie net onvriendelik nie, maar onnatuurlik, byna onmenslik, gehandel het indien hulle nie in die vreugde sou deel nie. Waarom sou die Fariseërs en skrifgeleerdes hulle dan nie verbly wanneer iets veel heerliker gebeur nie naamlik 'n sondaar tot bekering gelei word?

Dit is opvallend dat Jesus in hierdie uitspraak na die godsdienstige teenstanders verwys met die terme "vriende en bure". Dit doen Hy om hulle op die verhouding te wys wat regmatiglik tussen hulle en Hom moes bestaan het, en voorts om op hulle 'n treffende beroep te doen om Gods werk nie te weerstaan nie. Veeleer moes hulle met blydskap meegewerk het aan die bevordering daarvan.

Hoe sterk die rede vir die blydskap is, word geteken deur die verwysing na die vreugde in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer. Indien die engele die voorbeeld stel — hulle wat in die teenwoordigheid van God staan — hoeveel te meer behoort die mense hul te verbly — hulle wat almal enkel uit genade gered is deur die goeie Herder-eienaar! Dus, waar die Fariseërs en skrifgeleerdes misnoeë te kenne gee oor die soekers-werk van Jesus, handel hulle strydig met wat normaalweg van hulle verwag kan word, en bewys hulle dat hulle geen insig het in die dinge van die hemel nie. Anders sou hulle gedoen het wat die engele doen — hulle verbly het oor een enkele sondaar wat deur die groot Soeker gevind en gered word.

## Hoofstuk 21: 'N VADER EN SY TWEE SEUNS: DIE JONGSTE

(Lk. 15:11-24)

- 11 Hy het ook gesê: 'n Man het twee seuns gehad.
  - 12 En die jongste van hulle het vir sy vader gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel.
  - 13 En nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe.
  - 14 En toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land, en hy het begin gebrek ly.
  - 15 Toe het hy hom by een van die burgers van daardie land gaan voeg. En dié het hom in sy veld gestuur om varke op te pas.
  - 16 En hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit aan hom gegee nie.
  - 17 Maar hy het tot homself gekom en gesê: Hoe baie huurlinge van my vader het oorfloed van brood, en ek vergaan van honger!
  - 18 Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u,
  - 19 en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.
  - 20 En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen.
  - 21 En die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.
  - 22 Maar die vader sê vir sy diensknegte: Bring die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete.
  - 23 En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees.
  - 24 Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word.
- [Lk. 15:11-24]

In sy werkie *De verlore Zoon* skryf F. E. Daubanton: "Onder de gelijkenissen des Heeren bekleedt déze eene eerste plaats. Zijn zij allen als kostbare paarden — ziehier, voorwaar, een parel van heerlijken gloed, van zeer groote waarde. Onze verbeelding, toen wij nog kinderen waren, werd er door geboeid. Onze rijpe jaren ontdekken er telkens weer diepten in van wijsheid en menschenkennis en Godskennis. Dichters vonden er stof in voor hunne zangen. Schilders gaven de treffendste oogenblikken eruit in lijn en kleuren weder. De Evangeliedienaar heeft hier voor zijne prediking een licht tot ontdekking, een bron van vertroosting en van bemoediging ... De wetenschappelijke Schriftverklaarders, die kalm-ernstig, scherp-ziend moeten wikken en wegen, kunnen woorden van bewondering toch niet terug houden."

Diep onder die indruk van die waarheid van hierdie uitspraak, en bewus van die onmoontlikheid om binne die gestelde bestek reg te laat geskied aan die rykdom van inhoud en die talrykheid van vraagstukke in hierdie mees bekende gelykenis van Jesus Christus, wil ons slegs op enkele hoofpunte 'n ligstraaltjie laat val.

As opskrif het ons gekies: "'n Vader en sy twee seuns", om daardeur te laat blyk dat ons hier nie met 'n gelykenis oor die verlore seun (vs. 11-24) plus 'n aanhangsel oor die oudste seun (vs. 25-32) te doen het nie. Wie dit wel so beskou, kom noodwendig tot die gevolgtrekking dat die "aanhangel" die indruk van die eintlike gelykenis verswak. Veeleer moet die eenheid van die geheel gehandhaaf word. Dit gaan hier om twee seuns wat elk op sy eie manier van hul vader vervreemd raak, hom smart aandoen, maar weer deur hom teruggenooi word om as broers onder sy dak te woon.

Hierdie eenheid kom sterker aan die lig wanneer ons die hoofgedagte van die gelykenis probeer vasstel d.w.s. die een gedagte waaruit die geheel verklaar moet word. Op hierdie punt loop die menings egter uiteen. Sommige vind die tema in die

onveranderlike liefde van die vader; ander in die gedrag van die twee seuns. Dit is stellig waar dat die belangrike saak die optrede van die vader en sy innerlike gesindheid is; maar die gelykenis het eweneens met die innerlike gesindheid en die optrede van die seuns te doen.

Uit die teksverband blyk dat hierdie gelykenis die derde van 'n reeks is, saam met die oor die verlore skaap en oor die verlore penning. In daardie twee val die klem sterk op die vreugde oor die terugvinding van wat verlore was. Hulle dien as oproep tot deelname in die verblyding, omdat daar selfs by die engele in die hemel vreugde is "oor een sondaar wat hom bekeer" (vs. 7 en 10). Die oproep gaan van Jesus uit om die Fariseërs en skrifgeleerdes te beskaam, wat dit Hom kwalik neem dat Hy met tollenaars en sondaars verkeer om hulle te red. Om die selfde gedagte nog meer pertinent te stel, voeg Hy die gelykenis van die sondaar wat hom bekeer, hieraan toe, en van 'n ouer broer wat weens verkeerdheid van hart nie in die vreugde van hul vader kan deel nie.

As ons die saak só sien, is die hoofgedagte die besondere optrede en innerlike gesindheid van die vader: sy ontroerende blydschap oor 'n seun wat die weg na die ouerhuis teruggevind het; en sy hartewens dat die ouer broer in daardie vreugde sal deel. Aan hierdie hoofgedagte is 'n hele reeks ewe belangrike waarhede ondergeskik. Hulle mag nie tot skade van die hoofgedagte oorbeklemtoon word nie; en ewemin mag hulle volkome op die agtergrond gestel word.

Ons let allereers op die smart en vreugde van die vader oor die jongste seun.

Hierdie seun verlang van sy vader "die deel van die eiendom wat my toekom". Blykbaar opper die vader geen beswaar nie, hoewel hy moontlik toe reeds in sy hart 'n diepe smart ondervind het. In elk geval "hy het tussen hulle die goed verdeel", en sodoende in ooreenstemming met 'n bepaalde stelsel van erfreg gehandel. Hoedat in Israel so 'n verdeling moes plaasvind, word in Deut. 21:17 vasgelê. Daarvolgens ontvang die oudste seun 'n dubbele deel, en aangesien die grond onvervreemdbaar is, bly hy die eienaar. In hierdie geval waar twee seuns betrokke is, sou die jongste dus op een derde deel aanspraak hê. Of die Israelitiese erfreg in hierdie geval toegepas is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Dit moet egter aangeneem word dat die mondige seun die reg gehad het om nog tydens sy vader se leeftyd sy erfdeel te vra. Aan hom sou sy deel dan in lewende hawe of munt uitgekeer word. Wat oorbly, is die twee derdes wat die oudste seun toekom. So 'n optrede van die jongste kan egter die bewys wees van 'n innerlike verset teen die vader en 'n begeerte om nie meer die vader-seun-verhouding te eerbiedig nie. Hoe dit ook sy, sodra die jongste sy aandeel ontvang het, het hy geen verdere aansprake op die boedel nie en kan die vader met waarheid aan die oudste sê: "Al wat myne is, is joue" (vs. 31). Maar as dit die gevolg is van die jongste se optrede, vind ons ook hierin 'n gedeeltelike verklaring van die latere optrede van die oudste. Aan die anderkant is dit ook waar dat die vader tydens sy leeftyd die eienaar en bestuurder van die eiendom bly. Die oudste seun is in daardie omstandighede gebonde om daar te bly maar hy staan prakties in diens van sy vader.

Belangrik is die vraag of die jongste seun in die uitoefening van sy reg, aan die vader 'n versoek of 'n eis gestel het. Indien hy 'n eis gestel het, begin sy sonde reeds hier. In die geval is sy optrede die uiting van 'n vervreemding van sy vader wat reeds vër deurgewerk het in sy lewe. Dan het hy in sy hart reeds so ver van sy vader verwyderd geraak dat hy in sy nabyheid nie meer gelukkig was nie, en nou sy vryheid en geluk op eie manier elders wil gaan soek. Dit is egter te betwyfel of die woorde van die gelykenis vir so 'n opvatting genoegsame grond bied, en of ons eie kennis van die sondaar se afdwaling van God in hierdie geval nie die Skrifverklaring beïnvloed nie.

Dit skyn meer in ooreenstemming met die regposisie van die jonger seun in daardie tyd te wees dat hy aan sy vader 'n gebillikte versoek gestel het. Indien hy tuis sou bly, sou hy slegs die oudste broer, wat eienaar van die grond sou word, as kneg moes dien. Dit is dus begryplik dat 'n moedige, vooruitstrewende seun sou verkies om in die vreemde 'n lewensbestaan te gaan soek. Sy voorneme sou wel die vader se hart droefheid kon aandoen, maar tog ook met trots vervul.

Sien ons sy vraag dus as 'n versoek, dan het hy nie gesondig deur van die ouerhuis weg te gaan nie. Hy het in die bepaalde omstandighede met verantwoordelikheid en idealisme gehandel. Eers later begin die sonde. Die besit van 'n aansienlike bedrag geld, en die valse vriende wat daardeur aangelok word, bring hom in allerlei versoekings wat voorheen vir hom onbekend was. Hieraan gee hy toe en begin die moeras van sonde ingly. Sy vermoë is weldra volkome uitgeput en sy vroeëre werkkrag ondermyn; ook is die weerstand van sy gees gebreek.

Om sy ellende te vermeerder, kom daar 'n sware hongersnood oor die land. Hy wat geen geld het nie, verkeer vanself in hongersnood, selfs te midde van oorvloed. Maar nou het daar 'n algemene skaarste gekom as gevolg waarvan voedsel uiters duur en werk uiters skaars geword het. Daar was dus geen sprake meer van 'n lewensbestaan te vind nie; hoofsaak was maar net om aan die lewe te bly.

In sy nood voeg hy hom by een van die burgers van daardie land, en word aangestel as varkwagter — 'n uiters vernederende werk vir 'n Jood. Hier moes hy voorts ontdek dat sy lewe minder gereken word as die van die varke. Aan hulle word die peule van die Johannesbroodboom gegee, maar aan hom word dit nie gegun om daarvan te eet nie, ook wanneer hy daarmee sy knaende honger wil stil.

Vermoedelik is dit wel die peule van die Johannesbroodboom wat hier bedoel word. Daardie peule het as voedsel vir die aller-armstes gedien. 'n Spreekwoord het gesê: Wanneer die Jood op die vrugte van die Johannesbroodboom aangewys is, keer hy terug. Op hierdie punt het ook die jongste seun "teruggekeer".

Hierdie allerdiepste ellende het 'n heilsame uitwerking gehad: dit rig die gedagtes op die vaderhuis, en lei tot die besluit om terug te keer. Moontlik het hy wel by vorige geleenthede aan huis toe gaan gedink maar om daartoe te kon besluit, was onmoontlik, eenvoudig uitgeslote, weens die grootheid van sy sonde. Vrees vir die toorn van sy vader was seker nie die sterkste faktor om hom terug te hou nie. Eerder was dit die innerlike onvermoë om sy sonde voor 'n ander te erken. Hy wou dit liever verberg, liever uithou, liever self probeer oorwin in die hoop dat sy huismense nooit van sy diepe val te hore sal kom nie. Dit het wel ontsettend veel geverg om hierdie vrugtelose menslike weerstand in sy hart te oorwin. Eers die allerdiepste ellende en ongelukkigheid bring hom daartoe om "tot homself te kom", en bereid te wees om hom voor sy vader te gaan verootmoedig. So groot was die mag wat die sonde op hom gehad het, dat slegs so 'n uiterste lyding van liggaam en gees hom tot inkeer kon beweeg. Hy besef dat sy enigste weg tot lewensbehoud die is van terugkeer na sy vader en skuldbelydenis aan sy voete. Hy het wel die reg op seunskap verbeur. Hy het immers sy seunsaandeel weg. Maar om daar in die vaderhuis slegs 'n huurling te wees, sou hemel wees. Hy wat so vol selfvertroue vertrek het, sou nou as verlore seun, sonder enige vertroue in homself of in wat hy van geboorte is, terugkeer. Daarmee het hy die eerste stap op die weg van boetedoening geneem: hy het tot kennis van sy sonde gekom.

Al teken die gelykenis 'n besondere geval, het dit algemene geldigheid. Dit laat sien hoe dit met die mens gaan wat van die geboorte van die Here afwyk, en dui die enigste weg tot bekering en redding aan. By die verklaring word die versoeking sterk om aan elke besonderheid 'n oordragtelike betekenis te gee, met die oog op die ervaring van die sondaar in sy afdwaling en die boetvaardige in sy terugkeer. Die raak getekende sielkundige verloop gee natuurlik aanleiding tot verdere uitbou van die opeenvolgende momente in die bekeringsgang. Tog sou ons aan die verbeelding te veel ruimte gee, indien ons elke besonderheid sou wil verklaar in 'n geestelike sin. Die onderdele dien ook hier om die hoofgedagte van die gelykenis na vore te bring. Daardie hoofgedagte is te vind in die feit van die terugkeer en die groot vreugde by die vader.

Die seun kom dus tot homself en besluit om terug te gaan. Met die vaste besluit staan hy uit sy ellende op en kies hy die pad na sy vaderhuis. Maar wat sal hy by sy aankoms doen? Die waarheid probeer verberg? Of met leuens sy spore probeer toedek? Nou begryp hy dat hy daarmee slegs die kwaad sal vererger. Daar is net een weg: hy sal met die volle waarheid voor die dag kom en gaan bely: "Vader, ek het gesondig teen die

hemel en voor u."

Dit verdien die aandag dat hier onderskei word tussen "die hemel" d.i. God en die vader. Dit bring mee dat ons in die verklaring van die gelykenis nie as vanselfsprekend mag veronderstel dat die "vader" God is nie. Dit is wel waar dat in eintlike sin 'n mens alleen van sonde teen God kan praat, en dat gevolglik hier aan die vader as God gedink moet word. Tog praat die Nuwe Testament ook herhaaldelik van sonde teen die mense. Daarom is die uitdrukking "teen die hemel en voor u" nie 'n dubbelsegging van dieselfde saak nie. Veeleer bring dit aan die lig dat die "vader" in die gelykenis nie aan God gelyk is nie. Gevolglik mag die verhouding: seun — vader hier slegs na nadere verduideliking in verband gebring word met die van sondaar — God.

Maar wie is die "vader"? As ons let op die herder by die verlore skaap en die vrou by die verlore penning (Lk. 15:1—10), kom ons tot die insig dat die "vader" hier dieselfde persoon voorstel naamlik Jesus Christus wat gekom het om te soek en salig te maak almal wat verlore gaan. Dus, ook hierdie gelykenis bring 'n getuigenis aangaande Jesus se sekerheid dat Hy die Messias is en aangaande sy opvatting van sy goddelike roeping op aarde. Hy het gekom om te red; en wanneer een siel gered word, is daar by die Heiland groot blydschap.

Hieruit word ook duidelik hoedat die vader die terugkerende seun van vër sien aankom en hom tegemoetsnel. So handel Jesus teenoor die sondaar wat van sy dwaalweë terugkeer.

Die ontmoeting is hartroerend.

In die gelykenis is daar aanduidings dat berigte aangaande die leefwyse van die jongste seun die vaderhuis moes bereik het. Daaruit ontstaan sekere vrae: Waarom het die vader dan nie aan hom hulp gestuur nie? Waarom het hy hom nie gaan soek nie — soos die herder die verlore skaap gaan soek het? Sou die vader sy hart teen die afgedwaalde seun, wat aan sy naam oneer aangedoen het, verhard het?

Al hierdie vrae verval by die aanskou van die blydschap van die vader by die begroeting van sy onwaardige, in lompe geklede, vernederde, maar berouvolle seun. Hier spreek die lief de die hoogste woord. Daar is geen verwyte nie, en geen verduideliking gevra nie; slegs een woord spreek uit alles wat gebeur. Dit is die liefde wat die kwaad nie toereken nie, en wat alle dinge bedek (1 Kor. 13:5, 7).

Een ding word die seun egter nie gespaar nie. Hy moet sy skuldbelydenis uitspreek. Die liefde wat hy nou van die vader ondervind, moes die smart van die belydenis oneindig verhoog het. Tog het dieselfde liefde hom meer vrymoedigheid gegee om met die volle waarheid voor die dag te kom. Eers die uitspreek van die skuldbelydenis het in sy siel die bande wat hom aan die roemlose verlede gebind het, verbreek. Maar die diep waters van skuldbelydenis moes hy deurgaen, en die vader bied hom daartoe ook die geleentheid.

Daarteenoor word die voorgenome versoek: "Maak my soos een van u huurlinge" nooit uitgespreek nie. Daartoe gee die vader geen geleentheid nie. Trouens dit is 'n onmoontlike versoek. 'n Seun kan immers tot sy vader slegs in een verhouding staan naamlik die van seun — 'n afgedwaalde en 'n teruggekeerde seun, maar nietemin 'n seun. Daar is geen kwessie van dat 'n seun in die verhouding tot sy vader sal staan waarin 'n huurling tot sy meester staan nie. Die teenstelling is nie seun teenoor huurling nie, maar verlore teenoor gevind, dood teenoor lewend. En tog, wat die vader betref, bly hy in elk geval "seun van my" (vs. 24).

Waar die seun wat in sonde verlore was hom in verootmoediging en diepe skuldbelydenis voor die vader stel, het hy by uitnemendheid die seun geword wat die hart van sy vader uitermate aangryp en verbly. Hy is gevind. Met 'n hartlike soen, 'n gebaar wat boekdele spreek, word hy terugontvang in die hart en huis van sy vader. Hy wou hom as huurling aanbied; hy word die seun van vreugde.

'n Feeskleed, 'n ring aan die vinger en skoesel vir die voete word onverwyld gebring.

Die vetgemaakte kalf word geslag en 'n vrolike fees begin. Almal wat op die plaas werksaam is, word opgeroep om in die vreugde te deel, want, sê die vader: "Hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind."

"Verlore en gevind" is die woorde waarmee die gelykenisse oor die skaap en die penning afgesluit het. Hier kom egter 'n verdere uitspraak by: "hy was dood en het weer lewendig geword". Omdat hierdie gelykenis met mense te doen het, kom die woord oor die dood en die lewe noodsaaklikerwyse daarin voor. Daarin word die gevolg van die afdwaling aangegee naamlik die dood; maar ook die wonder van die reddende genade: hy word lewendig gemaak, soos die apostel skryf: "En julle (het Hy lewendig gemaak), wat dood was deur die misdade en die sondes" (Ef. 2:1). Daarmee gaan ook die woord van die profeet in vervulling: "En as Ek vir die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe — en hy hom van sy sonde bekeer, en reg en geregtigheid doen — dan sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie" (Eseg. 33:14).

"Verlore en gevind, . . . dood en lewendig geword" — hierdie woorde klink soos 'n vreugdeklok en roep op tot deelname aan die verblyding oor die liefde wat red. Ook hier gaan dit om die "blydschap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer" (15:7 en 10). "En hulle het begin om vrolik te word". Aan daardie blye fees het almal deelgeneem wat soveel liefde en agting vir die vader gehad het dat hulle hul kon verbly in 'n gebeurtenis wat die een ding was waarvoor hy geleef het: die terugkoms van 'n verlore seun in die vaderhuis.

En die egtheid van die deelname aan hierdie verblyding oor die een siel wat gered is, word die toets vir die lojaliteit teenoor die vader.

## Hoofstuk 22: 'N VADER EN SY TWEE SEUNS: DIE OUDSTE

(Lk. 15:25-32)

- 25 En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange.
- 26 En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken.
- 27 Dié sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het.
- 28 En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy vader gaan toe uit en smee hom.
- 29 Maar hy antwoord en sê vir sy vader: Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie.
- 30 Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.
- 31 Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue.
- 32 Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.
- [Lk. 15:25-32]

In die tweeledige gelykenis is die eerste gedeelte oor die verlore seun diep aangrypend en vind dit sy klimaks in die groot blydschap van die vader. Tog bereik die gelykenis sy eintlike hoogtepunt in die onderhandeling van die vader met die oudste seun. In die onwilligheid van hierdie seun om mee te doen aan die vreugdefees kom die tweede hoofgedagte van die gelykenis, en miskien die belangrikste gedagte, op die voorgrond. Die finale indruk wat dit op die hoorders maak, is die van dankbare bewondering vir die alles-vergewende liefde van die vader, en van verontwaardigde afkeuring vir die ontoegeeflike liefdeloosheid van die oudste seun.

Die vertelling aangaande die tuiskoms van die jongste seun kan by die hoorders die indruk wek dat die blydschap van die vader in die omstandighede oordrewe is. Maar wanneer hulle van die afsydigheid, die eiegeregtigheid en liefdeloosheid van die oudste seun hoor, word die optrede van die vader gebillik, en hul verontwaardiging op diegene gerig teenoor wie Jesus juis sy afkeuring uitspreek, naamlik dat hulle weier om mee te doen aan die blydschap oor 'n sondaar wat hom bekeer, selfs wanneer die engele van God hulle daarin voorgaan.

Anders as die jongste seun, het die oudste tuisgebly. Hy het in die bevoorregte posisie verkeer dat alles wat oorgebly het nadat die vader "tussen hulle die goed gedeel" het, aan hom sou toekom. Hy kon dus in rustige veiligheid hom aan die arbeid wy, wetende dat al is die vader nog daar, hy tog besig was om vir homself rykdom te vergader. Vlytig en nougeset bly hy aan die werk, en merk niks van wat op 'n bepaalde dag op die werf gebeur het nie. Juis sy getroue pligsvolvoering bring mee dat hy veld toe moes gaan en dus van die terugkeer van die jongste seun en die aanrigting van die fees niks merk nie.

By sy tuiskoms in die aand is die fees in volle gang. Die "musiek en beurtsange" word reeds gehoor. Van een van die slawe verneem hy wat gaande is: "U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het". Die feit dat die seun 'n slaaf om inligting vra, en nie die vader laat roep het nie, kan wel daarop dui dat ook by die oudste seun 'n sekere vervreemding van sy vader ingetree het. Dit hoef hier egter nie beklemtoon te word nie omdat die seun ewe goed eenvoudig van die eerste die beste persoon inligting sou gevra het.

Merkwaardig is die antwoord van die slaaf. Hy verwys daarin nie na sy baas of na die jongste seun nie, maar na "u vader" en "u broer". Daardeur word uitdrukkings gebruik wat die oudste broer aan sy liefdesplig moes herinner het. Te meer moes die liefde nou die gedrag bepaal het omdat hy hom moes probeer inleef het in die vreugde van die



vader wat een van maar net twee seuns teruggekry het, en daarby self verbly moes gewees het omdat die een wat behoue tuisgekom het tog sy enigste broer was.

Maar "hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie". Daardeur het hy homself as 'n veronregte, maar in die werklikheid as 'n skuldige, vereensaam. Die huurlinge en slawe het meegedoen aan die feestelikhede; maar 'n seun weier om daaraan deel te neem al is die sentrale persone op die fees sy eie vader en sy enigste broer.

Die vader, wat wel die gesag gehad het om die oudste seun te beveel, gaan na buite om die saak met hom te bespreek. Meer nog, die vader gaan by sy seun pleit. Dit val op dat die vader ook teenoor die oudste seun anders handel as wat 'n aardse vader in dergelike omstandighede geneig sou wees om te doen. Met kalme waardigheid en liefde tree hy op. Sy humeur verloor hy nie. In 'n gees van begrype en mildheid bespreek hy die saak met sy seun. Trouens, ook hier, net soos teenoor die jongste seun, bring die vader geen verwyte na vore nie. Niks wat onherroeplike verwydering kan veroorsaak, wil hy sê of doen nie. Slegs pleit hy by die seun, en hy doen dit in ongeveer dieselfde woorde waarin hy die huurlinge tot die fees opgeroep het: "Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind." Aan die oproep het die huurlinge geredelik gehoor gegee, maar die oudste broer weier.

Vir die hele situasie het hy geen waardering nie omdat hy die rede vir die fees nie begryp nie. Hy sien dit as 'n huldigungsfees vir 'n seun wat hom ontrou en onwaardig gedra het. Maar herhaaldelik word verklaar dat die vreugde ontstaan het omdat die seun wat verlore was, teruggevind is (vs. 24 en 32), of soos die slaaf dit uitdruk: "omdat hij (die vader) hem gezond en wel terug heeft" (vs. 27, vert. v. NBG). Dit is dus die feit van die redding wat die blydschap veroorsaak, en minder die persoon van die geredde. Maar in hierdie geval behoort die aanleiding tot die fees nog groter te wees omdat by die feit van die redding ook nog die persoon van die geredde in aanmerking kom; hy is die eie seun en die enigste broer. Maar die oudste broer wil die fees nie anders verstaan nie as 'n misplaaste huldiging van 'n iemand wat hy weier om "broer" te noem.

Gevolglik bring hy sekere besware na vore teen sy vader en sy broer. Voorop stel hy: "Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie." Dit is volkome waar. Hierdie seun het al sy kragte ingespan om sy vader te dien en om alle gebooe te onderhou. Van die jongste kan dit beslis nie gesê word nie.

Uit sy uitspraak straal daar 'n selfverheffende eiegeregtigheid wat hom laat ken as ongenaakbaar en liefdeloos teenoor 'n broer wat hom anders gedra het. Maar ook word dit duidelik dat die oudste seun in sy diens van die vader geen vreugde gesmaak het nie. In die gesteldheid van sy gees was hy weinig anders as 'n slaaf. Hy het troue diens gelewer maar daarin nie sy vryheid gevind nie. Ook het hy geen oog gehad vir die voorreg om steeds in die vaderhuis te mag vertoef nie en volle genot te hê van alles wat voorhande was. Blykbaar het hy bewus gebly van die feit dat hy die erfgenaam is, maar nie die lewensvreugde gesmaak wat daardie rykdom en die vaderliefde hom kon skenk nie. Inteendeel, hy het sy hart gerig op iets kleins en waardeloos in vergelyking met wat hy by die vader geniet het: 'n bokkie om buite die teenwoordigheid van sy vader met sy eie vriende 'n fees te vier, afgesonderd en in eie geslote kring. Hoewel hy nooit hierdie genot gesmaak het nie — tog maar 'n kleinlike genot — is nou die vetgemaakte kalf geslag "toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het."

Vervreemding, liefdeloosheid en ondankbaarheid spreek uit hierdie woorde. Al het die seun nooit die ouerhuis verlaat nie, was hy in sy hart 'n vreemdeling. Sy blydschap het hy nie in die nabyheid van sy vader gevind nie, en die bedoelings van sy vader kon hy nie begryp nie. Die verwydering, en ook die liefdeloosheid, blyk daaruit dat hy onwillig is om die jongste seun sy broer te noem. Al het die slaaf gepraat van "u broer" en "u vader" en daardeur aan die onontkenbare waarheid herinner dat albei die seuns van een vader was en daarom broers; en al het die vader gepraat van "hierdie broer van jou", bly die oudste seun volhard met die verwysing: "hierdie seun van u". Daarin handel hy liefdeloos en kwetsend teenoor die vader, en weier hy om die broerskap van die jongste

te erken. Juis met hierdie optrede het hy sy ontsettende eiegeregtigheid en sy onvergeeflike liefdeloosheid laat blyk. En waar so 'n gesindheid van hart bestaan, kan daar ook geen sprake wees van deelname aan die vreugdefees oor een wat in sonde verlore was en nou terugkeer het nie.

Tog, volgens wet geredeneer, het die oudste seun die reg aan sy kant. Juis hierin is die skerpheid van die gelykenis geleë. Die jongste het immers sy erfdeel weg. Nou het hy geen verdere aansprake nie en sal sy terugkeer slegs tot veronregting van die oudste kan lei. Dus juridies beskou, kan niemand die oudste vir sy optrede kwalik neem nie, maar volgens die wet van die liefde wel. Oor 'n verlorene wat terugkom, móét daar blydskap wees, te meer wanneer hy 'n broer is.

Om die oudste daartoe te beweeg om die wet van die liefde te gehoorsaam, spreek die vader hom aan: "Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue." Die verhouding van kind tot vader moet steeds in ag geneem word, en dan sal daar ook waardering wees vir die feit dat kinders van dieselfde vader altyd broers bly. Aan hierdie feit kan geen omstandighede hoegenaamd iets verander nie. Daarby kom nog dat die oudste, wat steeds die voorreg geniet het om naby die vader te mag wees, moet bedink dat hy geensins die ellende en die leed van verwydering en eensaamheid gesmaak het soos sy broer nie. Gevolglik moet die liefde hom daartoe dring om bly te wees wanneer 'n afgedwaalde broer weer in die vaderhuis behoue terugkeer. En wat meer is, die volle eiendom van die vader hoort tog nog aan die oudste. Van ongelyke behandeling kan daar geen sprake wees nie. Trouens eers nou is daar gelykberegting tussen die twee seuns. Die jongste het steeds in 'n ongelyke posisie verkeer. Hy kry maar een derde van die goed; hy moet wegtrek om elders 'n heenkome te probeer vind; hy word meer as die oudste aan versoekinge blootgestel en dan tot sonde verlei; hy moet bittere smart en diepe vernedering, waarvan die oudste geen denkbeeld kan vorm nie, verduur voordat hy eindelijk deur die nood gedryf word tot terugkeer. Nou dat hy terug is, besit hy volstrek niks nie: alles wat hy het, hoort aan die vader. Maar daarin het hy vir die eerste keer aan die oudste gelyk geword, aan wie die vader sê: "al wat myne is, is joue". Aan die oudste is geen tekort gedoen nie; aan die jongste is geen begunstiging bo die oudste bewys nie. Albei word met dieselfde liefde 'n plek in die vaderhuis gegee, en onderling is hulle wat hulle van die begin af was naamlik broers. Maar juis omdat die jongste "dood was en weer lewendig geword het, en verlore was en gevind is," moet die oudste as opregte broer in wie die liefde woon, gehoor gee aan die uitnodiging van die vader en deelneem aan die blye feesviering.

Hoe sou die oudste broer hierop gehandel het? Dit word ons nie meegedeel nie. Die indruk word gelaat dat hy in sy onbroederlikheid volhard het. Daarmee staan hy veroordeel voor die mense, voor die engele en voor God self. Hoe dit ook sy, om te weet wat sy antwoord op die vader se uitnodiging was, is vir die doel van die gelykenis nie nodig nie. Daardie doel is reeds bereik: elkeen wat weier om verbly te wees oor die behoud van 'n sondaar, tree op as 'n huigelaar. Hy handel snood onbroederlik en staan vereensaamd en veroordeel.

Wie is nou die mense wat handel soos die oudste seun? Dit is hulle wat dit Jesus kwalik neem dat Hy met tollenaars en sondaars (d.i. die jongste seun in die gelykenis) aan tafel gaan, en vir wie Hy juis wil oproep tot deelname aan die vreugde oor die redding van die sondaars naamlik die Fariseërs en die skrifgeleerdes (15:1 en 2). Hulle kan daarop roem dat hulle steeds die gebooi onderhou het en nooit die diens van die Here verlaat het nie. Maar daarby is dit juis hulle wat in hul pligsgetrouheid g'n vreugde gesmaak het nie, en geleef het asof hulle onbewus was van die rykdom van sielsverblyding wat God vir hulle weggeleë het. Met die tollenaars en die sondaars wat die wet van God verlaat het, wil hulle geen gemeenskap oefen nie, selfs nadat laasgenoemdes, die verlorene, deur Jesus "teruggevind" is. Aan hulle wil Hy dit nou duidelik stel dat die geredde sondaar seun is van dieselfde Vader en daarom hul broer. Die wet van die liefde moet hier die hoogste woord spreek, anders word die woord bewaarheid: "Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God" (Mt. 21:31).

Slegs twee seuns is daar van die vader. Daar is dan ook in die koninkryk van God en in die gemeente van Christus slegs hierdie twee moontlikhede naamlik van "regverdiges" en "sondaars". En teenoor die Vader het albei gesondig. Die laasgenoemdes is diegene wie se sonde openbaar geword het en wat met berou teruggekeer het. Oor hulle is daar vreugde in die hemel. Die eerstes is hulle wat steeds getrou was; wie se sondes toegedek gebly het en wat dit so moeilik kan vind om hul te verbly oor 'n bekeerde sondaar, of om hom as broer te verwelkom. Maar tussen die twee is daar 'n diepliggende saamhorigheid. Ten spyte van hul sonde is hulle kinders van een Vader. Daardie feit behoort hulle ook saam te voeg as broers van mekaar, wat slegs uit die genade en liefde lewe van die Vader wat verklaar: "Al wat Myne is, is joue."

Die toets van die egtheid van die kindskap en die broerskap is in die een geval die berouvolle terugkeer, en in die ander die opregte verblyding oor die redding van 'n siel, wie hy ook al mag wees. Laasgenoemde is hier die belangrikste. Hierin vind die gemeente van Christus ook sy eenheid met die Here en sy ware karakter as 'n gemeenskap van kinders van God, dat hy hom verbly oor 'n broer wat terugkom — 'n broer ter wille van wie Christus ook gesterf het (vgl. 1 Kor. 8:11).

## Hoofstuk 23: DIE KONINKLIKE BRUILOFSMAAL

(Mt. 22:1-14; Lk. 14:15-24)

- 1 En Jesus het weer deur gelykenisse met hulle begin spreek en gesê:
  - 2 Die koninkryk van die hemele is soos 'n koning wat 'n bruilof vir sy seun berei het
  - 3 en sy diensknegte uitgestuur het om die genooïdes na die bruilof te roep, en hulle wou nie kom nie.
  - 4 Weer het hy ander diensknegte uitgestuur met die boodskap: Sê vir die genooïdes: Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof.
  - 5 Maar hulle het hul daaraan nie gesteur nie en weggegaan, een na sy eie stuk land en 'n ander na sy handelsaak.
  - 6 En die origes het sy diensknegte gegryp en mishandel en doodgemaak.
  - 7 Toe die koning dit hoor, het hy kwaad geword en sy manskappe gestuur en daardie moordenaars omgebring en hulle stad aan die brand gesteek.
  - 8 Daarop sê hy vir sy diensknegte: Die bruilof is wel gereed, maar die genooïdes was dit nie werd nie.
  - 9 Gaan dan op die kruispaaie en nooi almal wat julle mag vind, na die bruilof.
  - 10 En daardie diensknegte het uitgegaan op die paaie en almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies, en die bruilofsaal het vol gaste geword.
  - 11 En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie.
  - 12 En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie.
  - 13 Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geweens wees en gekners van die tande.
  - 14 Want baie is geroep, maar min uitverkies.
- [Mt. 22:1-14]

'n Vergelyking van Mt. 22:1-14 met Lk. 14:15-24 stel ons voor die vraag of ons hier met twee berigte aangaande dieselfde gelykenis of met twee afsonderlike gelykenisse te doen het. Die eerste deel van die gelykenis by Matthéüs (vs. 1-10) kom in algemene trekke ooreen met die wat Lukas opteken. Tog spreek Lukas nie van 'n koning en van 'n bruilof nie maar sê: "'n sekere man het 'n groot maaltyd gegee". Ook die mededeling van die bevel om die moordenaars om die lewe te bring en hul stad aan die brand te steek, kom by Lukas nie voor nie. Daarby plaas Lukas sy gelykenis betreklik vroeg in Jesus se omwandeling terwyl Matthéüs syne tydens die optrede in die tempel in die week voor die kruisiging stel.

Die nadere vergelyking lei ons tot die slotsom dat dit eintlik twee afsonderlike gelykenisse is. Wel is daar ooreenstemming in die inhoud, maar ons het hier stellig met 'n geval te doen waar Jesus by verskillende geleenthede ongeveer dieselfde gelykenis gebruik het om 'n bepaalde waarheid te verkondig.

Die vertelling by Matthéüs (vs. 11-14) van die koning wat sy gaste kom besigtig en die man sonder bruilofskleed laat uitwerp, kom by Lukas nie voor nie, en laat die vraag ontstaan of hierdie gedeelte nie 'n afsonderlike gelykenis is nie waarin 'n nuwe waarheid uitgedruk word. Hoewel daar vir so 'n opvatting wel iets te sê is, pleit die teksverband en die verloop van die vertelling vir die eenheid van die geheel. Een hoofgedagte oorheers die geheel naamlik die onaanneemlike antwoord van die mens op Gods aangebode heil. Hierdie antwoord kan 'n ongelowige verwerping van die heil wees, of 'n onbevoegde toeëiening daarvan. In albei gevalle tref die oordeel van God die oortreder. En uit die verloop van die gebeurtenisse word 'n verklaring gevind waarom dit tot skeiding tussen die vele geroepenes en die weinige uitverkorenes kom.

By Matthéüs sluit hierdie gelykenis direk aan by die oor die onwaardige landbouers (21:33-43). Daar gaan dit om diegene wat verplig is om die vrug van die wingerd te

lewer maar weier, en dan die boodskappers mishandel en vermoor. Hulle word deur die oordeel getref, maar die werk in die wingerd word voortgesit deur waardige landbouers. Hier weer word gaste tot 'n fees genooi maar hulle weier om te kom; die boodskappers word doodgeslaan. Daarop tref die ontsettende oordeel die onwaardige genooies. Die fees gaan egter voort, en ander word as gaste genooi.

Albei gelykenisse het te doen met die koninkryk van God as die volle heilsbesit wat die Here allereers aan Israel aangebied het maar wat weens die onwaardigheid van Israel nou tot beskikking gestel is van alle mense uit wie God sy uitverkorenes vergader.

In die gelykenis van die koninklike bruilof, soos ook in verskeie ander, kom 'n vermenging van werklikheid en verdigting voor. Daarmee word bedoel dat die werklikheid telkens bo die gelykenisstof uitbreek (bv. vs. 6, 7, 13) met die gevolg dat 'n allegoriese verklaring vanself hier 'n groter rol moet speel as in 'n suiwere gelykenis. Daarom kon ons reeds aanvaar dat die koning God is, die onwillige genooies die Jode, en die bruilof van die seun die Messiaanse ryk met al sy heilsgawes.

Die voorstelling van die koninkryk van die hemel as 'n bruilof of 'n feesmaal kom in die Skrif meermale voor (vgl. Mt. 8:11; 9:15; Lk. 14:16; e.a.). Die rykbelaaide tafel en die feestelike atmosfeer dien as beeld van die rykdom van heil en die volle geluksaligheid wat die Here vir sy genooies voorberei het. Daarby moet in gedagte gehou word dat die feesmaal die beeld is van onbevange gemeenskapsoefening van die gaste onderling en met die gasheer. Ook hierdie aspek is 'n belangrike in die koninkryk van die hemele. Daarom word nooit van afsonderlike tafeltjies melding gemaak nie, maar van een groot tafel waarby al die gaste kan plek neem en as een groot geselskap in die vreugde deel.

In hierdie bepaalde geval is dit 'n bruilofsmaal aangerig vir die seun van die koning. Wie die seun is en wie sy bruid, word nie vermeld nie. Ons kan aanvaar dat Jesus Christus bedoel word (vgl. gelykenis van die tien meisies, Mt. 25:1-13), maar besonderhede van hierdie aard word verswyg omdat dit vir die hoofdoel van die gelykenis nie van betekenis is nie. Die hoofdoel is immers om die optrede van die genooies te teken.

Tot hierdie koninklike feesmaal word sekere persone uitgenooi. Allereers ontvang hulle 'n algemene uitnodiging waarop hulle blykbaar hul inwilliging te kenne gegee het. Daarop volg die besondere uitnodiging wanneer die fees gereedgemaak is. Op hul onwilligheid om te kom, volg 'n derde uitnodiging waarby die oorfloed en die aantreklikheid van die gereedstaande feestafels voorgehou word: "Kyk, my maaltyd het ek klaargemaak, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed." Byna as 'n smekende pleit word hieraan toegevoeg: "Kom na die bruilof"!

Die genooies wou egter nie kom nie. "Hulle het hul daaraan nie gesteur nie maar weggegaan: een na sy eie stuk land en 'n ander na sy besigheid. En die origes het sy slawe gegryp en mishandel en doodgemaak" (vs. 4-5).

Volgens Lukas is daar wel verontskuldigings aangevoer. Maar hier in Matthéüs is geen sprake van die aanbied van ekskuse nie. Veeleer is daar 'n houding van onverskilligheid. Op die uitnodigings word nie eens geantwoord nie. Hul eie daaglikse bedryf het hulle van meer belang geag as die uitnodiging na 'n bruilofsfees — selfs na die fees van 'n koning. Daardeer het hulle nie slegs die saak van die grootste waarde gering geskat nie maar ook die koning self beledig deur hul aan sy herhaalde en dringende uitnodigings nie eens te steur nie.

Die derde groep onder die genooies gaan nog verder. Hulle handel teenoor die slawe net soos die onwaardige landbouers gedoen het (Mt. 21:35 v.). Die boodskappers van 'n goeie tyding word mishandel en doodgemaak.

Hierop volg die oordeel van die koning, wat ook regter is. Die moordenaars word omgebring en hul stad aan die brand gestee. Daarmee is met hulle afgereken. Hulle het die eerstereg gehad om by die koning se feesmaal aan te sit, maar deur die uitnodiging

te verwerp, het hulle hul eie verwerping verseël.

Die feit dat die feesmaal, volgens die gelykenis, wagtende gelaat word sodat eers 'n stad aan brand gestee kan word, hoef geen verstandelike besware te laat ontstaan nie. Juis hier breek die werklikheid deur die taal van die gelykenis en kry ons te doen met wat werklik in Israel gebeur het. As gevolg van die verwerping van Jesus Christus en die weiering om die woord van die apostels aan te neem, het die oordeel oor die Jode gekom en is hulle stad, Jerusalem, in die jaar 70 na Christus verwoes.

Van groter betekenis is dat die feesmaal in elk geval gehou word. Omdat die eerste genooies nie wil aansit nie, gaan die boodskappers uit om almal wat hulle teenkom, uit te nooi. Almal saam, waar hulle hul ook al mag bevind, goeies en slegtes, word genader met die uitnodiging. Die feesmaal word vol, en die fees gaan voort. En die gaste is diegene aan wie onverwags 'n nooit-gedroomde voorreg te beurt geval het, en wat gevolglik met diepe erkentlikheid en liefde die koning huldig vir sy onverdiende gasvryheid. Die mees onwaardiges word die mees waarderende feesgenote.

Wat hier beskryf word, het betrekking op die koninkryk van die hemele, m.a.w. die heil van God soos dit aangebied is aan die mense. Aan Israel is die eerste geleentheid gebied om daardie heil deelagtig te word. Telkens het God opnuut sy boodskappers, die profete, gestuur om hulle op te roep tot die toeëiening van die heil van die Here (vgl. Jes. 41:9; 42:6; 55:1; e.a.). Máár selfs toe Jesus gekom het, het hulle geweier om gehoor te gee. Intendeel, hulle het die laaste boodskapper, die Seun van God, verwerp en laat kruisig. Daarop volg die oordeel wat die Jode tref. Israel is verwerp. Maar daarmee het die koninkryk van die hemele nie opgehou om te bestaan nie. Uit ander volke word 'n nuwe Israel saamgeroep — almal wat bereid is om gehoor te gee op die uitnodiging en die feesmaal te vul. Hier word dus in 'n gewysigde vorm dieselfde gesê as in 21:43: "Die koninkryk van God sal van julle weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra."

Die teenstelling tussen die eerste genooies en diegene wat op die kruispaaie gevind word, is nie juis dat eersgenoemdes ryk en laasgenoemdes arm was nie, maar die eerstes was burgers, onderdane, van die koning, en die tweede was "almal" d.w.s. ook vreemdelinge en mitsdien heidene. Dus aangesien Israel in sy ongelooft die heil van God verwerp het, het die deur van die koninklike feesmaal oopgegaan vir alle mense, en gaan die uitnodiging uit oor die lengte en breedte van die aarde.

Dit val juis op dat die woord "uitnodiging" wat in die oorspronklike taal dieselfde is as "roeping", in hierdie gelykenis so 'n belangrike rol speel (vs. 3, 8, 9, 14). Dit is dieselfde woord waarmee Paulus telkens die werking en die mag van die Evangelie beskryf. Die Evangelie is die uitnodiging van God, wat roep tot die ewige lewe en geluksaligheid. Deur die profete van ouds is hierdie roeping aan die volk van God gerig; deur sy woord en daad bring Jesus dit tot volle krag en helderheid. Maar deurdat die Jode hulle nie daaraan steur nie, word hulle verbygegaan, en word die uitnodiging van God deur die apostels en evangeliste aan die heidene gerig, en word die wêreld-omvattende doel van die Godsryk sigbaar.

Ook nou gaan die uitnodiging voort aan almal, die goeies en die slegtes, om te roep tot die koninklike bruilofsmaal. Ook nou staan dit vas dat wie nie gelowig gehoor gee nie, die heil van die Here sekerlik nie sal sien nie.

Maar die gelykenis gaan verder. Wanneer die feesmaal vol is, kom die koning self om die gaste te sien. Daar vind hy een sonder 'n bruilofskleed aan. Van sy gedrag kan hy geen verklaring gee nie, omdat hy weet dat hy oortree het. Aan hande en voete gebind, word hy uitgewerp in die buitenste duisternis.

Wat is hiervan die bedoeling? Dat net soos daar 'n onvergeeflike verwerping van die goddelike heil is, so ook 'n onbevoegde of onopregte toeëiening. Albei is 'n oortreding waarop die oordeel onverbidlik volg.

Wie na 'n feesmaal uitgenooi word, moet tog aan die eerste eise van betaamlikheid

en welvoeglikheid voldoen deur te sorg dat hy gepas gekleed is. Iemand wat hieraan nie voldoen nie, handel sodoende geringskattend en onterend teenoor die gasheer.

Die vraag wáár hierdie genoides van die strate en kruispaaie in die korte tyd 'n bruilofskleed moes gevind het, hoef ons nie te kwel nie. Daar is wel bewyse dat in die oudheid die gasheer self so 'n feeskleed beskikbaar gestel het (vgl. Gen. 45:22; Rig. 14:12 v.v.), maar dit is te betwyfel of dit in die tyd van Jesus se optrede nog 'n bekende gebruik was. Wat in die gelykenis egter bedoel word, is 'n geestelike "gekleed wees" vir die koninklike bruilofsfees. Die vraag is dus: Waarin bestaan die feeskleed? Ofskoon die Skrif soms praat van die kleed van geregtigheid waarmee die vromes gekleed word (Jes. 61:10.; Openb. 19:8), moet hier eerder aan 'n nuwe bestaanswyse gedink word. Dit gaan om die algehele vernuwing van die mens wanneer hy in die geloof opregtelik antwoord op die uitnodiging van die Evangelie. Hierdie lewensvernuwing word gekenmerk deur 'n uitstralende vreugde wat daarom goedsikks genoem kan word die bruilofskleed van die kind van God. Iemand wat hierdie kleed nie aan het nie, het wel op die roepstem gereageer, maar nie toegelaat dat sy leefwyse verander word nie; hy wil glo sonder om te gehoorsaam; hy aanvaar die uitnodiging maar wil nietemin die een aan sy eie stuk land en die ander aan sy besigheid vasklem (vgl. vs. 5). Maar God eis die volkome hart. Waar dit nie aan Hom toegewy word nie, word die skeiding geopenbaar tussen geroepenes en uitverkorenes.

Agter hierdie skeiding is daar 'n dieper liggende oorsaak: "Baie is geroep, maar min uitverkies" (vs. 14). In die woorde vind die gelykenis sy verklaring. Die uitnodiging tot die saligheid van die koninkryk gaan uit na baie mense; maar uit daardie baie is dit slegs die klein groepie wat gelowig antwoord op die Evangelie, hartgrondig die ou mens aflê en die nuwe mens as feesgewaad aandoen. Dit is hulle wat deur God tot volle genieting van die saligheid bestem is.

Die gelykenis eindig op 'n noot van ontsettende oordeel (vs. 13). Daardeur word die verantwoordelikheid van die enkeling buitengewoon sterk beklemtoon. Die roeping gaan uit tot alle mense, maar elkeen moet toesien hoe hy daarop antwoord: hy kan dit veronagsaam of dit in onopregtheid aanvaar. In albei gevalle tref die oordeel hom. Hy kan ook gelowig antwoord, die kleed van sy sondige lewe aflê en die feesgewaad van 'n geheiligde, Godgewyde lewe aanvaar. En dan vol vreugde die heil van die Here smaak aan die bruilofsfees van die Seun — geroepe en uitverkies deur die hemelse Koning.

## Hoofstuk 24: DIE TWEE SLAWE

(Mt. 24:45-51; Lk. 12:42-46)

- 45 Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?
- 46 Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.
- 47 Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel.
- 48 Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom—
- 49 en hy sy medediensknegte begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink,
- 50 dan sal die heer van dié dienskneg kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur dat hy dit nie weet nie;
- 51 en sal hom pynig en hom 'n deelgenoot van die geveinsdes maak. Daar sal geweene wees en gekners van die tande.
- [Mt. 24:45-51]

In Mt. 24 vind ons 'n belangrike mededeling van Jesus Christus aan sy dissipels, uitgespreek tydens die laaste week voor sy kruisiging, waarin Hy 'n uiteensetting gee van die toekomstige dinge en die aanstaande voleinding van die wêreld. Daarin stel Hy telkens op die voorgrond dat die allerbelangrikste gebeurtenis in die toekoms die wederkoms van die Seun van die mens is. Die dag sou aanbreek, nadat die allerverskriklikste rampe en smarte die mense op aarde geteister het, dat die Here onverwags sy verskyning op die wolke sou maak, soos voorspel in Dan. 7:13. Dan vind die oordeel plaas. Diegene wat aan sy gebooië getrou was, word opgeneem in heerlikheid, maar die ontroue word uitgewerp in die buitenste duisternis.

Die een besonderheid waaromtrent die dissipels seker die graagste sekerheid wou verkry het, naamlik die "wanneer" van die wederkoms (Mt. 24:3), bly egter onbekend. Die dag en die uur weet niemand nie (24:36). Gevolglik moet elke mens sy lewe só inrig dat hy op enige oomblik sonder verskrikking die Here sal kan tegemoetgaan. Om hierdie waarheid goed tuis te bring, vertel Jesus 'n tweetal gelykenisse. Eers gaan dit om die huisheer wat nie sal toelaat dat die diene sy huis deurgrawe nie, indien hy maar weet in welke uur van die nag hulle sou kom. Aangesien hy nou die uur nie weet nie, bly hy volhardend waaksaam (24:43-44). Daarna volg die gelykenis van die twee slawe wat die opdrag het om oor die huishouding toesig te hou totdat die huisheer terugkom (vs. 45-51).

Die bedoeling van die gelykenis is om die volgelinge van die Here, en voorts alle gelowiges, te waarsku teen sekere gevare waaraan hulle blootgestel sal word in die tyd waarin hulle op die wederkoms moet wag. Daardie koms sal nie so gou plaasvind as wat hulle aanvanklik verwag nie. Hulle sal onder die indruk kom dat die Here talm om te kom. Veral twee hewige versoekings sal in daardie tyd van afwagting die gelowiges tref. Hulle kan verslap in die waaksaamheid. Daarteen word in die vorige verse (43-44) vermaan. Of, 'n selfs nog ergerliker gevaar is dat hulle daartoe kan oorgaan om die toevertroude mag te misbruik. Daarom lê hierdie gelykenis die nadruk op die plig om vir geen oomblik in die uitrigting van die diens wat die Here opgelê het, verlei te word tot 'n lewe van gerustheid en selfbehaging nie.

Ook hier het "slawe" dieselfde betekenis as in die ander gelykenisse waar dit betrekking het op die besondere dienaars van God, die profete en apostels. In die Skrif dien dit trouens as hoogste ere naam vir die profete, en lê daarin 'n verwysing na Hom wat in die profesie van Jesaja geteken word as by uitnemendheid die Kneg van die Here, die Messias. Tog dien die benaming ook om die volk van God as geheel aan te dui. Daarom sluit die benaming almal in wat erken dat God die Here is wat oor hul lewe volle seggenskap het. So 'n erkenning beteken noodwendig 'n volstreekte onderwerping aan sy gebooië om alles te doen wat Hy beveel. Hier word die nadruk nie op die toebehore aan die Here gelê nie, soos 'n slaaf as lyfeiene aan sy heer behoort, maar op die diens



waartoe die slaaf opdrag ontvang het. Aan elke mens het die Here sekere magte en voorregte toevertrou, en van Hom verwag Hy 'n getroue besteding daarvan in sy diens. Aan sommige word groter verantwoordelikheid toevertrou as aan ander, maar nietemin het elkeen 'n bepaalde diens om uit te rig, waarmee hy getrou besig moet bly totdat die huisheer terugkom. Die gelykenis het in die eerste instansie te doen met diegene wat die groter verantwoordelikheid dra, die dissipels en hul opvolgers. Vandaar dat die plig van die slaaf omskryf word as die uitdeling van die voedselrantsoen aan die medeslawe. Die algemene toesig oor die huishouding van die huisheer word natuurlik daaronder inbegrepe, net soos die Here van "my kneg Moses" sê: "in my hele huis is hy getrou" (Num. 12:7; vgl. Hebr. 3:2). Moses was dan die kneg wat oor die hele huis aangestel was, en in die uitvoering van sy pligte getrou. Na Moses kom die profete en apostels en later elkeen wat in die kerk van Christus 'n besondere amp of plek beklee waarvoor hy mag beskik en verantwoordelikheid dra. Besonderlik aan sulke "knegte van die Here" word die vermaning van hierdie gelykenis gerig, maar mitsdien ook aan elkeen wat uitsien na die wederkoms van Christus.

Die magte en voorregte wat aan die "slawe" toevertrou word, kan op een van twee maniere bestee word. Dit kan geskied op die wyse waartoe die Here dit verorden het, of tot bevrediging van eie bese lyste. Elke mens het die vryheid om hierin sy eie keuse te doen. Die twee moontlikhede en hul gevolge word geteken in die optrede en ondervinding van twee slawe: 'n getroue en verstandige, en 'n slegte slaaf.

Getrou en verstandig word die slaaf genoem wat volhardend waak en nie deur die onaangekondigde koms van die huisheer verras word nie. Getrou is hy omdat hy in geen opsig van die voorskrifte van sy heer afgewyk het nie en daardeur bewys hy dat hy in alles betroubaar is. Dit is die eienskap waartoe Jesus oproep in die gelykenis van die talente (Mt. 25:14-30) en in sy onderrig (Lk. 16:10-12). Trouens ook verder in die Nuwe Testament word die getrouheid telkens genoem as een van die belangrikste hoedanighede wat by die diensknegte van die Here aangetref moet word: "Verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou moet bevind word" (1 Kor. 4:2; vgl. 1 Tim. 1:12; Kol. 1:7; 1 Pet. 5:12). Hierdie eienskap is die waarborg dat geen misbruik gemaak sal word van die magte en gawes wat die huisheer aan die kneg toevertrou het nie. Hy moet die bewys lewer dat hy in die klein dinge getrou is, en eers daarna word groter verantwoordelikheid op hom gelê.

Verstandig is hy omdat hy die regte insig het in die dinge van die Here en bereid is om hulle tot uitvoering te bring. Hy begryp wat die wil van God is, en het 'n juiste waardering vir die gawes van die Here. Daarom is hy ook steeds bedag op enige gevare wat die huishouding van die Here mag bedreig, en volg hy altyd die regte gedragslyn in die getroue uitvoering van die dagtaak, in ooreenstemming met sy opdrag. Hy is verstandig, maar nie in 'n intellektualistiese sin nie d.w.s. nie deurdat hy met sy verstand iets aangeleer het wat 'n ander nie kon vat nie. Sy "verstandigheid" staan teenoor die "dwaasheid" waarvan die Skrif dikwels spreek, en wat gelyk staan aan "goddeloosheid" (vgl. Mt. 5:21; 7:26 v.v.; 23:17 en 19; 25:2). Hierdie verstandigheid is 'n gawe van die Here en dit openbaar hom daarin dat in alles met God rekening gehou word. Verstandig is hierdie slaaf in dieselfde sin as die man wat die woord hoor en dit doen, en daardeur handel soos iemand wat sy huis op die rots bou (Mt. 7:24-27).

Iedere dag verrig hy sy werk asof hy op daardie dag die terugkoms van die huisheer verwag. Daarom is hy nooit aan pligsversuim of verslapping in die arbeid skuldig nie. Ofskoon die uur van die terugkoms van die huisheer vir hom onbekend bly, kan dit in die omstandighede hom nooit onverhoeds oorval nie. Hy is immers op elke uur gereed vir die koms van sy heer, en verbly hom in die vooruitsig dat sy heer hom aan die werk sal aantref, en sal vind dat alle opdragte stiptelik uitgevoer is.

Die beloning van die slaaf is groot. Hy word gelukkig genoem as blyk van waardering vir sy voorbeeldigheid. Merkwaardig is dit dat hy nie vir sy werk as sodanig beloon word nie. Daar word slegs navraag gedoen na sy getrouheid, en op grond van die getroue pligsvolvoering word hy geprys en beloon. Maar ook die beloning is 'n ongewone. In die

koninkryk van God word geen eerbewyse uitgedeel nie. Slegs nuwe opdragte en groter verantwoordelikheid word aan die getroue toebedeel. Hy word oor al die besittings aangestel. Die betroubaarheid word beloon deur die roeping tot groter vertrouenswerk; en hierdie slaaf vind sy hoogste geluk, sy hoogste verering en magsbekleding in die vermeerderde geleentheid om te dien. Daarin bestaan die loon in die koninkryk van God, soos ook blyk uit die gelykenis van die talente: "Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel." (Mt. 25:23).

Met die slegte slaaf gaan dit daarteenoor anders. In die gelykenis word hy wel nie as dom bestempel nie. Ons sou sê dat 'n slaaf wat soos hy handel selfs baie slim moet wees. Tog is hy dwaas, in die sin waarin daardie woord in die Skrif voorkom, omdat hy met God geen rekening hou nie, van die voorskrifte vir sy taak afwyk en sodoende anders handel as die verstandige slaaf.

Op hierdie punt kom daar 'n aangrypende toespeling in die gelykenis voor deurdat die wyse van uitdrukking die gedagte wek dat die gedrag van die slegte slaaf eintlik 'n tweede moontlikheid is vir dieselfde persoon wat voorheen goed en verstandig genoem is. M.a.w. dit gaan hier om 'n gedrag waartoe ook die goeie mens kan verval indien hy aan die versoeking sou toegee. Daarmee is een van die sluste versoekings genoem waaraan diegene blootgestel is wat in die koninkryk van die Here verantwoordelikheid dra en mag beklee. Die versoeking kom in die binneste kring voor, soos onder die dissipels self toe hulle onder mekaar begin redeneer het oor wie die meeste is (Mt. 18:1-5; 20:20-28). Juis daarom is die waarskuwing tot waaksaamheid met des te groter erns gerig tot diegene wat meen dat hulle staan maar wat in werklikheid deur 'n groot val bedreig word.

In die uiterste geval is die slegte slaaf die een wat hom om die wil van God nie bekommer nie en eenvoudig sy lewe voer soos dit vir homself goed en aangenaam voorkom. Ons sou hier kan dink aan die dwaas in die Psalm (14:1) wat in sy hart sê: "Daar is geen God nie"! Daarom stel hy homself aan as die God van sy lewe en begin hy roekeloos heerskappy uitoefen oor diegene wat onder sy sorg gestel is.

Wat so-ewe gesê is, moet hier nogeens onderstreep word: Dit gaan hier om die listige versoeking waaraan elkeen wat 'n magsposisie beklee, blootgestel is. Sodra hy vergeet dat hy 'n dienskneg van die Allerhoogste God is, begin hy optree soos 'n genadelose heerser. Ons word hier sterk herinner aan die slaaf in die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser (Mt. 18:23-35), wat nadat so 'n groot skuld vir hom afgeskryf is, voortgaan om sy mededienskneg te mishandel en in die gevangenis te werp. Sy geleentheid om aan die naaste 'n goeie diens te bewys, word uitgebuit om die lewe van die ander te versuur en onmoontlik te maak. Ook die geleentheid van die ander om te dien, word daardeur verydel. En dan vertel die gelykenis verder dat hierdie slaaf in sy selfverheffing sy geluk soek in die geselskap van gelykgesindes wat hulle aan die dronkenskap en allerlei wellustige uitspattinge oorgee.

Opmerklik is dit tog dat hierdie slaaf steeds daarvan bewus bly dat hy besig is om 'n verkeerde weg te bewandel, en dat hy moontlik verras sal word deur die skielike terugkoms van sy heer. Daarom stel hy homself gerus met die wysmaking dat sy heer talm om te kom. Daar is nog tyd, en daarom kan hy na hartelus met sy swelgery voortgaan. Dit blyk hier, soos ook elders in die Skrif, dat waar hierdie opvatting posgevat het, dit vir die mens vrywel onmoontlik word om hom weer regtydig van die genieters-lewe los te ruk. Die geslaagde uitstel verlok tot verdere uitstel, en langsaam word alle weerstand teen die kwaad vernietig. Selfs die aanstaande koms van die heer word vergeet. En dan, op 'n tydstip toe die slaaf dit allermins verwag het, verskyn sy heer en betrap hom midde in sy dronkenskap. Dit kon ook nie anders nie: aangesien hy die heer nie verwag het nie, is sy koms altyd 'n verrassing en 'n ramp.

Die uiteinde van die ontroue slaaf is skrikwekkend. Hy word middeldeer gesaag en 'n deelgenoot gemaak van die geveinsdes. Wie is die geveinsdes? In Lk. 12:46 word gepraat van "die ongelowiges", maar gewoonlik dui die "geveinsdes" op die Fariseërs. En die lot wat hulle tref, is die "oordeel van die hel" waaruit hulle nie sal kan ontvlug nie

(Mt. 23:33, vgl. vs. 15). Daar wag dus vir die slegte slaaf 'n ontsettende pyniging na liggaam en siel. Naas die liggaamlike straf waaraan hy onderwerp sal word, bestaan sy oordeel in die openbaring van sy ware gedaante. Hy het hom voorgedoen as een wat getrou die huishouding van sy heer sou behartig, maar daarin het hy bedrieglik gehandel. Onder die dekmantel van dienswilligheid het hy sy ware natuur verberg. Daarom word hy nou 'n deelgenoot gemaak van die geveinsdes. Hulle deel is weggelê in die buitenste duisternis, waar daar geweene is en gekners van die tande.

Hierdie laaste woorde keer soos 'n refrein terug in die Evangelie (Mt. 8:12; 13:42 en 50; 22:13; 25:30) totdat hulle die karakter kry van 'n goddelike bedreiging aan die jongere en mitsdien aan almal wat van hul rentmeesterskap rekenskap sal moet gee.

Hierdie laaste gedagte voer ons terug na die beginwoorde van die gelykenis. Daar stel Jesus die vraag: "Wie is dan die getroue en verstandige slaaf?" As ons let op die inhoud van die gelykenis sou ons eerder die vraag verwag het: "Hoedanig is dan die getroue en verstandige slaaf?" Dit is egter duidelik dat Jesus veel meer onder die aandag van sy dissipels wou gebring het as bloot 'n uiteensetting van die hoedanigheid waaraan 'n goeie dienskneg behoort te beantwoord. Hy wou elkeen van hulle onder die maatstaf stel; Hy wou elkeen opweeg om te sien of hy nie miskien te lig bevind sal word nie. Daarom vra Hy: Wie? Hy spreek daarmee die persoon aan, en handel nie maar net met karakertrekke of sake nie. Dit is asof Jesus as antwoord op die Wie? verwag dat die dissipels een vir een na vore kom met die verklaring: "Hier is ek, Here, stuur my." (Jes. 6:8). Net soos in die geval van Jesaja het hierdie Wie? die betekenis van 'n goddelike roeping waarop persoonlik en opreg geantwoord moet word.

Daarmee stel die gelykenis elke hoorder voor 'n beslissing van die allergrootste belang. Die dissipels het by die aanhoor van hierdie woorde begryp dat die Here besig is om hulle teen die listige versoekings te waarsku, maar hulle het ook begryp dat die Wie? skeiding maak tussen diegene wat met algehele toewyding hulle aan die diens van die koninkryk van God gebonde gee, en diegene wat daarop geen ag slaan nie. Eersgenoemdes sou as die getroue en verstandige slawe bevind word; laasgenoemde egter as die slegtes wat voortgegaan het om hul tyd te verspeel en hul geleenthede te verbeusel. Dieselfde vraag: "Wie is die getroue en verstandige slaaf?" maak ook tans skeiding onder die huidige hoorders van die Woord. Onder hulle sal daar die getroues wees wat volhardend die wil en welbehag van die Here doen met die oog op sy wederkoms; ook sal daar die ontroues wees wat meen dat die Here talm om te kom en daarom hul pligte versuim.

Omdat die tyd van afwagting so lank duur, begin vele selfs daaraan te twyfel of daar wel ooit 'n wederkoms van die Here sal wees. In die eerste gemeentes het die hoop op 'n spoedige wederkoms bestaan met die gevolg dat baie gelowiges hulle dagtaak gestaak en die gesinslewe begin ontbind het om sodoende gereed te wees, vry van alle bindinge, om die Seun van die mens tegemoet te kan gaan op die wolke. Ander weer het in onverskilligheid begin eet en drink en vrolik wees omdat die einde tog op hande was. Paulus moes teen hierdie verkeerde opvattinge vermaan en die gemeentelede oproep om voort te gaan met die getroue behartiging van hul gewone pligte. Daardie dinge is nou lank reeds van die verlede. Tog word dieselfde opvattinge weerspieël in die lewenshouding van die moderne mens. Die wegbly van die wederkoms gee aanleiding tot 'n misbruik van die magte en voorregte wat aan hom verleen is. Die selfsugtige genietinge van die lewe geskied ten koste van die gelukkige bestaan van die medemens. Die voorregte wat deur die Here verleen is, word aangewend vir die dinge van die mens, en nie in die getroue en noulettende uitvoering van die wil van God nie. Lk. (12:47) voeg in die verband by: "Daardie slaaf wat die wil van sy heer geweet het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slaes geslaan word".

Daarom mag ons nie moeg word nie, maar met getrouheid uitsien na die koms van die Here. Die tussentyd mag nie deurgebring word met die strelinge van die sagte hand van die wellus nie, en ook nie met luie hande wat werkloos in die skoot rus nie, maar met getroue en volhardende pligsvervulling. Die wil van die Here is aan ons bekend, die

geleentheid is aan ons geskenk, die gesag van die Meester is aan ons verleen en die hele mensheid wag op die getroue en verstandige slawe wat op tyd hulle voedsel sal gee: brood vir die liggaam en lewensbrood vir die siel. "Gelukkig is daardie slaaf vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind" (vs. 46).

## Hoofstuk 25: DIE TIEN JONG MEISIES

(Mt. 25:1-13)

- 1 Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.
  - 2 En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas.
  - 3 En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie.
  - 4 Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem.
  - 5 En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.
  - 6 En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!
  - 7 Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed.
  - 8 En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.
  - 9 Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liever na die verkopers en koop vir julleself.
  - 10 En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit.
  - 11 Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop!
  - 12 Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.
  - 13 Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.
- [Mt. 25:1-13]

By die verklaring van hierdie gelykenis moet noukeurig gelet word op die teksverband waarin dit voorkom. Dit vorm 'n deel van die onderrig van Jesus aangaande die voleinding van die wêreld en die wederkoms van Christus. In die vorige hoofstuk (Mt. 24) word mededeling omtrent die gebeurtenisse voor en by die voleinding gedoen, en die nadruk gelê op die onverwagsheid van die koms van die Seun van die mens *op* die wolke. Met die oog daarop volg 'n aantal vermaninge, in die vorm van gelykenisse, om die volgelinge van Jesus tot waaksaamheid en gereedheid aan te spoor. Die gelykenis van die twee slawe (24:45-51) stel die noodsaaklikheid van waaksaamheid voorop; daarop volg die gelykenis van die tien jong meisies (25:1-13) waarin geleer word dat die waaksaamheid bestaan in gereed-wees vir die wederkoms; en dan volg die gelykenis van die talente (25:14-30) waarin verduidelik word hoedat die staat van gereedheid verkry kan word.

'n Opvallende punt van ooreenkoms tussen al drie die gelykenisse is dat hulle te doen het met 'n skeiding wat binne die koninkryk van God voltrek sal word. Al drie handel oor mense wat oënskynlik tot die koninkryk behoort, maar wat by die wederkoms in *twee teenoor* mekaar staande groepe verdeel word as verstandiges en dwase, troue en ontroue, aangenomenes en verworpenes. Veral tussen die gelykenis van die twee slawe en die van die tien meisies is daar 'n merkwaardige parallel, sodat 'n geleerde die laasgenoemde bestempel het as die "vroulike vorm" van die eersgenoemde. Teenoor die verstandige slaaf staan die verstandige meisies, en teenoor die dwase slaaf die dwase meisies. 'n Mens sou dus mag vra: Waarom sou die Here hier sy volgelinge onder die beeld van jong meisies stel? Moontlik dien dit om aan te dui dat die vrou ook haar plek en plig ten opsigte van die koninkryk van God het. 'n Sterker rede is egter dat destyds die beeld van die bruidegom en die bruid gebruiklik was vir die Messias wat sou kom en die wagtende gemeente (vgl. Mk. 2:19; Joh. 3:29; 2 Kor. 11:2 v.; Ef. 5:23 v.; Openb. 19:7). Tog mag ons nie sonder voorbehoud aanneem dat die gelykenis 'n voorstelling bied van die hemelse Bruidegom, Christus, wat kom om sy Bruid, die kerk, tot Hom te haal nie. In daardie geval sou ons kon verwag het dat die bruid in die gelykenis genoem sou gewees het, maar dit gebeur juis nie. Daar word van die bruid niks gesê nie. Sy speel ook geen rol in die hele voorstelling nie. Dit gaan om die tien meisies wat moes wag op die koms van die bruidegom en die wyse waarop hulle hul daarvoor voorberei

het. Trouens die verwysing na die kerk as Bruid van Christus kom nie in die Evangelies voor nie. Eers by die later skrywers van die Nuwe Testament vind ons dit (2 Kor. 11:2 en 3; Ef. 5:26; Openb. 19:5 v.).

'n Heel ou tekslesing, wat op grond van die jongste ondersoek aan betroubaarheid toegeneem het, verdien hier ons aandag. Daarvolgens moet vs. 1 (b) lees: "en uitgegaan het om die bruidegom *en die bruid* te ontmoet". In hierdie tekslesing word die gebruik van daardie tyd weergegee, waarvolgens albei huise van die bruidspaar 'n rol speel by die huwelik. Op 'n bepaalde tydstip gaan die bruidegom na die huis van die bruid om haar oor te bring na sy eie huis. Die gelykenis verwys dan blykbaar na hierdie terugkeer van die bruidegom met sy bruid, en volgens gewoonte word hy ingewag deur die bruidsmeisies wat sy weg moet verlig.

Die teksverband soos ons dit aangedui het, gee 'n besondere betekenis aan die woordjie "dan" waarmee die gelykenis begin. Dit verplaas ons in die toekoms, en wil sê dat by die voleinding van alle dinge die koninkryk van God vergelyk sal kan word by die verloop wat in die gelykenis van die tien meisies geteken word. Dan sal daar 'n sterke verwagting wees, 'n verlangende uitsien na die koms van die bruidegom, d.i. Christus. Op 'n onverwagte uur sal die koms met 'n geroep aangekondig word, en soos die gelykenis dit stel: "Die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit" (vs. 10). Hierdie woorde vorm die hoogtepunt, en bring die kerngedagte met krag op die voorgrond. Van die gereed-wees wanneer die kerklike oomblik aanbreek, hang dit af of iemand sal aansit by die bruilofsfees, en of hy uitgesluit sal word.

Hier weer is dit die gebruike by die eenvoudiges onder die volk wat die grondslag vir die vertelling vorm. Dit is nie 'n koninklike huweliksfees (vgl. Mt. 22:1-14) wat geteken word nie, maar 'n bruilof soos aan die volk goed bekend. Daar is geen deurwagter of dienaar nie, maar die bruidegom gaan self na die deur, en word trouens persoonlik deur die laatkomendes geroep. Maar juis hierdie toedrag verleen aan die bruidegom 'n besondere gesag. Deur dit só te stel, teken die gelykenis die volstrekke mag van Christus by sy wederkoms na waarheid.

Allerlei besonderhede, waaromtrent ons meer sou wou gewet het, word nie vermeld nie, en sou ook stellig niks bygedra het tot die verheldering van die eintlike hoofgedagte nie. Daar word byvoorbeeld nie vertel vanwaar die bruidegom kom nie, en of hy deur die bruid vergesel word (behalwe in die antieke tekslesing waarna ons verwys het), of waarom hy so laat aankom. Ons moet egter aanneem dat hy na sy eie huis op weg was, want slegs dáár sou hy met soveel gesag kon optree as wat uit die verloop blyk.

Aangesien die bruid geen rol in *die* vertelling speel nie, en dit nietemin gaan oor die koninkryk van God, waarby die kerk altyd betrokke is, lê dit voor die hand om aan die tien jong meisies te dink as verteenwoordigende die kerk wat op die koms van Christus wag. En dan kom ons tot die ontsettende insig dat binne die kerk daar diegene is wat in die terme van die gelykenis as dwaas bestempel sal word en geen toegang tot die bruilofsmaal van die Seun sal verkry nie. Maar juis hierdie waarheid wil Jesus skerp belig.

Tien jong meisies gaan uit om die bruidegom in te wag. Die feit dat hulle maagde was, mag geensins vertolk word asof dit 'n ideaal stel vir diegene wat in die volle sin van die woord vir Christus se wederkoms gereed wil wees nie. Maagde word genoem alleenlik omdat dit die destydse gebruik was dat hulle as bruidsmeisies optree.

In die verloop van die verrigtings *moes hulle 'n* besondere rol speel. Voorsien van lampe, of liever fakkels, moes hulle die bruidegom inwag en sy weg na die feessaal verlig. Of hierdie gebruik iets te doen het met die antieke volksgeloof dat die ongeluksgeeste deur die lig verdryf word, kan nie gesê word nie, en is vir die verklaring van die gelykenis van geen belang nie. Hoofsaak is dat tien meisies op die koms van die bruidegom moet wag. Net so ook het die gemeente die opdrag om op die koms van Christus in heerlikheid te wag.

Enige allegoriese verklaring van die tien meisies bv. as sou die vyf verstandiges vyf Christelike deugde en die vyf onverstandiges vyf ondeugde wees, moet van die hand gewys word. Dit gaan enkel om 'n voorstelling van die kerk, en wil ons laat begryp dat binne die kerk die verstandiges en die onverstandiges voorkom.

Die wag op die koms van die bruidegom duur lank. Die meisies verkeer volkome in die onsekere omtrent die uur waarop hy sal kom. Dat hy wel sal kom, staan vas, maar nou duur dit so lank — veel langer as wat ten minste die helfte van hulle gereken het. Almal sien na sy koms uit; almal het moeite gedoen om op die plek van afspraak te wees; almal word vaak en sluimer in. Hierin is almal gelyk. En tog sal weldra blyk dat hulle onderling radikaal ongelyk is. Die koms van die bruidegom sal die skeiding aan die lig bring.

Die feit dat hulle van die lange wagte moeg word en insluimer, is geen misdryf nie. Hulle kan dit met die grootste gerustheid doen. Daar is ander wat die opdrag het om voortdurend te waak en tydig te waarsku (vgl. Mk. 13:33-35).

"En middernag was daar 'n geroep: "Daar kom die bruidegom, gaan uit hom tegemoet!" (vs. 6). Hierdie tydsaanduiding bevat 'n verwysing na die koms van die Messias op die wolke, aangesien sy onverwagte koms herhaaldelik voorgestel word as in die nag (vgl. Mk. 13:33-35). Die late uur word in elk geval geensins die bruidegom ten kwade gedui nie. Hy handel vrymagtig en niemand durf van hom rekenskap vra nie.

Met die aankoms van die bruidegom vind daar byna as vanself 'n verdeling onder die meisies plaas. Vyf word bekend as verstandiges, en vyf as dwaas. Met verstandelike begaafdheid of agterlikheid het hierdie begrippe in die verband niks te make nie. Veeleer dui hulle 'n religieus-etiese hoedanigheid aan, soos ook in die Ou Testament waar die vromes as verstandig en die goddeloses as dwaas bestempel word. In die gelykenis word vyf verstandig genoem omdat hulle voorsiening gemaak het vir genoegsaam olie. Hulle het met voorsorg en oorleg gehandel en daarby van die beskikbare tyd en geleentheid gebruik gemaak om 'n voorraad olie in gereedheid te stel vir onvoorsiene maar berekenbare omstandighede.

Aan die ander kant staan die vyf wat dwaas genoem word. Hulle het geen voorsiening gemaak nie, en kom eers om middernag tot die besef van hul versuim. Met gebluste lampe kan hulle tog nie die bruidegom toegemoet gaan nie. In daardie beslissende oomblik ontdek hulle hul nood. Daar is die bruidegom nou, en hulle is nie tegerus om by hom aan te sluit en hul plek in die feessaal in te neem nie.

In hul verleentheid wend hulle hul tot die verstandiges met die versoek dat die van hulle olie moes afstaan. Maar as antwoord ontvang hulle die weiering: "Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie" (vs. 9). Ook hier wil ons let op 'n gewysigde tekslesing, wat as die betroubaarste beskou word. Daarvolgens lui die antwoord: "Geensins. Dit mag vir ons en julle nie uitkom nie." Dit is 'n skerp antwoord. In elk geval klink die antwoord skerp en getuig dit van 'n sekere hardheid wat as vreemd aandoen. 'n Mens sou kon redeneer dat dit tog 'n gebaar van blote menslikheid sou wees om in so 'n kritieke situasie 'n medemens 'n helpende hand toe te reik. Moes die Christelike liefde dan nie hier 'n woord gesprek het nie? So sou ons wel kon vra indien die verhoudinge nog die normale aardse was. Maar in die oomblik dat die nood ontdek en die hulp uitgeroep word, het die verhoudinge totaal verander. Die bruidegom het gekom. Daarmee het daar vir alle menslike voorbereidings 'n onherroeplike te-laas aangebreek. In daardie oomblik het die verstandige meisies juis verstandig gehandel deur hulp te weier aan diegene wat hul geleentheid laat verbygaan het. Daarmee word verkondig dat in die koninkryk van God daar 'n uur aanbreek wanneer elke mens slegs op homself aangewys sal wees, en wanneer vele sal ontdek dat vir hulle alles verby is. En hierdie verkondiging het betrekking op die Christelike gemeente self.

Die feit dat dit te laat is vir die dwase meisies word verder benadruk deurdat vertel word hoedat hulle op die late uur begin planne maak het om olie te koop. Of hulle ooit geholpe geraak het, word nie gesê nie. Die veronderstelling is tog dat hulle van 'n

handelaar iets te koop gekry het. Die belangrike besonderheid word egter wel vertel: hulle kom voor 'n geslote deur te staan. Die wat gereed was, is binne; en die wat op die uur van beslissing nie gereed was nie, is uitgesluit.

Maar die dwase meisies verkeer onder die indruk dat hulle 'n sekere reg van toegang het. Hulle klop aan en spreek die bruidegom aan met 'n selfversekerdheid in die stem wanneer hulle die versoek stel. Hulle is tog ook bruidsmesies, en het tog ook saam met die ander gewag en het 'n aanspraak om binnegelaat te word. Sou hulle dan nou nog nie besef het dat dit te laat is nie? Van die bruidegom ontvang hulle 'n verpletterende antwoord: "Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie."

Met hierdie "Voorwaar ek sê vir julle" hou die gelykenis op om gelykenis te wees, en word dit werklikheid. Immers, dit is juis die kenmerkende spreekwyse van Jesus self. Hy tree dus nou in die plek van die bruidegom en openbaar daarmee dat die koms van die bruidegom in die werklikheid niks anders is nie as die wederkoms van die Here, en dat die woord aan die dwase meisies die oordeelsuitspraak van die goddelike Regter by die voleinding is. Dan sal daar ook menigeen wees wat meen dat hy aanspraak het op toegang tot die koninkryk van die hemele, maar wat onverbiddelik en sonder aansien van persoon uitgesluit sal word omdat hy op die uur wat God bepaal het, nie gereed was nie.

Die woorde waarmee die dwase meisies wegge wys word, herinner sterk aan die van Mt. 7:21-23: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal vir My in daardie dag sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek hulle aansê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die ongeregtheid werk!" Daarvolgens is die rede vir die verwerping die versuim om die wil van die Here te doen. Dieselfde gedagte word uitgespreek in die gelykenis van die man wat sy huis op die sand bou (7:26-27): Hy is dwaas omdat hy na die woorde van Jesus wel geluister het, maar hulle nie gedoen het nie. Ook die vyf meisies is dwaas, nie omdat hulle 'n ergerlike sonde of misdryf begaan het nie, maar omdat hulle geweet het wat die bruidegom van hulle verwag het, maar versuim het om hulle op so 'n wyse gereed te maak dat hulle sy wil tot uitvoering kon bring. Vir hulle het 'n oomblik aangebreek toe dit finaal te laat was. Met die woorde van die profeet sou hulle kon treur: "Die oes is verby, die somer is op 'n end, en ons is nie verlos nie!" (Jer. 8:20).

Wie sy tyd vir gereedmaking verspeel, sal in die koninkryk van die hemele nie kan ingaan nie. Die oomblik wanneer die koms van die bruidegom aangekondig word, is dit reeds te laat, onherroeplik te laat. Teoreties is die eintlike wagtyd 'n geleentheid om alles in gereedheid te bring, maar prakties word dit 'n onmoontlikheid omdat die slaap soos 'n sterke man op die wagtendes afkom en hulle oorweldig. Dus, nog lank voor die eintlike wagtyd, is dit die aangewese geleentheid om vir die nag van afwagting gereed te maak. Dit doen die verstandige meisies. Ten spyte van allerlei versoekings om te versuim en allerlei swakhede van die vlees, sorg hulle nietemin dat hulle 'n genoegsame olievoorraad het vir die lange nag van wag.

In die lig van die ontsettende oordeel wat die dwase meisies tref, kom die slotvermaning met des te groter erns: "Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie" (vs. 13), In die vermaning skuil daar egter 'n moeilikheid. Die feit is tog dat nie een van die tien meisies gewaak het nie. Hulle het almal vaak geword en ingesluimer (vs. 5). Daarom kom dit vreemd voor dat nou vermaan word om te "waak". Die verklaring is egter daarin te vind dat "waak" hier die betekenis het van "Wees gereed". Dit is juis wat die Here onder die aandag wil bring. Daar is 'n tyd deur die Here aan elke mens gegee om hom gereed te maak vir die ewigheid. Niemand weet hoe lank dit sal duur nie; almal weet dat dit op 'n dag en 'n uur wat onbekend bly, aan 'n einde kom. En wie gereedgemaak het, sal ingaan in die feessaal van hemelse geluksaligheid.

Nogeens let ons daarop dat die gelykenis 'n voorstelling gee van die toedrag in die



koninkryk van God. Dit het dus betrekking op die gemeente van Christus soos ons dit hier op aarde ken. Binne daardie gemeente sal die skeiding tussen die verstandiges en dwase kom. Insluiting in die gemeente — selfs binne die bevoorregte getal van die bruidsmeisies van Christus — is geen waarborg vir toegang tot die koninkryk van die hemele nie. Alle uiterlike meedoenery kan nie opweeg teen die persoonlike bekendwording met die Bruidegom nie. Hy, Christus self, het tog ook geleer dat in die koninkryk van God die goeie saad en die onkruid saam opgroei tot op die dag van die oes; dan vind die skeiding plaas (Mt. 13:24-30). Daarom word die vermaning: "Waak dan!" 'n dringende oproep om tot die besef te ontwaak dat 'n aangeslotenheid by die gemeente en 'n meedoen aan die godsdiens, selfs aan die afwagting van die koms van Christus, nie die waarborg vir die geluksaligheid is nie. Een ding is nodig: deur die persoonlike verbondenheid met Christus deur die geloof, en die getroue volvoering van sy heilige wil die toerusting te vind vir die dag van die Here.

## Hoofstuk 26: DIE TALENTE

(Mt. 25:14-30; Lk. 19:12-27)

- 14 Want dit is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou.
  - 15 En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.
  - 16 En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin.
  - 17 Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien.
  - 18 Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan graawe en die geld van sy heer weggesteek.
  - 19 En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken.
  - 20 En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien.
  - 21 En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.
  - 22 En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien.
  - 23 Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.
  - 24 En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie;
  - 25 omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.
  - 26 Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie.
  - 27 Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.
  - 28 Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het;
  - 29 want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.
  - 30 En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geweens wees en gekners van die tande.
- [Mt. 25:14-30]

Die gelykenis is een van 'n aantal wat ontleen is aan die sakelewe. Die belangrikste uit hierdie groep is die van die ponde (Lk. 19:12-27), van die onregverdige bestuurder (Lk. 16:1-13) en die onbarmhartige skuldeiser (Mt. 18:15-35). Almal getuig daarvan dat ook die sakewêreld onder die heerskappy van Christus staan, en dat op hierdie terrein waar die Mammon so 'n hoë woord spreek, daar oorvloedige geleentheid bestaan vir die eervolle optrede van diegene wat hulle laat ken as die goeie en getroue diensknegte van die Here.

Tussen hierdie gelykenis en die van die ponde by Lukas bestaan daar 'n besondere ooreenkoms. Die algemene strekking is dieselfde: aan diensknegte word geld toevertrou waarmee hulle moet woeker met die oog op die terugkoms van hul heer. By die afrekening is daar een ontroue wat die geld begrawe het. Hy word uitgewerp in die buitenste duisternis. Tog is daar ook opmerkbare verskille. Hier is dit drie slawe, daar tien; hier word vyf, twee en een talent toevertrou, daar een pond aan elk; hier 'n huisheer en sy slawe, daar 'n koning en sy slawe, en die mededeling dat sy medeburgers hom nie as koning wou hê nie. Hierdie verskille in die besonderhede laat ons hier ook aan twee gelykenisse dink eerder as aan een. Die moontlikheid moet in ag geneem word dat Jesus dieselfde hoofgedagte op meer as een wyse ingeklee het. Daarom kan die gelykenis van die ponde hier bygehaal word om sekere punte nader toe te lig.

By Matthéüs sluit die gelykenis direk aan by die vorige een nl. oor die tien meisies

waarin die noodsaaklikheid om gereed te wees vir die onverwagte koms van die Bruidegom beklemtoon word. Tans gaan dit meer bepaaldelik oor die wyse waarop 'n mens gereed moet wees. Dit bestaan naamlik daarin dat iemand die regte gebruik gemaak het van die gawes wat aan hom geskenk is, en in die sin waarin die Here dit bedoel het vrugbaar was in sy lewe. Hierdie regte aanwending van gawes en geleenthede mag egter nie slegs in 'n morele sin verstaan word nie, maar bepaaldelik in 'n religieus-eskatologiese sin d.w.s. in die volle bewustheid dat daar 'n voleinding in die toekoms lê by welke geleentheid volle rekenskap voor die regterstoel van Christus gegee sal moet word. Vir daardie afrekening wil die gelykenis voorberei. Daarom lê dit 'n sterk verband tussen die sedelike lewe hier en nou, en die toekomsverwachting. En juis omdat die toekomsverwachting met die eis van rekenskap wat dit meebring, so aktueel is, word die mens aangespoor om in sy sedelike lewe met des te groter kraginspanning die goeie na te streef ten einde die "veel" waaroor die getroue in die toekoms aangestel sal word (vs. 23) te verkry. Maar teenoor die "veel" van die toekoms word die "weinig" van die teenwoordige nie onbelangrik nie. Inteendeel, juis die getrouheid in die omgang met die "weinig" hier en nou, bepaal of iemand deel sal hê aan die "veel" van die toekoms.

Sodra ons die religieus-eskatologiese strekking van die gelykenis aanvaar, moet ons toegee dat allerlei allegoriese trekke daarin voorkom. Hiermee moet ons egter baie versigtig te werk gaan. Ons sou maklik kan sê: die man wat op reis gaan, is Christus; die land waarheen hy gaan, is die hemel; die slawe is die apostels; die talente is die arbeid in die Evangelie wat aan hulle toevertrou is; die afrekening is die eindoordeel. Vir so 'n verklaring kan veel gesê word, en dit lê ook stellig in die bedoeling van die gelykenis, maar daarmee moet 'n mens met groot gereserveerdheid handel omdat 'n mens nie alle besonderhede in so 'n skema sal kan inpas nie (vgl. vs. 18 en 27).

In die algemeen moet ons die reis van die man verstaan as bedoelende die afwesigheid van Christus tussen sy hemelvaart en die wederkoms; en die talente het betrekking op die gawes en taak wat aan elke gelowige toevertrou is en wat hy met 'n diepe besef van verantwoordelikheid, met die oog op die wederkoms, hier op aarde vrugbaar moet aanwend.

Dit bring ons nader by die hoofgedagte van die gelykenis. Dit wil stellig die verkondiging bring dat die staat van gereedheid vir die koms van die Here bereik word deur die getroue uitvoering van die taak wat Hy aan elkeen opgedra het. Dit gaan om die "goeie en getroue" slaaf (vgl. "goeie en verstandige slaaf", Mt. 24:25), en sy heerlike beloning. Voorts word tot die getroue pligsvolvoering aangespoor deur die woord wat in die gelykenis 'n baie belangrike rol speel: "Vir elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloedig hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het" (vs. 29).

Kom ons nou tot die nadere verklaring van die gelykenis dan moet ons op die woordjie "want" let waarmee dit begin. Daarmee word dit direk aangesluit by die voorafgaande en handel dit oor dieselfde saak naamlik die koninkryk van die hemele. Dit wil dus 'n toedrag verduidelik soos dit in die koninkryk verloop in die tweeledigheid daarvan as teenwoordig en toekomstig. Aan elke gelowige word gawes toevertrou; die gelykenis praat van talente d.i. aansienlike geldsomme. Die talent kan egter 'n gawe in die ruimste sin beteken. Ons gebruik van die woord "talent" as 'n begaafdheid, is afgelei van die bedoeling van die gelykenis. Voorts, moet die gawes aangewend word met die oog op rekenskap in die toekoms.

In hierdie verband kom 'n belangrike grondbeginsel van die koninkryk na vore. Daar word verklaar dat aan elkeen "na sy vermoë" (vs. 15) vyf of twee of een talent gegee is. Daarmee word rekening gehou met die feit dat daar geen gelykheid of eenvormigheid onder die mense is nie. Daar is 'n verskeidenheid van begaafdheid en aanleg, wat by die uitdeling van pligte geëerbiedig moet word. Indien dit nie geskied nie, word aan die begaafde sowel as die minder begaafde 'n onreg begaan. Dieselfde gedagte kom in die gelykenis van die ponde tot uitdrukking (Lk. 19:12-27). Dáár word wel aan elkeen van die tien slawe een pond gegee, maar die verskeidenheid van begaafdheid blyk by die

afrekening waar een tien pond en 'n ander vyf byverdien het. Wat egter hier van groot betekenis is, is die feit dat die Here rekening hou met die vermoë van die enkeling, en elkeen wat getrou na sy vermoë gearbei het, ontvang dieselfde toeroep: "Mooi so, goeie en getroue slaaf!"

Die opdrag aan die slawe is dat hulle wins sal gaan bedryf met die talente. Daartoe ontvang hulle ruim geleentheid want die huisheer bly 'n lang tyd weg (vs. 19). Ook hier vind ons die gedagte wat voorheen uitgespreek is naamlik dat die wederkoms langer uitbly as wat aanvanklik verwag is (vgl. Mt. 24:48; 25:5 e.a.). Daardie tyd van vertraging dien egter nie om tot gerustheid en werkloosheid aanleiding te gee nie, maar bied eerder die geleentheid om meer winste deur inspanning te ontworstel.

Eindelik breek die dag van afrekening aan. Die eerste twee slawe kan elk 'n 100 persent wins voorlê, en doen gevolglik sonder vrees verslag van hul rentmeesterskap. Hulle word geprys as goed en getrou. Hulle het hul hele gedrag laat bepaal deur die gedagte aan die terugkoms van die huisheer; hulle het hul volkome met sy belange vereenselwig en nou word hul toewyding beloon. Hier vind ons die hoofdoel van die gelykenis: dit wil die dissipels, en trouens alle gelowiges, oproep om ook op hierdie manier werksaam te bly met die oog op die wederkoms van Christus.

Dit tref ons aandag dat gesê word: "Oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel" (vs. 23). Die slaaf was per slot van rekening nie oor so "weinig" aangestel nie, omdat 'n talent 'n groot som geld is. Die bedoeling is egter dat in vergelyking met die "veel" van die toekoms, daardie gawes van die verlede, hoe kosbaar hulle ook na die mens geoordeel mag wees, tog maar gering is. Op hierdie punt verlaat die gelykenis die terrein van die onwerklike en gaan dit oor om die werklikheid van die ewige beloning aan te dui. In vergelyking met daardie uitnemende heerlikheid, is die aardse taak 'n nietigheid. Daarmee word die aardse taak geensins as gering en sonder betekenis voorgestel nie. Intendeel as horende tot die teenwoordige van die koninkryk is dit van die grootste belang; die besit van die toekomstige "veel" hang daarvan af. Maar op die dag van afrekening, d.i. op die punt van oorgang tussen die teenwoordige en die toekomstige, skyn die aardse taak as die "weinig" in vergelyking met die hemelse heerlikheid. Hy wat ten opsigte van die aardse "weinig" getrou was, kan nou ingaan in die "vreugde van sy heer". Daarmee word bedoel 'n fees of vreugdetoestand, of ook feesmaal, soos in die geval van die verstandige meisies wat ingaan in die bruilofsaal (25:10).

Hierna kom die derde slaaf om rekenskap te gee. Hy het versuim om met die talent wat hy ontvang het, wins te bedryf. Nou voer hy beskuldiging aan teen sy heer, in die hoop om daardeur homself te regverdig. Dit val op dat hy geen beswaar maak teen die feit dat hy net een talent ontvang het nie. Daarmee erken hy dat regverdige rekening gehou is met sy persoonlike vermoë. Sy erkenning impliseer ook dat indien hy daardie vermoë ingespan het, hy net soos die ander die bedrag wat hy ontvang het, sou kon verdubbel het. Sy beswaar is egter gerig teen die huisheer persoonlik. Hy word daarvan beskuldig dat hy 'n harde man is wat maai waar hy nie gesaai het nie, en insamel waar hy nie uitgestrooi het nie. Daarom, uit vrees, het die slaaf die talent verberg en nou gee hy dit weer terug. Dus, wat hom betref, is die saak afgehandel. Wat hy ontvang het, lewer hy weer terug.

Oënskynlik het hy 'n goeie saak gestel, maar die huisheer — en hy is Christus — oordeel die hart. Daarom spreek Hy hom aan as 'n slegte en luie slaaf. Dit gaan om sy innerlike gesindheid waardeur sy verhouding tot sy heer bepaal word. Die feit is dat hierdie slaaf dit 'n onreg gevind het dat sy heer verryk word uit die arbeid van sy slawe, en wat homself betref, was hy nie meer daarvoor te vinde om vir 'n ander te werk nie. Daar was opstand in sy hart. Maar die opstand is gebore uit 'n verdraaide opvatting omtrent die regte en die optrede van sy werkgewer.

Die beskuldiging dat sy heer "maai waar hy nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar hy nie uitgestrooi het nie", is in stryd met die feite. Sy heer het juis gesaai deur die talente aan sy slawe toe te vertrou, en nou maai hy deur met hulle afrekening te hou.

Daar is dus geen sprake van dat hy sy mag laat geld waar hy geen reg het nie. Hy het volkome reg om te "maai" en "bymekaar te maak". Slegs op twee gronde sou die reg betwis kon word: op grond van die luiheid van die werker, en voorts die weiering om te erken dat die heer die reg het op die arbeid van sy slawe. In albei gevalle ontstaan die beswaar uit die verkeerdheid van hart van die slaaf.

Die huisheer gee toe dat hy maai waar hy nie gesaai het nie. Dit doen hy egter om die slaaf op sy skromelike pligsversuim te wys. Indien dit wel só was, dat hy in diens van so 'n strenge heer gestaan het, was dit juis 'n des te sterker rede waarom hy met die talent harder moes gewerk het. Hy weet tog dat hy "slaaf" is, en daarom volkome in die hand van sy heer. Gevolglik sou hy sy heil kon gevind het in die getroue uitvoering van sy pligte. Daarin het hy egter versuim.

En deur sy versuim het ook die talent nooit tot vrugbaarheid gekom nie. Selfs al het hy dit net in die bank belê, sou dit rente gelewer het. Dit hoort dus tot die aard van die talent dat dit wil vermeerder indien dit slegs daartoe die geleentheid gegee word. Deurdat dit begrawe geword het, kon dit geen vrugbaarheid openbaar nie, en is dit nutteloos bestee. Daarom was die slaaf "sleg" d.i. ontrou; hy het hom geensins met die belange van sy heer vereenselwig nie en gevolglik die opdragte nie uitgevoer nie. Maar tipies is die verskynsel dat wanneer die straf die skuldige tref, hy altyd die skuld aan God toeskryf.

Nou volg die straf. Die slaaf wat gemeen het dat hy deur die beskuldiging van sy heer 'n goeie saak gestel het, weet dat hy geen grond onder die voete het nie. Hy opper geen protes nie. Die een talent wat hy gehad het, word van hom weggeneem. Daar is dus geen geleentheid om in die gouigheid nog te probeer om iets by te verdien nie. Dit is nou te laat. Deurdat die talent weggeneem word, word ook die band tussen die heer en hierdie slaaf verbreek, wel nie om die slaaf in vryheid te stel nie, maar om hom in die ewige oordeel te werp.

Die een talent moet gegee word aan die een wat tien talente het (vs. 28). Hierdie bevel laat blyk dat by die afrekening die getroue slawe toegelaat is om die talente wat hulle ontvang het sowel as wat hulle byverdien het, te behou. Dus die "weinig" wat hy getrou bestee het, plus die wins van sy arbeid, bly sy persoonlike eiendom, en bowendien word hy aangestel oor die "veel" van die toekoms. Hieruit is ook beter te verstaan waarom beveel word dat die een talent van die ontroue slaaf weggeneem moet word. Weens sy ontrou is dit hom nie geoorloof om dit te behou nie, soos wel in die geval van die getroue slawe. Terselfdertyd bewys hierdie toedrag dat die beskuldiging dat die huisheer 'n harde man is, volkome ongegrond en onwaar is.

Volgens Lk. 19:25 maak diegene wat die bevel moet uitvoer, beswaar op grond daarvan dat die eerste slaaf tog reeds tien talente (ponde) het. Daarmee word die gedagte opgewerp dat die oordeel nie regverdig is nie. Dit is dieselfde soort beswaar wat voorkom in die gelykenis van die arbeiders wat op die verskillende ure gehuur is en tog gelyke loon ontvang (Mt. 20:11 v.v.), of wat in die gelykenis van die verlore seun deur die oudste seun geopper word (Lk. 15:29 v.v.). Maar net so min as in daardie gevalle 'n onreg begaan word, geskied dit hier. In hierdie geval verloop die saak volgens die reël van die koninkryk: "Vir elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorfloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het." Voorheen het die Here Jesus hierdie reël uitgespreek in verband met die insig in die verborgenhede van die koninkryk van die hemele (Mt. 13:12); aan diegene wat insigte het, sal meer gegee word. Tans word dieselfde reël verder deurgetrek sodat dit ook van toepassing word op die deelname aan die geluksaligheid van die koninkryk. Ook in die verband sal diegene wat het, meer ontvang; en hulle wat nie het nie, ook die weinige wat hulle nog besit, verloor.

Met hierdie woorde gee Jesus 'n geweldige spoorslag aan die gelowiges om met hul onderskeie talente te woeker. Dit gaan nie net om 'n ontvlugting van die oordeel nie; veel meer gaan dit by die gelowige om die vergader van 'n ryke skat in die hemel. En die kraginspanning van die enkeling word dubbel bekroon, deurdat in Gods genade aan

diegene wat het, meer gegee word sodat hulle oorvloed sal hê.

Die oordeel is egter geensins gering te skat nie. Dit is skrikwekkend. Die onwaardige slaaf word uitgewerp in die buitenste duisternis, waar daar geween is en gekners van die tande.

Dit wil die Here dan met sy gelykenis meedeel: alles in die lewe van die dissipel moet geplaas word onder die gesigspunt van die wederkoms van die Seun van die mens. Daardie verwagting bring in sy lewe die ware, Gode geheiligde aktiwiteit. Omdat hy uitsien na die koms van Christus rig hy sy gedrag in alle opsigte só in dat die gawes en begaafdhede wat die Here aan hom toevertrou het, vrugbaar kan wees in diens van die Meester. Dit beteken dat hy hom volkome vereenselwig met die belange van die koninkryk van God.

## Hoofstuk 27: DIE SKEIDING VAN SKAPE EN BOKKE

(Mt. 25:31-46)

- 31 En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;
- 32 en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;
- 33 en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.
- 34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.
- 35 Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;
- 36 Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.
- 37 Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?
- 38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?
- 39 En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?
- 40 En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.
- 41 Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.
- 42 Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.
- 43 Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.
- 44 Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?
- 45 Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.
- 46 En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdige in die ewige lewe.
- [Mt. 25:31-46]

'n Gelykenis in die volle sin van die woord is hierdie Skrifgedeelte sekerlik nie. Slegs die verwysing na die skeiding van skape en bokke (vs. 32-33) beantwoord aan die gewone opvatting van wat 'n gelykenis is. Tog is daar sekere oorwegings wat ons veroorloof om ook hier van 'n gelykenis te praat. Eerstens moet in ag geneem word dat dit die slotgedeelte vorm van die laaste uitgebreide onderrig van Jesus aan sy dissipels, waarby Hy ruim van gelykenisse gebruik gemaak het: die tien maagde, Mt. 25:1-13; die talente, 25:14-30. Tweedens is die Skrifgedeelte, vs. 31-46, so kunstig tot 'n eenheid saamgeweef, soos 'n naatlose kleed; daarom kan nie net 'n onderdeel nie maar die geheel as 'n gelykenis beskou word. En derdens, is hier duidelike toespeling op Eseg. 34, waar 'n gelykenis voorkom van God as die herder van sy kudde, Israel. Wat daar aangaande God as herder gesê word, word nou in Mt. 25 oorgedra op die Seun van die mens.

Die benaming "Seun van die mens" vind ons in die Nuwe Testament, met uitsondering van Hand. 7:56, en Openb. 1:13, uitsluitlik in die mond van Jesus. Gewoonlik dien dit om Hom in sy staat van vernedering aan te dui. Enkele kere egter verwys dit na sy staat van verheerliking, vgl. Mt. 26:64. So ook hier in Mt. 25:31. Daarin lê 'n direkte toespeling op die profesie van Daniël (7:13-14): "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, — en aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie."

Toe Jesus in sy aardse omwandeling na Homself verwys het as "Seun van die

mens", kon sy dissipels geen verband tussen Hom en die profesie van Daniël 7 sien nie. Nou, aan die slot van sy profetiese rede, Mt. 24-25, verklaar Hy ondubbelsinnig dat Hy die Seun van die mens is, waarop die profesie van Daniël betrekking het. By die voleinding sal daardie woord in vervulling gaan. Die Seun van die mens sal "in sy heerlijkheid kom en al sy heilige engele saam met Hom, (en) dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word," (vs. 31-32). As Koning (vs. 34, 40) sal Hy gerig hou en soos 'n herder die skape van die bokke afskei (vs. 32).

Nou vir die derde keer in die Evangelie word die wederkoms van die Seun vir die eindoordeel aangekondig (vgl. Mt. 13:40-43; 24:30-31). Iedere keer word aangekondig dat volstrek alle dinge aan Hom onderwerp sal wees, en dat sy oordeel wêreldwyd is. Alle volke en tale sal voor sy regterstoel verskyn. Die oordeel gaan nie net oor die heidene, of die vervolgers van die Christene nie. Nadruklik staan daar geskrywe: "Voor Hom sal al die nasies versamel word" (vs. 32). Dus, ook die gelowiges uit al die nasies. In die aardse lewe mag daar onder hulle allerlei verskeidenheid en geskeidenheid bestaan het, maar nou is almal gelyk in hul verskyning voor die regterstoel van Christus, die hemelse Koning. Daarom verklaar Paulus ook: "Ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. Want daar is geskrywe: so waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee" (Rom. 14:10-12).

Hierdie Skrifwaarheid hou sy verskrikking in, en tog is daar 'n ryke vertroosting vir die gelowige. Uit wat ons reeds gesê het, blyk dat die Seun van die mens by die eindoordeel drie ampte tegelyk beklee: Hy is Koning, Regter en Herder. Eintlik is hierdie drie een. Uit die Ou Testament ken ons die herder as koning (bv. Ps. 23) en as Regter (Eseg. 34). Dus, wanneer Jesus in sy koninklike heerlijkheid verskyn en as Regter gereed maak vir die laaste oordeel, kan die gelowiges die oog vol vertrouwe op Hom gerig hou. Hy is tog ook die Goeie Herder en hulle die skape van sy weiding. Hy ken hulle by die naam, en het ook sy lewe neergelê vir sy skape (Joh. 10:1-16). Daarom sal Hy ook as Regter sy skape uitroep om by Hom te wees.

Maar die herder kan ook streng optree. En nou moet ons noukeurig let op wat in Eseg. 34 staan. Nadat die Here die onwaardige herders van sy volk bestraf het, verklaar Hy dat Hy self die herder vir sy skape sal wees. Hy sal hulle by goeie weivelde en water bring: "Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek die Here HERE," (vs. 15). "Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring en wat gewond is, sal Ek verbind, en wat siek is, sal Ek versterk" (vs. 16). Maar dan verander die toon en dreig die oordeel: "Maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg: Ek sal hulle oppas soos dit reg is.... Ek sal oordeel tussen skape en skape, die ramme en die bokramme" (vs. 16-17).

Ook die rede vir die oordeel word uitgespreek. Die sterke en die vettes vertrap die weiding en vertroebel die water in hulle gulsigheid. Aan die swakkes word niks gegun nie. "Omdat julle al die swakkes met skof en skouer wegdruk en met julle horings stoot, totdat julle hulle uitgejaag het, daarom sal Ek my skape red ... Ek sal oordeel tussen skape en skape" (vs. 21-22).

En nou, met die gelykenis van Eseg. 34 in gedagte, vertel Jesus hoe dit by die laaste oordeel sal verloop. Die Koning wat as Regter sy plek op die troon ingeneem het, sal soos 'n herder wat sy kudde ken, die skape van die bokke afskei. Aan die skape gee Hy die plek van eer aan sy regterhand, en aan die bokke die plek op linkerhand. Daarom is die oordeel reeds gevel. Nou wag almal slegs op die uitspraak.

Die Koning wend Hom eers tot die wat aan sy regterhand is: "Kom, julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af" (vs. 34). Hierop volg die breedvoerige motivering in digterlike eenvoud:

"Want

Ek het honger gehad,  
en julle het My te ete gegee;



Ek het dors gehad,  
en julle het My te drinke gegee;  
Ek was 'n vreemdeling,  
en julle het My herberg gegee;  
Ek was naak,  
en julle het My geklee;  
Ek was siek,  
en julle het My besoek;  
in die gevangenis was Ek,  
en julle het na My gekom" (vs. 35-36).

Verbluf deur hierdie uitspraak vra: "die regverdiges" (vs. 37) nou ewe breedvoerig wanneer hulle dan Jesus in al hierdie omstandighede gesien en versorg het. Daarop kom die verrassende antwoord van die Koning: "Voorwaar Ek sê vir julle, vir so ver julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen" (vs. 40).

Die oordeel gaan oor die werke. Die waarheid het Paulus ondubbelsinnig gestel: "Ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad" (2 Kor. 5:10). Die merkwaardige is egter dat die Koning teenoor "die regverdiges" — dit is die benaming wat hulle nou voor die regterstoel gekry het — van hulle sonde geen melding maak nie. By implikasie openbaar Hy sodoende Homself as die Een wat die sonde van sy eiendom nie toereken nie. Ook word geen melding gemaak van "goeie werke" wat hierdie mense bewustelik beplan en verrig het nie. Elders word van dergelike "goeie werke" verklaar dat "al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed" is (Jes. 64:6).

Nietemin gaan dit om die "goeie werke". Maar hierdie "werke" is van 'n besondere aard. Ons sou hulle kon bestempel as die klein dingetjies in die daaglikse lewe, die woord, gebaar of daad van bedagsaamheid waardeur blydskap in die lewe van die medemens gebring is. Dit gaan om die spontane handeling van die liefde: die besoek aan 'n sieke, die herberg van 'n vreemdeling, die hulpverlening aan 'n behoeftige. Sonder gedagte aan die wet wat gehoorsaam moet word, of aan 'n voorraad "goeie werke" wat opgestapel moet word, kom hierdie eg-menslike bewyse van meelewing en ontferming tot uiting. En daarop let die Here in die hemel.

Tog moet ons hierdie "goeie werke" nie gelykstel met gewone menslike of humanitêre handeling nie. Dit gaan om dae uit bedagsaamheid gedoen "aan een van die geringste broeders van My" (vs. 40). En wie hierdie "broeders van My" is, word gesê in Mt. 12:19-50: "Hy steek sy hand oor sy dissipels uit en sê: Dáár is my moeder en my broers. Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, die is my broer en suster en moeder." Dit gaan dus om die "huisgenote van die geloof" (Gal. 6:10). Hulle almal is verbonde aan Christus. Hy en sy gemeente is een. Daarom word sy gemeente ook "liggaam van Christus" genoem. Wat aan 'n lid van hierdie liggaam gedoen word, word aan Christus gedoen, daarom kry 'n onbeduidende liefdesdaad aan 'n onbeduidende mens so 'n beslissende beduidenis: "Dit het julle aan My gedoen!"

Daar is egter ook 'n breër betekenis van die begrip "broeder" moontlik. In die lig van die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan, Lk. 10:25-37, kan dit ook betrekking hê op enigiemand in nood sonder dat sy verhouding tot Christus bekend is. Maar ook hier gaan dit nie om die blote humaniteit nie. Die daad word deur 'n gelowige verrig, en daarom geskied dit ter wille van Christus. Dit is die eie ondervinding van sy genade, wat ons dring om aan die medemens genade te betoon. Ook waar dit die geval is, is die daad op Christus gerig. Wie so handel, word voor die regterstoel aangespreek as: "Julle geseëndes van my Vader" (vs. 34).

Maar al gaan die beslissing by die oordeel oor die "goeie dae", mag ons nie daaruit aflei dat ons saligheid van "goeie werke" afhanklik is nie. En indien ons na ons eie oordeel arm is aan "goeie werke", mag ons nie vir die rede begin wankel in ons heilsversekerdheid nie. Immers, ons heilsversekerdheid het 'n veel dieper en hegter

grond. Dit lê buite onself, in die Raad van God. Daarom sê die Regter: "Kom, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af". Ons saligheid is gewortel in die ewige uitverkiesing van God (vgl. Ef. 1:4; Openb. 17:8). Daarom is die werke wat ons doen, nie ons prestasie nie, maar die vrug van sy genade in ons lewe. Hulle dien as bewys van gehoorsaamheid. En daarin het die Here behae.

Ons moet egter ook let op die wat aan die linkerhand staan. Streng spreek die Koning hulle aan: "Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele," (vs. 41). Aangrypend is die teenstelling teenoor die woord aan "die regverdiges": "Kom" teenoor "Gaan weg van My"; "geseëndes" teenoor "vervloektes"; "beërf die koninkryk" teenoor "gaan in die ewige vuur"; "wat vir julle berei is" teenoor "wat berei is vir die duiwel en sy engele".

Die teenstelling loop parallel, behalwe in die geval van die laaste frase. Daar is aan die een kant die ewige verkiesing voor die grondlegging van die wêreld, op grond waarvan die koninkryk "vir julle berei is". Daarteenoor staan egter geen ooreenstemmende bepaling tot verderf nie. Die ewige vuur is berei nie "vir julle" nie, maar "vir die duiwel en sy engele". Die verterende vuur is nie vir die mens berei nie. Om daarin onder te gaan, is dus eintlik strydig met die ware bestemming van die mens. Op eie verantwoordelikheid het hy egter onmenslik begin handel en daardeur hom vereenselwig met "die duiwel en sy engele".

Waarin hulle onmenslike handeling bestaan het, word nou ook aan hulle gestel. Dieselfde lys van dade wat teenoor die regverdiges genoem is, word nou herhaal. Die klem val op die herhaalde woordjie "nie", waardeur die versuim benadruk word.

Ook hier is die reaksie een van verbasing. Opvallend is egter dat in hul navraag die verskillende sake nie afsonderlik genoem word nie, soos "die regverdiges" dit gedoen het nie. Alles word saamgevat: "Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?" (vs. 44). Deur dit so te stel, vermy hulle die herhaling van die "nie". Om die weer eens sewe maal te moet sê, sou immers hulle onmenslike nee-sêery aan alle menslike nood te sterk beklemtoon. En tog, deur die gebruik van *die* woord "gedien", laat hulle blyk dat hulle nou weet waarin hulle te kort geskiet het. Daardie woord staan in verband met ons "diaken" en "diakonale arbeid". Dit het betrekking op die versorging van die swakkes. Ook roep dit die woord van die Here in herinnering: "Elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie" (Mt. 20:26-28).

Nou begryp hulle iets van die voorskrif om te dien. Maar aan hulle selfsugtige lewe kan nie meer verander word nie. Hulle staan voor die Herder wat ook Regter is en Eseg. 34, vs. 21-22 word teenoor hulle vervul: "Omdat julle al die swakkes met skof en skouer wegdruk en met julle horings stoot... daarom sal Ek oordeel tussen skape en skape". Hulle lewe het bevestig dat hulle geen begrip gehad het nie van die werkwoord "om te dien". Wat hulle wel verstaan het, was om met skof en skouers en horings en elmboë die swakkes opsy te stoot ten einde hul eie selfsugtige doeleindes te bereik. En nou word hulle ook tot die besef gebring dat wat hulle "aan een van hierdie geringstes" gedoen het — of nie gedoen het nie — dit het hulle ook aan Jesus gedoen.

Hard is die oordeel op die onbarmhartigheid. Hier word die herderstaf 'n ystersepter (Openb. 12:5; 19:15).

Voor die regterstoel skei die weë. "En hulle (die ongekwalifiseerdes) sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges (die gekwalifiseerdes) in die ewige lewe" (vs. 46).

Vir die eersgenoemde het die Herder geword die laaste Regter. Vir die laasgenoemdes het die laaste Regter steeds gebly die Goeie Herder.

## Hoofstuk 28: WAAKSAAMHEID

(Mk. 13:33-37; Lk. 12:35-38)

- 33 Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.  
34 Dit is soos 'n man wat op reis is, wat sy huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak.  
35 Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie;  
36 dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie.  
37 En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!  
— [Mk. 13:33-37]

Die vermaning tot waaksaamheid kom in verskillende teksverband en by herhaling in die Evangelies voor. Altyd is dit 'n uiters ernstige woord van waarskuwing. Van die gehoorsaming daarvan hang die ewige geluksaligheid af. Dit kry teen die einde van Jesus se aardse bediening die karakter van 'n oproep eerder as 'n vermaning. In sy dringendheid bereik dit 'n hoogtepunt wanneer Jesus sy redevoering oor die voleinding en die toekomstige oordeel afsluit met die oproep: "Waak dan!"

Nadat Hy vertel het van die ontwrigtinge in die natuur, die rampe op elke gebied, die verdrukking van die gelowiges en die skrikwekkende dinge wat in die laaste dae sal gebeur, vertrou Hy die gelowiges met die vooruitsig dat al hierdie dinge die aanloop is vir die dag van die oorwinning van Christus wanneer Hy sal kom op die wolke en alle vyande onderwerp sal wees aan sy voete. Daarom kan die gelowiges hulle sterk in die hoop op die koms van die Seun van die mens. Natuurlik sal die vraag gestel word: Wanneer sal dit dan wees? Maar hierop gee die Here geen spesifieke antwoord nie. Hy verklaar: "Van daardie dag en die uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader" (Mk. 13:32). Die feit dát daar 'n wederkoms sal wees, staan vas; die "wanneer" is egter onbekend. En nou kom die vraag: Watter lewenshouding moet die mens as gevolg van hierdie toedrag aanneem?

Hierop antwoord Jesus met die korte gelykenis wat ons nou hier oorweeg.

Onmiddellik val dit op dat die korte bevel: "Waak!" driemaal herhaal word. Daardeur word die grootste nadruk daarop gelê en daarby die dringendheid van die gehoorsaming beklemtoon. Die feit dat daar op die wederkoms gewag, moontlik baie lank gewag sal moet word, is nie die hoofsaak nie. Die wyse waarop hierdie wagtyd deurgebring word, is egter van beslissende belangrikheid. Die regte houding is die van iemand wat steeds in spanning uitsien na die koms van die huisheer. Aan die slaap mag hy nie raak nie. Die oë moet steeds oop bly. Daarom roep die Here sy dissipels toe: "Pas op, wees waaksaam!"

In 'n ietwat uitgebreider vorm kom hierdie gelykenis in Lk. 12:35-38 voor. Dáár begin dit met die woorde: "Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand". Die huisheer is weg na 'n bruilof en het aan al sy slawe opdrag gegee om te waak; hy sal terugkom en aanklop. Die tydstip van sy terugkoms bly onaangedui. Maar wanneer hy onverwags opdaag, sal hy die slawe wat waaksaam was, by die tafel laat aansit en hulle bedien.

Ten spyte van sekere verskille in die besonderhede, bly die hoofgedagte in die berigte van die twee Evangelies dieselfde naamlik 'n ernstige waarskuwing tot voortdurende waaksaamheid. By Lukas word die houding van wakkerheid en gereedheid vir aksie geteken met die dubbele beeld: die slawe moet hul lang loshangende kleed met die gordel om die heupe optrek om vlug te kan beweeg — net soos die Israeliete in die Paasag moes doen (Exod. 12,11); en voorts moes die lampe brandende gehou word, soos die verstandige meisies in die gelykenis gedoen het (Mt. 25:1-13).

Die besonderhede soos by Mk. opgeteken, bring die volgende aan die lig: Die

huisheer laat die gang van sake in sy huishouding oor in die hande van sy slawe. Aan elkeen het hy sy besondere opdrag gegee, wetende dat indien die werk volgens 'n vaste plan verdeel is en elkeen getrou sy plig doen, alles normaal en voorspoedig sal verloop. Die deurwagter kry 'n besondere opdrag. Hy word wel nie as opsigter oor die ander aangestel nie, en bly dus in rang aan hulle gelyk. Maar die werk wat aan hom toevertrou is, bring mee dat hy die grootste verantwoordelikheid dra. Na afloop van die dagtaak kon die ander hulle ter ruste begewe. Die deurwagter moes egter altyd wakker op sy pos bly om te kan oopsluit wanneer die huisheer terugkom. In die late ure van die nag sal hy swaar moet stry teen die natuurlike drang om aan die slaap te wil raak, maar in die oorwinning daarvan sal sy pligsgetrouheid en integriteit bewys wees.

Die hele verloop van sake in die huishouding word deur twee gedagtes oorheers: die huisheer kom weer, en hy kom onverwags.

Dit is uit die teksverband duidelik dat die gelykenis te doen het met die afwagting van die wederkoms van Christus by die voleinding. Nadat Hy op aarde was en hier die gang van sy huishouding gereël het, het Hy "op reis" gegaan. Dit het by sy hemelvaart geskied. Tans beleef ons die bedeling van sy liggaamlike afwesigheid. Maar Hy kom weer.

Omtrent die feit van die wederkoms laat die Heilige Skrif geen twyfel nie. Met die grootste stelligheid word dit geleer; dit sal ook die dag van die voleinding en die eindoordeel wees. Die verwagting van daardie gebeurtenis moet noodwendig invloed hê op die gedrag en lewenshouding van diegene wat daarna uitsien. In 'n besondere sin is dit die geval met die "slawe" van die huisheer d.w.s. diegene wat as diensknegte van Christus geroep is en in sy diens staan — slawe, maar tog vrygekooptes van die Here. Aan elkeen van hulle is sy besondere lewenstaak opgedra. Daarin moet hy getrou arbeid, nie met die oog op loon nie, maar enkel vir die vreugde om ingeskakel te wees in die groot geheel van die huishouding van Christus — laat ons dit noem die kerk van Christus. Die goeie gang van daardie huishouding sal afhang van die getroue volvoering van die werk van elke dienaar. En elke dienaar sal hierin aan die eise beantwoord na mate hy sterk onder die indruk bly van die feit dat die Here kom. Waar die toekomsverwagting verflou, sal ook die ywer in die diens van die Here verflou.

Maar hoe lank sal dit nog duur? Dit weet niemand nie. In die gelykenis gee die huisheer hiervan geen aanduiding hoegenaamd nie. Daarom juis is die opdrag aan die deurwagter so dringend. Dit kan op enige uur plaasvind, moontlik diep in die nag.

So is dit ook met die wederkoms van Christus. Aan die dissipels sê die Here: "Dit kom julle nie toe om die tye en geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie" (Hand. 1:7). Dus, by God is die uur wel bepaal. By die mense bly dit onbekend.

Die vraag kan wel gestel word of die verwysing na die vier nagwake dan nie enige aanduiding van die tyd van die wederkoms bied *nie*. In die Skrif vind *ons tog die voorstelling* dat die tyd tussen Hemelvaart en Wederkoms as die "nag" aangedui word; en daarna breek die "dag" aan met die koms van die Here in sy heerlijkheid. Trouens, Paulus het verwag dat die "dag" spoedig sou aanbreek. In Rom. 13:12 skryf hy: "Die nag het ver gevorder en dit is amper dag" (vgl. 1 Thess. 5:1 v.v.).

In die gelykenis egter speel hierdie opvatting geen rol nie. Daar is geen aanduiding dat die wederkoms juis binne een van die vier genoemde nagwake sou plaasvind nie. En ewemin dat dit noodwendig met die aanbreek van die dag sou geskied nie. Inteendeel, indien ons die wederkoms ook in hierdie teksverband sou voorstel as die aanbreek van die dag, sou die verwysing na die vier nagwake waarin dit moontlik kon gebeur, weinig sin hê. Dan moes die wederkoms tog in elk geval eers na afloop van die nag ingetree het. Veeleer word die vier nagwake van een nag genoem om aan te dui dat geen vooruitberekening van die dag en uur van die wederkoms moontlik is nie. Indien die deurwagter sou redeneer dat die huisheer in elk geval eers by die aanbreek van die dag sal opdaag, kan hy sy waaksaamheid in die vroeëre nagwake verslap. Juis deur dit te

doen, kan hy hom vergis. Die huisheer kan ook in die eerste nagwaak kom. Daarom wil die gelykenis beklemtoon dat daar sonder onderbreking, voortdurend en volhardend gewaak moet word.

Natuurlik sal die deurwagter let op die verloop van die nag en telkens weet in welke nagwaak dit is. Dit is trouens die plig van die getroue wagter om hierop te let. Maar ook wanneer hy presies weet hoe laat in die nag dit is, bly die tyd van die tuiskoms van sy huisheer vir hom onbekend. Dit kom dus nie daarop aan dat hy die ure tel nie, maar wel dáárop dat hy waaksaam bly. Daarop val al die nadruk: "Wees waaksaam!"

Maar wie is die deurwagter? Hierop kan die antwoord een van twee moontlikhede wees. Indien ons die "huis" wat agtergelaat word, verklaar as die wêreld wat Jesus met sy hemelvaart verlaat het, moet die "slawe" beskou word as alle mense, en die deurwagters bepaaldelik as die kinders van die Here wat weet om uit te sien na die koms van Christus. Maar indien met die "huis" bedoel word die kerk van Christus op die aarde, is die deurwagters diegene wat binne die kerk op 'n besondere wyse moet wag op die wederkoms. Hulle is dan die dissipels van Jesus en hul opvolgers, die voorgangers in die gemeente. 'n Hoër rang as die gelowiges beklee hulle egter nie, maar hulle dra wel 'n besondere verantwoordelikheid.

Albei opvattinge pas goed by die verklaring van die gelykenis. Ons sou egter aan die laasgenoemde die voorkeur gee.

Die vermaning, of liever oproep, van Jesus is aan al sy volgelinge gerig. Almal moet waaksaam bly. Die normale lewenshouding moet wees een van gespanne uitsien na die wederkoms wat enige oomblik kan aanbreek.

Daar is in die gelykenis ook nog 'n newegedagte: In die huishouding van die Here word aan elkeen 'n bepaalde taak opgedra, sonder dat die een bo die ander bevoorreg word. Almal is gelykberegtig. Die een se arbeid is vir die goeie gang in die huishouding net so belangrik as die van 'n ander. Daarom is daar vir roem geen rede nie, maar slegs vir die ootmoedige belydenis: "Deur die genade van God is ek wat ek is" (1 Kor. 15:10). Dit geld ook die deurwagter. Tog bring die aard van sy arbeid mee dat hy groter verantwoordelikheid dra en daarom 'n besondere vermaning tot waaksaamheid ontvang.

Dus, alle gelowiges word opgeroep om steeds waaksaam te bly. In die kerk van Christus is daar egter diegene wat in 'n besondere sin deurwagters is wat steeds op die uitkyk moet bly vir die koms van die Seun van die mens in sy heerlijkheid. Hulle moet waak, ook wanneer die ander rus. In die volle sin van die woord moet hulle wagters wees, en nie "almal stom honde wat nie kan blaf nie; wat dromerig lê, en lief is om te sluimer" nie (Jes. 56:10).

Veeleer word die lewenshouding van die getroue wagter uitgedruk in die Psalmvers (130:3):

"Soos een wat op die mure  
as wagter uitgestel,  
gedurigdeur die ure  
met sy gedagte tel —  
só wag my siel, en sterker —  
gedurig op die Heer,  
tot Hy, die Ligbewerker,  
die nag in daagraad keer."



## Register van behandelde Skrifgedeeltes

Lk. 10:25-37 .....	73	Mk. 13:33-37 .....	123
Lk. 11:5-13 .....	52	Mk. 4:10-12.....	5
Lk. 12:13-21 .....	48	Mk. 4:1-9; 13-20.....	12
Lk. 12:35-38 .....	123	Mk. 4:26-29.....	20
Lk. 12:42-46 .....	104	Mk. 4:30-32.....	16
Lk. 13:18-19 .....	16	Mt. 13:10-17 .....	5
Lk. 13:6-9.....	84	Mt. 13:1-9; 19-23 .....	12
Lk. 14:15-24 .....	100	Mt. 13:24-30; 36-43 .....	23
Lk. 15:11-24 .....	91	Mt. 13:31-33 .....	16
Lk. 15:25-32 .....	96	Mt. 13:44-46 .....	28
Lk. 15:3-7.....	88	Mt. 18:12-14 .....	88
Lk. 16:1-9.....	68	Mt. 18:23-35 .....	63
Lk. 16:19-31 .....	78	Mt. 20:1-16 .....	38
Lk. 18:1-8.....	56	Mt. 21:28-32 .....	35
Lk. 18:9-14 .....	60	Mt. 21:33-46 .....	43
Lk. 19:12-27 .....	114	Mt. 22:1-14 .....	100
Lk. 20:9-19 .....	43	Mt. 24:45-51 .....	104
Lk. 8:4-8; 11-15.....	12	Mt. 25:1-13 .....	109
Lk. 8:9-10.....	5	Mt. 25:14-30 .....	114
Luk. 17:7-10 .....	32	Mt. 25:31-46 .....	119
Mk. 12:1-12 .....	43		